# Die invloed van sekularisasie op die Nederduitse Gereformeerde Kerk: 'n Kerkhistories-sosiologiese perspektief.

deur

Pieter Kruger

Voorgelê ter vervulling van die vereistes vir die graad
Philosophiae Doctor (Teologie)
met spesialisering in Kerkgeskiedenis en Kerkreg

in die

Fakulteit Teologie
Departement Kerkgeskiedenis en Kerkreg

Universiteit van Pretoria.

Studieleier: Dr J.M. van der Merwe

April 2014

© University of Pretoria

## OPSOMMING

Sekularisasie het as samelewingsverskynsel ’n onafskeidbare deel van die hedendaagse lewensfilosofie geword. Kenmerkend hiervan is dat religieuse diskoerse en –instellings se invloed binne die moderne samelewing merkbaar verminder het. In Suid-Afrika, soos elders, hou die liberale demokrasie die openbare terrein leeg van godsdiens deurdat samelewingsinstellings van religieuse instellings se invloed geskei word. So word die reikwydte van geïnstitusionaliseerde godsdiens in Suid-Afrika ingeperk. Hierdie strukturele sekularisasie verander ook die NG Kerk se plek binne die sosiale opset van Suid-Afrika. Samelopend met strukturele sekularisasie vind die sekularisering van die sosiale kultuur ook plaas. Die omvang hiervan hang af van die sosiale betekenissisteme wat die persepsies van mense beïnvloed. Westerse Individualisme wat in die populêre humanistiese mensbeskouing gewortel is, bied as betekenissisteem die ideale teelaarde vir sekularisasie. Hierdie betekenissisteem se prioriteite van persoonlike vryheid, privaatheid, selfstandigheid, vryheid van keuse en die strewe na persoonlike welvaart is ook merkbaar in die NG Kerk-lidmate se lewe. Dit is in die verwesenliking van hierdie prioriteite dat die moderne mens menslike sekuriteit vind wat die ‘noodsaaklikheid’ van godsdiens in gedrang bring. Die siening dat die moderne mens vry is van kerklike dogmas as reël vir lewe en denke word deur hierdie betekenissisteem aangehelp. Sodoende verval religie in die samelewing en word die deur vir sosiale pluralisme waarin diverse kulturele- en lewensbeskouings erken en gelykgestel word, geopen. Dit veroorsaak dat die NG Kerk se invloed ten opsigte van die vestiging van godsdienstige waardes in die huidige pluralistiese samelewing van Suid-Afrika verminder en daarom het die kerk se godsdienstige beginsels min effek op openbare opinies. Daar is ook ’n toenemende ongeërgdheid teenoor die offisiële kerk omdat die moderne mens skynbaar al minder daarin ’n bron van persoonlike identiteit vind. So lei sekularisasie tot ’n geloofwaardigheidskrisis omtrent bekende religieuse betekenissisteme.

Sekularisasie laat egter nie religie as verskynsel geheel en al verdwyn nie, maar omvorm wel die bekende en tradisionele vorme van godsdienstigheid. As gevolg van sekularisasie word godsdiens toenemend verskuif na die private sfere van die samelewing, soos die gesin of die moderne individu as sulks. Die betekenis van godsdiens word beperk tot die private sfeer en persoonlike psige. Die sin van godsdiens in die private ruimte hang af van die individu se soeke na vervulling en persoonlike sekuriteit. Godsdiens in hierdie sfere word ook al hoe minder geaffekteer deur die disintegrasie van die verhouding tussen religieuse instellings en ander sosiale instellings.

© University of Pretoria

Hoewel die offisiële NG Kerk steeds van belang geag word, staan lidmate se persoonlike religie egter al meer los van die kollektiewe geloofspraktyk. Die fokus op die partikuliere eerder as die kommunale verhoog die voorkoms van godsdienstige pluralisme wat ook die NG Kerk as godsdienstige instelling omvorm. Dit lei daartoe dat die verbreiding van 'n veelvoud van geloofsoortuigings en –praktyke ook in die NG Kerk merkbaar word. Die NG Kerk se gereformeerde identiteit kom as gevolg van hierdie omvorming onder druk. Die sekulariserende krag van godsdienstige privatisering en gevolglike individualisering omvorm die bekende religieuse konstrukte en praktyke van die NG Kerk.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## ABSTRACT

The phenomenon, secularisation, has become an inseparable part of the modern life philosophy. It is characterised by the diminishing influence of religious discourses and – institutions on modern society. In South Africa, as elsewhere, liberal democracy keeps the public domain clear of religion by separating civil institutions from the influence of religious institutions. In this way the influence of institutionalised religion in South Africa is repressed. This structural secularisation has changed the previously dominant position of the Dutch Reformed Church within the social setup of South Africa. Conjunctive to structural secularisation modern day social culture is also being secularised. The extend to which social secularisation influences people's lives depends on the type of social meaning system that has been internalised in the individual through the process of socialisation. Western Individualism, rooted in popular humanism, has not only become a dominant social meaning system in South Africa, but is also best linked to the process of social secularisation. The priorities of this meaning system are well known and play a significant role in the lives of the DR Church's congregants as well: personal freedom, privacy, emancipation of the self, freedom of choice and to strive for personal affluence. In the actualisation of these priorities the modern individual finds existential security that compromises the 'necessity' for religion as such. The view that the modern individual is liberated from ecclesiastical doctrine as regulatory for personal life and reason typifies Western Individualism. As a result religion declines in society. Consequently social pluralism, characterised by the toleration and equalisation of diverse cultural and philosophical ideations, emerges in society. Therefore, the DR Church's influence on public opinion and its ability to establish religious values in broader society, have declined considerably within the present day pluralistic society of South Africa. Indifference to the official church is growing for the apparent reason that modern day people find lesser personal identity therein. This working of social secularisation leads to a legitimacy crisis concerning established religious meaning systems.

Ironically religion as phenomenon doesn't disappear altogether because of the secularisation of society. Secularisation actually transposes well-known, traditional forms of collective religion. Religion is sidelined to the private spheres of society, such as the nucleus family or the modern individual itself. The meaning of religion is relevant only to that sphere and the personal psyche. The relevance of religion in these private spheres depends on its ability to fulfil the individual's need for personal wellbeing and security. Religion in the private sphere is less affected by the disintegration of the relationship between religious institutions and other social institutions.

© University of Pretoria

Although members still consider the official DR Church as important, their personal religiosities are becoming more detached from the church's collective doctrine and practices. The focus of congregants on particular rather than communal religious experiences increases religious pluralism within the DR Church that transforms it institutionally. Within the church different personal beliefs and practices of religious nature proliferate. This situation challenges the reformed identity of the DR Church. The secularising effect of religious privatisation and individuation transposes the familiar religious constructs and practices of the DR Church.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## SLEUTELWOORDE

### Kerkhistories-sosiologies:

Multiplisiteit is deel van die hedendaagse leefwêreld. Dit het ook implikasies vir die akademiese sfeer. Dit skep die moontlikheid vir interdissiplinêre werk (Du Toit, 2007:110). Met die term ***kerkhistories-sosiologies*** word die gekombineerde nadenke van die sosiologie en kerkhistorie aangedui. *Kerkhistorie (Kerkgeskiedkunde)* verleen aan die gesistematiseerde vertelling van werklike, kerklike gebeure betekenis deur die oorsaaklikhede, samehang en waarde van gebeure en verskynsels aan te dui. In hierdie opsig is daar ondersteunende raakvlakke met die *Sosiologie*, aangesien dit ook die invloed van sosiale instellings (soos die politiek en religie) en -tendense op mense se gedrag en oortuigings bestudeer en daaraan betekenis verleen.

### Sosiale konstruksie:

Met die term ***sosiale konstruksie*** word verwys na die proses waardeur die menslike samelewing gevorm word. Dié proses hou verband met sekere sosiale diskoerse wat sosiale oortuigings, praktyke en institusionele strukture omvat. Hierdeur word die sosiale orde verstaan en geregverdig of uitgedaag. Dit beïnvloed die individu wat deel vorm van die samelewing op 'n kognitiewe en 'n normatiewe vlak.

### Religieuse konstruksie:

Die term ***religieuse konstruksie*** veronderstel dat godsdiens as verskynsel ook tot 'n sisteem van religieuse oortuigings, praktyke en instellings ontwikkel. Godsdiens het die unieke vermoë om die mens binne 'n heilige en transendente verwysingsraamwerk te plaas en verklarings te bied van sake en verskynsels wat vir die mensdom nie kenbaar of beheerbaar is nie. Die taal waarin godsdienstige instellings hierdie oortuigings uitdruk, word die taal waarmee 'n gelowige individu ook sy persepsies van die wêreld struktureer. Binne 'n sosiale opset pas die godsdienstige sisteem aan omdat dit deur die konteks beïnvloed word. So beskou, is godsdiens nie 'n afgeslote en onveranderlike sisteem nie.

### Strukturele Sekularisasie:

Sekularisasie verwys na die proses waardeur dele van die samelewing en kultuur verwyder raak van godsdienstige instellings en simbole waardeur dit voorheen beïnvloed is. Dit is 'n

© University of Pretoria

veelsydige, historiese proses waarin die mens bewus geword het van die belangrikheid van die wetmatigheid van hierdie wêreld wat deur die mens beheers kan word (Heyns, 1969:26). Die oortuiging is dat die verskillende strukture waarin ons leef (wetenskaplik, sosiaal, tegnologies, opvoedkundig en so meer) elkeen in sy eie terme verstaan behoort te word sonder verwysing na die 'bonatuurlike' of 'transendente', byvoorbeeld die skeiding tussen kerk en politiek. Die invloed van religieuse strukture op ander sosiale strukture neem dus af. Hierdie sosiaal-strukturele prosesse staan bekend as ***strukturele sekularisasie***.

**Sosiale Sekularisasie:**

Afgesien van strukturele sekularisasie affekteer sekularisasie die subjektiewe kant van die kulturele lewe en idees. Daarom is ***sosiale sekularisasie*** 'n sosiologiese verskynsel wat in mense se idees en lewe gestalte kry (Maclure & Taylor, 2011:21). Sosiale sekularisasie is altyd gekleur deur die geskiedenis en konteks van 'n spesifieke samelewing, alhoewel tog gesê kan word dat een van die belangrike komponente van enige model omtrent sosiale sekularisasie die uitkalwing van die invloed van godsdiens in die alledaagse, sosiale praktyke en in individue se lewe sal insluit (Maclure & Taylor, 2011:15-16,53). In die plek van godsdiens se invloed, kom die outonomie van die menslike bewussyn. Gelyklopend hiermee verminder die sosiale betekenis van godsdiens en verminder die effek daarvan op openbare opinies en sosiale norme.

**Moderniteit** en **postmoderniteit:**

Sekularisasie kan in verband gebring word met die opkoms van ***moderniteit*** en ***postmoderniteit*** wat as kulturele epogge die filosofiese beskouings van modernisme en postmodernisme ontsluit het. Modernisme se bepalende eienskap wat ook die postmodernisme beïnvloed, is dat die mens die mag het om die kenbare sosiale, ekonomiese en politieke orde te verander en te beheer volgens die universele kriteria van rasionaliteit (Avis, 2003:92-93). Wetenskaplike rasionalisering met gepaardgaande modernisasie is eie aan die epog van moderniteit. In die postmoderniteit vind ons die voorsetting van die gedagte dat die mens homself vry ag om as 'n ongebonde, selfstandige individu te ontwikkel met sy of haar eie opinies. Die rasionaliteit van die individuele bewussyn dien as kragtige sekulariserende dryfkrag in die hedendaagse lewe. Moltmann (1999:212) identifiseer hierdie saak as een van die beginsels van die moderne wêreld.

© University of Pretoria

**Institusionele differensiasie:**

Waar kulturele modernisasie plaasvind, lei die kuns, wetenskap, moraal, regstelsel, opvoeding en onderwys, filosofie en godsdiens meer en meer 'n eie lewe volgens elk van hierdie dimensies se eiesoortige rasionaliteit. In hierdie sin het ons te doen met 'n situasie van ***institusionele differensiasie***. Germond (2005:52) identifiseer differensiasie as die proses waardeur verskeie institusionele sfere in die samelewing geskei raak van ander institusionele prosesse. Relatief komplekse, moderne samelewings word gekenmerk deur strukturele segregasie van die sosiale lewe in verskillende sosiale instellings wat nie met godsdiens vervleg is nie. In terme van die godsdienssosiologie verteenwoordig die kerk, as godsdienstige instelling, 'n ongewone vorm van institusionele spesialisasie wat onopsetlik bygedra het tot die proses van sekularisasie (Berger, 1990:123).

**Fragmentasie** en **pluralisasie:**

Sosiale differensiasie het 'n direkte effek van sosiale ***fragmentasie*** tot gevolg. Hierin word alle vorme van sosiale monopolieë soos 'n politieke ideologie of 'n godsdiens opgebreek. Sodoende word die speelveld oopgemaak vir die wedywering van sosiale idees en oortuigings (Martin, 2005:20-21). Dit loop hand aan hand met ***pluralisasie***. Die bewustheid van hierdie sosiale veelvuldigheid skep volgens Gergen (1991:247) die moontlikheid dat daar 'n vrye spel van sosiale diskoerse kan wees en dat alle diskoerse tot uitdrukking kan kom. Pluralisme gaan in essensie oor die aanvaarding van verskillende leefstyle, geloofsisteme en waardes dwarsdeur die samelewing (Norman, 2003:36). Daarom word diversiteit van oortuigings en waardes al meer die strukturerende beginsel van hedendaagse samelewings.

**Kulturele individualisme:**

Sekularisasie laat die klem op die outonomie van die menslike bewussyn val. ***Kulturele individualisme*** is die direkte gevolg. Moderne individue is al meer op hulle eie persoonlike voorkeure ingestel. Die boustene vir mense se persoonlike identiteit word in die private of individuele sfere gevind, eerder as in die sfere van publieke instellings en oortuigings. Hierdie individualisme bewerk die privatisering van oortuigings en waardes in so 'n mate dat daar byna geen kollektiewe verwysingspunt vir religieuse en morele waardes meer bestaan nie (Avis, 2003:94). Daarom sê Moltmann (1999:85) word die lewe in moderne samelewings nie meer gevorm deur oorgelewerde tradisies nie, maar deur die uitkoms van die individue van daardie samelewing se vrye keuses.

© University of Pretoria

**Desekularisasie:**

***Desekularisasie*** kan in ander terme ook as *post-sekularisme* beskryf word. Op die internasionale godsdienstige terrein kom bewegings waarin ‘n kombinasie van die volgende merkbaar is, na vore: ’n groot godsdienstige ywer, die trotsering van die heersende tydsgees en ‘n terugkeer na die gesag van godsdienstige oortuigings wat tradisioneel gegeld het. Dit bied die uitdaging om godsdienstige ervaringe en oortuigings te artikuleer, sodat daar gemene gronde kan wees vir geloofsoortuigings wat essensieel is vir die voortbestaan van religie as sodanig.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# INHOUDSOPGAWE


| | | BLADSY |
|---|---|---|
| **HOOFSTUK 1** | | **1** |
| **ORIËNTASIE TOT DIE STUDIE** | | |
| 1.1 | INLEIDING | 1 |
| 1.2 | TEMA | 1 |
| 1.3 | PROBLEEMSTELLING | 1 |
| 1.4 | HIPOTESE | 3 |
| 1.5 | DOELSTELLING VAN DIE STUDIE | 4 |
| 1.5.1 | Algemene doelstelling | 4 |
| 1.5.2 | Spesifieke doelstelling | 5 |
| 1.6 | METODOLOGIE | 6 |
| 1.6.1 | Gekombineerde kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsing | 6 |
| 1.6.2 | Tipe navorsingsbenadering | 10 |
| 1.6.2.1 | *Fenomonologiese navorsingsbenadering* | 10 |
| 1.6.3 | Plek van teorie en literatuurstudie in navorsing | 10 |
| 1.6.4 | Informasiekolleksie | 10 |
| 1.6.4.1 | *Gebruik van primêre en sekondêre geskrewe bronne* | 11 |
| 1.6.4.2 | *Primêre informasiekolleksie: Empiriese navorsing* | 11 |
| 1.6.4.3 | *Etiese kwessies ten opsigte van informasiekolleksie* | 13 |
| 1.6.5 | Analise en interpretasie van informasie | 14 |
| 1.6.6 | Die navorsingsverslag | 17 |
| 1.7 | HOOFSTUKINDELING | 17 |
| | | |
| **HOOFSTUK 2** | | **19** |
| **DIE SAMELEWING WAARVAN DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK DEEL IS** | | |
| 2.1 | INLEIDING | 19 |
| 2.2 | DIE FUNKSIE VAN DIE SAMELEWING | 19 |
| 2.2.1 | Die samelewing as sosiale konstruksie | 19 |
| 2.2.2 | Die veranderlikheid van die samelewing | 22 |


© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



**BLADSY**

2.2.3 Die sosiale konstrukte teenwoordig in die Suid-Afrikaanse samelewing en die veranderlikheid daarvan 24
2.2.3.1 *Apartheidskollektivisme* 25
2.2.3.2 *Afrikakommunalisme* 28
2.2.3.3 *Westerse Individualisme* 32
2.3 DIE FUNKSIE VAN GODSDIENS 37
2.3.1 Godsdiens as sosiale konstruksie 38
2.3.2 Die dimensies van godsdiens 42
2.3.2.1 *Die kollektiewe vlak van godsdiens* 43
2.3.2.2 *Die individuele vlak van godsdiens* 45
2.3.3 Die sosiale gestalte van godsdiens 45
2.3.4 Die religieuse konstrukte van die Ned Geref Kerk 49
2.3.4.1 *Die burgerlike godsdiens as religieuse konstruk* 49
2.3.4.2 *Die apartheidsteologie as religieuse konstruk* 52
2.3.4.3 *Gereformeerdheid as religieuse konstruk* 57
2.3.5 Die veranderlikheid van godsdiens en sy instellings 61
2.3.5.1 *Veranderlikheid lei tot 'n betekeniskrisis* 62
2.3.5.2 *Veranderlikheid bring die ervaring van anomie* 63
2.3.5.3 *Veranderlikheid en die weerstand daarteen* 64
2.3.6 Sosiale verandering en die uitdagings wat dit bied vir die religieuse konstrukte van die Ned Geref Kerk 65
2.3.6.1 *Sosiale verandering en die uitdaging vir die konstrukte van die burgerlike godsdiens en die apartheidsteologie* 66
2.3.6.2 *Die veranderinge in Suid-Afrika teen die agtergrond van 'n meta-konteks en die uitdagings daarvan vir die NG Kerk* 71
2.4 SAMEVATTING 79

**HOOFSTUK 3** **82**
**SEKULARISASIE AS SAMELEWINGSFENOMEEN**
3.1 INLEIDING 82

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



| | | BLADSY |
|---|---|---|
| 3.2 | DIE VERSKYNSEL BEKEND AS SEKULARISASIE | 82 |
| 3.2.1 | ’n Beskrywing van sekularisasie | 83 |
| 3.2.1.1 | *Strukturele sekularisasie* | 83 |
| 3.2.1.2 | *Sosiale sekularisasie* | 85 |
| 3.3 | DIE OORSAKE VAN SEKULARISASIE | 93 |
| 3.3.1 | Moderniteit en postmoderniteit | 93 |
| 3.3.2. | Institusionele differensiasie | 96 |
| 3.3.3 | Liberale politiek | 98 |
| 3.3.4 | Industriële kapitalisme en globalisasie | 101 |
| 3.3.5 | Menslike sekuriteit | 103 |
| 3.3.6 | Protestantisme | 106 |
| 3.4 | DIE UITWERKING VAN SEKULARISASIE | 108 |
| 3.4.1 | Fragmentasie en pluralisasie | 108 |
| 3.4.2. | Die ontstaan van ’n geloofwaardigheidskrisis | 116 |
| 3.4.3 | Privatisering van die godsdiens | 123 |
| 3.4.4 | Verandering van die institusionele religieuse ruimte | 130 |
| 3.4.5 | Sekularisasie en die akademiese teologie | 138 |
| 3.5 | KRAGTE TEEN SEKULARISASIE | 142 |
| 3.5.1 | Godsdienstige vitaliteit | 143 |
| 3.5.2 | Globalisasie en re-sakralisasie | 144 |
| 3.5.3 | Desekularisasie | 145 |
| 3.6 | SAMEVATTING | 148 |
| **HOOFSTUK 4** | | **150** |
| **EMPIRIESE TOETSING** | | |
| 4.1 | INLEIDING | 150 |
| 4.1.1 | Statistiese werkswyse | 150 |
| 4.2 | AFDELING A: VRAE OMTRENT DEMOGRAFIESE INLIGTING | 152 |
| 4.2.1 | Demografiese inligting: Ouderdom | 152 |
| 4.2.2 | Demografiese inligting: Bevolkingsgroep | 153 |
| 4.2.3 | Demografiese inligting: Gebied woonagtig | 154 |

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



**BLADSY**


| | | |
|---|---|---|
| 4.2.4 | Demografiese inligting: Gemeentegrootte | 155 |
| 4.3 | AFDELING B: VRAE OMTRENT SOSIALE KONSTRUKSIE | 156 |
| 4.3.1 | Sosiale konstruksie: Konsep 1 – *Sosiale reïfikasie* | 157 |
| 4.3.2 | Sosiale konstruksie: Konsep 2 – *Reaksie op sosiale verandering* | 160 |
| 4.3.3 | Sosiale konstruksie: Konsep 3 – *Samelewingsvisie: Apartheidskollektivisme* | 163 |
| 4.3.4 | Sosiale konstruksie: Konsep 4 – *Samelewingsvisie: Multikulturele situasie* | 167 |
| 4.3.5 | Sosiale konstruksie: Konsep 5 – *Samelewingsvisie: Westerse Individualisme* | 170 |
| 4.4 | AFDELING C: VRAE OMTRENT RELIGIEUSE KONSTRUKSIE | 174 |
| 4.4.1 | Religieuse Konstruksie: Konsep 6 – *Persoonlike belang van religie* | 174 |
| 4.4.2 | Religieuse Konstruksie: Konsep 7 – *Kollektiewe belang van religie* | 176 |
| 4.4.3 | Religieuse Konstruksie: Konsep 8 – *Invloed van konteksbepaalde religie (in NG Kerk)* | 180 |
| 4.4.4 | Religieuse Konstruksie: Konsep 9 – *Veranderlikheid van religie (in NG Kerk)* | 184 |
| 4.4.5 | Religieuse Konstruksie: Konsep 10 – *Pluralisasie van die religie (in die NG Kerk)* | 187 |
| 4.4.6 | Religieuse Konstruksie: Konsep 11 – *Spiritualiteit in die NG Kerk* | 190 |
| 4.4.7 | Religieuse Konstruksie: Konsep 12 – *Privatisering van religie* | 194 |
| 4.5 | AFDELING D: VRAE OMTRENT SEKULARISASIE | 198 |
| 4.5.1 | Sekularisasie: Konsep 13 – *Strukturele sekularisasie* | 199 |


© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



**BLADSY**


4.5.2 Sekularisasie: Konsep 14 –
*Sekularisasie: Vermindering van religie se reikwydte* 201
4.5.3 Sekularisasie: Konsep 15 –
*Sekularisering van die sosiale kultuur* 205
4.5.4 Sekularisasie: Konsep 16 –
*Sekularisasie: Vermindering van godsdienstigheid* 207
4.5.5 Sekularisasie: Konsep 17 –
*Sekularisering van die persoonlike bewussyn* 211
4.5.6 Sekularisasie: Konsep 18 –
*Sekularisasie: Omvorming van religie* 214
4.6 SAMEVATTING 219

**HOOFSTUK 5** **223**
**BETEKENIS VAN DIE STUDIE VIR DIE RESENTE SITUASIE VAN DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK**
5.1 INLEIDING 223
5.2 OM VANDAG KERK TE WEES 223
5.2.1 Uitdaging 1: Om kerk te wees, is om medeskepper van ’n demokratiese etos te wees 230
5.2.2 Uitdaging 2: Om kerk te wees, terwyl godsdiens toenemend transformeer in ’n oop sisteem 232
5.2.3 Uitdaging 3: Om kerk te wees, terwyl godsdiens toenemend na die private sfeer verskuif word 236
5.2.4 Uitdaging 4: Om kerk te wees binne ’n konteks wat skynbaar al hoe minder met God en die kerk tereg kan kom 241
5.2.5 Uitdaging 5: Om kerk te wees, is om te help skep aan ’n moderne morele orde 244
5.2.6 Uitdaging 6: Om opnuut na te dink omtrent die NG Kerk se identiteit 246
5.2.7 Uitdaging 7: Die taak van die teologie 257
5.3 SAMEVATTING 265


© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



**BLADSY**

**HOOFSTUK 6** 268

**REFLEKSIE OP DIE STUDIE**

6.1 INLEIDING 268

6.2 OORSIG OOR DIE STUDIE 268

6.3 GEVOLGTREKKING TEN OPSIGTE VAN PROBLEEMSTELLING EN HIPOTESE 270

6.4 BYDRAE VAN DIE STUDIE 273

6.5 TEKORTKOMINGE VAN DIE STUDIE 274

6.6 AANBEVELINGS VIR TOEKOMSTIGE NAVORSING 275

6.7 SLOTGEDAGTE 276

**BIBLIOGRAFIE** 278

**FIGURE**

**Figuur 1:** Verskillende vlakke van navorsing in praktyk 9

**TABELLE**

**Tabel 1:** Ouderdom volgens woonomgewing 155

**Tabel 2:** Ouderdom volgens gemeentegrootte 156

**Tabel 3:** Woonomgewing volgens gemeentegrootte 156

**Tabel 4:** Drierigting frekwensies ten opsigte van ouderdom, woonomgewing en gemeentegrootte 156

**BYLAE**

**Bylaag 1:** Steekproef: Oorspronklike seleksie van gemeentes 289

**Bylaag 2:** Steekproef: Finale seleksie van gemeentes 291

**Bylaag 3:** Geïnformeerde toestemmingsvorm 293

**Bylaag 4:** Vraelys 294

**Bylaag 5:** Konsepte en vrae wat daarmee verband hou 295

**Bylaag 6:** Indeks van vrae se beskrywende statistiek vervat in grafieke 296

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



"Om in hierdie dae...oor nuwe tendense in die kerk te skryf, is nie maklik nie. Die rede hiervoor is dat ons in 'n tyd van groeiende kompleksiteit en diversiteit leef. Dit het die gevolg dat patrone of tendense nie so duidelik sigbaar is nie."

- Hanekom (2010:18)

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



"Vir sommige is die vraag waar ons oor twintig jaar gaan wees, 'n ontredderende vraag."

- Hanekom (2010:18)

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# Hoofstuk 1
# Oriëntasie tot die studie

## 1.1 INLEIDING

Hierdie hoofstuk dien as die oriëntasie tot die navorsing wat onderneem word. In die probleemstelling word die navorsingsprobleem wat deur die tema ingelei word, as ’n ondersoekbare saak gestel. Vanuit die probleemstelling kom ’n hipotese na vore wat sal dien as basis vir die navorsing. Vervolgens word die doelstellings van die studie bespreek om die oogmerke van die navorsing aan te dui en sodoende die veronderstellings van die hipotese te begrond. Die metodologie verduidelik op watter wyse hierdie oogmerke verwesenlik sal word. Ten slotte word die uitleg van die navorsingsverslag bespreek.

## 1.2 TEMA

Die invloed van sekularisasie op die Nederduitse Gereformeerde Kerk: ’n Kerkhistories-sosiologiese perspektief.

## 1.3 PROBLEEMSTELLING

Volgens die *Global index of religiosity and atheism* (2012:6) is daar tien lande waar godsdienstigheid sedert 2005 aansienlik afgeneem het. Suid-Afrika se godsdienstigheid het van 83% tot 64% gedaal - ’n afname van 19%. Dit is byna dieselfde as Switserland en Frankryk met ’n afname van 21%. Die afname in Suid-Afrika is aansienlik as dit vergelyk word met die wêreldgemiddeld van 9%. Onmiddellik ontstaan die vraag waaraan hierdie toedrag van sake toegeskryf kan word. Watter vormingskragte oefen hulle invloed binne die Suid-Afrikaanse samelewing uit dat daar ’n tendens van afname in godsdienstigheid waarneembaar is? Verder kan gevra word hoe groot die omvang van hierdie tendens is.

Durand (2002:20) maak die opmerking dat ’n geestestroming op vele terreine van die samelewing, soos die wetenskap, handel, kuns, opvoeding en politiek waarneembaar geword het. Kenmerkend van hierdie fenomeen is die vermindering (en in baie gevalle selfs die negering) van die invloed van die kerk, die godsdiens en teologie op hierdie terreine. Hierdie tendens wat ’n onafskeidbare deel van die totale lewensfilosofie geword

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



het, staan bekend as *sekularisasie* of bloot 'verwêreldliking' (Durand, 2002:23). Godsdiens en godsdienstige instellings, soos die Christelike kerk in die algemeen, se relevansie word dus op 'n voortgaande wyse uitgedaag.

In Suid-Afrika sien ons dit duidelik. Dit kan onder andere gesien word in *die liberale demokrasie* wat oor die afgelope dekade en meer ontwikkel het. Hierdie demokrasie word nie in godsdienstige terme gedefinieer nie, soos dit ook in ander lande met 'n liberale demokrasie die geval is. 'n Bepaalde godsdiens word om hierdie rede ook nie meer in dié nuwe politieke situasie bevoorreg nie. Inteendeel, die staat sorg dat die openbare terrein leeg van godsdiens is (Durand, 2002:15). Saam met die ander Afrikaanse kerke bevind die Nederduitse Gereformeerde Kerk hom sedertdien in 'n staat wat sekulêr is. Hierdie tendens het 'n geweldige uitwerking op die Suid-Afrikaanse samelewing asook vir die kerk en by name die Nederduitse Gereformeerde Kerk, aangesien dié kerk se invloed op die openbare terrein al kleiner geword het.

Verder kan die invloed van sekularisasie gesien word in die hedendaagse siening dat die mens vry geword het van *die oorheersing van die gesag van kerklike dogmas* as reël vir lewe en denke. Die mens se verbintenis aan God en sy beoefening van godsdiens word toenemend subjektief en opsioneel soos dit deur die individu se eie voorkeure en voorveronderstellings bepaal word. Vir Stackhouse (1995:37) is dit opmerklik dat die pogings om meer 'vryheid', 'solidariteit' en 'gelykheid' te skep, egter daartoe bydra dat 'n gemeenskaplike basis vir persoonlike gedrag al minder bestaan. Daarom meen Davie (1999:75) verwerp die oorgrote meerderheid mense van vandag nie alleen vaste en sterk-gedrewe oortuigings vir hulleself nie, maar vind dit ook moeilik om dit in ander te verstaan. Die kommunale basis van oortuigings en gedrag dra al minder gesag vir mense. Van Niekerk (2005:7) meen dat dit vir die Nederduitse Gereformeerde Kerk onsekerheid bewerk omdat die sekularisering van ons samelewing openlike kritiese bevraagtekening van tradisionele geloofswaarhede bring.

Hierdie vrug van sekularisasie is vir Hofmeyr (2002:13) 'n faktor wat die teenwoordigheid van pluralisme in Suid-Afrika aanhelp. Die beginsel is dat alle kulturele en godsdienstige diversiteit erken en gelykgestel word. Dit bied dus 'n geweldige uitdaging aan 'n godsdiens en sy instellings om opnuut sy eiesoortigheid en relevansie in

© University of Pretoria

die kontemporêre wêreld te ontdek, soos Brauer (1989:209) tereg opmerk. Daarom is dit verstaanbaar dat godsdiens en sy instellings as gevolg van hierdie werking sal verander, vernuwe of selfs omvorm word. Dit word bevestig deur Durand (2002:21) wat aandui dat die proses van sekularisasie paradoksaal daartoe gelei het dat nuwe vorme van spiritualiteit in Suid-Afrika bestaansgronde verkry het. Selfs in die Nederduitse Gereformeerde Kerk het lidmate 'n andersoortige spiritualiteit en styl ontwikkel as dit waaraan die Nederduitse Gereformeerde Kerk tradisioneel geken is.

In 'n verdere bydrae tot nadenke omtrent sekularisasie maak Dekker (1997:107), met sy sosiologiese invalshoek, dit duidelik dat sekularisasie direk met godsdiens te make het. Daarom moet die omskrywing van sekularisasie op godsdiens met al sy verbande en instellings afgestem wees. Vir dié rede hou die sosiologiese perspektiewe omtrent sekularisasie verband met 'n kombinasie van die volgende sake:

- die vermindering van religie in die hedendaagse samelewing;
- die skeiding tussen die samelewingsinstellings en religie;
- desakralisasie van die wêreld;
- die transposisie of omvorming van religie en sy institusies (Dekker, 1997:106).

Aangesien hierdie tendense waarneembaar is binne die Suid-Afrikaanse samelewing kom daar noodwending sekere uitdagings vir die Nederduitse Gereformeerde Kerk, as geloofsgemeenskap binne hierdie konteks, na vore.

Vervolgens die volgende hipotese.

## 1.4 HIPOTESE

Volgens May en Perry (2011:15) vind refleksiewe nadenke plaas wanneer sekere aannames omtrent 'n aangeleentheid gemaak word. Hierdie aannames is dus nodig om die proses van refleksiewe nadenke te inisieer. Daar behoort egter 'n openheid te wees vir die moontlikheid dat refleksiewe nadenke revisie kan bring ten opsigte van die aannames. In die lig van die bogenoemde kan dus veronderstel word dat dit wat vervolgens in die hipotese gestel word, aannames is wat deur die refleksiewe proses van die studie ondersoek sal word.

© University of Pretoria

Die Nederduitse Gereformeerde Kerk is nie uitgesluit van die tendense soos in die probleemstelling aangedui is nie.

Hipoteties kan die volgende omtrent die invloed van sekularisasie gesê word:

- Die *veranderde en verminderde plek* van die Nederduitse Gereformeerde Kerk binne die totale sosiale reikwydte van Suid-Afrika kan volgens die skrywer aan die invloed van sekularisasie toegeskryf word.
- Hieruit vloei die *toenemende gebrek aan burgerlike normatiwiteit en aanspreeklikheid* voort. Sekularisasie se klem lê weg van die publieke sfeer na die private sfeer. Dit lei nie alleen tot die privatisering van godsdiens nie, maar veroorsaak dat 'n godsdienstige instelling, soos die kerk, sy sosiaal-oorkoepelende funksie verloor.
- Klem op die partikuliere eerder as die kommunale lei in die godsdiens tot godsdienstige pluralisme. Dié pluralisme verteenwoordig nie alleen die erkenning van verskillende godsdienste se gelykwaardigheid in Suid-Afrika nie, maar bied ook erkenning aan nuwe vorme van spiritualiteit binne 'n bepaalde godsdiens of godsdienstige instelling, soos ook identifiseerbaar in die Nederduitse Gereformeerde Kerk. Dit is dus 'n belangrike faktor wat tot die *transposisie of omvorming* van die Nederduitse Gereformeerde Kerk bydra.

Die skrywer is van mening dat die resente kerkhistorie van die Nederduitse Gereformeerde Kerk 'n basis bied om die werking van hierdie verskynsels te identifiseer en vanuit 'n sosiologiese perspektief te verduidelik.

Die doel van die studie word dus vervolgens bespreek.

## 1.5 DOELSTELLING VAN DIE STUDIE

### 1.5.1 Algemene doelstelling

Fouché (2002a:107) wys daarop dat die doel van 'n studie (in hierdie geval die algemene doel) gesien word as die breër, meer abstrakte gedagte waartoe die poging van die navorsing gerig is.

In nadenke omtrent sekularisasie word dus nagedink omtrent die wye vormingsinvloed van sekere verskynsels op 'n ander beslissende werklikheid (Dekker, 1997:107). In

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



hierdie geval is die beslissende werklikheid die kerk - en meer spesifiek die Nederduitse Gereformeerde Kerk.

Om die invloed van hierdie vormingsfaktore in die Nederduitse Gereformeerde Kerk raak te sien, behoort die resente geskiedenis van dié kerk ondersoek te word. Die geskiedkunde wat die feite of gegewens in verband met die verlede van dinge rangskik en verwerk, bied ook die geleentheid om die oorsaaklike verbande en die samehang van gebeure en verskynsels te bepaal.
In hierdie opsig word raakvlakke met die vakgebied van die Sosiologie gevind. Die Sosiologie poog ook om die invloed van sosiale instellings (soos die politiek en religie) en -tendense op mense se gedrag en oortuigings te verstaan (Schaefer, 1989:5).

Die skrywer sien die vakgebied van die Kerkgeskiedenis as toepaslik vir die bestudering van dit wat in die probleemstelling en die hipotese aan die orde gestel is. Die sosiologiese inslag wat kenbaar word in hierdie studie, het ten doel om verduidelikend en ondersteunend by te dra tot die doelstelling van hierdie studie.

### 1.5.2 Spesifieke doelstelling

Die spesifieke doelstelling het die meer konkrete, meetbare doelstellings van die studie in gedagte. Dit het te doen met realistiese navorsingstappe wat op grondvlak, binne ’n sekere tydsverloop, geskied om die algemene doelstelling te verkry (Fouché, 2002a:107).

Vir die doeleindes van die studie behoort die algemene omskrywing van sekularisasie op ’n meer hanteerbare wyse gekonkretiseer te word. Daarom word daar op herkenbare en meetbare prosesse gefokus wat as gevolg van sekularisasie in die godsdiens en kerk (Nederduitse Gereformeerde Kerk) merkbaar is:

- *Die beperking van die reikwydte van geïnstitusionaliseerde godsdiens*
  Wanneer dié tendens ondersoek word, word aandag gegee aan hoe dele of sektore van die samelewing toenemend onafhanklik word ten opsigte van godsdiens of die kerklike lewe. Wat ook aangedui behoort te word, is dat godsdiens al meer tot die persoonlike wêreld van mense gerig word. Die kommunale aard van godsdiens is

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



onder druk met 'n gepaardgaande dekonfessionalisering (of desakralisasie soos vroeër genoem) van die samelewing (Dekker, 1997:107).

- *Die vermindering van die godsdienstigheid van mense*
  Die bedoeling van die bestudering van hierdie proses is om te bepaal in watter mate die invloed van godsdienstige handelinge, opvattinge en instellings in die lewe van individue verminder het. Sake wat in hierdie opsig aandag behoort te geniet, is die verminderde kerklikheid van mense, die afname van deelname aan kerklike aktiwiteite en die verminderde waarde wat geheg word aan godsdienstige opvattings (Dekker, 1997:107).
- *Die aanpassing en omvorming van godsdiens en godsdienstige instellings*
  Wat hierdie saak betref, word nagedink omtrent die mate waarin godsdiens en sy instellings (meer spesifiek die Nederduitse Gereformeerde Kerk) homself inhoudelik aanpas by die ontwikkelinge binne die samelewing. Dit het te doen met die transposisie of omvorming van die kerk as instituut en die religie wat daardeur verteenwoordig word. Hier kom die invloed van die sekulêre bewussyn en lewe na vore (Dekker, 1997:109).

Hiervandaan verder het die studie ten doel om aan die resente situasie en konteks van die Nederduitse Gereformeerde Kerk betekenis te verleen op grond van die versamelde gegewens.

Die wyse waarop die doelstellings verwesenlik sal word, word vervolgens bespreek.

## 1.6 METODOLOGIE

### 1.6.1 Gekombineerde kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsing

Uit die aard van die studie word 'n gekombineerde kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsingsmetodologie gekies. Niglas (2000) verwys na drie heersende standpunte omtrent die kombinering van die kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsingsmetodologieë:

- Die eerste is 'n *sterk paradigmatiese standpunt* wat volhou dat dit nie aanvaarbare wetenskaplike praktyk is om die metodologieë te kombineer nie, aangesien elke metodologie 'n eksklusiewe epistemologiese onderbou het.

© University of Pretoria

- Die tweede standpunt is baie naby aan die eerste, maar is tegemoetkomend omtrent die kombinering van die metodologieë. Dieselfde standpunt word gehandhaaf dat elke metodologie ’n eksklusiewe epistemologiese onderbou het en dat dit nie verkieslik is om dit te kombineer nie. Maar as die navorsingsituasie kombinering vereis, mag dit oorweeg word binne die spesifieke studieraamwerk. Die voorstaanders van die standpunt word soms die *situasionaliste* genoem.
- Die derde standpunt is dié van die *pragmatiste* wat aanvaar dat daar verskille is tussen kwantitatiewe en kwalitatiewe navorsing, maar dat daar ook belangrike ooreenkomste is. Daarom kan die integrasie van die metodes binne ’n studieraamwerk net tot ’n beter verstaan bydra van die verskynsel wat ondersoek word. Die argument is: As die vereiste is om beter begrip te verkry van ’n verskynsel, gebruik dan soveel moontlik konseptuele en metodologiese instrumente in sekere fases van die studie om dit te verkry. Redes vir die kombinering van metologieë in hierdie studie hou verband met die volgende: Kwantitatiewe navorsing vergemaklik kwalitatiewe navorsing; Kwantitatiewe navorsing hou verband met die struktuur en kwalitatiewe navorsing met die proses; Om kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsing te kombineer help om die gaping te verklein tussen makro- en mikro-vlakke.

Niglas (2000) wys die probleem met die kombinering van metodologieë uit: Daar ontbreek ’n omvattende teoretiese agtergrond vir gemengde navorsingsontwerpe. Daar is egter verskeie pogings om die kwessie uit te klaar en ’n sistematiese klassifikasie van gekombineerde benaderings tot navorsing te gee. Schwartz-Shea en Yanow (2012:131) verduidelik die verskillende moontlikhede: Daar is kategorieë waar verskillende tegnieke vir datakolleksie en data-analise gekombineer word; waar verskillende vorme van data gekombineer word; waar verskillende tipes steekproewe gebruik word in een studie; waar twee verskillende tipes konklusies gebruik word.

Ter wille van duidelikheid is dit nodig om ook aan te dui wat die onderskeie metodologieë behels en hoe dit in hierdie studie van toepassing is:

- Volgens Silverman (2011:5) is een belangrike eienskap van kwalitatiewe navorsing dat die navorsingprosedure nie vooraf streng geformuleer is nie. Aanpassings kan in die navorsingsproses gemaak word. Verder is die omvang van die navorsing minder

© University of Pretoria

gedefinieerd sodat die navorsing nie voorafbepaald en deterministies is nie (Mouton & Marais, 1991:155-156).

- Die uitgangspunt van kwalitatiewe navorsing dat ’n holistiese verstaan van die saak probeer verkry word en dat genoegsame begrip vir die navoringsprobleem verkry word deur ’n enkele navorser (Reid & Smith 1981:88-89), is toepaslik op hierdie navorsing wat onderneem word.
- Volgens Cresswell (1998:16) bied kwalitatiewe navorsing die navorser die geleentheid om die saak te beskou vanuit die verwysingswêreld van die saak of deelnemer eerder as om ekspert-waarde-oordele te probeer maak. Silverman (2011:5) dui ook aan dat kwalitatiewe navorsing verskynsels binne die konteks waarin dit voorkom, bestudeer. Op hierdie wyse word data verkry soos dit natuurlik voorkom en kan daar bepaal word hoe die betekenis daarvan binne ’n bepaalde konteks versprei word. Deur kontekstuele sensitiwiteit word begrip verkry van hoe verskynsels gekonstrueer word (Silverman, 2011:17). Vir die skrywer is hierdie aspek van die navorsing belangrik, aangesien die konteks van die navorsingsprobleem swaarder weeg as ’n sogenaamde ekspert-waarde-oordeel.

Aangesien die skrywer meen dat die hipotese op een of ander wyse getoets moet word, ontstaan die situasie dat sekere prosesse wat verband hou met kwantitatiewe navorsing nodig is. Die beginsels van kwantitatiewe navorsing (Thomas, 2003:2,41,94) wat belangrik is vir hierdie studie, is die volgende:

- Met kwantitatiewe navorsing word hipoteses getoets deur meetbare metodes en analises. Een of ander meetinstrument moet dus gebruik word om data te verkry. By wyse van statistiese tegnieke word patrone in die data identifiseer (Walsh, 2001:7).
- Strategieë soos steekproewe is nodig om binne die kollektiwiteit wat ondersoek word, sekere ewekansige of sistematiese seleksies wat deelneem aan die studie te maak. Sien par. 1.6.4.2. vir ’n verdere verduideliking hiervan ten opsigte van die studie.
- Die uitkomste van die toetsing bied verheldering van die saak wat ondersoek word en skep ook die moontlikheid om tendense te verklaar, veralgemenings te maak, of logiese verbande tussen sake te trek.

© University of Pretoria


UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die skrywer kies die pragmatiese standpunt as benadering tot die kombinering van die kwalitatiewe en kwantitatiewe metodologieë in hierdie studie. Die twee bly redelik onafhanklik van mekaar tot by die interpretasiefase van die studie. Die mees ooglopende kwantitatiewe aspek in die interpretasiefase is dat dit statistiese uitkomste en verheldering bied. Dit ondersteun die studie in hierdie fase deurdat die omvang van oortuigings omtrent, asook invloede en eienskappe van die saak van ondersoek verduidelik kan word (Thomas, 2003:13). Verder help hierdie pragmatiese benadering ook vir 'n buigsaamheid in die navorsingsproses deurdat aanpassings gemaak kan word wanneer nuwe moontlikhede of tekortkominge na vore kom. Hiersonder kan 'n navorser vasval in die poging om data te verkry (Schwartz-Shea & Yanow, 2012:77).

Die volgende voorstelling (Figuur 1) van Niglas (2000) gee 'n idee van hoe die kombinering van die metodologieë in verskillende fases van die navorsing kan plaasvind.

**Figuur 1. Verskillende vlakke van navorsing in praktyk.**




© University of Pretoria

### 1.6.2. Tipe navorsingsbenadering

Van meet af aan word ’n kwalitatiewe navorsingstrategie in hierdie studie gevolg. Dit word later in die studie met ’n kwantitatiewe navorsingsproses gekombineer. Met die voordele van kwalitatiewe navorsing (soos beskryf in par. 1.6.1.) in gedagte, word die volgende kwalitatiewe navorsingsbenadering vir die doeleindes van hierdie studie gekies:

#### *1.6.2.1 Fenomonologiese navorsingsbenadering*

Hierdie navorsingsbenadering poog om die betekenis van spesifieke verskynsels, onderwerpe of konsepte te verstaan en te interpreteer. Tipies hiervan is dat ’n beskrywing van die essensie van dit wat bestudeer word, gegee word. In die versameling van informasie word die betekenis van spesifieke verskynsels, onderwerpe of konsepte geanaliseer binne die spesifieke konteks daarvan (Fouché, 2002b:273). Vir die skrywer sal die kwantitatiewe komponent van die studie slegs ondersteunend bydra tot ’n redelike begrip van die omvang van die fenomeen, sekularisasie. Die konteks waarin respondente hulle bevind, speel ’n belangrike rol om begrip te bring vir hoe sekere kennis en persepsies tot stand kom (May & Perry, 2011:37).

Vir die doeleindes van hierdie studie is hierdie benadering dus toepaslik.

### 1.6.3 Plek van teorie en literatuurstudie in navorsing

Volgens Fouché en Delport (2002:266) skep die gebruik van literatuur in navorsing ’n logiese raamwerk vir die navorsing wat plaasvind. Dit is vir die skrywer uiters belangrik dat die studie teoreties fundeer moet word. Die voordeel van ’n deeglike oorsig van literatuur in kwalitatiewe navorsing is dat dit die onderliggende aannames van die navorsing bevestig, dat dit tot ’n intellektuele denkraamwerk wat die studie ondersteun bydra en dat die navorsingstema verfyn en herdefinieer word (Marshall & Rossman, 1999:28). Sien verdere inligting in par. 1.6.4.1.

Die kwantitatiewe komponent van die studie wat die daarstelling van die vraelys insluit, het hieruit ontwikkel. Die bedoeling van die kwantitatiewe komponent is om die onderliggende aannames empiries te toets.

### 1.6.4 Informasiekolleksie

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die wyse waarop informasie vir die doeleindes van die studie versamel word, is soos volg:

*1.6.4.1 Gebruik van primêre en sekondêre geskrewe bronne*

Van der Walt (2002:5) dui aan dat in wetenskaplike literatuurstudie daar 'n duidelike onderskeid tussen primêre en sekondêre bronne is. Primêre bronne verskaf oorspronklike inligting oor 'n onderwerp, terwyl sekondêre bronne 'tweedehandse' inligting verskaf. Sekondêre bronne kan dus beskou word as bronne wat reeds 'n spesifieke interpretasie van oorspronklike inligting bevat. So ver moontlik is van primêre bronne gebruik gemaak in hierdie studie.

*1.6.4.2 Primêre informasiekolleksie: Empiriese navorsing*

Buiten die geskrewe bronne wat nodig is om 'n teoretiese basis te skep vir die studie, is dit vir die skrywer ook nodig dat primêre data verkry word omtrent die verskynsel wat ondersoek word. Hierdie tipe data is nuwe, oorspronklike informasie wat as deel van die navorsing, eerstehands deur die navorser verkry is (Walsh, 2001:8). Dit is duidelik dat hierdie aspek van die studie 'n kwantitatiewe navorsingstrategie vereis.

In die algemeen is dit aan te bevele dat die teoretiese basis van die navorsing ook empiries ondersoek of toegepas behoort te word. 'n Wyse van informasiekolleksie om die betekenis van fenomene te bepaal, sal in die geval van hierdie studie opnames by wyse van vraelyste wees. Die rede hoekom opnames as metode van informasie-kolleksie gebruik word, is die volgende (Babbie, 2001:238):

- Opname-navorsing word gebruik vir beskrywende, verduidelikende en verkennende doeleindes. Thomas (2003:66) meen dat vraelyste baie bruikbaar is. Dit kan data versamel omtrent feite (waaroor mense kennis het) en ook opinies (waardeur mense se gesindhede en voorkeure bekendgemaak word). Hierdie laaste aspek is dus bruikbaar vir die fenomonologiese navorsingsbenadering van hierdie studie.
- Opname-navorsing gebruik eenhede van analise, soos individuele mense of groepe wat dien as respondente om eerstehandse informasie te verkry. In hierdie

© University of Pretoria

geval is dit individuele mense – in besonder belydende lidmate van Nederduitse Gereformeerde gemeentes.

- Verder is opname-navorsing ’n goeie metode om data te versamel omtrent ’n populasie wat te groot is om omvattend waar te neem of na te vors. Deel van die metode is steekproewe.

Soos reeds genoem, vind die opname-navorsing plaas by wyse van *vraelyste*. Volgens Babbie (2001:239) is vraelyste ’n instrument wat spesifiek ontwerp is om informasie wat bruikbaar kan wees vir die navorsing na vore te bring. Daarom is goed-gekonstrueerde en gestandariseerde vraelyste ’n handige middel waarmee respondente aan opname-navorsing kan deelneem om sodoende die houdinge en oortuigings van die groter populasie te meet. Die tipe vrae wat in die vraelys van hierdie studie gevra word, is vrae waarop die respondente hulle ervarings en opinies weergee. Dit pas by ’n kwalitatiewe of verklarende benadering. In die strukturering van die vraelys wat in hierdie studie gebruik word, word *matriksvrae* gebruik. Respons op ’n groep vrae is aan die hand van identiese responskategorieë. Hierdie tipe vrae is effektief, aangesien respondente vind dat dit vinnig is om die vrae te voltooi (Babbie, 2001:248).
(Sien *Bylaag 4* vir die vraelys wat gebruik is hierdie studie.)

Vir die selektering van respondente uit die groter populasie is *steekproewe* nodig. Wat steekproewe betref, meen Babbie (2001:178) is dit die primêre metode om omvattende en verteenwoordigende data vir sosiaal-wetenskaplike navorsing te verkry. Die steekproefraamwerk bepaal die studiepopulasie waaruit die seleksies gemaak word (Babbie 2001:194). In die geval van die studie is dit die totale aantal gemeentes van die Nederduitse Gereformeerde Sinode Hoëveld en Oostelike Sinode, asook die totale aantal lidmate per gemeente. Die inligting is verkry uit die Nederduitse Gereformeerde Kerke se jaarboek van 2013.
Vir die studie is dit belangrik om verskillende tipes gemeentes in die navorsing in te sluit. Daarom word ’n gestratifiseerde seleksieprosedure gebruik. Volgens Babbie (2001:201-202) maak die navorser hierdeur seker dat genoegsame getalle eenhede van analise verkry word uit homogene sub-eenhede van die populasie. Wat hierdie

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



studie betref, is verskillende sub-eenhede of strata in 'n komplekse gestratifiseerde steekproef gebruik. Die volgende stratifikasie-veranderlikes is gebruik:

- 'Woongebied' wat insluit stad, groot dorp, klein dorp, landelike gebied;
- 'Gemeentegrootte' ingedeel volgens Mann (1998) se kategorieë van gemeentegroottes - familiegrootte (tot 200 lidmate), pastorale grootte (200 tot 800 lidmate), programgrootte (800 tot 1500 lidmate) en korporatiewe grootte (meer as 1500 lidmate).

Elkeen van hierdie agt stratas is proporsioneel in die steekproef verteenwoordig. Sodoende is behoorlike verteenwoordiging van die stratifikasie-veranderlikes verkry.

Uit elkeen van dié stratas is sistematiese seleksies gemaak deur elke $x$-ste element in die lys te kies. 'n Totaal van 50 gemeentes is sodoende geselekteer. (Sien *Bylaag 1* en *2* vir die seleksie van gemeentes.)

*Bylaag 1* is die oorspronklike seleksie wat gemeentes Nelspruit en Effata ingesluit het. Aangesien Nelspruit nie aan die studie wou deelneem nie, is Tzaneen geselekteer. Effata is die gemeente vir dowe persone. Hulle het aangedui dat die vraelys se taalgebruik nie vir die dowe persoon bevatlik is nie en daarom is Alberton-Noord noodgedwonge geselekteer. *Bylaag 2* is die finale seleksie van gemeentes.

Vierduisend vraelyste (4000) volgens die finale seleksie is proposioneel onder die 50 gemeentes versprei. Vir elk van die gemeentes is 'n lys van ewekansig-gekose nommers voorsien wat met elke gemeente se belydende lidmaatlys gepas moes word en waarvolgens vraelyste versprei moes word.

Die skrywer is groot dank verskuldig aan die Universiteit van Pretoria se Departement Statistiek. By name, drr Mike van der Linde en Liebie Louw. Hulle hulp met die daarstelling van die vraelys en die steekproef was van onskatbare waarde, aangesien hulle bydrae aan hierdie navorsing wetenskaplike geloofwaardigheid verleen. Verdere bespreking is in par. 1.6.5 te vind.

### *1.6.4.3 Etiese kwessies ten opsigte van informasiekolleksie*

Volgens Silverman (2011:97,98) moet daar gelet word op die volgende etiese kwessies in navorsing: deelname aan navorsing moet vrywillig wees; vertroulikheid

© University of Pretoria

moet gewaarborg word; mense moet nie te na gekom voel nie; onderlinge vertroue tussen die navorser en deelnemers aan die studie moet gevestig word. Babbie (2001:470-473) se nadenke omtrent betaamlike sosiaal-wetenskaplike informasiekolleksie bevestig dié van Silverman:

- Dikwels beleef mense dat sosiale navorsing ’n indringing in hulle persoonlike lewe is en daarom moet niemand gedwonge voel om aan navorsing deel te neem nie. Deelname moet dus absoluut vrywillig wees.
- Met vrywillige deelname geld die konsep van geïnformeerde toestemming. Dit veronderstel dat die deelnemer deelneem aan die navorsingsprojek met die volle begrip van moontlike risiko’s daaraan verbonde. Dit kan die geval wees dat versamelde data gepubliseer word. Daarom moet daarteen gewaak word om inligting op sodanige wyse bekend te maak dat deelnemers aan navorsing in die verleentheid gestel word, of hulle lewe, vriendskappe, werk ensovoort in die gevaar gestel word.
- Anonimiteit en vertroulikheid is baie belangrik omdat deelnemers se identiteit beskerm moet word. Anonimiteit kan soms vir die navorser self ’n probleem skep as hy dit moeilik vind om spesifieke informasie te identifiseer as sekere inligting omtrent deelnemers aan die navorsing ontbreek. Vertroulikheid vereis dat die navorser informasie van die deelnemers privaat hou. Daarom meen Babbie (2001:487) behoort identifiserende inligting vernietig te word sodra dit nie meer nodig is nie.

(Sien *Bylaag 3* vir die geïnformeerde toestemmingsvorm wat saam met elke vraelys versprei is.)

In die volgende paragraaf word aandag gegee aan hoe hierdie informasie geïnterpreteer en gestruktureer moet word ten einde ’n navorsingsverslag saam te stel.

### 1.6.5 Analise en interpretasie van informasie

Volgens Mouton en Marais (1991:104-105) word onder analise verstaan die ontleding van ’n saak in sy konstitutiewe dele – dit is die uiteensetting van die samestellende dele van ’n geheel met die oog op die verkryging van sekere kennis. Deur hierdie proses word dit moontlik om die konstitutiewe veranderlikes of faktore wat relevant is vir die verstaan

© University of Pretoria

van ’n verskynsel of saak te isoleer. Deur die interpretasie van hierdie kennis word die verbande en samehange tussen die veranderlikes weer gekonstrueer om verskynsels of sake te beskryf. In aansluiting hierby kan De Vos (2002:339-340) se beskouing gevoeg word dat data-analise die proses is waardeur struktuur geskep word deurdat orde en betekenis gegee word aan die data wat versamel is. Die proses behels volgens hom onder andere die volgende:

- *Versameling van data:*
  Data word versamel soos reeds bespreek in par. 1.6.4.

- *Bestudering en interpretasie van data:*
  In die bestudering van die versamelde data word die toepaslikheid daarvan ten opsigte van die studieveld en die navorsingsprobleem bepaal. Babbie (2001:359) verwys in dié verband na verskillende maniere om patrone ten opsigte van ’n spesifieke ondersoektema na te speur:
  - Hoe baie kom dit voor?
  - Wat is die omvang en intensiteit daarvan?
  - Is daar ’n orde in die elemente van die tema sodat ’n struktuur identifiseerbaar is?
  - Is daar identifiseerbare oorsaaklikhede en kort- en langtermyn gevolge?

  Die betekenis van die kwantitatiewe data wat verkry word, is dat dit help om begrip te bring vir oorsaaklikhede, nuwe ontwikkelinge te antisipeer, veralgemenings te ondersteun en die diepgaande impak van ’n saak bloot te lê (Thomas, 2003:82-83).
  In par. 1.6.3.1 is aangedui dat ’n fenomonologiese navorsingsbenadering gekies word vir die studie. Wat die analise en interpretasie in hierdie geval betref, speel die induktiewe strategie ’n rol in die sinvolle sistematisering daarvan. Mouton en Marais (1991:105) beskryf die induktiewe strategie as volg: “In die induktiewe strategie, begin die navorser die projek met geen eksplisiete konseptuele raamwerk nie: bloot algemene hipoteses of vermoedens wat die navorsing breedweg lei. Die navorsing is veel minder gestruktureerd. Wanneer data dus uiteindelik gegenereer is, moet die navorser deur indringende studie van die data probeer om verbande, samehange of patrone daarin bloot te lê. Deur prosesse van induktiewe veralgemening en abstrahering word die data ontleed en geïnterpreteer. Die uiteindelike resultaat is dan

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



dat sodanige strategie wel eindig met 'n meer sistematiese verklaring." Silverman (2011:22) dui ook aan dat die induktiewe strategie voorkeur geniet in kwalitatiewe navorsing. Aangesien die studie ook 'n baie belangrike kwantitatiewe navorsingskomponent insluit, is die deduktiewe strategie vir die sistematisering van daardie komponent noodsaaklik. Die teoretiese basis wat geskep is, tesame met die aannames van die studie, word dan geverifieer teen die uitkomste van die toetsing (Walsh, 2001:35). In hierdie opsig het die navorsingsparadigma van die Neo-positivisme betrekking. Die veronderstelling is dat die deduktiewe strategie in kwantitatiewe navorsing slegs moontlike waarhede daarstel en daarom is daar ruimte om ook kwalitatiewe navorsingsmetodes in te sluit by die navorsing. Dit gebeur dikwels dat die interpretasie van kwantitatiewe data kwalitatief van aard is omdat data omgeskakel word in insigte en kennis omtrent 'n verskynsel (Struwig & Stead, 2001:5,19). Omdat dit so is dat 'n kwalitatiewe navorsingstrategie en 'n kwantitatiewe navorsingstrategie elk by 'n ander beskouing van die navorsingsprobleem kan uitkom, skep dit 'n probleem waar daar 'n gekombineerde navorsingstrategie is. Niglas (2000) verwys egter na die model, beskryf as komplementêre multiplisme (*complementary multiplism*), waardeur die probleem oorkom word. Die uitkomste van verskillende metodologieë in gekombineerde navorsing word dan beskou as komplimenterend, aangesien dit verskillende (en uiteenlopende) beskouings byeenbring.

In hierdie verband moet weer eens die Universiteit van Pretoria se Departement Statistiek genoem word. Hulle was behulpsaam met die verwerking van die voltooide vraelyste. Dit word bespreek in Hoofstuk 4. Die metode wat deur hulle gevolg is, word beskryf in Cody, R.P. & Smith, J.K., 2006. Applied Statistics and the SAS programming language (*5 ed.*). Upper Saddle River, NJ : Pearson Prentice Hall.

- *Weergee en voorhou van geïnterpreteerde data:*
  Hierdie stap behels die weergee van toepaslike geïnterpreteerde data in 'n navorsingsverslag met die doel om begrip te bring vir die probleemstelling en hipotese wat aan die orde gestel is.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die kwalitatiewe aanslag skep die moontlikheid dat data-analise nie liniêr is nie, maar sirkulêr en daarom is ’n wisseling tussen die stappe moontlik.

### 1.6.6 Die navorsingsverslag

Een belangrike eienskap van die kwalitatiewe navorsingsverslag volgens Delport en Fouché (2002:357) en volgens die skrywer ook relevant, is dat dit meer beskrywend is as ’n kwantitatiewe navorsingsverslag, aangesien dit fokus op ’n veelvoud van perspektiewe om sodoende die leser ’n gevoel te gee van die subjektiwiteit van die perspektiewe binne hulle konteks. Dit sal na die skrywer se mening ook die aard van hierdie navorsingsverslag wees. Die inligting van die kwantitatiewe komponent sal sistematies ingesluit word in hierdie navorsingsverslag.

In die volgende paragraaf word die voorlopige ordening van die navorsingsverslag (proefskrif) gestel.

## 1.7 HOOFSTUKINDELING

Die hoofstukke van die proefskrif, as navorsingsverslag, word as volg ingedeel:

*Hoofstuk 1: Oriëntasie tot die studie*

Hierdie hoofstuk is ’n oriëntasie tot die studie wat die probleemstelling, hipotese, doelstellings en metodologie van die studie bespreek.

*Hoofstuk 2: Die samelewing waarvan die Nederduitse Gereformeerde Kerk deel is.*

Hierdie hoofstuk dien as basis vir die ondersoek van die navorsingsprobleem. Dit skep die raamwerk waarteen sekularisasie (in Hoofstuk 3) beskou word.

Eerstens sal nagedink word omtrent die funksie van die samelewing as sosiale verskynsel. Daar word ook verwys na die Suid-Afrikaanse konteks wat in besonder betrekking het op die Nederduitse Gereformeerde Kerk.

Voortvloeiend sal ook aandag gegee word aan die funksie van godsdiens in die samelewing. Uit die aard van die studie sal gefokus word op die historie van die Nederduitse Gereformeerde Kerk, aangesien die navorsingsprobleem op dié kerk as sosiaal-religieuse instelling toegespits is.

© University of Pretoria

*Hoofstuk 3: Sekularisasie as samelewingsfenomeen*

In hierdie hoofstuk word aan sekularisasie as samelewingsverskynsel aandag gegee. Die oorsake van sekularisasie sal bespreek word asook die kenmerkende uitwerking van sekularisasie. Daar sal nagedink word oor die uitwerking van sekularisasie binne die kontekste van die Suid-Afrikaanse samelewing en die Nederduitse Gereformeerde Kerk .

*Hoofstuk 4: Empiriese toetsing*

In hierdie hoofstuk word die empiriese navorsing aan die orde gestel. Soos genoem in par. 1.6.4.2 is dit aan te bevele dat die teoretiese basis van die navorsing ook empiries ondersoek word. Hierdie hoofstuk stel die resultate van die opname-navorsing aan die orde. Die interpretasie van die resultate sal aansluit by die doelstelling om te bepaal in watter mate sekularisasie die invloed van godsdienstige handelinge, opvattinge en instellings in die lewe van individue raak. Hierdeur word ’n denkraamwerk daargestel sodat bepaal kan word hoe die opvattings en belewenisse van lidmate, die Nederduitse Gereformeerde Kerk se sosiaal-oorkoepelende funksie beïnvloed. Dit skep ook ’n denkraamwerk om resente verandering, vernuwing en omvorming van die Nederduitse Gereformeerde Kerk te verstaan.

*Hoofstuk 5: Betekenis van die studie vir die resente situasie van die Nederduitse Gereformeerde Kerk*

In hierdie hoofstuk word gepoog om aan die resente konteks en gevolglike situasie van die Nederduitse Gereformeerde Kerk betekenis te verleen op grond van die gegewens uit die vorige hoofstukke. Daar sal ook aandag gegee word aan die uitdagings waarvoor die Nederduitse Gereformeerde Kerk te staan kom.

*Hoofstuk 6: Oorsig oor die studie*

Die laaste hoofstuk is ’n oorsig oor die studie. Daar sal ook kortliks gekyk word na die bydrae en tekortkominge van die studie sowel as aanbevelings vir toekomstige navorsing.

© University of Pretoria

# Hoofstuk 2

# Die samelewing waarvan die Nederduitse Gereformeerde Kerk deel is

## 2.1 INLEIDING

Hierdie hoofstuk dien as basis vir die ondersoek van die navorsingsprobleem. Om die wye vormingsinvloed van sekularisasie te begryp, moet die belangrike sosiale werklikhede waarop dit inwerk ook verstaan word. In hierdie geval is die een werklikheid die menslike samelewing en die ander godsdiens.

Eerstens sal nagedink word omtrent die funksie van die samelewing as sosiale verskynsel. Deurlopend sal verwys word na die Suid-Afrikaanse konteks wat in besonder betrekking het op die Nederduitse Gereformeerde Kerk.

Voortvloeiend sal ook aandag gegee word aan die funksie van godsdiens in die samelewing. Uit die aard van die studie sal gefokus word op die historie van die Nederduitse Gereformeerde Kerk aangesien die navorsingsprobleem op dié kerk as sosiaal-religieuse instelling toegespits is.

Dit skep die raamwerk waarteen sekularisasie (in Hoofstuk 3) beskou word.

## 2.2 DIE FUNKSIE VAN DIE SAMELEWING

Om die karakter van godsdiens as empiriese werklikheid te verstaan, is dit nodig om eers aan die menslike samelewing waarbinne godsdiens funksioneer, aandag te gee.

### 2.2.1 Die samelewing as sosiale konstruksie

Die samelewing as verskynsel is ’n produk van menslike interaksies. Hierdie samelewing het egter op sy beurt ’n deurlopendende, terugwerkende effek op die mens, sodat die mens tegelykertyd ook as ’n produk van die samelewing beskou kan word. Die individu word as persoon binne die samelewing gevorm en die identiteit wat hy bekom en handhaaf, word bepaal deur sosiale prosesse binne die samelewing. Individue van ’n spesifieke samelewing reflekteer die inherente aard van die kollektiewe samelewingsgoedere, soos byvoorbeeld die unieke taal of kultuur daarvan (Berger, 1990:3-4). Die proses van menslike interaksies waardeur die samelewing tot stand kom, is onvermydelik kollektief van aard. Die mate waarin die waardes en oortuigings van die kollektiewe samelewingsgoedere in die lewe van individue geld, hang af van die mate

© University of Pretoria

waarin hierdie goedere vir die individu ’n aanvaarbare lewensrealiteit skep. Die samelewing as objektiewe realiteit voorsien dus ’n relevante lewensruimte vir sy mense om in te woon (Berger, 1990:12,13).
Dit is duidelik dat elke samelewing gebou word op sy eiesoortige, geobjektiveerde betekenisse en begrip van die realiteit. Dit dien as middele waardeur die sosiale orde verstaan en regverdig word - op ’n kognitiewe sowel as ’n normatiewe vlak (Berger, 1990:15). So word ’n geloofwaardigheidstruktuur geskep wat daartoe bydra dat die geobjektiveerde betekenisse en begrip van die realiteit as gegewes beskou word. Vir die voortbestaan van ’n samelewing is dit nodig dat individue ook met hierdie geloofwaardigheidstruktuur identifiseer (Berger, 1990:45).

In die vestiging en handhawing van hierdie geloofwaardigheidstruktuur word die volgende vier prosesse waargeneem wat terselfdertyd boustene is in sosiale konstruksie:

- *Tipifikasie*

  Dit is die proses waardeur individue hulle waarnemings van die realiteit orden en probeer verstaan deur middel van die beskikbare sosiale netwerke van tipifikasie soos die gesin, sosiale verhoudinge, die onderwys ens. Hierdeur word waardes en gedrag geleer (Berger & Luckman, 1966:45-46).
- *Institusionalisering*

  Hierdie proses hou verband moet hoe sosiale instellings ontstaan rondom die netwerke van tipifikasie. Institusionalisering help gemeenskappe en die samelewing om die tipifikasies en die kollektiewe sosiale kennis in stand te hou (Berger & Luckman, 1966:72).
- *Legitimering*

  Hierdie proses het te doen met die legitimiteit of regverdiging wat verleen word aan sosiale instellings en die tipifikasies wat dit verteenwoordig. Dié legitimiteit is die dryfkrag vir sosiale konformering (Berger & Luckman, 1966:110). Dit word in ander terme, soos hierbo, beskryf as die geloofwaardigheidstruktuur wat daartoe bydra dat die waardes en oortuigings van die kollektiewe samelewingsgoedere geobjektiveer word as gegewes.
- *Reïfikasie*

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



> Reïfikasie is die onvermydelike eindproduk van die vorige drie prosesse. Reïfikasie is die konsolidering van die drie prosesse in die lewe van die individu op ’n kognitiewe en ’n normatiewe vlak. Dit het te doen met die internalisering van die sosiaal-gekonstrueerde diskoerse wat noodsaaklik is vir die voortbestaan daarvan in ’n samelewing. Reïfikasie veroorsaak dat mense nie altyd bewus is van hoe die voorgaande prosesse hulle lewensrealiteit skep nie (Berger & Luckman, 1966:106).

Oor tyd kry elke samelewing met die uitdaging te doen om die geobjektiveerde sosiale betekenisse en kollektiewe begrip van die realiteit suksesvol oor te dra na opvolgende geslagte – die geloofwaardigheidstruktuur moet gehandhaaf word. Daarom is die proses van sosialisering, waarin die beginsel van reïfikasie ’n rol speel, noodsaaklik. Die individue van ’n nuwe generasie leer die geobjektiveerde betekenisse van die samelewing, identifiseer daarmee en word daardeur gevorm (Berger, 1990:15,30). Die wyse waarop mense sosiale betekenisse bekom, sluit ook ’n intersubjektiewe proses van akkulturasie in. Hierdie betekenisse en idees se relevansie hang egter af van die omvang van blootstelling wat dit in die publieke sfeer het (May & Perry, 2011:73,86). Indien sosialisering nie slaag nie, word dit moeiliker om hierdie betekenisse kollektief te handhaaf (Berger, 1990:16). Dekker (1997:53,55) beskryf dus die relasie tussen ’n individuele mens en die samelewing as ’n dialektiese relasie. So gesien is die samelewing ’n verweefde produk van menslike handelinge. Binne hierdie opset beklee die individuele mens bepaalde posisies en is hy sodoende opgeneem in ’n netwerk van verhoudings. Daarmee saam bring die eiesoortige kultuur van die samelewing weer sekere verwagtinge omtrent die handelinge van die mense binne daardie samelewing. Of die individuele mens hierby aanpas of nie, dit oefen steeds invloed uit op die denke en handelinge van die individu.

In ’n spesifieke samelewing is ook sosiale instellings wat die aktiwiteite van die mense kollektief volgens die geloofwaardigheidstruktuur se geobjektiveerde betekenisse en begrip van die realiteit struktureer. Waar sosialisering suksesvol is, het hierdie sosiale instellings en die geïnstitusionaliseerde aksies wat daardeur verteenwoordig word ipso facto bestaanreg (Berger, 1990:31). Koopman (2003:9-10) wys op die sfere binne die openbare lewe waar sosiale instellings funksioneer. Daar is die politieke sfeer wat

© University of Pretoria

verband hou met die omvattende staatkundige praktyk van landsregering met direkte implikasies vir die beheer en regulering van die publieke lewe. Dan is daar ook die ekonomiese sfeer wat fokus op die ekonomie, wetenskap en tegnologie. Verder is daar die burgerlike sfeer met instellings soos skole, klubs, kultuurorganisasies en ook religieuse instellings soos kerke. Hierdie instellings is meesal gefokus op die welwese van mense deur hulle lewenskwaliteit te verbeter en die aard van die samelewing te verander.
Wat opmerklik is binne elkeen van die sfere in 'n moderne samelewing is die ruimte vir publieke opinie. Publieke opinie beïnvloed die aard van die samelewing, die grondwaardes van die samelewing, die gemeenskaplike uitdagings en prioriteite van 'n samelewing.

Dit is vir die studie belangrik om in gedagte te hou dat die leefwêrelde van mense deur sosiale prosesse gekonstrueer en in stand gehou word. Hierdie sosiale prosesse bly egter nie oor tyd konstant nie, maar is onderworpe aan verandering.

### 2.2.2 Die veranderlikheid van die samelewing

Hoewel sosialisering 'n belangrike rol speel in die handhawing van die geobjektiveerde betekenisse en begrip van die sosiale realiteit, is hierdie proses empiries nooit afgeslote nie. Aangesien sosialisering op die normatiewe vlak lê, gebeur dit selde dat lede van 'n samelewing op hulle eie teoretiseer oor die geldende geloofwaardigheidstruktuur van 'n spesifieke sosiale realiteit. Dit lei daartoe dat die invloed van die geldende geloofwaardigheidstruktuur vir baie van daardie lede nie so voor-die-hand-liggend is nie. Mense se vermoë om die sosio-kulturele milieu waarvan hulle deel is te analiseer, verskil van mekaar (May & Perry, 2011:105). Dit is die gevolg van reïfikasie wat veroorsaak dat mense nie altyd bewus is van hoe sosiale prosesse hulle lewensrealiteit skep nie (Berger, 1990:31). Gesosialiseerde subjektiwiteit omtrent 'n persoon se eie sosio-kulturele milieu bemoeilik persoonlike nadenke daaromtrent.

Volgens Berger (1990:31) is dit eers wanneer krisisse binne daardie samelewing kollektief of individueel beleef word dat die kollektiewe denke van 'n sosiale realiteit uitgedaag word. Dan begin mense daaroor nadink en daarom moet dit herhaal en

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



herbevestig word deur ’n proses van hersosialisering. Sodoende bly die betekenisse van ’n spesifieke sosiale realiteit vir die lede daarvan verstaanbaar en relevant sodat hulle hulle lewens daarvolgens kan inrig. Gebeur dit nie, kom daar verandering. Daarom word empiries waargeneem dat die samelewing en sy instellings altyd verander, aangesien mense wat daaraan verbonde is se voorvereistes met tyd verander. Hierdie voorvereistes word bepaal deur die tand van die tyd, maar ook deur konflik en teenstrydighede tussen mense binne die samelewing en binne daardie instellings wat in diens van die samelewing funksioneer (Berger, 1990:36-37). In aansluiting hierby is May en Perry (2011:28) se opmerkings ook van waarde: “...when sentiments are at variance with those things taught within the culture we may find open rebellion and adopting or seeking new domain assumptions more consonant with the feelings they have…Such tensions may be expressed in terms of the relations between what is called ‘role reality’ and ‘personal reality’. Role reality is what is expected to be learnt and known…while personal reality relates to the imputations made about the social world separate from the obligations attendant upon systematic thought and evaluation. What may result from this tension is a subjecting of the latter to ‘systematic doubt’…the point being that cultures generate different personal realities and so exhibit differences in the process and product of theory construction.”

In Dekker (1997:57,59) se nadenke omtrent die saak, neem hy as veronderstelling aan dat sosiale verandering konstant plaasvind. Dit word gesien in veranderinge wat oor tyd binne die bestaande struktuur en kultuur van die samelewing plaasvind. Hierdie veranderinge is aan die een kant die resultaat van stuwende kragte wat verandering inisieer en aan die ander kant dié van stabiliserende kragte of prosesse wat weerstand bied teen die verandering. Dit is begryplik dat verandering dus nie altyd vreedsaam is oor die hele samelewing nie. Op kollektiewe vlak kan sosiale konflikte en teenbewegings ontstaan. As die verandering radikaal is, kan ’n toestand van anomie ontstaan omdat die waardes en norme van die stabiliserende kragte hulle invloed verloor. Op individuele vlak kan dit in uiterste gevalle lei tot vervreemding van die groter samelewing. Wanneer mense die uitwerking van radikale verandering wil vermy, skaar hulle hulle gewoonlik by sekere sosiale sfere en instellings waar die sosiale en kulturele verandering stadiger plaasvind.

© University of Pretoria

Om die sosiale wêreld op hierdie wyse te verstaan, bring mee dat transformasie moontlik is wanneer daar ’n groter begrip en toleransie vir verskillende lewenservaringe is. Vir May en Perry (2011:105) word sekere sosiale kondisies nie noodwendig hierdeur opgehef nie, maar word daar eerder ruimte geskep vir refleksie sodat moontlikhede vir alternatiewe vorme van sosiale bestaan na vore kan kom.

Vervolgens word aandag gegee aan die identifiseerbare kollektiewe ‘maniere van dink’ as geldende sosiale konstrukte in die hedendaagse Suid-Afrikaanse samelewing. Daar word ook aandag verleen aan hoe hierdie sosiale konstrukte deur die tand van die tyd verander het of tot nuwe sosiale konstrukte gelei het.

### 2.2.3 Die sosiale konstrukte teenwoordig in die Suid-Afrikaanse samelewing en die veranderlikheid daarvan

In nadenke omtrent die sosiale konstrukte wat in die Suid-Afrikaanse samelewing identifiseerbaar is, is Van der Walt (1999:25-26) se verwysing na drie prominente ‘samelewingsvisies’ bruikbaar. Dit is die ou apartheidskollektivisme, Afrikakommunalisme en Westerse Individualisme. Elkeen van hierdie ‘visies’ verteenwoordig ’n hedendaagse kollektiewe ‘manier van dink’ en hou verband met ’n komplekse proses van tipifikasie, institusionalisering, legitimering en reïfikasie. In kort kan die ‘samelewingsvisies’ as volg beskryf word:

- *Die ou apartheidskollektivisme*

  Volgens hierdie samelewingsvisie kan die mensdom in homogene kategorieë (volke of rasse) ingedeel word wat naas mekaar bestaan. Dit impliseer dat volke en rasse kan funksioneer as insigselfgeslote eenhede met hulle eie samelewingsinstellings soos kerk, onderwys en regering. Die uniekheid van so ’n volks- of rasgroep vind verder uitdrukking in die taal, kultuur, ‘volksiel’ en gemeenskaplike geskiedenis wat die lede onderling met mekaar deel. Om die groep (volk of ras) te verwesenlik, mag dit nie vermeng raak nie. Dit is ook nie ’n geval van vrye assosiasie wat ’n individu deel laat kry aan die groep nie - dit word verkry deur die feit dat die individu in die groep ingebore word. In hierdie visie is die enkeling dus ondergeskik aan die groep en kan die individu alleen ’n sinvolle lewe voer indien hy ’n plek binne die groep het.

- *Afrikakommunalisme*

© University of Pretoria

Soos die voorafgaande, hang menslike identiteit af van die sosiale groep waaraan die individu behoort. Sy gemeenskap met hierdie sosiale groep maak van hom ’n mens. Tradisionele Afrikakommunalisme ken ook nie ’n gedifferensieerde samelewing nie, wat beteken dat een samelewingsverband (vroeër die stam en vandag dikwels die staat) bo ander samelewingsverbande (gesin, ekonomie, universiteit) staan en dit omvat. Dit kan ontaard in gemoderniseerde tribalisme wat beteken dat die hele lewe (religie, ekonomie, onderwys ens.) op ’n gedwonge wyse in een enkele sisteem georganiseer word. So ontstaan totalitarisme waarin ’n elite bevoordeel word en dié wat nie by die sisteem wil inskakel nie, gedwing word om daarby in te val.

- *Westerse Individualisme*

  Om ’n individu te wees, is om ’n mens te wees. Dit is die uitgangspunt van individualisme. In hierdie samelewingsvisie is die samelewing ook belangrik, maar vind die verbintenis langs ’n omweg plaas en nie direk soos in die geval met die kommunalisme nie. Hierdie visie kan egter nooit tot standhoudende gemeenskap lei nie, want deelname aan ’n samelewingsinstelling vind slegs plaas solank die individuele lede dit wil en hulle absolute regte nie aangetas word nie. ’n Persoon kan na willekeur uit sy sosiale verbintenisse en gemeenskap met ander tree, sonder dat sy identiteit as persoon daardeur aangetas word. Besluite van die meerderheid individue word beskou as die mandaat om die groep se aard en funksionering te bepaal. Dit bly dus duidelik - eers die individuele mense en daarna die samelewing. Uiteindelik, meen Van der Walt (1999:26), bied individualisme ook geen waarborg teen totalitarisme nie, want die meerderheid regeer eenvoudig ten spyte van ’n stelsel soos demokrasie.

Om die resente geskiedenis van Suid-Afrika te verstaan, is dit belangrik om te verreken hoe hierdie samelewingsvisies gelei het tot eiesoortige sosiale konstrukte binne die samelewing en sosiale groepe kollektief.

#### *2.2.3.1 Apartheidskollektivisme*

Eerstens word aandag gegee aan die *Apartheidskollektivisme*, aangesien dit ’n geweldige vormingskrag gehad het, en steeds het, in die psige van die Afrikaner van wie die oorgrootte meerderheid lidmate van die NG Kerk is.

© University of Pretoria

Die bewindsaanvaarding van die destydse Nasionale Party onder dr DF Malan op 4 Junie 1948 was ’n hoogtepunt in die konsolidering van die nasionalistiese aspirasies van die Afrikanervolk soos dit tot op daardie tydstip ontwikkel het (Moodie, 1975:2). Die gevolglike apartheidsbeleid waardeur die aspirasies juridies gehandhaaf is, het daartoe gelei dat die Suid-Afrikaanse samelewing in homogene kategorieë (volke of rasse) wat naas mekaar bestaan het, ingedeel is. So kon die uniekheid van die Afrikaner se taal, kultuur en ‘volksiel’ uitgebou word. Dit is aangehelp deur die geslote samelewingsinstellings soos die kerk en onderwys wat binne die grense van die Afrikanervolk as afgeslote en eksklusiewe eenhede gefunksioneer het. Sodoende is kulturele eenheid waardeur die ideale en kulturele waardes van die Afrikanernasie bevorder is, verwesenlik.

Afrikaners het as individue ook nuwe waarde en vrye selfontplooiing verkry in verbondenheid aan die Afrikanervolk. Ironies genoeg is dit juis hierdie nuwe waarde en vrye selfontplooiing wat algaande in die lewe van die opvolgende Afrikanergeslagte veroorsaak het dat baie hulle al minder aan hul geskiedenis begin steur het. Die aansienlike maatskaplike beweeglikheid en ongekende ekonomiese opbloei in die apartheidsjare wat ’n groot Afrikaner-middestand na vore gebring het, was ’n verdere bydraende faktor. Danksy apartheid het baie van die Afrikaners welvarend en meer materialisties geword, terwyl hulle nasionalistiese bewussyn stelselmatig begin kwyn het (Grundlingh, 2001:250). Dít het veroorsaak dat die moderne Afrikaners sterk identifiseer met die beginsels van Westerse Individualisme.

Volgens Wessels (2001:255-256) was die beleid van apartheid ’n poging om ’n utopie vir Afrikaners te skep. Dit was in praktyk egter ten koste van die ander bevolkingsgroepe in Suid-Afrika. Ontwrigting, trauma en vertraging in gemeenskappe se groei het gelei tot bitterheid en haat wat met verloop van tyd aanleiding gegee het tot verset. Daarmee saam het groeiende vervreemding tussen rasse wat tot vandag baie diep strek oor die hele maatskaplike, ekonomiese en geestesterrein, plaasgevind (Wiechers, 1986:16). Die behoud van wit dominansie tydens die apartheidsjare is verkry deur die vermyding van politieke integrasie in ’n unitêre staat. Volgens Groenewald (1986:23) kon ‘natuurlike’ prosesse van sosiaal-kulturele groepvorming nie in hierdie tyd plaasvind nie. Die isolasie van die

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Afrikanervolk het beteken dat dit nie die geleentheid gegun is om hom vrywillig as ’n etniese groep in ’n oop samelewing te handhaaf nie. Die handhawing van die groepidentiteit van die Afrikaner op juridiese wyse het die Afrikaner plaaslik, maar ook in die buiteland in ’n slegte lig gestel omdat rassisme geïnstitusionaliseer is. Daarom het die apartheidsbeleid nie kritiekloos verbygegaan nie. Vir solank dié beleid geïmplimenteer was, was daar ook teenstand daarteen. Kritiek en teenstand teen die apartheidsbeleid het ’n beleg- en laertrekmentaliteit by ’n groot deel van die Afrikanervolk gekweek, veral by diegene wat die apartheidsdiskoers nougeset gehandhaaf het (Wessels, 2001:256).

Uit die bogenoemde blyk hoe die apartheidskollektivisme bygedra het tot sekere sosiale konstrukte in die Suid-Afrikaanse samelewing (en spesifiek dié van die Afrikaner by wie die reïfikasie daarvan deurgrondelik plaasgevind het).

Dit verg min verbeelding om ’n idee te vorm van watter gevolge die sosiale verandering sedert die bewindsaanvaarding van die African National Congress vir die Afrikaners ingehou het, merk Durand (2002:51) tereg op. Schreuder (2002:226) skryf dat 1994 ’n toekomsskok was vir die Afrikaner in die algemeen. Apartheid as samelewingsvisie is as deel van die Afrikaner se lewens- en wêreldbeskouing afgetakel en gediskrediteer. Daarby is die staatsmag hulle ook ontneem. Die aanvaarding van die nuwe grondwet het ook ’n duidelike afstand tussen kerk en staat geplaas (Hofmeyr, 2002:3). Sedertdien het groot veranderinge ook op sedelike en godsdienstige vlak plaasgevind. Verder, volgens Czeglédy (2008:289), het die einde van apartheid en die verandering in die politieke situasie naastenby saamgeloop met ’n kenmerkende fokus op en toename in die materialisme en verbruikersmentaliteit wat reeds by die groot Afrikaner-middestand teenwoordig was. Hierdie situasie word gevoed deur die wêreldwye verskynsel van globalisering wat op vele wyses deelgeword het van die sosiale- en ekonomiese opset van Suid-Afrika sedert die aanbreek van die nuwe politieke bestel.

Die veranderinge hierna in Suid-Afrika het nuwe samelewingsvisies, lewensbeskouings en ideologieë op die voorgrond gestoot.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



*2.2.3.2 Afrikakommunalisme*

*Afrikakommunalisme* het sedert die eerste algemene demokratiese verkiesing in 1994 en die bewindsaanvaarding van die African National Congress as dominante samelewingsvisie of kollektiewe manier van dink na vore getree. Die beweging weg van ’n apartheidsamelewing en van ’n Westers-geörienteerde denksisteem na ’n Afrika-geörienteerde denk- en waardesisteem, is volgens Du Toit (1999:4) ’n multilaterale oorgang met verskillende vlakke, fases en aspekte. Esterhuyse (2001:192) beskryf hierdie transformasie wat in die Suid-Afrikaanse samelewing plaasgevind het, en steeds plaasvind, as van morele en strategiese aard. Die geërfde organisatoriese en ekonomiese manier van doen wat op ras gebaseer is, moes getransformeer word in ’n oop, nie-rassige en nie-seksistiese manier van doen. Dit sluit in:

- “die omvattende transformasie van alle samelewingsektore met die oog daarop om die negatiewe erfenis van apartheid uit te roei en ’n demokratiese, nie-rassige en nie-seksistiese staat en samelewing tot stand te bring”; en
- “die skepping van ’n liberale demokrasie op die basis van ’n grondwet wat voorsien vir ’n meerderheidsregering en wat individuele regte beskerm in ’n handves van menseregte” (Durand, 2002:9).

In die bestek van ’n dekade en meer het die nuwe bedeling ’n eiesoortige historie ontwikkel. Om die effek daarvan te verstaan, kan Du Toit (1999:5) se metafoor van *hoop en wanhoop* aangewend word. Vir dié wat met die veranderinge en die gepaardgaande opkoms van Afrikakommunalisme identifiseer, is die nuwe bedeling ’n simbool van hoop. Vir dié wat nie daarmee identifiseer nie, is dit eerder ’n simbool van wanhoop.

Redes hoekom dit ’n simbool van *hoop* is, is vir Du Toit (1999:6) die volgende:

- Suid-Afrika is nie alleen vir Afrika nie, maar ook die wêreld ’n model vir hoe etniese multiplisiteit en botsende belange hanteer kan word; hoe oorkoepelende en verenigende simbole gevind kan word om etniese multisipliteit te hanteer; hoe die verlede met sy emosies van skuld, lyding en viktimisasie vreedsaam ontknoop kon word (die Waarheids- en Versoeningskommissie [TRC] het hier ’n belangrike

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



rol gespeel); hoe die situasie van agtergeblewenes besondere aandag geniet om wanbalanse te herstel;

- Die relatiewe sterk ekonomiese en tegnologiese posisie van Suid-Afrika bied die strukturele agtergrond waarbinne pan-Afrikaanse ideale bevorder kan word;
- Vir Afrika (waarvan die Nuwe Suid-Afrika deel geag word) skep dit die geleentheid om in 'n voortgaande proses sy identiteit te herontdek en te herdefinieer. Dit is bepalend vir Afrika se verhouding met die Weste (en die Westerse denksisteem wat dikwels gekritiseer word deur Afrika se politieke leiers).

Vir Du Toit (1999:6,8) is die negatiewe uitwerking van die apartheidsdiskoers op die swart bewussyn steeds die rede hoekom die afrekening met die apartheidsverlede van Suid-Afrika en die oorweldigende beklemtoning van Afrika-identiteit steeds hoogs verpolitiseer bly. Die herinnering aan Afrikane se lyding in die apartheidsjare en die daadwerklike pogings om die sosiale én ekonomiese wanbalanse van die verlede te oorkom, speel steeds 'n geweldige belangrike rol vir die regering van die dag ten opsigte van die *hoop*-tema.

Maar, as die teenswoordige maatskaplike situasie van Suid-Afrika verreken moet word, ontstaan die vraag of diegene wat met Afrikakommunalisme as samelewingsvisie identifiseer nog so hoopvol is. Met die ANC se opkoms het sy vorige sosialistiese beleide stelselmatig verander in voorkeur van liberale mensbeskouings en kapitalistiese ekonomiese strategieë. Dit het gelei tot 'n aansienlike skuif in die nuwe swart elite se lewenshouding wat gekenmerk word deur die vermeerdering van persoonlike rykdom en die gebruik van politieke konneksies tot voordeel van ekonomiese mag. So 'n verandering van die elite persona grata - die algemene verskynsel van politikus wat besigheidsman word - het 'n geweldige impak op die Suid-Afrikaanse samelewing as geheel. Dit wek die idee dat kapitalisme die bevryding van 'n moeilike maatskaplike situasie bring. Vir miljoene is hierdie bevryding buite hulle bereik. Die liberale politiek wat daardie bevryding moes bring, het hulle gefaal en daarom is daar 'n toenemende gevoel van wanhoop. Primêr en populêr is die temas van 'n liberale mensbeskouing en kapitalistiese materialisme egter besig om onder die middelklas Swartmense te veralgemeen. Dít het die tema

© University of Pretoria

van hoop geword. Terloops, dit is ook interessant om te sien hoe hierdie ontwikkeling saamloop met die groei van Afrika Pentekostalisme met sy eiesoortige klem op welvaart en praalvertoon. Die groepsolidariteit in Afrika kom onder geweldige druk namate die tema van transformasie al meer in lyn kom met hierdie tipe persoonlike voordeelsoekery en selfaktualisering (Czeglédy, 2008:289,301). Daarom kan die skrywer slegs gedeeltelik met Gaum (2011:64) saamstem dat sekularisering nog nie regtig by swart Afrika-Christene posgevat het nie. Dit is sekerlik so dat die meerderheid swart Afrika-Christene sterk tradisionele elemente in hulle godsdiens vertoon. Daarom is hulle oor die geheel behoudend en selfs fundamentalisties. Die teologieë van Westerse kerke het hier min invloed. Sekularisering, soos dit later beskryf word, het miskien nog nie in die volle sin van die woord by hulle posgevat nie, maar elemente daarvan is sekerlik waarneembaar onder Afrikane, veral die middelklas tot hoë-inkomste groepe.

Die skrywer is van mening dat die belewenis van minderheidsgroepe in ’n konstitusionele en pluralistiese demokrasie, soos dit tans die geval in Suid-Afrika is, ’n barometer vir die sukses van die proses van nuwe sosiale konstruksie in ’n multikulturele situasie is. Hoe beleef bevolkingsgroepe wat nie Afrikakommunalisme as samelewingsvisie omarm nie, die veranderde en steeds veranderende Suid-Afrikaanse samelewing? Vir baie Witmense by wie die apartheidsdiskoers vir baie jare dominant was, lê hoop onder andere in die instandhouding van vorige voorregte, Westerse standaarde, ’n vryemark-ekonomie en wet en orde. Hoewel die oorgang na die nuwe politieke bestel sonder massa-geweld of burgeroorlog plaasgevind het, was daar by baie tog onsekerheid oor wat die verandering ten opsigte van voorregte, bekende standaarde, die ekonomie, waardes en wetstoepassing sou bring. Die rede wat Du Toit (1999:2) vir hierdie onsekerheid aanvoer, is die feit dat die transformasieproses in Suid-Afrika beskryf kan word as revolusionêr eerder as evolusionêr. Dis waarskynlik hoekom baie Witmense meen dat die aanvaarbare vlakke van verandering oorskrei is en emigreer - óf fisies óf geestelik - na ’n binne-wêreld van hulle eie waar hulle geïsoleer voel. Oorgang kom normaalweg deur ’n natuurlike proses van interaksie waardeur nuwe insigte en wedersydse respek verkry word. Hoe minder bedreig mense voel, hoe makliker en spontaner is die verandering.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die verandering van gebruike, houdings en denkraamwerke het in Suid-Afrika egter oor ’n relatief kort tyd plaasgevind. Dit was duidelik dat die *business as usual*-kontinuum vir die Afrikaner iets van die verlede was (Boshoff, 1995:1). Dit is begryplik dat in hierdie konteks van radikale verandering uiteenlopende reaksies sou ontwikkel. Daarom is van die begin af ook teenstand teen die oorgang ondervind. Hoewel baie tyd al verloop het sedert die aanvanklike konstitusionele veranderinge, is daar steeds ’n diepliggende, emosionele uitwerking wat nog lank nie afgesluit is nie. In die gemoed van menige Suid-Afrikaner lê die metafoor van wanhoop.

Om dié reaksies te verstaan, verwys Esterhuyse (2001:190,191,192) na wat bekend staan as *tweede orde-verandering*. Dit het te doen met ’n radikale transformasie-strategie wat diskontinuïteit met enige vorige sisteme of denke tot gevolg het. Die doel is om die struktuur, kultuur en waardes van byvoorbeeld ’n politieke bestel of sosiale instelling so te verander dat daar ’n nuwe instelling, ’n nuwe kultuur en ’n nuwe rigting deur die transformasie voortgebring word. Diegene wat deur die transformasie bevoordeel word, beleef dit as ’n sleutel tot nuutverworwe mag en voorregte. Dit is egter hier waar die onaangenaamheid intree vir diegene wat nie die diskontinuïteit verlang nie.
Dit is te verstane dat *tweede orde-verandering* hand-aan-hand loop met paradigmaskuiwe - dit verander en verskuif verstaanhorisonne, die maniere waarop mense hulle wêreld sien en ervaar. So affekteer *tweede orde-verandering* die maniere waarop en die waardes waarvolgens mense optree. Tradisionele gewoontes en gebruiklikhede word omgekeer. Dit is begryplik dat hierdie tipe transformasie konflik en onsekerhede sal meebring. Dit is veral in die geval van godsdienstige, morele en kulturele waardes dat individue ook die reg wil uitoefen om nie te transformeer nie.

Vir De Klerk en Van Helden (2011:8) is die feit dat ’n hele geslag Witmense die land verlaat het, juis ’n aanduiding dat die land steeds in ’n skokfase is weens die politieke verandering sedert 1994. Die regering se uitgangspunt rakende regstellende aksie, asook talle regeringsuitlatings wat by die wit bevolking vrees en gebrek aan sekuriteit bevorder, tesame met die onvermoë om misdaad te beheer, het emigrasie grootliks bevorder (óf fisies óf geestelik, soos Du Toit dit genoem het). Sosiaal is die Afrikaner

© University of Pretoria

na die periferie verskuif deur hierdie omstandighede. Dié skok dra by tot die gevoel dat daar ’n gebrek aan geloofwaardigheid is, dit bring geloofskrisisse en identiteitsverlies en lei tot negatiwisme.

Voorts is daar die algemene kritiek wat vandag geredelik uitgespreek word. Kwessies soos misdaad, die inbeweeg van miljoene mense uit Afrikalande, die verlaging van standaarde, belewenis van oneffektiwiteit en onbevoegdheid in mediese en ander dienste, korrupsie, die devaluering van die rand, die hoë werkloosheidsyfer en die onsekerheid oor hervorming in onderwys vergesel alles die proses van verandering en is vir die meeste mense kommerwekkend. Hierdie sake sal egter moet aandag kry, aangesien hulle belangrike simptome is van dieperliggende probleme soos armoede, werkloosheid, ongeletterdheid, ’n gebrek aan gemeenskapslewe, ’n gebrek aan waardesisteme en ’n gebrek aan identiteit (Du Toit, 1999:2,3). Die meeste Afrikaners vandag, volgens Grundlingh (2001:254), is nie met veel keuse gelaat as om hulle maar by die nuwe bedeling neer te lê nie. Waarskynlik dra die feit dat die meeste Afrikaners in ’n groot mate dieselfde tipe leefstyl behou het as wat hulle gehad het voor die oorgangsproses begin het, daartoe by dat hulle hulle by die nuwe orde neergelê het.

Dit is egter nie alleen die polities-sosiale samelewingsvisies - apartheidskollektivisme en Afrikakommunalisme - wat die Suid-Afrikaanse samelewing kenmerk nie. Die derde samelewingsvisie, Westerse Individualisme, wat vervolgens bespreek word, stel verdere sosiale konstrukte wat in die Suid-Afrikaanse samelewing herkenbaar is aan die orde.

#### *2.2.3.3 Westerse Individualisme*

In aansluiting by die voorgaande kan De Klerk en Van Helden (2011:10) se mening gevoeg word: Die Afrikaner as Afrika-boorling, maar ook as afstammeling vanuit die ontwikkelde wêreld, ly deesdae as gevolg van hierdie dualisme aan ’n vervreemdingsindroom. Dit gaan met ’n gebrek aan identiteit en selfvertroue gepaard. Die vervreemdingstendens by baie Afrikaners verdiep die toenemende onkunde rakende die Suid-Afrikaanse multi-kulturele werklikheid. Die huidige Suid-

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Afrikaanse werklikheid word op ’n afstand krities beskou, met die gevolg dat die werklikheid nie ’n deurslaggewende rol in dié self-isolerende groep speel nie.

Weens die feit dat daar by die Afrikaner nie ’n identifikasie met die Afrikakommunalisme plaasvind nie, is die skrywer van mening dat die Westerse denkraamwerk (van die ontwikkelde wêreld) wat ongetwyfeld deel vorm van die Afrikaners se grein, ’n groter rol speel in die lewe van hedendaagse Afrikaners. Vroeër is verwys na Grundlingh en Czeglédy wat albei aangedui het dat die meeste Afrikaners (deels as gevolg van die erfenis van apartheid) *welvarend en materialisties* geword het – belangrike werkinge van die Westerse industriële samelewings. Hierdie lewensprioriteite van die Weste het daartoe gelei dat die nodigheid vir ’n soeke na ’n vasgelegde nasionalistiese groepsbewussyn tot ’n vergange era behoort. Die feit dat die kultuur van ’n verenigde Afrikanervolk baie jonk is en dat die tydperk tydens apartheid waarin gepoog is om dit te konsolideer relatief kort was, het daartoe gelei dat die nasionalistiese groepsbewussyn nie genoegsaam gegrondves kon word om onveranderd te kon bly in die aangesig van al die hedendaagse uitdagings nie. Daarby is die teenswoordige Westerse identiteit oop en sluit dit ’n voortgaande proses van heridentifisering in. Dit is hierdie voortgaande proses van heridentifisering wat die Witmense in Suid-Afrika gehelp het om hulleself te *herposisioneer* ten opsigte van die dominante wit identiteit wat deur die apartheidsdiskoers in stand gehou is. Dit kon ook nie anders nie, want die oorgangsproses het tot dusver ou en gevestigde wit denkraamwerke, persepsies, houdings en die onwilligheid om met Afrika te identifiseer, uitgedaag. Daarom het baie wit Suid-Afrikaners die epistemologieë van vroeër ontgroei. Die wyse waarop hulle die nuwe realiteit waarneem, beskryf en daarop reageer, het stelselmatig verander. Dit maak die aanvaarding van ’n multi-kulturele identiteit onder Witmense ook ’n moontlikheid.

Ondanks die baie pragmatiese aanpassings wat reeds deur Witmense gemaak is; ondanks die kenmerkende ontwrigting wat baie Afrikaners in hulle daaglikse lewe steeds ten opsigte van die newe-effekte van die oorgangsproses beleef; ten spyte van baie Afrikaners se swak voorbereiding op die ideologiese uitdagings van die Nuwe Suid-Afrika, is daar tog ’n bereidheid om aan te pas by die kontekstuele en pluralistiese kultuur en by die feit dat waardes, leefstyle, maniere van dink en doen veranderlik is (Grundlingh, 2001:258). Dit bly steeds duidelik dat die voortgaande

© University of Pretoria

transformasieproses ’n radikale herkonstekstualisering van alle kulture in die nuwe omgewing bly stimuleer (Du Toit, 1999:3).

Suid-Afrika was voorheen as gevolg van die apartheidsbeleid vir baie jare geïsoleer, deels ook omdat selfopgelegde isolasie gekies is om sodoende die stelsel van apartheid te kon handhaaf. Met die aanbreek van die Nuwe Suid-Afrika is die bande van isolasie verbreek. Suid-Afrika het deelgeword van die nuwe oop en veranderde internasionale orde-in-wording en daarom het die *internasionalisering* van kennis, tegnologie, kultuur en waardes bepaald ’n invloed op die Suid-Afrikaanse samelewing. Die moderne tegnologie se vermoë om deur massakommunikasie mense in kontak te bring met ander kulture, godsdienste, wêreldbeskouings en waardes speel ’n baie groot rol in hierdie globalisering. Sodoende het *nuwe invloedsisteme* met ’n byna oorweldigende effek deelgeword van die Suid-Afrikaanse samelewing.
Hoewel die Afrikaner volledig met die Westerse kultuur geïdentifiseer het, was hulle in dié jare geïsoleer van die *verskuiwing van paradigmas* (denksisteme) in die Westerse kultuur. In die verband word verwys na die post-moderne denksisteem waarin die idee ontwikkel het dat elke mens ’n selfstandige individu is met sy of haar eie opinies. Dit open die deur vir die opkoms van die wêreldwye *Westerse Individualisme* (Hofmeyr, 2002:12) - die derde samelewingsvisie ook in Suid-Afrika.
Die individu (die self) is die mees wesenlike werklikheid van die postmoderne tydsgees en die fundamentele bousteen van die samelewing. Individue het dus die mag om kollektief die uitkoms van samelewingsverbande en -instellings te bepaal, aangesien dit slegs kolleksies van individue is wat saamgekom het om ’n gemeenskaplike doel te bereik. Dit lei tot die relativering van sosiale instellings se rolle, aangesien samelewingsverbande in die post-moderne era ’n kontraktuele karakter dra en alleen bestaan solank individuele lede dit goed vind (Van der Walt, 1999:27).
Dieselfde ingesteldheid word ook ten opsigte van religieuse sake bespeur. In ’n klimaat van religieuse relativisme kom ook onverskillige ongeërgdheid heel natuurlik voor. Dit maak godsdiens onsaaklik en daarom sal baie dit beleef as net nog ’n ekstra las in hulle vol lewensprogram. In baie gevalle staan mense heel beleef teenoor die godsdiens en kerk, maar tog afsydig omdat hulle geen dieper belangstelling en

© University of Pretoria

meelewing toon nie. Hierdie religieuse onverskilligheid is een van die moeilikste uitdagings waarvoor hierdie hedendaagse samelewingsvisie die kerk van Jesus Christus plaas (Kotze, s.a.:108-109).

As Boshoff (1995:3) meen dit is ’n *pluralistiese en pragmatiese wêreldorde* waaraan die Suid-Afrikaanse samelewing algaande blootgestel word, is hy heeltemal korrek. Wat kenmerkend is van dié orde is dat dít wat werk van groter belang is as beginsels. Daar is volgens Durand (2002:27) weerstand teen die absolutismes (ook in die kerk wat normaalweg werk met die beginsel van vaste waarhede) en daarom is daar ’n nuwe ontwikkeling van groter verdraagsaamheid vir kulturele en godsdienstige pluraliteit wêreldwyd merkbaar. Hierdie pluralisasie help die proses van relativisme verder aan. Deur blootstelling aan ander sienings reflekteer mense op hulle eie tradisies en kom die besef dat die bekende manier van dink en doen nie die enigste is nie (Durand, 2002:30,31). Dit skep die ruimte vir sosiale dekonstruksie. Die proses van dekonstruksie help om te verstaan hoe sosiale realiteit gekonstrueer word. Deur die proses word persoonlike konstrukte en sosiale konstrukte uit mekaar gehaal (Du Toit, 2007:53). So vind ’n bewuswording plaas van die feit dat die mens self ’n aandeel het in die outeurskap van sy eie lewe en die menslike wêreld. Die individu word met sy eie konstrukte gekonfronteer en uitgedaag, aangesien die mag van hierdie konstrukte ook blootgelê word (Middleton & Walsh, 1995:33-34). Indien die individu dít verstaan, kan dit hom vrymaak van beperkende konstrukte. Die einddoel van hierdie reflekterende proses is nie dekonstruksie as sodanig nie, maar eerder rekonstruksie (May & Perry, 2011:80). Daarom word ’n nuwe proses sigbaar waarin individue al meer op die vryheid aandring om beheer oor hulle eie lewe te neem en te bepaal hoe hulle sal deel wees van die samelewing en totale mensdom as ’n holistiese netwerk. As gevolg van die erkenning van die individu se reg tot inligting, kennis en keusemaking is die hedendaagse mens pragmaties. Daar is ook ’n pragmatiese houding jeens strukture. As dit nie vir die individu werk nie, onttrek hy hom aan die struktuur. So word veral outoritêre strukture uit die leefwêreld van mense gesluit.
Dit wat tot hier omtrent die derde samelewingsvisie beskryf is, is die werklikheid waarin die Afrikaner as globale burger ontluik en waarin ’n nuwe identiteit ook ontwikkel (De Klerk & Van Helden, 2011:11).

© University of Pretoria

Durand (2002:58-59) meen dat *Westerse Individualisme* hoofsaaklik ontwikkel onder *tweede-geslag en derde-geslag Afrikaners*. Die tweede-geslag Afrikaners het volgens hom volwassenheid bereik in die laaste stuiptrekkingsfase van die apartheidsbeleid. Hulle is nooit blootgestel aan die direkte nasionalistiese apartheidsindoktrinasie in politiek, onderwys en kerk soos die geslag voor hulle nie, maar is eerder die geslag wat die effek van versnellende globalisering en die gevolg van ’n pluralistiese samelewing en tegnologiese vooruitgang beleef. Die derde-geslag Afrikaners voel hulleself vry van die las van die Afrikanerverlede. In hulle lewe gaan dit om privaatheid, persoonlike geluk, sukses en voorspoed. Daarby is hulle reg as individue belangrik. Of die Suid-Afrikaanse grondwet teokraties of sekulêr is, is onbelangrik. Jackson (2010:1) verwys na twee studies van mnr Jan van der Merwe, doktorale student in antropologie aan die Vrystaatse universiteit, omtrent jong, wit Afrikaners. Wat die studie uitwys, is dat hulle prioritisering van waardes in ’n post-apartheid Suid-Afrika drasties verander het. Ekonomiese welvaart en materiële sukses is die oorheersende prioriteit, nie meer ’n Christelik-nasionale lewensbeskouing nie.

Die hedendaagse tyd word inderdaad gekenmerk deur toenemende individualisasie en detradisionalisasie (May & Perry, 2011:40). Maar Westerse Individualisme is ook onder druk as die invloed van die *verbruikersamelewing*, een van hierdie samelewingsvisie se bekende meelopers, daarby gevoeg word. Conradie (2012:4-5) meen dat hoewel daar talle ooglopende voordele aan die verbruikersamelewing verbonde is, soos verbeterde mediese dienste, vervoer en kommunikasie, stel die geïndustrialiseerde samelewing egter hoë eise aan die mense van daardie samelewing. Daarom neem ons kennis van die akute probleme waarmee mense worstel. Daar is beroepsdruk. Vir sommige het dit ’n deug of selfs ’n teken van produktiwiteit geword om oormoeg en uitgeput te wees, net om die gedagte te smoor dat hulle dalk nie hard genoeg werk nie. Daar is besittingslas en die spanning omtrent die instandhouding van die materiële. Dikwels is daar gevoelens van minderwaardigheid omdat daar ’n oënskynlike onvermoë is om met die kompeterende aard van die kapitalistiese etos by te hou. Daar is ook chroniese onvergenoegdheid, ten spyte van mense se hoë vlakke van verbruik en die feit dat baie van hulle materiële behoeftes bevredig is. Mense is selfs oormatig angstig oor hulle fisieke voorkoms. Die lewenstempo laat mense beleef

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



> dat daar min dinge is wat die moeite werd is om te onthou en wat werklik blywende waarde het. Daar is die gevoel van leegheid en betekenisloosheid. Mense kry met baie dinge te doen, maar kan oor niks nadink nie. Hulle het baie kennisse, maar min vriende. Mense kan nie meer talm nie, maar is altyd kompulsief haastig. Die bestaan in hierdie wêreld is ingewikkeld, daarom is daar ook ingeperkte angs wat met 'n lewe in die geïndustrialiseerde samelewing saamhang. Conradie noem hierdie dinge die simptome van 'n sielkundige vorm van kanker. Dit vervang die goeie selle van liefde, samewerking, gemeenskap en vriendskap.

In afsluiting van die afdeling omtrent die funksie van die samelewing is dit duidelik dat die mens sy menslike realiteit slegs kan verstaan in terme van een of ander sosiale wêreldbeskouing wat allesomvattend en rigtinggewend is. Dit is onmoontlik om oor hierdie realiteit na te dink los van die konsepte, taal en diskoerse waarmee aan daardie realiteit uitdrukking gegee word. Hierdie realiteit is 'n sosiale konstruksie wat 'n sekere lewensperspektief tot gevolg het (Van Jaarsveld, 2001:100). Dit is dus ook die geval met mense se oortuigings, waardes, sosiale gewoontes en gebruike. Die aard van 'n individu se band met 'n sosiale groep en die kollektiewe diskoers daarvan bepaal dus in watter mate die sosiale konstruksie in die lewe van 'n individu dominant is en in watter mate dit die individu se lewe rig. So vind ons wie ons is. Die samelewing is egter in voortdurende verandering. Dit bied dus uitdagings aan kollektiewe sosiale konstruksies of samelewingsvisies waarmee individue identifiseer. Dit skep ook die dinamika vir nuwe sosiale konstruksies om na vore te tree en die aard van 'n bepaalde samelewing te omskep.

Vervolgens word nou gefokus op die funksionering van godsdiens as 'n sosiaal-empiriese realiteit binne die menslike samelewing.

## 2.3 DIE FUNKSIE VAN GODSDIENS

Om die funksie van godsdiens in 'n samelewing te verstaan, is dit nodig om dit vanuit sy sosiale dimensie te beskou. Net soos enige ander sosiale instelling struktureer dit die aktiwiteite van mense kollektief volgens sekere geobjektiveerde betekenisse en kennis (of waarhede - in die geval van godsdiens). Vir Berger (1990:25,33) is godsdiens in

© University of Pretoria

sosiologiese sin ook ’n menslike onderneming – ’n onderneming waardeur nie net ’n sosiale opset nie, maar ook ’n heilige transendente opset wat dien as ’n absoluut beslissende realiteit tot stand gebring word. Daarom, meen hy, het godsdiens die vermoë om sekere betekenisse en waarhede in ’n meerdere mate te bekragtig binne ’n spesifieke sosiale realiteit.

McGuire (1991:3) se opmerking maak dus sin dat godsdiens een van die mees invloedryke kragte in die menslike samelewing is: Dit vorm mense se verhoudinge tot mekaar, beïnvloed gesinne, gemeenskappe en die politiek. Deur godsdiens word die maniere waarop mense hulle lewe inrig, verdiep. Sodoende word stabiliteit gebring (Dekker, 1997:73).

Aandag word nou gegee aan verskillende beskouings van godsdiens as sosiale onderneming.

### 2.3.1 Godsdiens as sosiale konstruksie

Histories het religie ’n onontbeerlike rol gespeel in die regverdiging van sosiaal-gevestigde gedragspatrone en beskouinge, aangesien dit die unieke vermoë het om hierdie menslike verskynsels binne ’n heilige en transendente verwysingsraamwerk te plaas (Berger, 1990:35). Godsdiens bied verklarings en antwoorde en voorsien vorme van aanvaarbare, gepaste gedrag (Johnstone, 1988:11). McGuire (1991:13) bevestig dit deur aan te dui dat godsdiens beslissende betekenis verleen deurdat sake en verskynsels wat vir die mensdom nie kenbaar of beheerbaar is nie, religieus geïnterpreteer word. Dit gebeur veral waar godsdiens met die kultuur en oortuigings van die sosiale sisteem geïntegreer is. In hierdie geval verleen dit ook aan die sosiale godsdienstige instellings en organisasies wat binne dieselfde raamwerk en sosiale sisteem funksioneer, regverdiging en bestaansreg (Berger, 1990:33,36).

Die oortuigings wat binne hierdie verwysingsraamwerk figureer, is nie maar bloot abstrakte idees wat irrelevant vir die alledaagse lewe is nie. Die taal waarin godsdienstige instellings hierdie oortuigings uitdruk, word die taal waarmee ’n gelowige individu ook sy persepsies van die wêreld struktureer. Mense gebruik dit om byvoorbeeld keuses te maak en gebeure te interpreteer. Individue gebruik dit om betekenis en rigting aan hulle

© University of Pretoria

eie aksies te gee (McGuire, 1991:16). Die mate waarin individue met hierdie kollektiewe oortuigings identifiseer en daaraan toegewy is, het 'n direkte impak op die sterkte van die gemeenskap van gelowiges en die sterkte van die betekenissisteem (McGuire, 1991:36). En vice versa, indien daar by die individu 'n deurgronde identifikasie met en toewyding aan hierdie betekenissisteem plaasvind, maak sy deelname aan die godsdienstige instelling dit vir hom moontlik om 'n belewenis van absolute geborgenheid te beleef, kognitief sowel as normatief (Berger, 1990:37). In Dekker (1997:73) se terme kan ons weer eens praat van 'n dialektiese verhouding tussen die samelewing, die individuele mens enersyds en godsdiens andersyds. Godsdiens beïnvloed die ordenende aktiwiteit van die mens, net soos die mens se invloed ook die godsdiens konstrueer.

Maclure en Taylor (2011:72) beskryf godsdiens dus as 'n ontwikkelende sisteem van oortuigings en praktyke wat aanpas by die spesifieke realiteite van elke era waarin dit funksioneer. Dit is hierdie relatiewe vloeibaarheid en buigsaamheid wat historiese godsdienste in staat stel om relevant te bly. Daarom kry godsdienstige mense dit reg om hulle oortuigings aan te pas by die konteks waarin hulle leef en hulle godsdiens beoefen. So beskou, is godsdiens in werklikheid 'n subjektiewe voorkeur tussen baie ander. Godsdiens, sê hulle, kan dus nie beskou word as 'n afgeslote en onveranderlike sisteem nie.

Ten spyte hiervan dra godsdiens egter daartoe by dat die werklikheid van 'n spesifieke sosiaal-gekonstrueerde wêreld waarin mense hulle alledaagse bestaan voer, in stand gehou word (Berger, 1990:42). Daarom het godsdiens as sosiale realiteit, ongeag die tradisie of tipe ekklessiologie, ook 'n geloofwaardigheidstruktuur nodig wat daartoe bydra dat die realiteit wat daardeur verteenwoordig word aanneemlik is vir mense sodat hulle daarmee kan identifiseer. Dit is ook duidelik dat spesifieke geloofsgemeenskappe wat die religieuse realiteit verteenwoordig hierin 'n baie belangrike rol speel. Soos Berger, beklemtoon McGuire (1991:37) ook dat betekenissisteme sosiale basisse nodig het om voort te bestaan. Alle godsdienstige tradisies het spesifieke gemeenskappe van gelowiges nodig om hulle geloofwaardigheid voort te sit. Deur die proses van sosialisering en reïfikasie bly hierdie spesifieke religieuse realiteit vir opvolgende generasies reëel. Hierdie prosesse vind plaas op informele en formele wyses. Vir formele

© University of Pretoria

sosialisering binne die godsdienstige tradisie word 'n opvoedkundige sisteem benodig waardeur die integrale kennis, oortuigings en praktyke oorgedra kan word. Informele sosialisering vind plaas deur die invloed van assosiasie, deelname en modulering (Johnstone, 1988:36-37).

Indien 'n hele samelewing as 'n geloofwaardigheidstruktuur vir 'n spesifieke religieus-geregverdigde realiteit dien, weerspieël byna al die belangrike sosiale prosesse daarbinne hierdie realiteit. Sodoende word sodanige betekenisstrukture van daardie godsdienstige realiteit ook soveel beter in stand gehou (Berger, 1990:46,47). Histories het die meeste godsdienstige- en sosiale lewensbeskouings saamgeval in die gemeenskappe waarin dit gefunksioneer het (McGuire, 1991:37).

Aangesien dít die geval in die geskiedenis was, meen Martin (2005:55) is dit nie eenvoudig om die aard van die godsdienstige kultuur te skei van die politieke kultuur of die intellektuele kultuur nie. Nasionale kultuur en godsdienstige karakter is in baie gevalle nou verweef.

In die geskiedenis van Suid-Afrika vind ons goeie voorbeelde van dit wat in die voorgaande aan die orde gestel is. Hoewel Turner se beskrywing hiervan uit die tagtigerjare van die vorige eeu dateer, gee dit tog 'n aanduiding van hoe 'n spesifieke sosiale wêreld deur godsdiens gekonstrueer kan word en hoe 'n hele samelewing as 'n geloofwaardigheidstruktuur vir 'n spesifieke religieus-geregverdigde realiteit kan dien. As buitestander skryf Turner (1980:3-4) die volgende: "My hosts were for the most part gracious Afrikaners and it was in their homes that I first saw the religious roots of South African life, with the universal prayer before and after meals, the family devotions and church attendance, and the respect for parents. These roots were also to be seen in the number and size, and in some cases the exciting modernity of church buildings, in the size of the church-going community and hence the number of ministers and of students for the ministry. Then one learned of the serious attention given to preaching, its biblical basis, and the earnestness of pastoral visitation, even in the evenings and so to the whole family; and these functions supported by the continuing social status of the dominee and the generous giving of the members, and not least to missions, with the largest denomination showing one of the highest per capita donations to missions to be found anywhere in the world. Examination of the education system supported this impression of

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



being in a most religious country. There is the place given to Christian and biblical education in the schools, and the training for this in the teachers' colleges, as well as the growth of departments of divinity in the universities primarily concerned again with Christian and biblical studies, and of departments of religious studies, all with good student support. Alongside this there are the theological faculties in some seven of the older universities including Fort Hare, and now also in the newer universities for the Coloureds and for Blacks, with special provision for Islamic studies in the Indian university. Some of the student statistics are also impressive: nearly a quarter of the whole student body enrolled in Biblical Studies at the Western Cape University for the Coloureds; only five out of 2 500 students at Fort Hare declaring no religious allegiance. And where else in the world would one find the government taking the initiative in providing a three-year theological college for ministers of the African independent churches at state expense, as happened from 1972-1978 in the Sebokeng college that began near Vereeniging? I am aware that this feeling of being in a very religious country was supported by my contacts being mainly with Afrikaans-speakers, and that the acids of secularism have probably become more evident in the rest of the white community; but it is the former who set the public tone of the country and determine the extent of government support for religion in education. One is further aware that the black community is also strongly religious, whether in traditional or Christian modes, likewise the Coloureds and the Indians with their own varied religious traditions. Perhaps I did not notice the extent of Western secularization, although I was told of some of its dimensions increasingly appearing. I did not "see" that because that is what I am now so used to. What I did see was something new to me in the context of a modern Western society. For instance, I have been so accustomed to sociologists and anthropologists who still reflect the positivist historical origins of their discipline that it was a surprise to meet so many in these departments who are themselves practising Christians or at least sympathetic to and knowledgeable about the Christian faith."

Dit was die tagtigerjare – intussen het die Suid-Afrikaanse situasie ingrypend verander. In paragraaf 2.3.4 word verder omtrent dié veranderinge gehandel.

Wat egter op hierdie punt belangrik is om in gedagte te hou, is dat wanneer 'n spesifieke religieuse realiteit se geloofwaardigheidstruktuur sy kontinuïteit verloor, daardie realiteit

© University of Pretoria

sy vanselfsprekendheid begin verloor (Berger, 1990:48). Dié probleem ontstaan dikwels waar verskillende religieuse sisteme, en hulle onderskeie instellings, hulle in 'n pluralistiese situasie bevind, soos dit ook in Suid-Afrika vandag die geval is. Dit lei tot die totstandkoming en handhawing van sosiaal-religieuse sub-sisteme – elkeen met sy onderskeie gedemonopoliseerde religieuse geloofwaardigheidstruktuur (Berger, 1990:49). Gevolglik gebeur dit dat 'n individu wat aan 'n spesifieke godsdienstige sisteem behoort, hom dissossieer van individue en groepe wat nie die geloofwaardigheidstruktuur van sy religieuse realiteit ondersteun nie. Daarby vind ook 'n meer intense en eksklusiewe assosiasie plaas met diegene wat dit wel ondersteun (Berger, 1990:51-52).

McGuire (1991:38) bevestig ook dat 'n enkele, omvattende wêreld- en lewensbeskouing in pluralistiese samelewings ontbreek. Verskeie betekenissisteme is eerder in kompetisie met mekaar vir aanhangers. Pluralisme opsigself maak die instandhouding van 'n betekenissisteem problematies, aangesien dit die vanselfsprekendheid daarvan ondermyn. In pluralistiese situasies moet 'n religieuse groep homself so organiseer dat dit sy eie geloofwaardigheidstruktuur sal dien, aangesien die samelewing as geheel nie daardie betekenissisteem ondersteun nie.

### 2.3.2 Die dimensies van godsdiens

Tot dusver is dit duidelik dat godsdiens binne twee dimensies funksioneer: 'n individuele vlak sowel as 'n sosiale vlak wat nie van mekaar uitgesluit is nie. 'n Individu gebruik beskikbare sosiale simbole wat op hulle beurt gevestigde kulturele interpretasies is, om aan sy eie subjektiewe ervarings betekenis te verleen. 'n Persoonlike religieuse ervaring is dus gesetel in sosiale omstandighede en verkry betekenis deur sosiale konvensies. Wanneer 'n individu sy religieuse ervarings kommunikeer, gebruik hy dus simbole wat sosiaal vasgelê is (McGuire, 1991:7). Daarom is daar in die Westerse samelewings tradisioneel baie klem gelê op formele en intellektuele geloof sodat individue hierdie oorgedraagte kennis met mekaar kan deel om sodoende gemeenskaplikheid te vestig (McGuire, 1991:15). Dit kan beskryf word as religieuse reïfikasie.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Godsdiens skep dus ’n belangrike band tussen die individu en die groter groep, as gevolg van die basis wat dit skep vir assosiasie. ’n Gemeenskap van gelowiges onderhou ’n betekenissisteem en dra dit oor na ’n individu (McGuire, 1991:27).

Vervolgens word kortliks aandag gegee aan hierdie dimensies van religie.

*2.3.2.1. Die kollektiewe vlak van godsdiens*

Wanneer omtrent die kollektiewe dimensie van godsdiens nagedink word, is die fokus op die georganiseerde godsdienspraktyk. Regdeur die geskiedenis en in elke uithoek van die wêreld neem mense deel aan georganiseerde godsdiens as ’n kollektiewe verskynsel byvoorbeeld, in gemeentes, by seremoniële geleenthede, by gebedsbyeenskomste, op pelgrimstogte en ekumeniese vergaderings (Johnstone, 1988:7). Op hierdie vlak het ons met gemeenskaplike oortuigings te doen waardeur individue in die godsdienstige groep kognitief aan mekaar verbind word. Ons het ook te doen met gedeelde simboliese handelinge (bv rituele) waardeur individue wat daaraan deelneem kollektief uitdrukking gee aan die betekenis van die godsdiens. Dié twee aspekte is met mekaar verweef. Aangesien hierdie aspekte die potensiaal het om spesiale godsdienstige ervarings vir die groep en sy individuele lede te bewerk, kan dit ook die tyd en ruimte wat deur die deelnemende lede gevul word effektief transformeer (McGuire, 1991:17-18). Dit is duidelik dat godsdiens ’n sekere mate van geïnstitusionaliseerdheid moet hê om die samelewing blywend te beïnvloed. Daar moet strukture wees waardeur die waardes en doelwitte van die godsdienstige beweging verwesenlik kan word. Maar, hoewel geïnstitusionaliseerdheid help met die instandhouding van ’n godsdienstige beweging, kan dit ook die stagnasie daarvan meebring. Godsdienstige instellings word dus gekonfronteer met die dilemma van organisatoriese vestiging versus noodsaaklike beweeglikheid en veranderlikheid (McGuire, 1991:152,154).

Dekker (1997:77) bevestig ook dat by die institusionalisering van godsdiens gedeelde godsdienstige ervaringe en handelinge vorm gee aan die struktuur en kultuur van daardie godsdienstige groep. Daarom is samekomste met ander mede-gelowiges nodig, aangesien dit die geleentheid bied om kollektief herinner te word aan wat hulle

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



glo en waardeer. Die godsdienstige groep, formeel of informeel, is belangrik vir die individu se geloof en norme (McGuire, 1991:20). Verder wys Dekker (1997:77) daarop dat godsdienstige institusionalisering plaasvind op drie vlakke: intellektueel, kulties en organisatories. Die intellektuele hou verband met die kognitiewe goedere van die godsdiens; die kultiese met die simboliese inrigting van die godsdiensbeoefening; die organisatoriese met die vestiging van formele strukture en ampte. Op hierdie drie vlakke is daar konstante prosesse van de- en reïnstitusionalisering. Hierdie prosesse word gekenmerk deur spanning omdat die oorspronklike bedoeling van die godsdiens en die vorm wat dit as gevolg van institusionalisering aanneem, verskil.

As ons na die kerk kyk as geïnstitusionaliseerde gestalte van die Christelike godsdiens, sê De Gruchy (1990:219) dat die kerk nie as 'n monolitiese instelling verstaan moet word nie. Inteendeel, dit bestaan uit uiteenlopende denominasies en groepe wat in hulle interpretasie van die Christelikheid van mekaar verskil. Wat lidmaatskap betref, bestaan die kerk uit mense uit 'n wye spektrum van kulturele agtergronde en politieke opinies. Daarom word Christelike groepe dikwels van mekaar geskei deur ander ideologieë wat versterk word deur sosiale persepsies, teologiese tradisies en materiële belange. Hierdie ontwikkeling is die gevolg van 'n historiese proses van institusionele spesialisasie wat volgens McGuire (1991:95-96) verband hou met die volgende: die standardisering van dogmas, die vestiging van godsdienstige ampte en die uitvoering van opsig oor leerstellige suiwerheid wat alles gekonsolideer word in 'n omvattende kerkmodel.

Daar is dus 'n sekere verhouding tussen godsdiens en ander dele van die samelewing. Dit pas iewers binne die totaliteit van die samelewingsgoedere in. Hoe die interne struktuur van godsdienstige groeperinge gevorm word, kan dikwels in verband gebring word met die mate waarin die groter sosiale omgewing die kerk beïnvloed (McGuire, 1991:233). Dit gebeur dikwels dat daar 'n konstitusionele konneksie kan bestaan tussen die Christelike godsdiens se geïnstitusionaliseerde gestalte en ander sosiale instellings en prosesse, byvoorbeeld die staatspolitiek soos dit in Suid-Afrika die geval was. Dan ontwikkel 'n staatskerksituasie wat 'n noue verhouding van

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



ondersteuning tussen die staat en die kerk veronderstel – óf slegs met een kerk, óf met 'n aantal kerke en ander godsdienstige organisasies (Norman, 2003:112).

Omtrent die kollektiewe vlak van die godsdiens sal in par. 2.3.3. verder gehandel word.

*2.3.2.2 Die individuele vlak van godsdiens*

Uit die voorgaande blyk dit dat sosiale groepe (ingeslote sosiaal-religieuse groepe) essensieel is vir die vorming, instandhouding of verandering van die individu se verwysingsraamwerk. So kan dus geredeneer word dat die godsdiens van die groep waaraan 'n individu behoort betekenis gee aan sy lewe in dié sin dat dit aan die individuele persoon oortuigings en perspektiewe verleen om alledaagse belewenisse te interpreteer en evalueer (McGuire, 1991:53).

Wanneer die individuele vlak van godsdiens bestudeer word, word die individu se subjektiewe godsdienstige belewenis en betrokkenheid by godsdiens ondersoek. Hoewel hierdie belewenisse in essensie privaat is, kommunikeer mense dit by wyse van die oortuigings en simbole van die godsdienstige instellings waaraan hulle verbonde is. Individuele godsdienstige ervarings varieer aansienlik in intensiteit, maar die inhoud hang steeds saam met die groep se oortuigings (McGuire, 1991:18-19, 20).

Hierdie vlak van die godsdiens sal ook verder op talle wyses ter sprake kom en bespreek word.

Buiten die dimensies van godsdiens het godsdiens ook sekere sosiale gestaltes. Vir die doeleindes van die studie, word slegs die gestaltes van die Christelike godsdiens bespreek.

**2.3.3 Die sosiale gestalte van godsdiens**

As daar oor godsdiens gepraat word, kan dit nie anders as om na te dink oor die gestalte van godsdiens in die samelewing nie. Godsdiens in die moderne era word gekenmerk deur institusionele spesialisasie. Dit hou verband met hoe godsdiens deur historiese

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



prosesse ’n gespesialiseerde, offisiële model ontwikkel. Kenmerkend is die standarisering van ’n sekere wêreldbeskouing in goed-gedefinieerde dogma; die rol van gespesialiseerde persone met sekere hoedanighede; die toepassing van beheer om gelykvormigheid aan die kerklike dogma en praktyk te handhaaf. Elke geïnstitusionaliseerde godsdiens konsolideer dus op sy kenmerkende manier die relevante oortuigings, waardes en praktyke in ’n koherente model. ’n Goeie voorbeeld is kerk-georiënteerde godsdiens in Westerse samelewings wat ’n prominente sosiale vorm van godsdiens is (McGuire, 1991:95-96).

Dit is byna vanselfsprekend om te sê dat hierdie gespesialiseerde godsdienstige instellings die offisiële model van godsdiens aan die individuele gelowige bemiddel. Die individu se godsdienstigheid pas aan by hierdie offisiële model. Hoewel die offisiële model van godsdiens implikasies het vir die individu se godsdiens, moet ook aanvaar word dat nie alle aspekte van die offisiële model van godsdiens vir die onderskeie individue dieselfde waarde of belangrikheid het nie (McGuire, 1991:98-99).

Hoewel McGuire (1991:143-147) op verskillende gestaltes van godsdienstige instellings wys, word net die volgende belangrik beskou vir die doeleindes van die studie:

- Die eerste gestalte is die *kerklike oriëntasie* wat die skrywer eerder as ’n nominale Christelike oriëntasie sal beskryf. Volgens McGuire (1991:95) is kerk-georiënteerde godsdiens ’n prominente en belangrike sosiale vorm van godsdiens. Kenmerkend hiervan is dat godsdiens aanvaar word as ’n ‘massa’ standaard en dat dit vervleg is met die alledaagse lewe. So verkry die kerk volgens Johnstone (1988:74) ’n algemeenheid sodat die samelewing waarin die kerk bestaan se ‘burgers’ byna gelyk is aan ‘lidmate’ van die kerk. Godsdienstige toewyding is baie algemeen en word in so ’n mate deel van die grein van die samelewing dat verskillende aspekte van die samelewing, soos ander sosiale instellings, dit ondersteun. Daar is ’n kenmerkende oorvleueling van godsdienstige instellings en ander sosiale instellings se verantwoordelikhede. Daar is ook wedersydse ondersteuning van dié instellings onderling.

© University of Pretoria

In hierdie oriëntasie kom byvoorbeeld die sogenaamde burgerlike godsdiens ter sprake. Hiervolgens word geredeneer dat daar ’n godsdienstige vorm bestaan wat kan bydra tot die eenheid van die samelewing, selfs in hoogs gedifferensieerde heterogene samelewings. Hiervoor is ’n stel oortuigings nodig wat verband hou met die verlede, hede en/of toekoms van ’n groep mense (soos ’n nasie) en wat verstaan word in bonatuurlike terme (McGuire, 1991:179). Die politieke struktuur en handelinge wat hieruit voortvloei, kry ’n transendente dimensie omdat dit geag word as middele waardeur God in die samelewing kan handel. Dit verleen ook ’n lewensdoel aan die landsburger wat met die spesifieke politieke struktuur en handelinge identifiseer (Johnstone, 1988:134,135). Burgerlike godsdiens staan in werklikheid in diens van die kohesie van die nasie en word sodoende essensieel ’n algemene vorm van nasionalisme (McGuire, 1991:181).

Die moontlikheid van self-identifikasie en die sterk gevoel van behoort (aan ’n nasionale, godsdienstige of etniese groep) wat hierdeur aangewakker word, bring ’n bewussyn dat daar ’n grens is tussen die lede van die groep en diegene daarbuite. Omdat godsdiens so belangrike rol speel vir groepsidentifikasie en -assosiasie in die samelewing kan dit potensieel skeiding bring. Die grense van hierdie skeiding val dikwels saam met ander grense soos bv. sosiale klas, ras en etnisiteit of politieke verbondenheid. So vind godsdienstige skeiding dikwels sy bronne in die organisering van die samelewing en word dit dan gebruik as ’n manier om ander skeiding uit te druk. So was ’n Afrikaner se lojaliteit aan die NG Kerk in die verlede ook ’n uitdrukking van ander lojaliteite: die wit ras teenoor die swart ras, Afrikaner-etnisiteit teenoor ander etnisiteite, die Afrikaanse taal teenoor bv. die Engelse taal en politiese lojaliteit aan die Nasionale Party (McGuire, 1991:186-187). Hier kan ons weer dink aan Turner se beskrywing, uit die tagtigerjare, van die Suid-Afrikaanse situasie. In hierdie situasie kies die individu nie noodwendig om godsdienstig te wees nie en daarom kan godsdienstige aktiwiteit in hierdie oriëntasie aansienlik of onbeduidend wees.

- Die tweede is die *denominasionele oriëntasie*. Wanneer die kerklike oriëntasie tot kerkwees in ’n samelewing kwyn, is denominasionalisme die gevolg (Johnstone, 1988:75). Een van die sleuteleienskappe hiervan is dat die godsdienstige milieu

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



gekenmerk word deur die differensiasie daarvan in verskillende tipes godsdienstige groeperinge of denominasies.

Dit is ’n algemene praktyk en daarom is ’n denominasie vir die meeste lede daarvan ’n aanvaarbare gestalte van die godsdiens wat daardeur verteenwoordig word. Lidmate se toewyding aan denominasies is ook redelik individualisties. Hulle voel vry om ‘die kerk van hulle keuse’ te kies asook net sekere elemente van daardie godsdienstige uitkyk wat vir hulle aanvaarbaar is. Die sosiale aanvaarbaarheid van denominasionele lidmaatskap tesame met hierdie individualisme, maak dat toewyding aan hierdie vorm van godsdientige oriëntasie dikwels benader word soos meelewing aan enige ander sosiale organisasie. Dit bly ’n saak van persoonlike voorkeur.

Hierdie assosiasie wat ’n persoonlike, individualistiese aangeleentheid is, dra daartoe by dat kerklike denominasies normaalweg taamlik heterogeen is. Daarom word diversiteit binne die groep aangetref. Dit is belangrik om die dinamika van hierdie diversiteit te verstaan, want die interaksie van lede wat hierdie diversiteit verteenwoordig, lei tot belangrike transformasies in die groep as sodanig. McGuire (1991:147) beskryf die situasie waar diversiteit aanleiding gee tot konflikterende beskouings binne ’n sekere groep in terme van die konsep van *ecclesiolae in ecclesia.* Dit beteken: klein kerke binne die kerk. Hierdie groepe bestaan uit lede van die denominasie wat ontevrede is met die geestelike of morele aspekte van die groep en staan ’n ander tipe godsdienstigheid voor, dikwels met die doel om die hele groep te bekeer of te verander.

Volgens McGuire (1991:160-161) wil dit voorkom asof veranderinge in die samelewing ’n groot invloed het op denominasies as godsdienstige oriëntasie. In sommige gevalle vind die sosiale veranderinge en beginsels ook inslag in die godsdiens van die denominasies. In ander gevalle, waar die samelewing nie die oortuigings van die denominasie ondersteun nie, ontwikkel negatiewe spanning en response van fundamentalistiese aard tussen daardie groepe en die samelewing.

Vervolgens word aandag verleen aan hoe sekere religieuse konstrukte wat kenmerkend is van die NG Kerk oor tyd sosiaal en religieus gevorm is. Dit het inslag gevind binne die kollektiewe en individuele vlak van godsdiens en is ook herkenbaar binne die denominasionele en kerklike oriëntasies tot die Christelike godsdiens in Suid-Afrika.

© University of Pretoria

### 2.3.4 Die religieuse konstrukte van die Ned Geref Kerk

Die vraag ontstaan of daar ’n korrelasie is tussen kerkwees en die geldende tydsgees. Kan daar sondermeer aanvaar word dat die tydsgees se sosiale konstrukte wat deur die denksisteme en die voortdurend-veranderende leefwyses van mense verteenwoordig word, ook neerslag vind in die kerk se religieuse konstrukte? Hoewel dit in kerkwees gaan om ewige, onveranderlike waarhede wat as sodanig los staan van en dus bó die tyd verhewe is, word die kerk tog deur die tyd waarin dit bestaan, beïnvloed. Dit bied selfs uitdagings aan die ewige, onveranderlike waarhede van die kerk – waarhede wat dien as die geloofwaardigheidstruktuur van die kerk. Dit was en is ook die geval met die NG Kerk.

Die volgende word deur die skrywer geag as belangrike religieuse konstrukte waarin die invloed van die tydsgees bespeurbaar is, wat deur die loop van die meer onlangse geskiedenis van die kerk ’n rol gespeel het en steeds in ’n mindere of meerdere mate ’n rol speel.

#### *2.3.4.1 Die burgerlike godsdiens as religieuse konstruk*

Met die bespreking van die *kerklike oriëntasie* of nominale Christelike oriëntasie as ’n gestalte van godsdiens in die samelewing, is aangedui dat godsdiens in hierdie geval so deel word van die grein van die samelewing dat verskillende aspekte van die samelewing, soos ander sosiale instellings, dit ondersteun. Die sogenaamde burgerlike godsdiens kan in sodanige situasie as ’n sosiale godsdienstige vorm wat bydra tot die kohesie van ’n nasie ontwikkel. Daarom kan dit in essensie die aspirasies van nasionalisme dien. Dit is begryplik dat hierdie vorm van sosiale godsdiens ’n bruikbare instrument was in die konsolidering van die Afrikaner se nasionalistiese aspirasies voor en tydens die apartheidsjare.

Durand (2002:40) bevestig dat in hierdie jare die Afrikaner ’n burgerlike godsdiens bedryf het wat die godsdienstige dimensie van ’n politieke gemeenskap verteenwoordig het. Transendente legitimiteit is gegee aan die uitvoering van mag en gesag en die ordening van sosiale strukture. Daarom is dit heel begryplik dat die kerk toegetree het tot die saak van die Afrikaner veral in situasies waar die behoud van die

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Afrikaner bedreig was. Op hierdie wyse het die kenmerkende versmelting tussen volk en kerk onder die Afrikaners ontstaan – beskryf in die term *volkskerk* (Jonker, 1998:26). Histories word hierdie versmelting en die ontwikkeling van die burgerlike godsdiens van die Afrikaner toegeskryf aan die volgende:

- Volgens Olivier (2002:158) is die *tydperk na die Tweede Vryheidsoorlog* van 1899-1902 van belang om die ontwikkeling van die versmelting tussen kerk en volk te verstaan. Die Afrikanervolk se situasie na die oorlog het die kerk se simpatie opgeroep wat daartoe bygedra het dat die NG Kerk ’n kerk-vir-die-volk sou word. Dit het dan ook konkreet gestalte gekry in die kerk se sorg aan verarmde Afrikaners na die oorlog (Durand, 2002:39). Hoe nader die kerk egter aan die Afrikaner gestaan het, hoe meer was die kerk blootgestel aan die politiek en ideologie van die dag wat alles verband gehou het met die opbloei van die Afrikaner se nasionale bewussyn. Die kerk is op hierdie wyse betrek by volkspolitiek en talle predikante (o.a. dr DF Malan) wat die politiek betree het, was van die belangrikste leiers wat tot die artikulasie en verbreiding van die burgerlike godsdiens bygedra het (Moodie 1975:72).
- Verder bied die onverbreekbare verband tussen die geskiedenis van *die Afrikaner en die Calvinistiese godsdiens* ’n moontlikheid om die versmelting tussen volk en kerk te verstaan. Volgens Moodie (1975:24) beklemtoon Calvinisme as ’n geloofsisteem *kollektiewe individualisme*. Die teologiese essensie is dat die gelowige individu vrywillig tot ’n Christelike gemeenskap behoort waarin hy onderdanig is aan die beheer daarvan. Wat verder sterk beklemtoon word, is die Christelike gemeenskap en die belangrikheid van ’n sosiale band waar gelowiges hulle kollektief ook onderhorig maak aan ’n aardse outoriteit, aangesien dit immers aan God ondergeskik is (Moodie, 1975:24). Hierdie Calvinistiese verstaan van die werklikheid vind noue aansluiting by ’n ander verstaan van die werklikheid - die *Corpus Christianum*. Kinghorn (1986a:48) gebruik dié term in verband met die ontwikkeling van die Afrikaner se band tussen volk en religie. Die begrip hou verband met ’n opvatting waarvolgens die band tussen die Christelike geloof en die sosiale ordening verstaan word. Die kerk en die staat is twee middele waardeur Christus sy regering kan handhaaf. Die staat handhaaf gesag in sekulêre sake en die kerk dié in geestelike sake. Die kerk het dan ook die

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



profetiese taak om die staat te lei omtrent die inrigting van die maatskaplike lewe volgens Christelike beginsels. Dit gaan in die *Corpus Christianum* dus om ’n eenheidskultuur met twee fasette. Tussen die pole van kerk en staat bevind die individu homself in ’n lewe wat ten diepste godsdienstig is. Dit is via Nederland dat hierdie lewens- en ordeningsbegrip verweef sou raak met die Afrikaner se selfverstaan (Kinghorn, 1986a:51). Volgens Moodie (1975:54) het Kuyper (die bekende Nederlandse teoloog van die Vrye Universiteit van Amsterdam) geargumenteer dat Calvinisme die kerk en die wêreld in dieselfde mate onder die heerskappy van God plaas. Die staat is die institusionele vergestalting van God se heerskappy wat orde moet handhaaf. Dit is teen hierdie agtergrond dat Kuyper van *die Christelike staat* gepraat het (Gaum, 1981:27). ’n Staat kan só genoem word as die wetgewing en regspleging deur die “Christelike gees” gestempel is en dit die toets aan die beginsels van God se Woord kan deurstaan. Die idees van Abraham Kuyper het ’n geslag na-oorlogse leraars en professore uit Suid-Afrika wat hulle nagraadse opleiding in Nederland ontvang het, sterk beïnvloed (Olivier, 2002:159). Hierdie Calvinistiese verstaan van die werklikheid het ’n geweldige invloed op die selfverstaan van die Afrikaner gehad. Die Afrikaner se geskiedenis is dus ook deur ’n religieuse bril beskou. Afrikanernasionalisme het ’n godsdienstige dimensie. Die ontwikkeling van die volkskerksituasie in die NG Kerk was ’n spontane proses wat dus deur die burgerlike godsdiens van die Afrikaner aangebring is (Moodie, 1975:248). Die gemiddelde Afrikaner het die verstaan van hierdie werklikheid konseptueel en emotief ook doodeenvoudig as ’n gegewe aanvaar (Moodie, 1975:16). Dit is duidelik dat die *kerklike oriëntasie* as sosiale gestalte van die godsdiens in hierdie tyd ’n baie belangrike invloed gehad het.

Die invloed van hierdie teologiese ontwikkelings en sienings sou kulmineer in die apartheidsdiskoers en die religieuse fundering daarvan deur die NG Kerk. Dit sou die deur oopmaak vir die ontwikkeling van die apartheidsteologie.

Hoewel die moderne Afrikaners dalk nie meer die idees van die burgerlike godsdiens nougeset handhaaf nie, maar eerder nou grootliks deur kulturele transformasie en verskuiwings in geldende denksisteme beïnvloed word, meen die skrywer het iets van

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



die burgerlike godsdiens se kollektiviserende kyk na die mensdom oorgebly en word dit steeds gebruik as kriterium om samelewingstendense asook sosiale en politiese gebeurlikhede te beoordeel. Daarom behoort die volgende konstruk ook verreken te word.

#### *2.3.4.2 Die apartheidsteologie as religieuse konstruk*

Mense se persepsies van hulle sosiale situasie word gevorm deur hoe hulle betekenissisteem daardie realiteit definieer. Sekere betekenissisteme moedig sekere tipes verhoudinge wat die individu tot die samelewing handhaaf, aan (McGuire, 1991:231,232). Vervolgens word die apartheidsteologie as religieuse konstruk beskou, maar ook hoe dit as betekenissisteem bydra tot ’n sekere tipe verhouding van die individu tot die hedendaagse samelewing.

Volgens Rossouw (2001:99-100) het die teologie van apartheid wat aanvanklik ontstaan het verband gehou met die herstel van die Afrikaners se kulturele identiteit na die Tweede Vryheidsoorlog. Hierdie pastorale karakter is stadigaan vervang deur ’n nuwe vorm van apartheidsteologie wat te doen gehad het met die verstaan van die Afrikaner en sy rasseverhoudinge (Kinghorn, 1986b:117). Teen die 1970’s, het dit gelei tot die dokument, *Ras, volk en nasie en Volkereverhoudinge in die lig van die Skrif,* wat in Oktober 1974 deur die Algemene Sinode van die NG Kerk aanvaar is. Dit het vir die beleidmakers in die regering en die kerk iets in die hand gegee waarmee die beleid van apartheid geregverdig is. Belangrik hierin was sekerlik die aanvaarding van die teologie van volksveelvormigheid en die klem op die aanvaarding van volkerevariasie as God se wil “met die oog op die bevordering van die Godsryk” (Ras, volk en nasie, 1975:43-44). Verder is ook beklemtoon dat die kerk nie afsydig moet staan teenoor die volk nie, want die kerk vind midde in die volk sy bestaansruimte. Sodoende dien kerk sowel as volk die koninkryk (Ras, volk en nasie, 1975:44). Dat apartheid teologies per implikasie dus beskou is as ’n godgegewe beginsel het aan die Witmense se selfafsondering regverdiging gebied – ’n regverdiging wat haas onuitroeibaar was (Durand, 2002:29).

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die publikasie *Die verhaal van die Ned Geref Kerk se reis met apartheid* is geskryf as getuienis van die NG Kerk oor sy rol in die apartheidsera. Dit is ’n kroniek wat deur die Dagbestuur van die Algemene Sinodale Kommissie in 1997 uitgegee is. Dr FM Gaum, skriba van die ASK, is die skrywer van die kroniek. In die publikasie dui Gaum (1997:72) - met verwysing na *Kerk en samelewing 1990* - aan, dat die NG Kerk tot die insig gekom het dat die kerk nie politieke modelle aan die owerheid mag voorskryf nie. Die kerk moet eerder kragtens sy profetiese funksie elke bestaande en voorgestelde politieke model aan die Bybelse beginsels en norme toets. Hierdie insig het nie oornag gekom nie - dit was die gevolg van jarelange worsteling oor die saak. Terugskouend kan gesê word dat daar goeie bedoeling was by diegene wat apartheid of afsonderlike ontwikkeling Bybels wou fundeer, sowel as by diegene wat dit as ’n praktiese oplossing vir ’n komplekse situasie beskou het. Die wisselwerking wat tussen kerk en staat bestaan het, het egter daartoe gelei dat die kerk nie altyd ’n aanvaarbare afstand ten opsigte van die owerheid gehandhaaf het nie. Die probleem met die NG Kerk was dat die kerk vir baie jare slegs teoreties na die reëling van rasseverhoudinge gekyk het en nie erns daarmee gemaak het om vas te stel of die beleid van apartheid in die praktyk enigsins aan die Christelike norme van liefde en regverdigheid voldoen nie (Gaum, 1997:73). Daar het ’n diepe en geregverdigde vereenselwiging met die lot van die mense vir wie die NG Kerk in die eerste instansie bedien het, die Afrikaners, ontstaan. Daarom het die teologiese idees van die burgerlike godsdiens en die politieke apartheidswaardes en -kultuur oor jare diep gewortel geraak in die Afrikaner se psige.
De Villiers (1986:152) meen dat die NG Kerk, as gevolg van hierdie toedrag van sake, ’n pseudo-religieuse ideologie wat in stryd is met die evangelie van Jesus Christus bedryf het. Die kerk het homself op ’n partikularistiese wyse by die Afrikanervolk aangepas, pleks van andersom - dat die volk hom by die kerk en die Woord aanpas. Volgens Kinghorn (1986c:192) was die gevolg dat die NG Kerk ’n struktuur ontwikkel het wat geen intieme en alledaagse Christelike gemeenskap oor die kleurgrens heen meegebring het nie.

Volgens Jonker (1998:185) was dit uiteindelik nie-teologiese faktore, soos rassegevoel en nasionalisme wat bygedra het tot die vestiging van die apartheidsidees

© University of Pretoria

en -teologie. De Villiers (1986:15) se opmerking dat dit mense se vooroordele is wat verhef is tot norm vir die organisasie van die kerk, dien hier as bevestiging. Die volkskerkkarakter van die NG Kerk wat daarmee saam ontwikkel het, was nie daarop ingestel om betekenisvolle kontak tussen gelowiges van verskillende bevolkings- en kultuurgroepe aan te moedig nie. Inteendeel, dit het tot die versplintering van die kerk in volkskerke wat sonder gemeenskap naas mekaar bestaan, gelei (Jonker, 1998:185). So was dit vir baie jare die geval met die NG Kerkfamilie. Dit het veroorsaak dat die meeste lidmate voeling verloor het met wat werklik in Suid-Afrika aan die gang was. Dit het ook daartoe bygedra dat daar gebrekkige solidariteit met die slagoffers van apartheid was. Daarby was daar ook ’n onverdraagsaamheid teenoor kritici van apartheid (De Villiers, 1986:155).

Met die aanbreek van die Nuwe Suid-Afrika het die apartheidsbeleid tot ’n einde gekom. Die geïnternaliseerde apartheidswaardes en –kultuur het onder geweldige druk gekom – sosiaal sowel as in die psige van menige Afrikaner. Ook vir die NG Kerk was dit nie ’n eenvoudige saak om teologies af te sien van die regverdiging van die beleid nie. Dit blyk reeds by die Algemene Sinode van die NG Kerk van 1990. Van der Merwe (2002:103) dui aan dat dié sinode egter heelwat helderder as voorheen standpunt ingeneem het teen apartheid. Die volgende aanhaling gee ’n aanduiding van wat die heersende idees omtrent apartheid op daardie tydstip was: “In die beoordeling van apartheid staan die kerk voor sterk emosiebelaaide verskille. Terwyl ’n deel van die blanke bevolking dit sien as ’n regverdige weg om die identiteit en die beste belange van die verskillende bevolkingsgroepe in die land te beveilig, sien ander dit as ’n rassistiese en onderdrukkende stelsel wat die belange van die blanke minderheid ten koste van die meerderheid van die bevolking beskerm en bevorder.” (Van der Merwe, 2002:103-104). Tydens die bespreking van die hersiene *Kerk en samelewing* as getuienis van die NG Kerk word amendemente goedgekeur, o.a: “Die Ned Geref Kerk erken...dat hy te lank die beleid van apartheid...te abstrak en teoreties, en daarom ook te onkrities beoordeel het. Die Ned Geref Kerk het nie genoegsaam oog daarvoor gehad dat apartheid as stelsel...’n ideologiese en etnosentriese basis gekry het nie.” (Handelinge van die Algemene Sinode, 1990:597).

© University of Pretoria

In hierdie verband werp Esterhuyse (2001:187-188) se opmerkings ’n lig: Apartheid het vir die meeste van sy aanhangers ’n geslote wêreldbeeld en beperkte uitkyk op die lewe daargestel. Die sanksionering daarvan deur die Afrikaanse kerke (NG Kerk ingesluit) het hierdie wêreldbeeld deur religie omgewe. Apartheid het op die Suid-Afrikaanse politieke sisteem se waardes, struktuur en kultuur ’n merk gelaat. Dit is soos McGuire (1991:234-235) opmerk: “In societies where religion is closely linked by formal or informal ties with the state, religious movements are especially likely to have political significance. Similarly, in situations where religion is closely linked with the stratification system, religious movements are likely to be expressions of socio-economic dissatisfaction.”
Apartheid kon dus nie bloot net ‘afgeskaf’ word nie - hoewel dit institusioneel gedoen is. Dit kan alleen finaal ‘afgeskaf’ word deur die transformasie van die strukture, kultuur en waardes wat daaruit gegroei het, in so ’n mate dat ’n nuwe dispensasie met ’n nuwe kultuur, struktuur en waardes institusioneel gevestig word. Suid-Afrika het lank alreeds met die proses van institusionele transformasie begin. Almal kan daarvan getuig dat dit ’n lang en moeilike proses is, veral juis omdat baie van die ou politieke waardes en -kultuur diep in mense se psiges vasgelê is. Om te transformeer na die nuwes is nie ’n eenvoudige saak nie. (Verwys na par. 2.3.5 in dié verband.)
Volgens Naude (2004:44) het die aflegging van apartheid as ’n teologie die Afrikaner met ’n groot vakuum en verlies aan rigting gelaat. ’n Sekere interpretasie van die Bybel wat as oorkoepelende en omvattende beskouing van die Afrikaner gedien het, het ineengestort. Mense is onseker of jy nog “Afrikaner” is en of dié sosiale etiket nog bruikbaar is. Ook die NG Kerk wat basies nog *volkskerk* was, het voor geweldige uidaging te staan gekom.

Die voorafgaande word in die volgende lesersbrief in die Kerkbode van 10 Februarie 2006 bevestig. Onder die opskrif *Kerk moet onbeskaamd plek vir Afrikaners wees,* word geskryf: “Die Afrikanervolk, en daarmee saam die meeste NG lidmate, sit met ’n yslike skuldkompleks oor apartheid. In plaas daarvan om sy kudde in moeilike omstandighede te beskerm, het die NG Kerk deelgeneem aan die proses wat op die huidige ongelukkige toestand uitgeloop het”. Hiermee verwys die persoon eerstens na die skuldbelydenis van die NG Kerk oor sy aandeel aan apartheid en tweedens na die

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



prosesse wat gelei het tot die Nuwe Suid-Afrika. Oor die afwysing van apartheid word verder geskryf: "Daar is nie één ordereël op aarde...wat eenparig of probleemloos toegepas word nie...Om 'n ad-hoc oplossing vir huishoudelike probleme...voor die wêreld te kriminaliseer en tot sonde teen die mensdom te verklaar is nie net ongehoord nie, maar veral akademies-misplaas. In plaas daarvan dat die kerk sy mense in oomblikke van nood bygestaan het en probleme probeer ontlont het, het hy hulle met één besluit burgerlik-polities ontmagtig. Lidmate kom in opstand teen hierdie soort leiding en wys dit op verskillende maniere af. Lidmate kry die spesmaas dat daar rondom die dramatiese besluite van die Algemene Sinode 'n politieke toutrekkery was en dat skuldigbevinding die maklikste en sekerste manier sou wees om wittes tydens die oorgang te neutraliseer. Indien iets hiervan waar is, het die kerk inderdaad baie te bely". Wat die skrywer van die brief wil aandui, is dat daar binne die NG Kerk lidmate is wie se vertroue in die kerk geskend is deur apartheid as samelewingsvisie en die teologie daarvan af te wys. Die gevoel is dat die NG Kerk sy lidmate burgerlik-polities versaak het. Die brief handel dan verder oor wat die NG Kerk te doen staan om die groeiende vertrouenskrisis te hanteer: "Die NG Kerk moet eers vergeet van strukturele eenheid met die Verenigende Gereformeerde Kerk...Die NG Kerk moet luister na lidmate, gemeentes, ringe...Die NG Kerk moenie skaam wees om primêr 'n kerk vir Afrikaners te wees nie. Dit is nie sondig om 'n kerk vir 'n bepaalde bevolkingsgroep of kultuurgroep te wees nie". Ten slotte word geskryf: "Getraumatiseerde Afrikaners en NG lidmate is vandag in 'n onbenydenswaardige posisie. Die NG Kerk kan nog iets daaraan doen..." (Anon, 2006:15).

Na die skrywer se mening verwoord hierdie bogenoemde brief 'n gevoel wat op 'n algemene vlak lê. Daar kan oor die korrektheid van die menings gedebatteer word, maar dit sal nie die reëele ervarings van mense kan negeer nie. Vir die skrywer is die erfenis van die burgerlike godsdiens hier sprekend en is dit duidelik dat dit nie sondermeer ten einde gekom het toe die NG Kerk die apartheidsideologie en -teologie as 'sonde' verklaar het nie. Dit het nie die diepgewortelde verstaanshorisonne van mense individueel en kollektief uitgewis nie.

© University of Pretoria

Die NG Kerk het geleer wat dit inhou om ’n spesifieke politieke model teologies te ondersteun. Dis onwaarskynlik dat die kerk weer in so ’n situasie sal beland. Maar soos dit aangedui is, beteken dit nie dat die teologiese idees van die burgerlike godsdiens en politieke apartheidswaardes en -kultuur in mense se psiges afgeskaf is nie. Dit is ’n geweldige uitdaging vir die NG Kerk om sy lidmate steeds te begelei om daarvan weg te beweeg. Die nuwe kulturele situasie vereis ’n nuwe manier van dink en interaksie waardeur die NG Kerk (en sy lidmate) se geloofwaardigheid by die res van die samelewing gewaarborg kan word.

#### *2.3.4.3 Gereformeerdheid as religieuse konstruk*

’n Belangrike deel van die besinning omtrent die religieuse konstrukte van die NG Kerk het te doen met die gereformeerde identiteit daarvan.

In Burger (2001:48) se nadenke oor die kern van gereformeerdheid, verwys hy na Brian Gerrish wat meen dat om die gereformeerde tradisie as ’n beweging beter te verstaan, die sentrale religieuse motiewe agter die beweging, eerder as die sentrale dogmas van die tradisie ondersoek moet word. Vir die skrywer is ’n nadenke oor hierdie motiewe vir die NG Kerk ook belangrik, want dit het te doen met oortuigings, strewes en doelstellings wat vormend op die kerk inwerk. Burger (2001:51-52) wys die religieuse motiewe wat die gereformeerde tradisie in beweging gebring het, aan. Vir die skrywer is die volgende drie belangrik:

- *’n Lewe voor die aangesig van God (Coram Deo):*
  Die Reformasie moet nie in die eerste plek as ’n akademiese of teologiese beweging verstaan word nie, want in sy kern was dit ’n kerkhervormingsbeweging wat God weer sentraal wou stel in die kerk. Die Reformasie se soeke na God het ontwikkel uit ’n diepe behoefte aan sekerheid, vastigheid en vertroosting. Hoewel daar vandag baie mense is wat ’n misnoeë met die institusionele kerk het, is dit ook waar dat die hedendaagse mens ’n diep, ongeneeslike behoefte aan transendensie het (Burger, 2001:58). “Die moderne mens soek God en sy vergifnis. Hulle is voos geslaan deur ’n ongenaakbare wêreld en ongelukkig deel die kerk ook nog baie slae uit.” (Nel, 2003:135). Vir Burger (2001:61) is die skerp negatiwiteit van moderne mense teenoor die kerk

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



iets wat positief kan bydra tot ’n suiweringsproses om die kerk skoon te maak van kerkgerigtheid.

- *Gebonde aan die Woord:*

Die belangrikheid van die lewende, drie-enige God wat tot die mensdom deur sy Woord spreek, het ’n baie sterk rol gespeel in die begin van die gereformeerde tradisie. Vandag egter beleef die hedendaagse mens ’n paradoks in sy denke oor die Bybel. Aan die een kant word gestel dat die Bybel die Woord van God is, maar aan die ander kant word die mens die vryheid veroorloof om dit krities te lees soos enige ander boek (Hofmeyr, 2002:46). Hoewel daar vandag die vryheid is om uitsprake oor sekerhede en onsekerhede uit te spreek, is die reformatoriese motief om die Woord as gesagvol vir die lewe te aanvaar steeds vir die voortbestaan (en identiteit) van die kerk (ook die NG Kerk) van kardinale belang. As dit gaan oor die sake van die geloof, dan speel die Bybel vir die NG Kerk steeds ’n absolute sentrale rol. Daarom kan daar ook min twyfel wees dat die klassieke belydenis van die kerk oor die God van die Bybel - Vader, Seun en Gees - die kern van die kerk se geloof is. “Mense kan nie oor Christus dink en sê wat hulle wil nie. Wat ons saambind, is die feit dat ons Christene is, mense wat glo in die Christus van die Skrifte.” (Burger, 2005:7).

Gaum (2002:196) meen dat daar in die NG Kerk ’n nadenke is oor wat gereformeerdheid behels en daarmee saam vrae oor die Skrif en Skrifgesag. By die Algemene Sinode van 2004 erken die Sinode dat daar ingrypende meningsverskil in die NG Kerk bestaan oor die gesag, inhoud en verstaan van die gereformeerde belydenis en spiritualiteit (Handelinge van die Algemene Sinode, 2004:433). Daar word by dié sinode onder andere verklaar: Die Bybel is die Woord van God en het daarom gesag oor ons hele lewe; dit is betroubaar omdat God Homself daarin bekend maak; dit is duidelik en voldoende omdat dit ons alles leer wat ons hoef te weet om in God te glo en om sy wil te gehoorsaam. Die noodsaaklikheid van verantwoordelike Skrifuitleg word erken asook die relevansie van die Woord vir die hedendaagse, uitdagende tye, omdat God steeds sy kerk daardeur in die waarheid sal lei (Handelinge van die Algemene Sinode, 2004:434-435). Die volledige verklaring omtrent die Skrif en Skrifgesag is steeds ingesluit onder die tema *Die Belydenis en orde van die kerk* onder die afdeling

© University of Pretoria

*Funksionele besluite en Riglyne* van Die Kerkorde van die Nederduitse Gereformeerde Kerk 2012. Hieruit blyk hoe belangrik dit vir die NG Kerk is om goeie skrifinterpretasie toe te pas as uitdrukking van sy gebondenheid aan die Skrif.

- *Gerig op die lewe*:

  ’n Sterk punt in die gereformeerde tradisie is die oortuiging dat God nie die kerk wegvoer uit die wêreld nie, maar juis daarop rig. Die kerk word soms daarvan beskuldig dat dit nie altyd die kompleksiteit van die lewe verstaan nie. Die kerk moet erken dat dit in die verlede slegte foute gemaak het omdat dit nie altyd weldeurdag opgetree het nie. Vir Burger (2001:97-98) het die hoofstroom van die Reformasie geoordeel dat gereelde en verantwoordelike nadenke oor God en oor die lewe ’n redelike belangrike geloofsdissipline is. Dit behoort dus een van die gereformeerde tradisie se sterkpunte te wees om op ’n dieptevlak na te dink oor die wêreld en dit te probeer verstaan. Interessant genoeg word daar gesê dat een van die redes waarom gereformeerde kerke tans ’n moeilike tyd beleef, juis daarmee saamhang dat hulle die komplekse wêreld probeer verstaan. Hierdie ingesteldheid val saam met die beweging in die teologie om die historiese en teenswoordige bewussyn te verreken. Daarom waag Burger dit om te postuleer dat dit juis gereformeerdes is wat die kerk van Christus gaan help om in die nuwe era weer ’n sosiale teorie daar te stel waarmee die kerk kan werk.

  Met die voorafgaande in gedagte, behoort Hofmeyr (2002:50) se opmerking dat die uitdaging van die kerk vir die nuwe millennium sal wees om sy gereformeerde karakter ten volle uit te leef, ter harte geneem te word. Jonker (1998:220) meen dit sal tragies wees as die NG Kerk in die huidige situasie aan haar gereformeerde karakter ontrou word en haar in ’n wêreldvreemde entoesiastiese en individualistiese vroomheid terug sou trek. Die kerk se eie gereformeerde motiewe, soos hierbo bespreek, kan haar hiervan weerhou.

As die kerk relevant wil wees, behoort dit ook duidelikheid te hê omtrent sy identiteit waardeur die kerk gerig kan word. Diversiteit kan positief aangewend word in die lewe van die kerk, maar sonder ’n duidelike identiteit waaraan die diversiteit georiënteer kan word, kan dit eerder verwarrend en verdelend wees

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



(Burger, 2005:7). Burger (2001:17) formuleer dit soos volg: "Sonder 'n lewendige en diepgaande gesprek oor ons gereformeerde erfenis, gaan ons nie goeie vernuwing in die NG Kerk kry nie." Hierdie noodsaaklikheid het die NG Kerk al by die Algemene Sinode van 2004 erken toe 'n ad hoc-kommissie van die Kommissie vir Leer en Aktuele Sake benoem is om die volgende omvattend te ondersoek: Die wyse waarop die gereformeerde identiteit van die NG Kerk tans funksioneer in die teologie en bedieningspraktyk van gemeentes; hoe die gereformeerde identiteit verstaan behoort te word te midde van die verskeidenheid ten opsigte van teologie, bediening en spiritualiteit in die NG Kerk; die wyse waarop daar in die toekoms gestalte gegee moet word aan die gereformeerde identiteit met die oog op die opbou en groei van die NG Kerk (Handelinge van die Algemene Sinode, 2004:303).

Burger (2001:21-22, 23-24) verwys ook na sekere wesenskenmerke in die gereformeerde tradisie wat die skrywer meen in die NG Kerk gelei het tot eiesoortige konstrukte:

- Dit is 'n historiese feit dat gereformeerdheid altyd 'n groter geskakeerdheid getoon het as die meeste ander kerklike tradisies. Daarom word in die NG Kerk 'n gereformeerdheid met evangeliese trekke (as gevolg van evangeliese invloede) gevind. Balcomb (2001:4) toon vier karaktertrekke aan waarvan die invloed baie duidelik in NG Kerk sigbaar is: bekering of die nodigheid van 'n lewensverandering; die klem op en aanwakkering van evangelisasie en missionêre pogings; biblisisme, in die sin dat die Bybel absolute gesag dra vir die lewe; die sentraliteit van die kruis en Christus se offer aan die kruis. Histories het hierdie invloede gekom deur die Piëtistiese bewegings van die 17de eeu, die Groot Ontwakings van die 18de eeu binne die Engelse wêrelddele wat ook hulle weg na Suid-Afrika gevind het.
- Hierdie gereformeerdheid staan byvoorbeeld teenoor die strammer, saakliker Hollandse gereformeerdheid wat ongemakliker met ervaring en emosies is as die NG Kerk. Hierdie variasie binne die gereformeerdheid bied voordele, aangesien dit 'n groter waaksaamheid bring vir wettisisme en oormatige

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



regulering in die kerk. Dit bring ook die uitdaging om te bly dink oor die geloof.

- Burger is van mening dat as die geskiedenis van die gereformeerde tradisie goed bestudeer word, dit opmerklik is dat daar die openheid is om voortdurend, in nuwe situasies, te reformeer. Die veronderstelling is dat nuwe situasies daartoe kan bydra dat dieselfde waarheid ook op ander maniere bely kan word. Vir Burger strook dit met wat dikwels die Protestantse beginsel genoem word - *reformata semper reformanda*. Dit behels dat 'n historiese instelling, tradisie, gebruik of selfs 'n belydenisskrif wat in die tyd ontstaan het, nie bo kritiek verhef kan word nie. Daar behoort altyd weer gepraat en gedink te kan word in die lig van die Skrif. Hierdie wesenskenmerk bring dus die vryheid om die teologie en die kerkpraktyk voortdurend te interpreteer in 'n poging om kontekstueel die historiese en teenswoordige bewussyn te verreken.

Die onmiddellike vraag is waartoe die NG Kerk dan potensieel gaan ontwikkel as die historiese en teenswoordige bewussyn kontekstueel verreken moet word. Is daar nuwe konstrukte aan die ontwikkel?

Die religieuse konstrukte van die NG Kerk soos hierbo bespreek, is die dominante strukture wat oor jare gevestig is en wat aan die kerk sy aard en karakter verleen het. Dit is egter so dat hierdie konstrukte nie gevrywaar is van verandering nie. Dit is die geval, aangesien die sosiale opset waarin die kerk funksioneer, verander en daarom direkte uitdagings bied aan die kerk. Hierdie konstrukte kom dus ook onder druk wat daartoe lei dat daar aanpassings gemaak word of dat radikale veranderings soms plaasvind ten opsigte van hierdie konstrukte. Dit word vervolgens bespreek.

### 2.3.5 Die veranderlikheid van godsdiens en sy instellings

In par. 2.2.2 is aangedui en verduidelik dat sosiale verandering konstant plaasvind. Dit word empiries waargeneem dat sosiale instellings verander, aangesien die vereistes en behoeftes van die sosiale menslike aktiwiteit waarop dit gebaseer is met tyd verander. Die verandering van instellings as gevolg van sosiale verandering is dus 'n gegewe.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Sosiale verandering verwys na die veranderinge in die sosiale samestelling van 'n groep of samelewing waar daar 'n herrangskikking van basiese sosiale strukture en elemente plaasvind.

*Toegepas op godsdiens en sy instellings* beteken dit dus dat sosiale verandering ook die verhouding tussen godsdiens en ander aspekte van die sosiale sisteem problematiseer. McGuire (1991:152) is van mening dat transformasie in godsdienstige instellings voortgebring word deur daardie instelling se verhouding met die sosiale omgewing, maar ook deur kragte binne die instellings self. In die transformasie word die invloed van die samelewing op die godsdienstige instelling waargeneem en vice versa.

Hierdie veranderinge het sekere ingrypende gevolge vir godsdienstige sisteme en instellings.

#### 2.3.5.1 *Veranderlikheid lei tot 'n betekeniskrisis*

Normaalweg kan die godsdienstige betekenissisteem wat vir die individu of groep geld die meeste daaglikse gebeure in 'n verstaanbare patroon integreer. Maar die veranderlikheid van godsdiens en sy instellings het ook bepaalde gevolge vir die tersaaklike betekenissisteem en geloofwaardigheidstruktuur. 'n Uitstekende voorbeeld is die lesersbrief in die Kerkbode van 10 Februarie 2006 waarna reeds verwys is (p.55-56). Die NG Kerk se veranderde houding ten opsigte van die apartheidsteologie het die vroeëre betekenissisteem en geloofwaardigheidstruktuur daarvan ondermyn. Die leser daarenteen het duidelik steeds daarmee geïdentifiseer en daarom bring die aftakeling daarvan vir hierdie persoon 'n innerlike betekeniskrisis. Hy verwoord sy belewenis met die woorde "versaak" en "groeiende vertrouenskrisis".

Nog 'n voorbeeld: Sommige gebeure en ervarings is nie altyd so eenvoudig om te interpreteer binne 'n bestaande betekenissisteem nie byvoorbeeld dood, siekte en ekonomiese teëspoed (McGuire, 1991:32-33). Tradisioneel is hierdie ervarings verklaar aan die hand van godsdiens wat postuleer dat wesens en kragte wat vreemd is aan die menslike wêreld werksaam is in die hierdie realiteit. Hierdie ervarings kan dus slegs verstaan word as daar met die invloed van een of ander supra-empiriese werklikheid rekening gehou word. Die mens leef gevolglik in hierdie wêreld volgens

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



die lot van daardie werklikheid wat onafhanklik is van hulle eie konstruerende en menslike ondernemings (Berger, 1990:95). Maar vir die moderne mens met sy wetenskaplike en rasionele beskouing van alle lewenservarings, is sodanige onverbiddelike verklaring ontoereikend. Die gevolg kan wees dat die hele geloofwaardigheidstruktuur van daardie godsdienstige beskouing disintegreer en nie meer subjektief volhoubaar of betekenisvol is vir daardie persoon nie (Berger 1990:79). So vind daar algaande ’n vervreemding plaas tussen die moderne mens en godsdiens. Sodanige gebeure en veranderinge bedreig in hierdie geval die godsdiens as betekenissisteem omdat dit nie meer maklik geïntegreer kan word in belangrike aspekte van mense se lewenservarings nie.

### 2.3.5.2 *Veranderlikheid bring die ervaring van anomie*

Wanneer dit gebeur dat ’n betekenissisteem se geloofwaardigheidstruktuur nie by magte is om ’n ervaring van ontwrigting te absorbeer nie, verloor die individu of groep wat aan hierdie betekenissisteem waarde heg sy of hulle fundamentele gevoel van betekenis en orde. Dit word byna onmoontlik om ’n sinvolle sosiale lewe voort te sit. Indien ’n betekenissisteem verswak, word die morele norme wat daardeur ondersteun word ook ondermyn. Met geen onderliggende orde waarvolgens mense hulle bestaan kan inrig nie, ontbreek daar vir hulle ook ’n morele basis omtrent wat aanvaarbare of onaanvaarbare gedrag is. Hierdie situasie word beskryf as anomie. Op ’n kollektiewe sosiale vlak veroorsaak dit ’n sosiale situasie waarin daar ’n deregulering van die publieke bewussyn plaasvind. Dit lei tot ’n krisis vir ’n sosiale groep, aangesien dit nie meer so eenvoudig is om ’n morele orde wat normatiewe riglyne aan sy individue se lewe voorsien, daar te stel nie (McGuire, 1991:34). McGuire (1991:34) is egter van mening dat godsdiens die vermoë het om betekenis en orde te voorsien. Daarom kan godsdiens dien as ’n beskerming teen sosiale anomie. Maar in dieselfde asem kan die vraag ook geopper word in watter mate godsdiens wel ’n beskerming teen sosiale anomie kan bied as godsdiens inherent self ’n krisis beleef as gevolg van die disintegrasie van sy betekenissisteem in ’n veranderde sosiale opset. In hierdie geval het verandering ’n dubbele gevolg van anomie.

© University of Pretoria

’n Ander manier waarop die effek van veranderinge in ’n samelewing en ook binne godsdienstige instellings verstaan kan word, is om mense se reaksies ten opsigte hiervan te bestudeer. Wallace, soos gebruik deur McGuire (1991:35), maak gebruik van die metafoor van *doolhof-disintegrasie*. Die kulturele doolhof, sê hy, is die sosiaal-gekonstrueerde en aangeleerde patrone vir interaksie wat ’n spesifieke groep (ook religieuse groepering) ontwikkel het oor baie generasies heen. Wanneer verandering hierdie netwerk van idees en oortuigings in gedrang bring en laat disintegreer, beleef mense aanvanklik ’n onvermoë om op te tree. Die krisis van hierdie disintegrasie kan opgelos word deurdat ’n persoon bewustelike identifiseer met ’n spesifieke kulturele of religieuse sisteem – tradisioneel, nuut of sinkretisties (McGuire, 1991:35). Dit kan ook die impuls word vir bewustelike weerstand en daarom is dit byna voorspelbaar dat daar ook ’n weerstand kan ontwikkel teen verandering wat ’n gevoel van anomie bewerk.

#### *2.3.5.3 Veranderlikheid en die weerstand daarteen*

Verandering en aanpassing in godsdiens se pas is anders as in ander sosiale sisteme byvoorbeeld die ekonomie of politiek. Die rede hiervoor is dat mense se respek vir ’n gegewe religieuse tradisie en die kontinuïteit daarvan daartoe bydra dat godsdiens ’n inherente konserwatiewe element bevat wat poog om die status quo te handhaaf (McGuire, 1991:213-214). Weerstand teen sosiale verandering vind vir Esterhuyse (2001:194) gewoonlik ook op twee vlakke plaas: op die *vlak van sisteme* en op ’n *individuele vlak*.

Op die *vlak van sisteme* is sosiale instellings ter sprake. Sosiale instellings hou gewoonlik sistemiese faktore in plek om bestaande praktyke en gedrag te handhaaf ter wille van die stabiliteit van die instelling. Kerklike instellings is goeie voorbeelde van hoe hiërargiese strukture in stand gehou word sodat daar orde en stabiliteit in daardie instellings is. Transformasie of verandering word dan geag as ’n aftakeling van die bestaande maniere van gedrag. Weerstand ontstaan dan omdat die bestaande maniere dan ‘afgeleer’ moet word en nuwes ‘aangeleer’ moet word om sinvol binne die veranderde sisteem te bestaan (Esterhuyse, 2001:194-195).

Om die weerstand teen verandering te verstaan, is dit ook nodig om *individue se reaksie* in ag te neem. Die eerste wat in ag geneem moet word, is individue se

© University of Pretoria

verstaan van hulle *'eie-belang'* in 'n spesifieke sosiale instelling, hetsy polities of religieus. Waar mense 'n hoë mate van solidariteit met 'n instelling toon omdat hulle sekere voorregte of voordele beleef, ontwikkel hulle 'n 'belang' in die instelling. Indien sodanige instelling begin verander, kan individue beleef dat hulle 'belange' kollektief deur die transformasie geraak word. So lei dit tot spanning tussen die sosiale instelling en die individue wat daaraan verbonde is. Sou hierdie individue egter beleef dat die verandering nie hulle 'eie-belange' bedreig nie, sal hulle die transformasie meer geredelik aanvaar (Esterhuyse, 2001:195-196).

Nog 'n saak wat te doen het met die individu se weerstand teen verandering is *konserwatisme.* Net soos konserwatisme op die vlak van sisteme, het dit op individuele vlak ook te doen met die geneigdheid om die status quo te beskerm en te regverdig. 'n Inherente, konserwatiewe element in die religie is egter nie genoegsaam om veranderinge in religie se sosiale opset en betekenis in 'n samelewing te verhoed nie. Die gevaar van konserwatisme is dat dit kan lei tot 'n situasie waar 'n individu binne die publieke sfeer mag instem tot die idee van transformasie, maar in sy private lewe behou hy sy konserwatiewe vooroordele en oortuigings. Die status quo word dan gehandhaaf deur veranderingsinisiatiewe subtiel te ondermyn of te diskrediteer. Dit kan dus gebeur dat verandering in sisteme en instellings (geïnstitusionaliseerde verandering) nie lei tot persoonlike, geïnternaliseerde verandering nie (Esterhuyse, 2001:196).

In hierdie verband kan ons weer dink aan Esterhuyse (p.31) se verduideliking van mense se reaksie op *tweede orde-verandering*, daardie radikale transformasie-strategie wat diskontinuïteit tot gevolg het en waar onaangenaamheid intree vir diegene wat nie die diskontinuïteit verlang nie.

Vervolgens word aandag gegee aan hoe die religieuse konstrukte van die NG Kerk onderworpe is aan verandering en dat 'n betekeniskrisis, die gevoel van anomie en ook weerstand na vore kom in die kerk.

### 2.3.6 Sosiale verandering en die uitdagings wat dit bied vir die religieuse konstrukte van die Ned Geref Kerk

© University of Pretoria

As ons nadink oor godsdiens, kerk en samelewing kan ons nie daaroor dink as onafhanklike groothede nie. In werklikheid is hierdie groothede met mekaar verweef. Godsdiens het ’n stabiliserende funksie in die samelewing as dit die dominante kultuur in die samelewing bevestig. Waar godsdiens die sosiale diepgang bepaal omdat dit ’n sekere samelewingsordening godsdienstig fundeer of legitimeer, is dit relatief moeilik om dit te verander (Dekker, 1997:89,95,99). Met Turner (p.40) se beskrywing van die godsdienstige situasie in Suid-Afrika in die vroeë tagtigerjare in gedagte, is dit vanselfsprekend dat die sosiale verandering in Suid-Afrika sedertdien ingrypende uitdagings sou bied vir die NG Kerk se religieuse konstrukte van burgerlike godsdiens en die apartheidsteologie. Dit word eerstens bespreek. Tweedens word die verandering van Suid-Afrika tot ’n sekulêre staat en die gevolge daarvan op die NG Kerk bespreek.

#### *2.3.6.1 Sosiale verandering en die uitdaging vir die konstrukte van die burgerlike godsdiens en die apartheidsteologie*

Dit kos, soos Durand (2002:51) opmerk, min verbeelding om ’n idee te vorm van watter gevolge die dramatiese verandering wat sedert 1994 in Suid-Afrika plaasgevind het vir die Afrikaners en hulle kerk ingehou het. Apartheid as samelewingsvisie is as deel van hulle lewens- en wêreldbeskouing afgetakel en gediskrediteer. Schreuder (2002:226) skryf dat 1994 ’n toekomsskok was vir die Afrikaner in die algemeen en die NG Kerk. Groot veranderinge op sedelike en godsdienstige vlak het plaasgevind en die kerk se prominente en bevoorregte posisie in die samelewing het dramaties verander. Wat daartoe bygedra het, was die feit dat die NG Kerk nie meer die simpatieke oor van die regeringsleiers gehad het nie. Die aanvaarding van ’n grondwet wat ’n duidelike afstand tussen kerk en staat plaas, maak dit vir die NG Kerk moeilik om sy stempel direk af te druk op die openbare lewe (Hofmeyr, 2002:3). Die veranderinge van die Nuwe Suid-Afrika het nuwe samelewingsvisies, lewensbeskouings en ideologieë op die voorgrond gestoot en hiervoor was die Afrikaner nie voorberei nie.

Esterhuyse (2001:189) dui aan dat daar tans in Suid-Afrika twee duidelike reaksies op hierdie transformasie van die plaaslike samelewing is. Vir sommige is die woord ‘transformasie’ ’n onaangename herinnering daaraan dat die ‘ou orde’ (menende

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



apartheid as samelewingsvisie en -ordening) tot 'n einde gekom het. Ander sien 'transformasie' as die wyse waarop hulle mag kan verkry om toegang te kry tot die hulpbronne en rykdom wat beskikbaar is. Vir baie is dit die sleutel tot mag en voorregte.

Dié transformasie hou verband met dit wat vroeër as *tweede orde-verandering* bespreek is. Tradisionele gewoontes en gebruike word omgekeer. Dit is dus begryplik dat hierdie tipe transformasie konflik en onsekerhede sal meebring. Dit is opmerklik dat dit juis die vrug van hierdie verandering is waarna Heyns destyds al in sy broederlike onderhoud by die Algemene Sinode in 1994 verwys dat "te veel ingrypende onverwerkte veranderinge die oorsaak is van angs en onsekerheid, van onbetrokkenheid en doelloosheid onder ons mense". Hierdie verandering het sy merk op die Suid-Afrikaanse samelewing gemaak en die kerk en sy lidmate getuig steeds daarvan.

Hierdie tipe verandering bring weerstand. Vir Esterhuyse (2001:194) kom die weerstand daarin na vore dat mense stry om vorige denkraamwerke, perspektiewe en waardes te behou, sonder om in ag te neem dat dit moontlik disfunksioneel of teenproduktief geword het in 'n veranderende en komplekse konteks. Wanneer dit die geval is dat nuwe alternatiewe vir bestaande denkraamwerke, perspektiewe en waardes buite rekening gelaat word, gaan die vermoë om omstandighede te verander verlore.

Hierdie situasie word nie verbeter deur die feit dat die sosiale verandering aan Afrikakommunalisme en die uniekheid van Afrika-denke prominensie verleen nie. Waar die NG Kerk aanvanklik hiermee te doen gekry het, was dit veral in tye van kritiek. Die vorm waarin dit gekom het, was die swart bevrydingsteologie wat aan Afrikakommunalisme se bevrydingstryd regverdiging gegee het. Daarom is dit begryplik dat Afrikakommunalisme in Suid-Afrika hoogs verpolitiseerd geraak het en daarom dra dit by tot groeiende weerstand in die geledere van diegene wat steeds op 'n manier die konstrukte van burgerlike godsdiens en die ou apartheidsteologie handhaaf.

Volgens Jenkins (2002:142) het dit gedurende die twintigste eeu algaande die geval geword dat Derde Wêreldkerke (inheemse kerke) geassosieer is met 'n strewe na

© University of Pretoria

hervorming of dikwels selfs rewolusie. Die stryd vanuit hierdie kerke teen die apartheidsregering in Suid-Afrika, is ’n baie goeie voorbeeld van die strewe. Volgens Jenkins (2002:147-148) is die bevrydingstryd in Afrika sedert die 1960’s aan godsdiens verbind. Vir die volgende dertig jaar sou die verbintenis tussen die Christelike geloof en die opkomende swart nasionalisme in Suid-Afrika daartoe lei dat die boodskap van die bevrydingsteologie al meer aanvaar sou word as ’n profetiese stem teen die sosiale situasie onder die apartheidsregering. So radikaal was die gevoel dat daar selfs gesê is: “The god of the South African state is not merely an idol or a false god, it is the devil disguised as almighty God - the Antichrist.” Vir die NG Kerk is ’n opmerking soos hierdie ’n bitter pil om te sluk. Die gevolg daarvan was dat daar gespanne verhoudinge bestaan het tussen die dogterkerke van die NG Kerk-familie (by wie die bevrydingsteologie inslag gevind het) en die NG Kerk.

Volgens Boff (1989:408) het die bevrydingsteologie verweef geraak met politieke aspirasies vanuit die Derde Wêreld as gevolg van die feit dat die meerderheid mense hier in onmenslike omstandighede leef: semi-hongersnood, hoë babasterftes, endemiese siektes, lae-inkomste, werkloosheid en gebrek aan sosiale sekuriteit, gesondheidsorg en behoorlike onderwys. Gelyklopend aan hierdie onderontwikkeling is die ander realiteit vir hierdie mense: hulle Christelike geloof, hulle sin vir solidariteit en ’n behoefte aan reg en geregtigheid. Die praktyk en teologie van bevryding wat hieruit ontwikkel het, wil ’n verwantskap tussen die redding van Jesus en die historiese moment van bevryding tot stand bring (Boff, 1989:408-410).
Hierdie verstaan gee aan die kerk ook die taak om nie alleen vir religieuse redes in die samelewing teenwoordig te wees nie, maar dit behoort ook by te dra tot die etiese en sosiale inisiatiewe wat sal bydra tot die ontwikkeling van elke mens en die mensdom in die geheel - dit is immers wat die Christelike geloof in praktyk behoort te wees (Boff, 1989:411). Dit is opmerklik hoe hierdie verstaan van die kerk ook by die NG Kerk inslag gevind het en steeds vir die kerk ’n prioriteit bly: “Die Algemene Sinode versoek die Diensgroep Diensgetuienis om ’n strategie vir die bekamping en uitwissing van armoede in Suider-Afrika te ontwikkel. Die strategie behoort onder andere ’n definisie (omskrywing) van armoede, die hantering van rykdom en

© University of Pretoria

ekumeniese samewerking in te sluit." (Handelinge van die Algemene Sinode, 2004:365).

Volgens Oosthuizen (1999:162-163) is religie 'n belangrike aspek van Afrika se lewe, veral die Afrika tradisionele godsdiens. Dit is verder die essensie eerder as die struktuur van die godsdiens wat belangrik is. Daarom is waardes soos meelewing en onderlinge ondersteuning, versorging en mededeelsaamheid onontbeerlik in die tradisionele Afrika-konteks. Daarby is verhoudings baie belangrik in Afrika, aangesien die self, homself vind binne kollektiewe en kommunale deelname. Die kerk binne die Afrika-konteks word gekenmerk deur hierdie basiese aspekte van die tradisionele kultuur en godsdiens.

Die skrywer meen dat die NG Kerk swak ingelig is oor hierdie tipe kerkwees. Die saak van kerkhereniging plaas die kerk onder druk om hom te vergewis van die invloed van Afrikakommunalisme en die geestelike inkulturasie van Afrika. In die tweede verslag van die Algemene Sinodale Kommissie wat dien by die Algemene Sinode van 2002 word dan ook uitgewys dat die VGKSA broederlik versoek is om duidelikheid te gee oor die kerk se amptelike siening van die verhouding tussen die gereformeerde belydenis en die tradisionele Afrika-godsdiens asook die kerk se amptelike standpunt ten opsigte van Swart- en Bevrydingsteologie (Agenda van die Algemene Sinode, 2002:381-382). Van Niekerk (2001:426) meen dat die NG Kerk vir baie jare die gesprek met die Swart Teologie en Afrika Teologie agterweë gelaat het. Die omvang daarvan word na die skrywer se mening nog steeds nie verreken in die gesprekke en verhoudinge op ekumeniese vlak nie.

Dit is egter duidelik dat hierdie situasie die etnosentristiese wyse van denke wat dikwels onderliggend is aan die kerk uitdaag. Dit dekonstrueer ook geldende kulture en betekenissisteme wat veroorsaak dat daar 'n mate van disoriëntasie beleef word. Dit kan egter ook positief wees omdat dit kan lei tot konstruktiewe veranderinge.

In 1995 reeds het Boshoff (1995:1) op die nodigheid gewys dat die NG Kerk oor die effek van die transformasie in die Suid-Afrikaanse samelewing pro-aktief moet nadink. Dit is nodig, aangesien die kerk nou funksioneer binne 'n nuwe samelewing.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Lidmate het nodig om toegerus te word om ons huidige leefwêreld te verstaan. Dit is egter ook nodig om te verstaan hoe lidmate deur die nuwe leefwêreld beïnvloed word.

Die NG Kerk was juis as gevolg van die erfenis van die apartheidsteologie huiwerig om na 1994 opsigtelik solidariteit met die lot van die Afrikaner te toon. Tog is dit ook die geval dat die volk waarmee die NG Kerk vir baie jare geïdentifiseer het, steeds solidariteit met die kerk soek. Hulle is immers die persone wat die kerk in stand hou, met die kerk meeleef en daarom ook solidariteit en geestelike leiding van die kerk verwag. Hierdie behoefte word by baie Afrikaner-lidmate verskerp as gevolg van hulle daaglikse blootstelling aan die markplein met sy ingrypende en blywende tweede-orde verandering. Daarom is daar by lidmate dikwels ’n groter mate van ’n gevoel van bedreiging, diskontinuïteit en anomie as wat met die predikantekorps van die kerk die geval is. Die volgende aanhaling van Jonker (1998:220-221) gee uitdrukking aan wat die belewenis van baie lidmate van die kerk is: “Die droom van ’n reënboognasie wat in vrede en veiligheid lewe, is tot dusver nog nie bewaarheid nie. Talle bekwame jongmense emigreer, omdat hulle geen vertroue meer in die toekoms van die land het nie. Hoe moet wit Christene oor hierdie dinge oordeel? Moet hulle toegee aan negatiewe gevoelens...? Dit wil soms voorkom asof daar ’n kollektiewe swartgalligheid by groot groepe lidmate van die kerk aanwesig is. Dit word ongelukkig versterk deur die bewuswording van die afgrondelike armoede en ellende van groot groepe van die landsbevolking, asook van korrupsie en verval op verskillende terreine en van kollektiewe onmag om daaraan te ontkom om maar net nog ’n Afrikastaat te word.” Hoewel Jonker se opmerking dateer uit 1998, is sy woorde steeds profeties waar vandag. Hanekom (2007:9) skryf ook hieroor: “Twyfel bestaan of lidmate al genoegsaam geleentheid gehad het om te rou oor ’n era en paradigma wat verby is. Verder blyk dit dat lidmate die woord ‘kerkhereniging’ maklik verwar met sensitiewe en soms pynlike sake soos grondhervorming, regstellende aksie en misdaad. Ons mense is seer, voel ontnugter en rou. Hulle sal emosioneel en teologies begelei moet word.”

Die solidariteit wat die NG Kerk met sy lidmate in hierdie situasie behoort te toon, is ’n kritiese solidariteit. Dit is ’n term wat prof Heyns gebruik het en wat impliseer dat

© University of Pretoria

die kerk nie koud moet staan teenoor sy lidmate se wel en weë nie, maar dat dit daarby ook krities behoort te staan teenoor hulle sonde (ook kollektiewe sondes) (Gaum, 1981:36).

*2.3.6.2 Die veranderinge in Suid-Afrika teen die agtergrond van 'n meta-konteks en die uitdagings daarvan vir die NG Kerk*

Volgens Taber (2002:182) is daar wêreldwyd kulturele, politieke en ekonomiese prosesse wat die mens laat beleef dat die wêreld nader aan mekaar gebring word, vir goed en sleg. Dit is die effek van globalisasie. Dit is die konteks waarteen die veranderinge in Suid-Afrika ook verstaan moet word. Die invloed van plaaslike politieke veranderinge is geweldig, maar verandering plaaslik behoort ook gesien te word as die invloed van wêreldwye prosesse van kulturele, sosiale, politieke, ekonomiese en tegnologiese transformasie (Smit, 2001:120).

- Die eerste ooglopende verandering ten opsigte van die bogenoemde is dat Suid-Afrika ook staatskundig beweeg het na 'n demokratiese sekulêre staatsbestel. Die implikasie is dat die NG Kerk se *prominente en bevoorregte posisie in die samelewing dramaties verander* het (Schreuder, 2002:226). Die groot invloed wat die NG Kerk in die apartheidsjare op die regering en samelewing uitgeoefen het, is iets van die verlede. Kerklike uitsprake word meestal deur die owerheid (en media) genegeer. Dalferth (1996:127) meen dat die invloed van kerke onmiskenbaar aan die afneem is en dat daar aan die besware van Christene toenemend minder aandag gegee word. Die invloed van die kerk taan omdat mense minder van die kerk verwag.

  Die NG Kerk is nie van hierdie tendens uitgesluit nie. Dit is juis hierdie verlies aan status en seggenskap wat vir baie lidmate 'n identiteitskrisis geskep het, meen Schreuder (2002:226). Dit het bygedra tot die gevoel dat die NG Kerk ongeloofwaardig geword het en geen bestaansdoel of plek in die Nuwe Suid-Afrika het nie. Baie het dit as die 'dood' van die NG Kerk beskou. Dit het ook saamgehang met die gevoelens van ontmagtiging en ontnugtering as gevolg van die politieke veranderinge sedert 1994. Die brief van die leser in die Kerkbode van 10 Februarie 2006 (verwys p.55) kan ook teen hierdie agtergrond gelees

© University of Pretoria

word. Hofmeyr (2002:4) bevestig die bogenoemde deur op te merk dat lidmate ervaar dat dié nuwe aanpassings tot ’n verswakking van die kerk se identiteit gelei het. Een manier waarop mense reageer, is dat teruggeval word op ’n tipe wettisisme waarin die bekende dogmatiese gronde op ’n byna fundamentalistiese wyse verdedig word (Dalferth, 1996:127).

Andersins skep die verlies aan identiteit vir die NG Kerk ’n gevaarlike situasie, want gemeentes en sy lidmate word blootgestel aan die invloede van buite. Hofmeyr (2002:4) dui dan ook aan wat hierdie invloede van buite behels:

- modernisering en sekularisasie;
- die nuwe bedeling se groter klem op die individu;
- groter aanvaarding van ’n liberale moraal, terwyl die vermindering van die invloed van die tradisioneel Christelike moraal ’n groter morele vakuum in die samelewing laat.

- Hieruit vloei voort dat die kerk *nie meer beskou word as die beskermer van absolute etiese waardes nie* (Durand, 2002:56). Moraliteit word vir baie mense iets wat los staan van religie. ’n Nie-gelowige kan hoë morele standaarde handhaaf - godsdienstigheid is geen waarborg vir etiese integriteit nie. Die beskouing is al meer dat waardes oor reg en verkeerd eerder pragmaties benader behoort te word. Die uitkoms en effek van spesifieke gedrag bepaal watter waardes nodig is om tot die welwese van ander by te dra. Groepe en gemeenskappe hou hulle dus by ’n tipe konvensionalisme waarop ooreengekom word en wat selfs oorgelewer kan word totdat dit met verloop van tyd uitgedaag en verander word. Dit is dus begryplik dat waar die kerk in die hedendaagse konteks intrinsieke etiese uitsprake maak, dit beskou en soms afgemaak sal word as dogmaties, arbitrêr of onderdrukkend (Kirk, 2002:122). In situasies waar mense pragmaties dink en optree, is dit dus begryplik dat die toewyding aan ‘voorgeskrewe’ en ‘voorafbepaalde’ etiese raamwerke sal taan. Verbintenis en toewyding aan ’n bepaalde etiese raamwerk word ’n selfbepaalde keuse wat in die individu gesetel is. Daar is ook ’n pragmatiese houding jeens strukture. As dit nie vir die individu werk nie, onttrek hy hom aan die struktuur. So word veral outoritêre strukture uitgesluit vanuit die leefwêreld van mense. Dit is waarskynlik

© University of Pretoria

hoekom die kerk se sê oor sake soos die huwelikskultuur en homoseksualiteit vir die samelewing daarbuite nie werklik saak maak nie. Hierdie inkorting word deur baie beleef as 'n ontmagtiging van die kerk en is swaar om te aanvaar. Dit bring uitdagings vir die religieuse motiewe van die gereformeerde tradisie van die NG Kerk waarna vroeër verwys is.

- Omdat die kommunale basis van oortuigings en gedrag minder gesag dra vir die hedendaagse mens, beland die kerk (ook die NG Kerk) meer en meer in die *sleurkrag van persoonlike oortuigings*. Jonker (1998:214) wys daarop dat die subjektiewe inslag van hierdie invloede die konfessionele karakter van die kerk in gedrang bring. Gevolglik ontwikkel lidmate 'n *andersoortige spiritualiteit* en styl as dit wat normaalweg in die NG Kerk aangetref is. Naude (2004:44) wys daarop dat die NG Kerke 'n veelvoud van liturgiese en organisatoriese vorms vertoon. Die piëtisme het in baie gevalle verander in nuwe vorme van spiritualiteit, waarvan die charismatiese waarskynlik die kenmerkendste is. Hoewel Niemandt (2013b:9) meen dat die invloed hiervan in die NG Kerk statisties nog onbeduidend is, is dit wel so dat meer en meer gelowiges geloof nie net as 'n verstandskeuse sien wat in die vorm van stellings en belydenisse uitgedruk word nie, maar as 'n emosionele lewenskeuse.

  In dié verband wys Steyn *vyf groot basiese bewegings* ten opsigte van spiritualiteit in die NG Kerk aan. Hoewel hierdie bewegings nie ewe groot is nie, het elkeen 'n bepaalde verstaan van die kerkmodel, die Skrif, die belydenisgrondslag, die liturgie en preek. Daar word kortliks aangedui wat hierdie bewegings in hoofsaak verteenwoordig (Steyn, 2006:1-13):

  - Wat die *tradisionele* betref, word dit as die *gereformeerde kern* van die kerk wat die Calvinistiese tradisie van die kerk handhaaf, verstaan.
  - Met *charismaties* word die *beweging na 'n meer gevoelsmatige godsdiensbelewenis* aangedui. Daar is 'n belangrike verskuiwing vanaf die sentraliteit van die Skrif na die sentraliteit van persoonlike ervaring.
  - *Die rasionalistiese of intellektuele beweging* met sy sterk kognitiewe aspek staan lynreg teenoor die emotiewe. Die ontsluiting van inligting wat tot begrip lei, is belangrik.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



- Die *mistieke spiritualiteit* lê klem op die mistieke kommunikasie tussen God en die gelowige. Dit is minder populêr onder NG Kerk-lidmate as die charismatiese, hoewel beide gevoelsmatig is. Waar die charismatiese ekstroverties en sterk groepsgesentreerd is, is hierdie beweging oorwegend introverties en individualisties. Daar is dikwels ook ’n verskraalde behoefte aan ander medegelowiges. Dit is kontemplatief en daarom word klem gelê op ‘retreates’, meditasie, gebed, simboliek, goed-deurdagte en vasgestelde liturgieë en eeue-oue himnes.
- Die *sinkretistiese beweging* het te doen met ’n *eie gekonstrueerde godsdienssiening* (soms ’n radikale reduksie). Predikante en NG Kerk-lidmate in hierdie beweging se denke word beïnvloed deur die ‘global village’, die (nuutste) tegnologie, die kompleksiteit van sosiale vraagstukke, filantropie en die sin van kultuursensitiwiteit. Daar is ’n strewe na ’n tipe selfhelp-godsdienservaring.

Hierdie bewegings noodsaak opnuut die gesprek oor wat die gereformeerde identiteit en erfenis van die NG Kerk behels. Vos (1995:198) is van mening dat in die Suid-Afrikaanse konteks met religieuse pluraliteit, moet die gereformeerde teologie die algemene *etos van pluraliteit en perspektiefverskille* aanvaar. Dit moet ook sy ou pretensies om ’n sluitende verklaring van die werklikheid te gee, prysgee. Die bestaan van geloofstradisies wat van mekaar verskil, maar mekaar ook kan verryk, moet aanvaar word.

Dit is duidelik dat daar ’n skuif gekom het in die kerk, wat aangebring is deur lidmate self, wat die klem laat val op die *bevrediging van lidmate se persoonlike behoeftes*. ’n Behoefte aan ‘direkte godsdienstige belewing’ word volgens Hofmeyr (2002:26) vergesel met die tendens van migrerende lidmate. Burger (2001:13) stel dit dat lidmate ‘kerklik rondkuier’, met die gevolg dat baie lidmate wegskuif van die gereformeerde tradisie in die NG Kerk en in die invloedsveld van ander kerklike spiritualiteite beland. So is dit ook by die Algemene Sinode van 2004 erken dat ’n deel van die lidmate wat die kerk verlaat, ’n behoefte het aan ander vorme van spiritualiteit (Handelinge van die Algemene Sinode, 2004:433).

© University of Pretoria

Dit opsigself bied ’n blywende uitdaging aan die spiritualiteit van die NG Kerk met sy gereformeerde grondslag om relevant te bly. Schreuder (2002:226) meen dat die eksperimentering by eredienste met goedere vanuit ander spiritualiteite bewys lewer dat baie kerke met krisisbestuur besig is in ’n poging om lidmate se behoeftes te bevredig en om sodoende te verhoed dat die kerk lidmate verloor. Hoe suksesvol, effektief en relevant die kerk is, weeg deesdae swaarder as getrouheid aan die gereformeerde grondslag en outentiekheid. Die verskuiwing in die NG Kerk van konfessionalisme na godsdiensbelewenis, beklemtoon die feit dat mense se behoefte bepalend geword het vir kerkwees.
Dalferth (1996:127-128) wys op die ironie dat Protestantse kerke se pogings om die uittog van lidmate en ander invloede teë te werk deur ’n veelvoud van bedieninge wat fokus op groep-spesifieke belange en behoeftes te onderneem, dikwels lei tot die disintegrasie van die kerk self. Ondeurdagde aanpassings by die snel-veranderende invloede van die tydsgees, bied min oplossing vir die onseker situasie van kerke, want dit bring juis mee wat die kerk nie wil hê nie - interne sowel as eksterne verwydering van wat essensieel is.

- Dit is die bepalende invloed van mense se behoeftes omtrent die doel en taak van die kerk wat lei tot die *kommodifisering van godsdiens*. Die kommodifisering van godsdiens bring mee dat die kerk begin funksioneer as ’n instelling wat soos ander instellings goedere en dienste moet lewer in ’n kompeterende mark (Kirk, 2002:123). Kenmerkend van hierdie ontwikkeling is dat die godsdienstige praktyk gemoduleer word volgens sekulêre ekonomiese praktyke (Turner, 2011:150). Lategan (2004:68) meen dat die kerk dus nie aan die invloed van die verbruikersamelewing ontkom nie. Hoewel dit soms negatief beleef word, is daar tog lesse te leer wat positief kan wees. Waarvan die kerk bewus moet wees, is dat hoewel die evangelie nie verander nie, die manier waarop die evangelie bedien word, gerig moet wees op die omstandighede en behoeftes van lidmate. Dit is nodig omdat die moderne mens juis beweeg in die rigting weg van konfessionalisme na godsdiensbelewenis met die klem op die bevrediging van persoonlike behoeftes. Turner (2011:149) wys egter op die gevaar dat hierdie toedrag van sake kan lei tot ‘lae-intensiteit godsdiens’. Hierdie benadering tot

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



godsdiens het ’n lae vlak van toewyding. Dit is individualisties en hoogs subjektief. Daarom kan dit nie ’n blywende impak hê op die sosiale struktuur of kultuur nie.

- Die effek van globalisasie, waarna vroeër verwys is, is dat die mens beleef dat die wêreld nader aan mekaar gebring word en dat hulle blootgestel word aan ander kulturele, politieke en ekonomiese sienings. Dié blootstelling laat mense reflekteer op hulle eie tradisies en laat hulle tot die besef kom dat die bekende manier van dink en doen nie die enigste is nie (Durand, 2002:30,31). Die vrug van hierdie *proses van pluralisasie* is volgens Durand (2002:27) *relativisme*. Die Christelike geloof is nie immuun teen dié relativerende uitwerking van pluralisme nie (Durand, 2002:31). Die direkte implikasie vir die konsep ‘waarheid’ is dat dit nie meer as absoluut beskou kan word nie. Waarheid hou nou verband met die waarnemer daarvan. Sy vertolking daarvan is verder onlosmaaklik deel van die tyd, plek en kultuur waarvan hy deel is. Die konsep ‘waarheid’ is dus bloot ’n konstruksie en nie ontologies van aard nie. So verkry waarheid ’n meerdimensionaliteit (Hofmeyr, 2002:12). Volgens Hofmeyr (2002:13) dra die radikale wegbeweeg van vaste antwoorde, tesame met die beskouing dat elke mens geëmansipeerd is met sy eie opinies, daartoe by, dat wat geloofsake betref, daar al meer uitgesproke stemme ten opsigte van die geldende geloofswaarhede is. Dit skep die ruimte vir dekonstruksie.
  Dit het ook sekere implikasie vir Skrifinterpretasie en die algemene Skrifwaarhede - sake wat ook op die NG Kerk se tafel beland het. Hofmeyr (2002:14,15) wys daarop dat die gesag van die Skrif in ons tyd bevraagteken word. Die Reformatoriese Skrifbeskouing kom ernstig in gedrang weens die opkoms van hierdie nuwe wêreldbeeld.

Baie beleef hierdie hedendaagse geneigdheid tot die dekonstruksie van geldende diskoerse ontwrigtend en verwarrend. Dit het tot gevolg dat mense en die NG Kerk (en sekerlik ander kerke ook) in ’n tyd van groot onsekerheid en onstabiliteit leef. Dit bring die saak van *heroriëntasie*, soos Middleton en Walsh (1995:173) dit noem, na vore. Dit behoort te dien as teenfoeter vir die disoriëntasie en morele

© University of Pretoria

weifeling van die hedendaagse denke. Vir Christene en die teologie sluit hierdie heroriëntasie ’n hernude verankering in die Bybel in, anders het Christene niks te sê vir die hedendaagse tydsgees nie en het hulle geen basis om vanaf te leef as Christene nie.

- Nog ’n saak wat in hierdie afdeling ter sprake kom, is die *kongregasionalistiese tendense* in die NG Kerk. Durand (2002:61) skryf die sterk klem op die plaaslike gemeente se onafhanklikheid van die breër verband en die onafhanklike funksionering daarvan toe aan die sterk moderniserende en sekulêre inslag van die wêreld waarin die kerk moet bestaan. Gemeentes se invloede en kontekste lyk verskillend, juis omdat die klem nie meer val op ’n kommunale konfessionalisme wat gehandhaaf word nie, maar op die plaaslike gemeente se konteks, behoefte en bedieningstyl. Vir Jansen van Rensburg (2007:11) is die gevolg hiervan dat “diversiteit in denke van lidmaat tot lidmaat, van gemeente tot gemeente en van sinode tot sinode ’n werklikheid” is. ’n Voorbeeld hiervan is die Algemene Sinode van 2004 se besluit in verband met kerkhereniging: “*Gemeentes se reg* om oor *hul eie werk te besluit*, word erken. Al die bestaande gemeentes van die verenigde verband sal so behoue bly...Waar meer as een gemeente in dieselfde gebied val, *staan dit gemeentes vry* om hulle onderlinge sake en samestelling *spontaan en sonder voorskrif of dwang* te reël *volgens plaaslike behoeftes*. *Kerkrade behou* dus die *besluitnemingsbevoegdheid oor die inrigting* van die gemeente.” [eie kursivering twv nadruk] (Handelinge van die Algemene Sinode, 2004:428). Dit is hieruit duidelik dat die kerk besef dat die konteks waarin gemeentes bestaan, verreken moet word. Dit open die deur dat gemeentes al meer op hulle eie weg gaan. Hoewel daar ’n groter band bestaan, verskuif die fokus deesdae al meer na die lewe van die gemeente.

In hierdie afdeling omtrent die funksie van godsdiens blyk dit dat mense religieuse werklikhede in terme van een of ander religieuse wêreldbeskouing wat allesomvattend en rigtinggewend is, verstaan. Net soos met enige ander sosiale realiteit is dit onmoontlik om oor religieuse realiteite los van die konsepte, taal en diskoerse waarmee aan daardie realiteit uitdrukking gegee word, na te dink. So word

© University of Pretoria

> ’n sekere lewensperspektief gekonstrueer. Die aard van ’n individu se band met ’n sosiaal-religieuse groep en die kollektiewe diskoers daarvan bepaal dus in watter mate die religieuse konstrukte dominant is in die lewe van ’n individu en in watter mate dit die individu se lewe rig. So vind ons godsdienstige genoegsaamheid al dan nie. Net soos dit die geval is met die samelewing, is religieuse instellings voortdurend aan verandering onderworpe. Dit word deur Vos (1995:198) bevestig: “Verskuiwings in die mens se leefwêreld het ’n invloed op sy godsdienstige konteks...Ekonomiese groei of ’n gebrek daaraan, die beskikbaarheid van arbeid aldan nie het ’n invloed op die mens se ervaring van sy godsdiens...Die invloed van politieke mag is ook nie neutraal nie...In die loop van die eeue het verskillende geestesbeweginge hulle invloed laat geld. Die beweginge is nie tydloos nie, maar kontekstueel in die sin dat dit ’n bepaalde weerkaatsing van die verstaan van die mens in sy wêreld is. In elke bepaalde beweging lê daar slegs ’n verstaansbrok van die mens in sy werklikheid. Dit is eers wanneer al die brokke byeen gebring word dat ons iets van die mens in sy wêreld kan begryp.”

Hoe dit ookal sy, die NG Kerk is in transito tussen verskillende verstaanshorisonne, waarvan ons sekeres se historie verstaan. Die ander is ontwikkelend. Waartoe? As ons moet verreken wat die sinodegangers by die sitting van die Sinode Hoëveld in 2012 (Handelinge van die Sinode Hoëveld, 2012:36-37) op die tafel gesit het waaroor hulle verontrus is, dan is die antwoord op die vraag nie so duidelik nie:

- Invloed van die inligtingsontploffing;
- “Google”-generasie bevraagteken alles – geen ‘heilige koeie’ nie;
- Lidmate is geestelike onvolwasse;
- Lidmate is onkundig en oningelig;
- Lidmate soek ‘kits’-antwoorde;
- Lidmate lees ‘sagteband’-teologie;
- Leraars wat nie gesprek of vrae toelaat nie;
- Kerk het gejok oor apartheid – gevoel van ongeloofwaardigheid;
- Impak van 1994;
- Die omstredenheid van die Belhar-belydenis;
- Die toekomstige en onseker impak van kerkhereniging;

© University of Pretoria

- Skrifbeskouing: Fundamentalisties teenoor Bybel-en-wetenskapintegrasie;
- Openbare debat: Evolusie teenoor kreasionisme
- Ondermyning van geloofswaarhede: Maagdelike geboorte, opstanding, debat omtrent die bestaan van die duiwel / bose en dié van die hemel en hel;
- Skynbare verdraagsaamheid teenoor dwaalleraars;
- Kerk lewer nie meer duidelike etiese swart/wit uitsprake nie, bv homoseksualiteit;
- Swak leierskap in die kerk.

Dit is opmerklik hoe hierdie genoemde sake op verskillende wyses verband hou met die uitdagings van die hedendaagse sosiale en religieuse konteks wat in hierdie hoofstuk aan die orde gestel is. Hierdie sake is sekerlik kontoerlyne van dieperliggende kwessies en paradigmas wat in hierdie hoofstuk verduidelik is en bepalend op die kerk inspeel.

## 2.4 SAMEVATTING

In die volgende hoofstuk word sekularisasie as samelewingsverskynsel ondersoek sodat bepaal kan word wat die rol daarvan is in die veranderinge en tendense wat in hierdie hoofstuk bespreek is. Soos aangedui in die inleiding (par. 2.1) het sekularisasie direk te doen met godsdiens en die kerk in die samelewing. Om sekularisasie te verstaan moet die funksie van godsdiens en die kerk in die samelewing ook verstaan word. In hierdie hoofstuk is aandag gegee aan hierdie ‘beslissende werklikheid’ [die woorde van Dekker (1997:107)]. Ter wille van ’n logiese denkraamwerk is ook nagedink oor die funksie van die samelewing waardeur godsdiens regstreeks beïnvloed word. In hierdie hoofstuk is nagedink oor die Suid-Afrikaanse samelewing as konteks waarteen die historie van die Nederduitse Gereformeerde Kerk ook verduidelik is.

Samevattend, die volgende gedagtes:

- Die samelewing is ’n menslike sosiale konstruksie wat op sy beurt ’n deurlopendende terugwerkende effek op die mens het sodat die mens tegelykertyd ook as ’n produk van die samelewing beskou kan word.
- Alhoewel sekere sosiale prosesse ’n sekere sosiale realiteit in stand hou, is die samelewing as sosiale konstruksie nooit afgeslote en voltooid nie. Daarom word empiries waargeneem dat die samelewing en sy instellings altyd verander, aangesien mense wat daaraan verbonde is se voorvereistes met tyd verander – deels as gevolg

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



van die tand van die tyd en deels as gevolg van konflik en teenstrydighede binne die samelewing en binne instellings wat in diens van die samelewing funksioneer.

- Die Suid-Afrikaanse samelewing weerspieël ook eiesoortige sosiale konstrukte, te wete die ou Apartheidskollektivisme, Afrikakommunalisme en Westerse Individualisme. Elkeen verteenwoordig 'n hedendaagse kollektiewe 'manier van dink' wat 'n deurlopendende terugwerkende effek op die mense het wat daarmee identifiseer. Die tand van die tyd, konflik en teenstrydighede binne die Suid-Afrikaanse samelewing het ook bepaalde veranderinge ten opsigte van hierdie sosiale konstrukte gebring wat bepaalde sosiale gevolge, op kollektiewe- sowel as individuele vlak, tot gevolg het.
- Godsdiens binne 'n samelewing het 'n sosiale dimensie. Dit struktureer die aktiwiteite van mense kollektief volgens sekere geobjektiveerde betekenisse en insigte. In hierdie sin is godsdiens 'n menslike onderneming wat 'n sosiale opset sowel as 'n heilige transendente opset tot stand bring wat dien as 'n absoluut-beslissende realiteit. As sosiale konstruksie speel religie dus 'n onontbeerlike rol in die regverdiging van sosiaal-gevestigde gedragpatrone en beskouinge.
- Om hierdie rol sosiaal te vervul moet godsdiens binne twee sosiale dimensies funksioneer: 'n individuele vlak sowel as 'n sosiale vlak wat nie van mekaar uitgesluit is nie. 'n Individu gebruik beskikbare sosiale simbole wat op hulle beurt gevestigde kulturele interpretasies is, om aan sy mees subjektiewe ervaring betekenis te verleen. Sosiaal beskou, word godsdiens in die moderne era gekenmerk deur institusionele spesialisasie. Kenmerkend is die standarisering van 'n sekere wêreldbeskouing in goed-gedefinieerde dogma, gespesialiseerde persone met sekere hoedanighede wat spesifieke rolle vervul en 'n organisasie wat deur die toepassing van beheer poog om konformiteit te handhaaf. Elke geïnstitusionaliseerde godsdiens konsolideer dus op sy kenmerkende manier die relevante oortuigings, waardes en praktyke in 'n koherente model.
- So verteenwoordig die religieuse konstrukte van die Ned Geref Kerk ook die korrelasie wat tussen kerkwees en die geldende sosiale tydsgees bestaan. Die burgerlike godsdiens en voortvloeiend die apartheidsteologie is bespreek as konstrukte wat 'n bepalende rol gespeel het in die historie van die Ned Geref Kerk.

© University of Pretoria

Verder is die gereformeerde identiteit van die Ned Geref Kerk as religieuse konstruk bespreek.

- Dieselfde geld vir godsdiens en sy instellings as vir ander sosiale instellings – dit verander, aangesien die vereistes en behoeftes van die sosiale menslike aktiwiteit waarop dit gebaseer is met tyd verander. Die sosiale verandering ter sprake, het te doen met veranderinge in die sosiale samestelling van ’n groep of samelewing waar daar ’n herrangskikking van basiese sosiale strukture en elemente plaasvind. Dit bied uitdagings vir godsdiens as sosiale instelling. Hiervan is die Ned Geref Kerk nie uitgesluit nie en daarom is daar direkte implikasies vir die religieuse konstrukte van die Ned Geref Kerk. Die dramatiese, polities-sosiale veranderinge wat sedert 1994 in Suid-Afrika plaasgevind het, bring vir die Afrikaners en die Ned Geref Kerk geweldige uitdagings ten opsigte van die religieuse konstrukte van die burgerlike godsdiens en die apartheidsteologie. Die verdere sosiale veranderinge in Suid-Afrika teen die agtergrond van die meta-konteks van globalisasie bring ook ongekende verandering in die daaglikse sosiale- en private sfere. Ook hierdie veranderinge bied uitdagings vir die Ned Geref Kerk.

In die volgende hoofstuk word die fokus toegespits op die verskynsel van sekularisasie.

© University of Pretoria

# Hoofstuk 3

# Sekularisasie as samelewingsfenomeen

## 3.1 INLEIDING

Tot dusver is die funksie van die samelewing en die funksie van godsdiens as samelewingsinstelling bespreek asook die veranderlikheid van beide die samelewing en godsdiens as sosiale konstruksies.

In hierdie hoofstuk word aan sekularisasie as samelewingsverskynsel aandag gegee. Die oorsake van sekularisasie sal bespreek word asook die kenmerkende uitwerking van sekularisasie. Verder word die reikwydte van sekularisasie nagespeur binne die kontekste van die Suid-Afrikaanse samelewing en die Nederduitse Gereformeerde Kerk soos dit in Hoofstuk 2 aan die orde gestel is.

Omtrent die verskynsel van sekularisasie is daar baie uiteenlopende argumente. In hierdie studie word die verskillende argumente nie beoordeel nie, maar word eerder gepoog om ’n omvattende beskouing van die saak daar te stel.

## 3.2 DIE VERSKYNSEL BEKEND AS SEKULARISASIE

Die konsep van ‘sekularisme’ is vir die eerste keer in 1846 deur George Jacob Holyoake (1817-1906) gedefinieer. Met dié konsep het Holyoake verwys na ’n opset waarin enige sosiale orde verwyder is van die invloed van godsdienstige idees, sonder om godsdienstige oortuigings direk te kritiseer (Turner, 2011:128-129). Holyoake se bedoeling, volgens Cady en Hurd (2010:3), was om die versplinterende teenoorstaande lewensoortuigings van teïstisme en ateïstisme op ’n positiewe wyse byeen te bring waarin die appèl van die menslike rede, ervaring en waarde asook die uitkomste van die natuurwetenskappe verreken word. Hoewel Holyoake met die term ‘sekularisme’ nie ’n antitese van godsdiens wou stel nie, wys Berger (1990:106-107) daarop dat in anti-kerklike en progressiewe kringe, sekularisasie tog in sodanige verband gebruik word. Dan verwys die term na die moderne mens se vrywording van godsdienstige voogdyskap in die daaglikse samelewing. Die veronderstelling is dan dat die menslike lewe deur blote alledaagse, sekulêre middele, soos die moderne wetenskap, verbeter en in stand gehou kan word. Wat die etiese betref, het die norm om goed te doen aan ander, geen religieuse

© University of Pretoria

ondersteuning nodig nie (Turner, 2011:129). Daarom hou die term in tradisionele kerklike kringe verband met die gedagte van ‘ont-Christeliking’. Hoe dit ookal sy, hierdie term verwys na kulturele en politieke empiriese prosesse van ideologiese aard wat geweldig belangrik is (Cady & Hurd, 2010:4) binne die publieke sfeer sowel as die private sfeer van mense se daaglikse bestaan. Dit verander godsdiens as sosiale instelling ingrypend. Sekularisasie het direkte implikasies vir religieuse realiteite en konstrukte. Hieraan word vervolgens aandag gegee.

### 3.2.1. ’n Beskrywing van sekularisasie

Meer omvattend as wat hierbo te kenne gegee is omtrent sekularisasie, ken ons sekularisasie in sy bekende vorm as die proses waardeur dele van die samelewing en kultuur verwyder raak van godsdienstige instellings en simbole waardeur dit voorheen beïnvloed is. Maclure en Taylor (2011:2) toon aan hoe die plek van godsdiens in die publieke sfeer verander het en beskryf kan word met frases soos ‘skeiding tussen kerk en staat’, ‘neutraliteit van die staat teenoor godsdiens’, of die onderskeid tussen ‘publieke sfeer’ en ‘private sfeer’ - met godsdiens wat tot die laaste beperk word. In hierdie opsig maak Maclure en Taylor (2011:15) onderskeid tussen *politieke sekularisasie* en *sosiale sekularisasie*. Hulle onderskeid stel twee maniere van verstaan wat bydra tot ’n beskouing van sekularisasie wat die skrywer beskryf as strukturele sekularisasie en sosiale sekularisasie, aan die orde.

#### *3.2.1.1 Strukturele sekularisasie*

Sekularisasie het te doen met sosiaal-strukturele prosesse:

- Die eerste van hierdie sosiaal-strukturele prosesse is *politieke sekularisasie* – die term van Maclure en Taylor. Dit is die proses waardeur die staat sy onafhanklikheid van godsdiens vestig. Hierdie sekularisasie rus op twee belangrike, praktiese beginsels: die skeiding tussen kerk en staat, asook die staat wat sy neutraliteit ten opsigte van godsdiens handhaaf. Die staat is in sy optrede dus ‘sekulêr’ en tree op so wyse in die belang van die ‘publieke’ op volgens beginsels wat potensieel aanvaarbaar is vir alle burgers. Hierdie beginsels vind uitdrukking in positivistiese regs- en publieke beleide wat vry is van religieuse verwysings (Maclure & Taylor, 2011:20). Maclure en Taylor (2011:34) wys egter daarop dat hierdie toedrag van sake in ’n sekulêre staatsbestel nie noodwendig daarop dui dat die staat ’n probleem het met godsdiens in die publieke sfeer nie.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Binne ’n sekulêre staatsbestel kan die nodigheid van godsdiens en die beoefening daarvan selfs erken word, solank die beginsels van die sekulêre staat en wedersydse respek nie in gedrang kom nie.

- Taylor (2007:594) toon ook aan dat daar *’n verandering gekom het van die strukture waarin ons leef*, asook ’n verandering in die manier waarop oor hierdie strukture nagedink word. Dit is heeltemal korrek om op te merk dat die verandering te doen het met die oortuiging dat die verskillende strukture waarin ons leef (wetenskaplik, sosiaal, tegnologies, opvoedkundig en so meer) *elkeen in sy eie terme verstaan* behoort te word sonder verwysing na die ‘bonatuurlike’ of ‘transendente’. Die invloed van religieuse strukture op ander sosiale strukture neem af en in baie gevalle word die invloed van godsdiens as gevolg hiervan gemarginaliseer.

Daarom verander die posisie van die kerk in die samelewing. Dié posisie varieer in die globale situasie. In sommige moderne industriële samelewings staan die kerk op die perifirie van dié samelewings. Avis (2003:80) wys daarop dat in sodanige situasie die kerk geen determinerende rol in hierdie samelewings speel nie, maar dat dit slegs die samelewing, wat in werklikheid onafhanklik daarvan bestaan, bedien. In ander samelewings het die kerk daarin geslaag om ’n sentrale posisie te behou deur self hoogs-gesekulariseerd te raak. Dit beteken dat die kerk beïnvloed word deur die denkpatrone en beginsels van sekulariserende werkinge. In sodanige gevalle meen Norman (2003:34) reflekteer die kerke en kerkleiers (wat poog om die sentrale posisie van die kerk in hulle gemeenskap te behou) doodeenvoudig die waardes van daardie sosiale omgewing. Hierdie sentrale posisie is dikwels slegs simbolies van aard omdat ongeartikuleerde godsdienstige oortuigings en waardes in die algemeen voortgesit word as ’n tipe generiese geloof. Wat hierdie algemene godsdiens betref, word ’n Christelike vorm vaagweg voortgesit, onafhanklik van die kerk. Selfs diegene wat nie gereeld kerk bywoon nie, is nog deel van godsdienstige plegtighede en rites (soos die doop, belydenisaflegging, huwelike en begrafnisse) waarmee hulle vanuit hulle alledaagse sekulêre lewe tree na die numineuse (Avis, 2003:100,103).

© University of Pretoria

Die impak van godsdiens en kerke om dus ’n *verenigende faktor in gemeenskappe te wees, verminder*. Al minder het kerke die vermoë om gemeenskappe te mobiliseer tot byvoorbeeld gemeenskapsopheffingswerk en welsynswerk. ’n Situasie waarin die kerk die natuur en struktuur van die gemeenskap en samelewing wesenlik bepaal (Avis, 2003:80), is in ’n gesekulariseerde samelewing onwaarskynlik en dit sien ons ook in Suid-Afrika.

- Daar is ook *veranderinge bínne religieuse strukture*. Vir Taylor (2007:595) is die verandering in religieuse strukture kompleks omdat die vroeëre vorms van die godsdienstige lewe gedestabiliseer word en ’n voortgaande proses van verandering in hierdie strukture waarneembaar is. Norris en Ingelhart (2004:13) meen ook dat enige sekularisasieteorie hierdie tendens moet insluit.

###### *3.2.1.2 Sosiale sekularisasie*

Sekularisasie is egter meer as net hierdie sosiaal-strukturele prosesse. Dit affekteer die totaliteit van die kulturele lewe en idees en het daarom ook ’n subjektiewe kant. ’n Staat wat polities sekulêr word, bevorder nie opsetlik *sosiale sekularisasie* nie, maar dit gebeur spontaan. Dit gebeur omdat die liberale staat die beginsel verdedig dat die individue van die samelewing beskou moet word as outonome morele mense, vry om hulle eie idees van die lewe te vestig. Daarom is *sosiale sekularisasie* ’n sosiologiese verskynsel wat in mense se idees en die lewe gestalte kry (Maclure & Taylor, 2011:21). Dit is verstaanbaar dat die konkrete ervarings van hierdie sekularisasie altyd gekleur sal word deur die geskiedenis en konteks van ’n spesifieke samelewing. Hoewel sekularisasie ’n wêreldwye verskynsel in moderne samelewings is, is dit nie op ’n uniforme wyse in die samelewings versprei nie. Taylor (2007: 424) wys daarop dat hierdie verskynsel gekompliseerd is met variasies in die kontekste van verskillende lande, streke en sosiale klasse. Verskillende groepe van die populasie word verskillend daardeur geaffekteer. Berger (1990:108) postuleer dat sekularisasie ’n groter effek het op mans as vroue, op mense in hulle middeljare as op jonger of ouer persone, op stedelinge meer as op plattelanders en op die sosiale klasse wat direk verbind is met die industriële wêreld. Ook Avis (2003:72) meen dat die industriële stedelike lewe bydra tot sekularisasie omdat hierdie tipe lewe geneig is om die sosiale

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



en kognitiewe strukture wat die Christelike bestaan, oortuigings en waardes ondersteun, te ondermyn of selfs te op los. Verder is dit Protestante en Jode eerder as Katolieke wat meer deur sekularisasie beïnvloed word.

Daar bestaan dus nie 'n suiwer model van sosiale sekularisasie nie, alhoewel tog gesê kan word dat een van die belangrike komponente van enige model omtrent sosiale sekularisasie die uitkalwing van die invloed van godsdiens in die alledaagse sosiale praktyke en in individue se lewe, sal insluit (Maclure & Taylor, 2011:15-16,53). Die volgende is ter sprake by die beskouing van sosiale sekularisasie:

- As Degenaar (1974:51) omtrent sekularisasie as verskynsel nadink, dan verwys hy na die proses waardeur dinge van *die alledaagse lewe onder die beheer van die mens gekom het*, in dié sin dat die mens outeur word van sy eie lewe. Verantwoordelikheid en gesag oor die lewe van die mens lê nou in sy eie hande en nie meer in die hande van 'n eksterne outoriteit nie. Hierdie emansipasie van die mens word geïnterpreteer as 'n vrywording van 'n ander, godsdienstige of metafisiese wêreld se invloed. Die gesekulariseerde mens leef in onafhanklikheid en vryheid binne 'n een-dimensionele wêreld. Die mens leef nou binne 'n wêreld met die toekoms oop. Selfaktualisering word 'n prioriteit en daarom is die mens bewustelik besig om vorm te gee aan sy lewe. Daarom is daar die kenmerkende (oor)waardering vir die stoflike realiteit – die konsep van korpo-realiteit (Degenaar, 1974:55-56).

  In Shutte (2006:36) se beskrywing van sekularisasie word ook uitgewys dat dit juis religieuse en morele outoriteit is wat gedevalueer word. In die plek daarvan kom die *outonomie van die menslike bewussyn*. Om die individu te verhinder om self oor sy godsdienstige of morele ingesteldheid te beslis, is 'n ondermyning van sy integriteit.

- Gaum (2011:53-54) wys daarop dat die kulturele realiteit van sekularisasie die Christelike geloof in sy kern aantas. Europa is by uitstek die voorbeeld, maar dit is ook die geval in die Westerse wêreld as geheel dat die *invloed van die Christendom dramaties afgeneem* het. Daar het 'n einde gekom aan 'n spesifieke bedeling en 'n spesifieke manier waarop die kerk in die samelewing funksioneer.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Avis (2003:52) meen die term 'sekularisasie' word korrek gebruik as dit verwys na die *verminderende sosiale betekenis van godsdiens*, die verminderende effek van godsdiens op openbare opinies en sosiale norme, asook die afname van die invloed en impak van godsdiens in die algemene lewe. Taylor (2007:423) beskryf sekularisasie hoofsaaklik as die terugtrekking van godsdiens vanuit die publieke lewe en daarmee saam die afname van geloof in die sosiale praktyk. Wanneer die daaglikse lewe geledig word van die verwysing na die numineuse is dit skaars moontlik dat godsdiens geag sal word as 'n betekenisvolle deel van die geldende kultuur (Norman, 2003:43).

Ook Norris en Ingelhart (2004:40) meen dat die verminderende belang van godsdiens in die lewe van mense en die publiek *se groeiende ongeërgdheid omtrent geestelike sake* die werking van sekularisasie reflekteer. Hoewel dit so is dat sekularisasie as 'n invloedryke verskynsel in die hedendaagse kultuur werksaam is, is dit nie die geval dat ons in 'n volledige sekulêre wêreld woon nie. Daar is nie totale ongeloof nie. Hoewel dit die geval is met baie individue, handhaaf andere dalk net 'n veilige afstand tot godsdiens (Taylor, 2007:727).

Daar is egter steeds baie toegewyde gelowiges. Empiries is daar nog genoegsame bewyse dat godsdienstige beoefening, volgens verskeie tradisies, vir baie steeds relevant is en dat 'n groot deel van die populasie steeds die kernoortuigings van die Christelike geloof as hoë grond beskou (Avis, 2003:65). Die vraag is egter vir hoe lank en op watter wyse dit voortgesit sal word binne 'n konteks met sekulariserende invloede.

Hoewel daar dus argumente ingebring kan word teen die sekularisasieteorie wat die afname van religie en godsdienstigheid as 'n onvermydelike liniêre historiese ontwikkeling beskou, word die effek van sekularisasie juis op hierdie wyse raakgesien (McGuire, 1991:250).

Om te verklaar hoekom die *sosiale betekenis van godsdiens* verminder in verskillende kontekste en sosiale klasse is dit belangrik om ook van Norris en Ingelhart (2004:13) se teorie omtrent sekularisasie kennis te neem. Die teorie is gebaseer op twee aksiome of grondstellings waarmee *die variasies wat wêreldwyd in godsdienstige praktyke gevind word*, verreken kan word.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die eerste grondstelling het te doen met die aanname dat ryk en arm nasies aansienlik verskil in hulle vlakke van volhoubare menslike en sosio-ekonomiese ontwikkeling. Daarom is daar ook ’n verskil in die basiese lewenskondisies en menslike sekuriteit wat die afgelope jare as ’n belangrike doelstelling van internasionale ontwikkeling na vore gekom het. Die idee van menslike sekuriteit is een wat wyd erken word omdat dit belangrik geag word vir mense se welwese. Dit is ook deur modernisasie, so word aanvaar, dat verhoogde vlakke van menslike sekuriteit toenemend voorkom. Die modernisasieproses verminder die bedreiging om te oorleef wat algemeen is in ontwikkelende gemeenskappe, veral onder die armste strata. Norris en Ingelhart meen dat die belewenis van *menslike sekuriteit* al dan nie, ’n geweldige invloed het op godsdiens omdat hierdie sekuriteit ’n direkte impak het op die behoefte aan die versekering wat godsdiens bied (Norris & Ingelhart, 2004:13-14,16). Mense wat baie besit, word geabsorbeer deur die moeisame taak om hulle eiendom te preserveer. In die moderne tyd word mense al hoe meer slagoffers van hulle eie najaging van materiële wins en die sakralisering van hulle persoonlike welvaart (Norman, 2003:98).

Die tweede grondstelling veronderstel dat die meeste verskillende wêreldbeskouings wat vandag kenbaar is, voorheen met godsdienstige tradisies verbind is waardeur die kulture van elke nasie oor ’n lang tyd gevorm is. Norris en Ingelhart (2004:17) postuleer dat hierdie *kulturele waardes* steeds oorgedra word na die burgers, maar nie primêr meer deur die kerk nie. Dié taak is oorgeneem deur ander sosiale instellings soos die onderwys en die media. Hoe die historiese erfenis van ’n gegewe godsdiens voortgesit word, word gesien in die feit dat ’n algemene Protestantse waardesisteem steeds as ’n kulturele erfenis manifesteer in hoogsgesekulariseerde samelewings soos Noorweë, Denemarke, Finland, Duitsland en Nederland. Tog word hierdie historiese erfenis nie onveranderd voortgesit nie. Die langtermynprosesse van samelewingsontwikkeling en gepaardgaande sekularisasie verander ook die erfenis se basiese kulturele waardes, want die oordraers daarvan is nie meer die kerk nie, soos genoem, maar publieke, sosiale instellings. Daarom sal daar selfs

© University of Pretoria

ten opsigte van die kulturele waardes ’n meer liberale morele toepassing wees (Norris & Ingelhart, 2004:178).

Wat tot dusver blyk, is dat sekularisasie in twee dimensies merkbaar is: eerstens in die *sekularisering van die samelewing en kultuur* en tweedens in die *sekularisering van die persoonlike bewussyn.* Dit hou in dat daar toenemend op ’n kollektiewe sowel as ’n individuele vlak omtrent die wêreld nagedink word sonder om van enige godsdienstige interpretasies gebruik te maak (Berger, 1990:108). Norris en Ingelhart (2004:40) wys daarop dat godsdiens en sekularisasie dus beide multi-dimensionele verskynsels is en daarom is die onderskeid tussen godsdiens as sosiale instelling en godsdiens as individuele praktyk belangrik, soos dit ook in Hoofstuk 2 verduidelik is. Maar in verdere nadenke omtrent die gedagte van die twee dimensies van sosiale sekularisasie is dit nie eenvoudig om die simmetrie daartussen te bepaal nie. Berger (1990:109) wys byvoorbeeld daarop dat daar ’n sekularisasie van die persoonlike bewussyn kan plaasvind binne godsdienstige instellings waar sterk tradisionalisme gehandhaaf word. In ’n ander situasie kan bekende tradisionele motiewe van ’n sekere godsdienstige bewussyn voortbestaan buite die voormalige institusionele konteks waarin dit normaalweg funksioneer. Avis (2003:80) bevestig dit deur op die paradoks te wys dat terwyl die historiese, hoofstroomkerke ’n algehele afname ondergaan, persoonlike godsdienstige oortuigings en waardes voortgesit word buite die grense van die kerke.

Ons vind uit die voorgaande die bevestiging dat sekularisasie drie prosesse omvat, soos Dekker (1997:107,109) dit beskryf:

- Sekularisasie verminder die godsdienstigheid van mense;
- Sekularisasie beperk die reikwydte van die godsdiens in die samelewing;
- Sekularisasie omvorm die godsdiens in sy geïnstitusionaliseerde gestalte.

Met hierdie drie prosesse word die verandering met betrekking tot godsdiens in die individuele lewe, die samelewing en die godsdienstige sisteme gedek. Om ewewigtig oor die ontwikkelinge in godsdiens en die kerklike opset te oordeel, is dit noodsaaklik om op al drie prosesse te let. Dit is ook belangrik om in gedagte te hou dat hierdie prosesse nie noodwendig ’n reglynige ontwikkeling toon nie, soos McGuire (1991:250) ook vroeër

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



aangedui het. So, byvoorbeeld, wys ondersoeke dat hoewel godsdienstigheid en kerklikheid sterk afneem in ’n gesekulariseerde samelewing, daar ook gevalle is waar bepaalde vorme van godsdienstigheid, soos fundamentalistiese Protestantisme, versterk (Dekker, 1997:131).

Dekker se beskrywing van die drie prosesse dien as opsomming van die definiëring van sekularisasie.

Wat die eerste proses betref, *die vermindering van mense se godsdienstigheid*, is die volgende volgens Dekker (1997:133,135,137) kenmerkend:

- Instemming met die tradisionele godsdienstige waarhede word geringer – selfs ook onder kerklidmate;
- Die singewende invloed van godsdiens neem af in mense se lewens;
- Mense steur hulle al minder aan kerklike voorskrifte;
- Godsdiens het bloot ’n kwessie van individuele keuse wat alleen vir die subjektiewe bewussyn van waarde is, geword;
- Die bestaande, kerklik-georganiseerde Christelike godsdiens beteken al hoe minder vir baie mense - selfs vir mense wat lidmaatskap het aan ’n bepaalde kerkgroep. So wys Erasmus *et al* (2009:11) dat in die Suid-Afrikaanse samelewing daar ’n afname is in religieuse affiliasie. Die belangrikheid van godsdiens as ’n komponent van individuele- en groepsidentiteit neem af. Niemandt (2013b:9) meen dat Suid-Afrika ’n soort gekonsentreerde sekularisasie beleef waar al hoe meer mense al minder waarde aan godsdiens heg en bewustelik ’n keuse uitoefen om nie in ’n god te glo nie.

Wat die tweede proses betref, wys Dekker (1997:137,139,141,143) hoe *die reikwydte van die godsdiens in die samelewing ingeperk* word:

- Godsdiens se betekenis as noodsaaklike element vir die ordening van die samelewing kwyn. Die pogings van die kerk om in die samelewing betrokke te wees, slaag slegs met groot moeite;
- Daarom het godsdiens en kerk hulle monopolie op lewenswaardes en singewing verloor;
- Die kerk bevind hom dus in ’n konkurrente posisie ten opsigte van ander instellings – tereg soos in ’n marksituasie;

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



- As gevolg van die differensiasieproses in die samelewing het godsdiens en die kerklike lewe ’n afsonderlike samelewingsektor geword, afgeslote van die wyer samelewing en dikwels in stryd met ander sektore;
- Ook op individuele vlak word die reikwydte van die godsdiens beperk as gevolg van die privatiseringsproses wat godsdiens toenemend konsentreer in die persoonlike wêreld van mense;
- Dit maak dat die offisiële, geïnstitusionaliseerde godsdiens al meer ontoereikend is in die vorming van die outonome individu se godsdienstigheid. Nietemin is die kerk met min keuse gelaat om sy aktiwiteite maar op die persoonlike wêreld van mense te konsentreer.

Die derde proses hou verband met die neiging by *godsdienstige instellings om hulle vorme en opvattings by die veranderende denkbeelde en denkwyses van mense aan te pas* (Dekker, 1997:145,147,149):

- Weens godsdiens se privatisering kan godsdienstige instellings nie sondermeer op die getrouheid van lidmate reken nie. Daarom word dit al hoe belangriker om ter wille van die behoud van lidmate met hulle bedieningsbehoeftes rekening te hou en daarby aan te pas;
- Dit is so dat mense waardes en opvattings wat in ooreenstemming is met hulle eie opvattings, makliker aanvaar as dié wat daarmee in stryd is. Hierdie situasie is nie bevorderlik vir die instandhouding van tradisioneel-ortodokse leerstellings nie, want dit word al meer uitgedaag as gevolg van rasionalisering en subjektivering – selfs ook deur gelowiges. Onder Afrikaners sien ons hierdie dinge gebeur. Daar is weliswaar dié wat kerklik min of meer meelewend is en wie se geloof in God en lojaliteit teenoor die kerk nie ernstig aangetas is deur die sekulariserende veranderinge in die land en kerk nie. Tweedens is daar ’n groep met bedenkinge oor die kerk – sy nut, sy rol, sy sin. Derdens is daar ’n groep wat van hulle geloof-in-eenvoud ’n ernstige saak wil maak, wat neig na ’n soort charismatiese fundamentalisme en wat nie noodwendig die gebaande kerklike weë wil bewandel in die uitlewing van hulle geloof nie (Gaum, 2011:72).
- ’n Verandering voortvloeiend is die verskuiwing van ortodoksie na etika – waar die ontologiese plek maak vir die pragmatiese. Hierdie verandering het betrekking op hoe

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



die mens self sy lewe inrig. Dit word 'interne sekularisasie' genoem wat beskryf word as sekularisasie van die persoonlike bewussyn. As Shutte (2006:36) se redenasie dat sekularisasie te doen het met 'n verandering in die manier waarop godsdiens en moraliteit uitgeleef word, dan bevind die NG Kerk hom midde-in sodanige situasie.

- Hierdie verandering dui daarop dat een-dimensionaliteit in die hedendaagse mense se denke toeneem, dat baie mense nie meer transendente ervarings deel van hulle bewussyn ag nie. Die kerk se aanpassing by hierdie verandering, versterk ook veranderinge in die inhoud van lidmate se godsdiens.

Sekularisasie is dus 'n komplekse proses wat opgemaak word deur sosiale en institusionele veranderinge. Dit open die deur vir die invloed van morele en religieuse diversiteit. Nuwe idees word deel van die samelewing soos nuwe maniere van bestaan aanvaar en gevestig word. In openbare oorlegpleging skep dit problematiese verhoudinge tussen godsdiens, publieke norme en openbare instellings. Dit legitimeer die vryheid van die moderne mens om 'n diversiteit van religieuse oortuigings en morele waardes te beoefen. Sekularisasie rus op 'n moeilik-verdeelbare pluraliteit van beginsels en die uitwerking daarvan in die praktyk (Maclure & Taylor, 2011:3-5).

In konklusie: Godsdiens het nie geheel en al sonder betekenis geword vir die lewe en die samelewing nie. Vir baie het godsdiens en die kerk steeds groot betekenis. Godsdiens het daarom nog invloed op die waardepatrone en kultuurpatrone van die samelewing, alhoewel die betekenis daarvan geringer geword het as gevolg van die drievoudige sekularisasieproses, soos beskryf deur Dekker (1997:155). Sekularisasie het ook nie gekom deur die opsetlike toepassing van 'n ideologie, of as gevolg van 'n aanslag op die godsdiens nie. Dit is in praktyk 'n heroriëntasie van die lewe wat geleidelik geproduseer is. Dit word ook op geen sistematiese wyse teengestaan nie – selfs die kerke is oneffektief teen die uitwerking daarvan (Norman, 2003:50).

Die vraag is hoe hierdie tendens tot ons gekom het om deel te bly van ons hedendaagse samelewing. Vervolgens is dit nodig om aan die oorsake van sekularisasie aandag te gee.

## 3.3 DIE OORSAKE VAN SEKULARISASIE

© University of Pretoria

In nadenke omtrent die draers van sekularisasie is daar verskeie moontlikhede. Die draers wat hieronder bespreek word, hou opsigtelik verband met die kulturele epogge van ons tyd naamlik moderniteit en postmoderniteit as konteks van sekularisasie. Alvorens ons kyk na die draers van sekularisasie, kyk ons eers na die konsepte van moderniteit en postmoderniteit.

### 3.3.1 Moderniteit en postmoderniteit

Avis (2003:52,65) is van mening dat dit belangrik is om te verstaan dat sekularisasie in die wydste sin te doen het met die interaksie tussen die Christendom en die *opkoms van moderniteit*. Dit is nodig om te verstaan wat met moderniteit bedoel word sodat begryp kan word wat die invloed daarvan is op die Christendom en hoekom dit die gronde skep vir die proses van sekularisasie. Daar is ’n verskil tussen moderniteit en modernisme asook tussen postmoderniteit en postmodernisme. Moderniteit en postmoderniteit is periode-konsepte wat as kulturele epogge beskou kan word. Modernisme en postmodernisme verwys na *filosofiese beskouings wat se ideologieë* en etiek geopen is deur die gelyklopende periode-konsepte. In kort kan modernisme wat as basis dien vir postmodernisme se bepalende eienskap beskryf word as die sekerheid in die mens se mag om die kenbare sosiale, ekonomiese en politieke orde te verander en te beheer volgens die *universele kriteria van rasionaliteit* (Avis, 2003:92-93). Die Wes-Europese kulturele beweging van die *Aufklärung* (17de en 18de eeue) ontsluit ’n tyd van bevryding in Wes-Europa, wat die grond sou lê vir die mens om homself al meer vry te waan van alle binding met die Woord en die kerk. Dit was ’n beweging met sterk sekulariserende kragte wat aangehelp is deur die ontdekkings van die moderne wetenskap en die uitvindsels van die tegnologie. Martin (2005:124) voeg ook *modernisasie* by *as kragtige werking van die moderniteit.* Wetenskaplike rasionalisering was die grondbeginsel en so is die epog van moderniteit wat oor alle dele van die Westerse wêreld versprei het, insluitende Suid-Afrika se bevolking van Europese afkoms, ingelei.

Wanneer *postmoderniteit* beskryf word, vind Gergen (1991:7) se beskrywing aansluiting by die gedagte van Avis dat ons nie in die eerste plek met ideologieë te doen het nie, maar met ’n *kondisie* of *toestand* wat ’n nuwe wêreldbeskouing verteenwoordig. Om dit ’n *kondisie* te noem, val die klem dus nie op verabsoluterende ‘-ismes’ nie, maar eerder op die beskrywing van veranderende bewegings en patrone in denkwyses wat tipies is

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



van die huidige era. In die postmoderniteit vind ons die voorsetting van die gedagte dat die mens homself vry ag om as ’n ongebonde, selfstandige individu te ontwikkel met sy of haar eie opinies. In aansluiting by die bogenoemde is dit byna voorspelbaar dat die hedendaagse kultuur ook gekenmerk word deur die klem wat gelê word op die individu se *selfaktualiseringservaring* (Avis, 2003:87). Moltmann (1999:212) identifiseer hierdie saak as een van die beginsels van die moderne wêreld. Individuele selfaktualisering gee uitdrukking aan jou reg tot menswaardigheid. Hierdie selfaktualisering veroorsaak egter dat die groot kollektiewe magte, soos die gesin, die kerk en tradisie hulle mag in die individu se lewe verloor. Die individuele bewussyn word die norm om te bepaal wat as waar en geldend in die lewe van die individu beskou behoort te word. Dit is dus te verstane dat in moderne samelewings hierdie selfaktualisering gemaklik gekombineer word met materialisme en die verbruikerskultuur (Norman, 2003:77) wat later bespreek sal word.

Dit is die rasionaliteit van die individuele bewussyn wat as kragtige sekulariserende dryfkrag in die hedendaagse lewe bydra tot die volgende kenmerke van postmoderniteit:

- *Oorkoepelende wêreldbeskouings* (meta-narratiewe) wat normaalweg deur godsdiens in stand gehou word, word uitgedaag. Daar is ’n geneigdheid om die sosiale netwerke wat deur hierdie meta-narratiewe tot stand gebring is en wat tradisioneel bedoel was om betekenis en identiteit vir die self en vir die gemeenskap te verleen, te *dekonstrueer* (Avis, 2003:84).
- Daarom word die ruimte geskep om *alternatiewe rasionaliteite* se perspektief op die kenbare ook te verreken. Dit beteken dat daar ’n toleransie ontstaan omtrent alternatiewe rasionaliteite met gevolglike ideologiese relatiwisme. Dit bied geweldige uitdagings vir sistematiese godsdiens (Avis, 2003:88,93). Toleransie word nou gereken as ’n vereiste om burgerlike vrede binne ’n sekulêre samelewing te bewerk, aangesien godsdienstige en politieke absolutismes dit nie kan waarborg nie (Turner, 2011:130).

In die volgende verduideliking wat dr Piet Muller, toekomskundige, by geleentheid aangebied het by die Sentrum vir eietydse spiritualiteit, word aangetoon dat die geskiedenis van die godsbegrip altyd hand-aan-hand loop met die heersende wetenskap en kosmologie. Wanneer godsbegrip en tegnologie nie langer sinchroniseer nie, verloor

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



die godsbegrip sy morele gesag. Volgens hom het dit gebeur sedert die Nywerheidsrewolusie, toe die godsbegrip nie langer probleme soos die plundering van die aarde se hulpbronne en die ekologiese besoedeling wat daarmee saamgaan, kon hanteer nie. In 'n era van ongekende tegnologiese voortuitgang, soos nou, kan daar dus nie vasgeklou word aan die drieverdieping wêreldbeeld van 2000 jaar gelede nie. In die plek van die onveranderlike God van die verlede, sal die God van 'n toekomstige godsbeeld volgens Muller waarskynlik self deel van die veranderende werklikheid wees. As God beskou word as buite die kosmos, is daar geen moontlikheid dat so 'n God in staat kan wees om die werklikheid te beïnvloed nie (Oosthuizen, 2010b:4). Dit is hierin duidelik hoe die interaksie tussen die Christendom en die *opkoms van moderniteit en postmoderniteit* die deure wyd oopmaak vir sekularisasie.

Om te verduidelik hoe die mens se denke omtrent die numineuse deur die geskiedenis ontwikkel het, ook deur die epogge van moderniteit en postmoderniteit, stel Degenaar (1974:51-52) 'n model in die volgende terme: die drie fases van menslike denke – mities, ontologies en funksioneel (pragmaties). Degenaar meen hierdie model help ook om te beskryf hoe die persoonlike denke van die individu ontwikkel in sy nadenke omtrent die realiteit. In hierdie model word menslike verantwoordelikheid as 'n integrale deel van die menslike bestaan bygeroep.

Wat hierdie model veronderstel, is dat die mens se denke omtrent die realiteit verander, vanaf 'n mitiese, na 'n ontologiese, na 'n funksionele of pragmatiese beskouing. Elk van hierdie beskouings het 'n prinsipiële verstaan van die lewe en bepaal dus hoe die individu die betekenis van die lewe, menslike optrede en die geskiedenis benader. 'n Mitiese verstaan word gekenmerk deur die ervaring van verwondering vir die feit dat dinge bestaan. Die mens is ook oorbewus van die bestaan van dinge wat in terme van sy sosio-mitiese wêreld binne die teenswoordige realiteit aktief is. Daar is by die individu 'n gesindheid van onderworpenheid omdat hierdie werklikheid nie verander of bevraagteken kan word nie. Maar sekularisering veroorsaak dat die mitiese wêreld vervang word deur die *geschichtliche* (Van Niftrik, 1971:46). Dit gaan nou om die verhistorisering van die menslike eksistensie en hiervoor is 'n rasionele verkenning nodig om tot begrip van die teenswoordige werklikheid te kom. Die sosio-mitiese verstaan van die werklikheid maak nou plek vir die ontologiese verstaan daarvan. Wat kenmerkend is, is die individu se

© University of Pretoria

soeke na redes vir hoekom dinge bestaan en op ’n sekere wyse gebeur. Daarom kan daar naas hierdie werklikheid ook ’n metafisiese wêreld as ’n tweede werklikheid verreken word om verdere verheldering te bring vir die individu op soek na redes vir hoekom dinge bestaan en op ’n sekere wyse plaasvind. Hierdie verheldering word egter gedoen aan die hand van rasionele denkwette. Die derde fase hou verband met ’n manier van dink as die ontologiese verstaan ontoereikend is. Wanneer die oorvloed van idees wat bedoel is om die essensie van die lewe te beskryf, faal om sin te bring, kom daar ’n behoefte by die individu om begrip te kry van hoe dinge sy lewe affekteer. Die sosio-mitiese verstaan word allermins onkrities aanvaar. Die moontlikhede en die belangrikheid van die mens moet tot sy reg kom en daarom is daar ’n pragmatiese ingesteldheid ten opsigte van die lewe – wat kan die individu uit die lewe verkry wat hom tot voordeel sal wees vir die hier en nou. Hier is subjektivering, een van die wesenlike elemente van sekularisering, ook aan die werk. Alles wat op waarheid en werklikheid aanspraak wil maak, moet eers voor die subjek, die mens, verantwoord word. “Die ikbeleving fundeert voor de mens de denkbaar zekerste werkelijkheidszekerheid...” (Van Niftrik, 1971:50).

### 3.3.2 Institusionele differensiasie

In aansluiting by voorafgaande onderskei Vos (1995:194) verskillende dimensies van modernisasie. Daar kan van ekonomiese, politieke, sosiale en kulturele modernisasie gepraat word. Die beginsel waarvolgens elk van die dimensies bedryf word, is *rasionaliteit*. Omdat elke dimensie volgens sy eiesoortige rasionaliteit funksioneer, is *fragmentasie en differensiasie* ’n gegewe. Waar kulturele modernisasie dus plaasvind, lei die kuns, wetenskap, moraal, wet, opvoeding en onderwys, filosofie en godsdiens steeds meer ’n eie lewe. In hierdie sin het ons te doen met ’n situasie van *institusionele differensiasie*. Germond (2005:52) identifiseer differensiasie as die proses waardeur verskeie institusionele sfere in die samelewing geskei raak van ander institusionele prosesse. McGuire (1991:233-234,251) meen dus dat differensiasie een van die duidelike eienskappe van modernisasie is. Relatief komplekse, moderne samelewings word gekenmerk deur strukturele segregasie van die sosiale lewe in verskillende sosiale instellings wat nie met godsdiens vervleg is nie. In hierdie situasie fokus die verskillende institusionele sfere in die samelewing dus al meer op hulle eie gespesialiseerde funksies.

© University of Pretoria

So word die verwydering bevorder. Dit sluit aan by die gedagte van *strukturele sekularisasie* wat vroeër bespreek is.

So meen Berger (1990:123) het die *vorming van die Christelike kerk as sosiale instelling* onopsetlik bygedra tot die proses van sekularisasie. In terme van die godsdienssosiologie verteenwoordig die kerk, as godsdienstige instelling, ’n ongewone vorm van institusionele spesialisasie. Die konsentrasie van godsdienstige aktiwiteite en simbole in een institusionele sfeer veroorsaak dat die res van die samelewing en sy sosiale instellings as ‘die wêreld’, die profane werklikheid, gedefinieer word. So kom die kerk teenoor baie ander instellings in die samelewing te staan. Die sekulariserende potensiaal van hierdie verstaan van die werklikheid is duidelik. Solank die Christelike kerk op hierdie wyse voortbestaan, bestaan die potensiaal dat ‘die wêreld’ en sy sosiale instellings al meer gesekulariseerd word, aangesien dit beskou kan word as instellings buite die kerk se invloedsfeer.

Waar dit gebeur dat godsdienstige funksies beperk word tot spesiale godsdienstige instellings, apart van instellings soos die onderwys, politiek en ekonomie, kan die normes, waardes en praktyke van die godsdiensige sfere slegs indirekte invloed op ander sosiale sfere hê (McGuire, 1991:251). Dat godsdienstige instellings hulle mag verloor om op direkte wyse die normatiwiteit in die samelewing te impakteer, wys duidelik die proses van sekularisasie. Dit beteken dat in hoogs-gediffensieerde sosiale sisteme kan godsdiens slegs sy invloed laat geld deurdat mense hulle persoonlike godsdienstige oortuigings behou en toepas in die institusionele sfere waar hulle aktief is: by staatsinstellings, die werkplek, binne familiestrukture, by belangegroepe en –verenigings, binne sosiale netwerke ens. Maar, soos Shutte (1992:18) aandui, is dit vir mense in hierdie situasie nie altyd maklik of eenvoudig om hulle geloof openlik uit te leef of om te bepaal of ander persone ook gelowig is al dan nie.

Avis (2003:65) wys daarop dat voortgaande differensiasie op die langtermyn die *samelewing meer kompleks* maak met die gevolg dat vroeëre oortuigings en aannames wat algemeen gegeld het, algaande gereduseer word tot simboliese betekenisse wat vir die groter samelewing slegs geld binne sekere kognitiewe en sosiale raamwerke.

© University of Pretoria

Vir die redes hierbo genoem, meen baie teoretici, is differensiasie die rede vir die verminderende invloed van godsdiens. Dit lei daartoe dat godsdiens nie verspreid is deur die samelewing nie en dat godsdienstige instellings beperkte invloed het in ander institusionele sfere. So word godsdienstige instellings se beskouing van wat aanvaarbaar of onaanvaarbaar is asook hulle uitoefening van sosiale beheer volgens hierdie definisie ingeperk (McGuire 1991:251).

Die institusionele godsdiens word in die groter samelewing *'n gemarginaliseerde getuie* wat moet 'veg' vir 'n plek deur vennootskappe aan te gaan met ander sosiale instellings om saam verantwoordelikheid te neem vir byvoorbeeld vorme van gemeenskapsdiens, onderwys, armoedeverligting, morele dissipline en leierskap in die gemeenskap (Avis, 2003:66). Maar selfs in hierdie vennootskappe het die institusionele kerk beperkte geleenthede tot beïnvloeding. Die onderwysbeleid byvoorbeeld, het veral in lande met 'n situasie van morele en godsdienstige pluralisme, 'n liberale teësinnigheid om betrokke te wees by die oordrag van godsdienstige idees. Die beïnvloeding is dikwels ontledig aan dogmatiese inhoud en gevolglik word die Christelike geloof in 'n eenvoudiger, etiese vorm verteenwoordig (Norman, 2003:13,15). So word dit ook in die Suid-Afrikaanse handves van godsdiensreg en –vryhede beskryf dat openbare, opvoedkundige instellings 'n bepaalde godsdienstige etos mag aanneem, so lank dit op 'n billike, vry en vrywillige en nie-diskriminerende basis beoefen word (Die Kerkorde, 2012:206).

### 3.3.3 Liberale politiek

Voortvloeiend uit die voorafgaande, word die hedendaagse *liberale demokrasieë* ook beskou as 'n draer van die sekularisasieproses. Inteendeel, Maclure en Taylor (2011:2) is van mening dat daar breë konsensus is dat die sekularisasieproses 'n belangrike komponent is van enige liberale demokrasie.

Volgens Avis (2003:8-9) veronderstel liberale demokrasieë onder andere die volgende:

- die staat is uiteraard sekulêr;
- die staat is neutraal teenoor verskillende godsdienste en hulle morele perspektiewe;
- publieke instellings in diens van die staat behoort dieselfde neutraliteit teenoor verskillende godsdienste en hulle morele perspektiewe te toon;

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



- godsdienstige instellings se direkte invloed in staatkundige aangeleenthede word beperk omdat die staat sekulêre argumente gebruik in hulle beleidvorming;
- gelykheid van alle burgers voor die reg, ongeag hulle oortuigings en praktyke word gehandhaaf.

Die merkbare omtrent hierdie politieke situasie is dus die institusionele *verwydering tussen die staat en godsdiens* (Berger, 1990:130). Die verwydering van godsdienstige instellings of godsdientige oortuigings se invloed uit politieke aangeleenthede het ’n gesekulariseerde en pragmatiese politieke opset tot gevolg. Inderdaad, meen Taylor (2007:569), is dit geen verrassing dat in sekulêre samelewings wat uitsluitlik gefokus is op menslike uitkomste soos menslike welsyn, menseregte en gelykheid tussen mense, baie mense byna geen plek vir geloof in God in hierdie wêreld sien nie. In ’n gesekulariseerde staatkundige opset ag die staat godsdienstige geloof en daarmee saam moraliteit wat in godsdienstige terme uitgedruk word as ’n geïndividualiseerde voorkeur (Norman, 2003:48). Verder, in ’n demokrasie word veronderstel dat die meerderheid van die publiek se mening en oortuigings geld. In ’n liberale demokrasie word sekularisasie dus gesanksioneer deur die publieke opinie. Daarom word *toleransie* ten opsigte van morele oortuigings, pluralisme en individualisme nagestreef in die meeste hedendaagse liberale demokrasieë (Avis, 2003:9). Dit is duidelik dat in ’n liberale politieke opset publieke instellings, in diens van die staat, neutraal moet wees teenoor godsdiens in die algemeen. Dit beteken ook dat publieke ruimtes moet vry wees van enige godsdienstige verwysing. Dit is belangrik om daarop te let dat die liberale politiek se vereiste vir neutraliteit betrekking het op openbare instellings met wie die staat in verband staan en dat dit nie van individue in hulle persoonlike lewe vereis word nie. Hoewel die liberale staat ’n duidelike onderskeid wil bring tussen die publieke en private ruimtes om sodoende die publieke sfeer geheel van godsdiens te ledig, is dit in praktyk nie so eenvoudig nie. Die burgerlike samelewing omsluit albei hierdie sfere en beïnvloed dus albei hierdie sfere. Hier bestaan talle sosiale bewegings en organisasies, baie met ’n religieuse grondslag wat steeds bydra tot die dinamika en oortuigings van die samelewing (Maclure & Taylor, 2011:37,39,40).

© University of Pretoria

Maclure en Taylor (2011:9) beskryf die bestaan van die kerk in sodanige demokrasie as ’n bestaan onder ’n *‘regime of secularism’*. ’n Politieke sisteem wat godsdiens vervang met ’n omvattende sekulêre filosofie as sy fondasie, skep onopsetlik by die getroue lede van ’n bepaalde godsdiens die gevoel dat hulle tweedeklas burgers geword het. Dit gebeur veral in lande waar ’n liberale sekulêre staatsbestel ontstaan het uit ’n bittere stryd met ’n ander dominante morele en politieke filosofie, soos ’n burgerlike godsdiens (Maclure & Taylor, 2011:13-15). In hierdie opsig kan ons dink aan die Suid-Afrikaanse situasie. Die NG Kerk, met sy erfenis van burgerlike godsdiens, se belewenis van homself in die Nuwe Suid-Afrika is ’n sprekende voorbeeld van hierdie situasie. Baie mense is nog sterk godsdienstig en daarom sal die liberale, sekulêre Suid-Afrika steeds kritiek beleef vanuit religieuse kringe. Godsdienstige fondasies kan nie geheel en al vervang word met ’n allesomvattende sekulêre filosofie nie, want hierdie wêreldbeeld en mensbegrip word nie deur alle burgers gedeel nie.

Inaggenome die ANC se vryheidstryd, maak dit egter sin dat die ANC in sy beleide aanklank vind by ’n moraliteit wat onafhanklik is van godsdiens, en meer spesifiek die Christendom vanuit ’n Westerse erfenis. Om nie onder die kerk se gesag te wees nie, is ’n moraliteit wat gebaseer is op die mens se reg tot persoonlike vryheid aangeneem. Daar het egter ’n problematiek rondom hierdie vryheidsbeskouing in Suid-Afrika ontwikkel, aangesien dit in baie gevalle lei tot ’n narsistiese solipsisme. As Moltmann (1999:223-224) se opmerking in berekening gebring word dat daar geen vryheid sonder gelykheid is nie, word Suid-Afrika se demokrasie voor geweldige uitdagings geplaas. Sonder sosiale en maatskaplike gelykheid is daar geen geregtigheid nie. Sonder geregtigheid is daar geen vrede tussen mense van die nasie nie. Sonder gelykheid is daar op etiese vlak geen solidariteit nie. In ’n samelewing waar die publieke instellings die voordele én nadele wat kom deur die sosiale kollektiewe lewe, regverdig en op ’n moreel-aanvaarbare manier moet versprei, sal die publieke norme en instellings gedurig herassesseer moet word (Maclure & Taylor, 2011 :64).

Verder lê Suid-Afrika staatkundig sterk klem daarop dat dit ’n multi-etniese samelewing is. Daarmee saam kom die erkenning van ’n multi-kulturele sosiale opset. ’n Direkte uitwerking hiervan is die onttrekking van die politiek aan die aktiewe ondersteuning van ’n spesifieke godsdiens. Dit verskerp die rede hoekom daar nie ’n konstitusionele band

© University of Pretoria

tussen die institusionele Christendom en die staat bestaan nie. Politici konsulteer nie meer met die godsdienstige opinie wanneer wette bepaal word nie. Die staatkundige besigheid van die land word nou geheel en al op ’n sekulêre manier uitgevoer. Die Christendom is nie meer die morele bewussyn van die staat nie. Die vraag is egter of gesekulariseerde moraliteitsbeginsels genoegsaam is om die morele bewussyn in Suid-Afrika te optimaliseer. Hoewel daar ook in Suid-Afrika, net soos in ander sekulêre lande, verskeie spore van die voormalige erkenning van die Christendom in byvoorbeeld die reg en onderwys is, dra dit min by tot die betekenisvolle ondersteuning van die Christendom (Norman, 2003:116). So het Suid-Afrika ook vinnig verander na praktiese sekularisasie wat plaasgevind het in die algemene publieke denke en in mense se persoonlike identiteit.

### 3.3.4 Industriële kapitalisme en globalisasie

Wat sosio-kulturele prosesse in die Westerse beskawing betref, is die moderne ekonomiese proses met die *industriële kapitalisme* as dinamiese faktor, sekerlik ’n belangrike draer van sekularisasie. Die hedendaagse industriële samelewing is op sigself gesekulariseerd omdat die ideologiese beginsels daarvan vry van godsdiens is. Sodoende dien dit as ’n dryfkrag vir die globale sekularisasieproses (Berger, 1990:109). Verskillende strata van die moderne samelewing wat naby aan hierdie industriële kapitalisme funksioneer, word ook gesekulariseer, namate dit volgens dieselfde ideologiese beginsels begin funksioneer.

So byvoorbeeld is dit waarneembaar dat waar die industriële kapitalisme uitbrei en dominant raak in ’n samelewing, daar ook ’n spontane geneigdheid tot die sekularisasie van die politiek is, aangesien die politiek algaande deur die beginsels van die industriële kapitalisme beïnvloed word. Tans is die industriële kapitalisme besig om internasionaal uit te brei. Dit word dus toenemend moeiliker om ’n spesifieke nasionale gemeenskap te isoleer van die sekulariserende effek van hierdie ekonomiese sisteem (Berger, 1990:129-130). Volgens Moltmann (1999:153) word unieke gemeenskappe, wat ’n belangrike deel van die menslike bestaan uitmaak, deur hierdie globalisasie bedreig. Dit gebeur omdat globalisasie as’t ware tyd en ruimte kompakteer sodat hier en daar wat voorheen wêrelde en tye van mekaar geskei was, alhier vermeng. Dit is meer as ooit tevore nodig dat mense

© University of Pretoria

sal verstaan watter tendense in die wêreld werksaam is en wat empiries die geval in hulle eie konteks is ten opsigte van hierdie tendense (Maclure & Taylor, 2011:102,103).

Nog ’n faktor wat bydra tot die gesekulariseerdheid van die hedendaagse industrie, is dat die moderne industrie die dienste benodig van *wetenskaplike en tegnologiese personeel*, in wie se opleiding ’n hoë mate van *rasionalisering* voorkom. Hierdie situasie lei nie alleen tot die sekularisering van die persoonlike bewussyn van hierdie personeel nie, maar het ook ’n direkte sekulariserende invloed op die struktuur en funksionering van die industrie (Berger, 1990:132). Shutte (2006:36) beskryf dit so: Wetenskap het die weg gebaan vir agnostisisme en die verlies aan religieuse geloof.

Die *globale bemarking* van byna alle produkte en alle dienste is meer as net blote ekonomiese faktore – dit het ’n allesomvattende wetmatigheid van die moderne lewe geword. Die mark se beginsels het die filosofie van die lewe geword en dring deur tot die sosiale grein van gemeenskappe waar dit selfs religie en alledaagse menseverhoudinge beïnvloed. Die waardigheid van die mens in dié sisteem hang af van sy waarde vir die mark, aan dit wat hy kan vermag en nie meer van religieuse beginsels van menswaardigheid nie. In dié opset word mense se persoonlike waarde en selfrespek verwesenlik deur hulle waarde vir die mark. So word sosiale integrasie al swakker, want verhoudinge wat gebou word op onderlinge erkenning en aanvaarding vervaag (Moltmann, 1999:161-162). Hierdie globalisasie van kapitalistiese beginsels vind vastrapplek in die meeste moderne demokrasieë - ironies juis daar waar die beginsels van menslike vryheid en gelykheid ook nagestreef word (Moltmann, 1999:154).
Hierdie situasie word aangehelp deur *verstedeliking* wat geweldig toegeneem het. Die moderne mega-stede individualiseer en isoleer mense. Die afname in burgerlike of sosiale gemeenskap tesame met die verminderde rol van sosiale instellings se tradisies en gesag in hierdie konteks dra by tot kulturele ontheemdheid en anonimiteit. In die stedelike omgewing is detradisionalisering en deïnstitusionalisering opvallend (Avis, 2003:93). In ’n koerantberig haal De Villiers (2012:10) vir prof Nelus Niemandt aan wat daarop wys dat snelle sekularisering van stedelike Afrikaanses die hoofrede is vir die NG Kerk se daling in lidmaattal. Hierdie wêreldwye tendens in die Westerse Christendom veroorsaak ook in ons eie midde dat mense gewoon saggies van die kerk wegdryf. Sommige probeer

© University of Pretoria

eers ander kerkverbande, maar dit is gewoonlik net deel van die proses waardeur hulle heeltemal uit die kerk tree. Wat vir prof Niemandt tot kommer stem, is dat hierdie tendens 'n aanduiding is dat al meer en meer mense ervaar dat die kerk hulle nie help om hulle geloof in hierdie nuwe wêreld uit te leef nie (Oosthuizen, 2012:3).

Verder, die globale, kapitalistiese ekonomieë wat die hedendaagse wêreld domineer, skep 'n verbruikersekonomie waarvan min samelewings uitgesluit is. Die moderne massamedia, as werktuig van die verbruikersekonomie, dra by tot die groeiende verskerping van die *verbruikersmentaliteit* wat die moderne globale kultuur kenmerk. Meeste van die mensdom se tyd en energie word deur hierdie verbruikerskultuur geabsorbeer in die poging om die gevaar van armoede, werkloosheid en die onvermoë om onafhanklik te wees, vry te spring (Taylor, 2007:727). Tiperend van die verbruikersmentaliteit is die soeke na die ervaring van onmiddellike (teenoor uitgestelde) verbruikersatisfaksie. Dit is duidelik dat hierdie mentaliteit nie gerat is vir godsdiens wat verband hou met die oortuiging dat geloof se fondasies oor 'n langdurige tydperk gelê word nie (Avis, 2003:85-86).

### 3.3.5 Menslike sekuriteit

In aansluiting by die bogenoemde kom die gedagte van Norris en Ingelhart dat modernisasie (wat hand aan hand loop met industriële kapitalisme) bydra tot verhoogde vlakke van menslike sekuriteit, weer ter sprake. As die veronderstelling dat die belewenis van *menslike sekuriteit* al dan nie, 'n geweldige invloed op godsdiens het, is dit nodig om die sekulariserende effek daarvan te verreken. Norris en Ingelhart (2004:18-20) wys hipoteties op die volgende:

- *Die mate waarin menslike sekuriteit* beleef word gedurende 'n persoon se vormingsjare bepaal die persoon se behoefte aan godsdiens en die prioriteit wat aan godsdienstige waardes verleen sal word. Waar die ervaring van sekuriteit laag is, sal die belangrikheid van godsdienstige waardes verhoog en vice versa. Menslike ontwikkeling en 'n samelewing se transisie na 'n industriële ekonomie verhoog die ervaring van sekuriteit en verminder die belangrikheid van godsdienstige praktyke en -waardes. Hoewel dit die kollektiewe vlak sowel as die individuele vlak van godsdiens affekteer, beteken dit nie dat alle vorme van godsdiens noodwendig sal

© University of Pretoria

verdwyn in gemeenskappe wat ontwikkel nie. Wat bespeurbaar is, is dat mense wat in gevorderde industriële samelewings leef, toenemend ongeërgd is teenoor tradisionele, godsdienstige instellings en daarom is hulle ook minder gewillig om deel te neem aan geestelike aktiwiteite.

- Individue wat opgegroei het in *omstandighede van redelike menslike sekuriteit* het minder behoefte aan absolute en rigiede voorspelbare reëls waardeur sosiale en godsdienstige interaksie gereguleer word – ’n taak waarby godsdienstige instellings tradisioneel betrokke was. Mense met relatief hoë vlakke van eksistensiële sekuriteit kan ook sosiale verandering makliker verdra en afwykings van die bekende patrone aanvaar eerder as mense wat angstigheid beleef omtrent hulle basiese, eksistensiële behoeftes.
- Hoewel ingrypende veranderinge in mense se daaglikse ervaringe gelei het tot veranderinge in hulle oortuigings en geldende lewensuitkyk, bly die bedreiging van eksistensiële onsekerheid vir die mensdom in die algemeen steeds ’n groot uitdaging. Daarom is die groot teologiese vrae en debatte vir ’n relatiewe klein groepie van belang. Die meerderheid van die mensdom is eerder gefokus op *die bevrediging van hulle behoefte* aan eksistensiële sekerheid - ’n dominante faktor wat die rol van die tradisionele godsdiens in die lewe van die sosiale massas bepaal.

Dit is daarom nie vreemd nie dat die *Global index of religiosity and atheism* (2012:3) aandui dat godsdienstigheid meer onder armes voorkom as welvarendes. Mense in die laagste inkomstegroepe is 17% meer godsdienstig as dié groepe met bo-gemiddelde inkomste. Dit bevestig dus die gedagte dat godsdienstigheid afneem namate materiële voorspoed van individue toeneem. Hoewel dit van land tot land verskil, is daar ’n duidelike patroon. Norris en Ingelhart (2004:217) meen dat *menslike sekuriteit* as sekulariserende drywer, ’n groeiende gaping sal veroorsaak tussen ryk en arm lande ten opsigte van hulle waardesisteme en die rol wat godsdiens speel. Waar die mens se vermoë om menslike sekuriteit te skep - aangehelp deur nuwe wetenskaplik-tegnologiese ontwikkelinge - beklemtoon word, neem die ervaring van mense se afhanklikheid van bonatuurlike magte af. Geleidelik verdwyn die idee aan die transendente geheel en al.

© University of Pretoria

Die sekularisende effek is duidelik omdat die groeiende vlakke van menslike sekuriteit, die publiek van byna alle ontwikkelde en ontwikkelende industriële samelewings na meer sekulêre lewensoriëntasies laat neig (Norris & Ingelhart, 2004:25). *Menslikheid* is dus 'n heersende oorweging in die moderne samelewing waarin moraliteit grootliks te doen het met gedrag en praktyke wat ten doel het om menslike welsyn te verbeter. Die fokus op die verhoging van menslike materiële welsyn sowel as die verhoging van menslike aansien bo enige waardes van spirituele of godsdienstige aard, is vir Norman (2003:55) sprekende tekens van sekularisasie.

Daarom is dit vir moderne mense, veral diegene met hoë menslike sekuriteit, toenemend moeilik om die probleem van lyding en dood te verwerk. Dit is die geval in gemeenskappe wat die meeste geaffekteer word deur die Westerse wetenskaplike en tegnologiese ontwikkelinge. Shutte (2006:47) sê dat 'n materialistiese beskouing van die mens dit moeilik maak om die positiewe betekenis van die dood te verreken. Dit het juis te doen met die onrealistiese, moderne verwagting van 'n pynlose bestaan, 'n verwagting aangehelp deur die belewenis van menslike sekuriteit. Met elke tree van vooruitgang en met elke nuwe ontwikkeling van tegnieke waardeur menslike lyding verlig word, groei die valse verwagting dat die algemene lot van alle lewende dinge verbeter. Die Christelike verstaan van die wêreld het te doen met die oproep om deel te neem aan die ontwikkeling van die wêreld, maar dit sluit nie uit dat alle mense met hierdie wêreld geïntegreer is en die lot van alle lewende dinge deel nie. Sodra die lewe op aarde her-evalueer word in terme van menslike regte en aanprake asook onrealistiese aansprake omtrent menslike waarde, is dit vanselfsprekend dat daar 'n groeiende onvermoë sal wees om lyding, dood en goddelike oordeel te verreken. Dit is een van die grootste oorsake van skeptisisme omtrent godsdienstige oortuigings en gevolglike agnostisisme by baie, selfs in die kerk. Hierdie saak dien ook as 'n indikasie van die invloed van sekularisasie (Norman, 2003:84,86,88).

Met die klem nou op die mens se vermoë tot selfbeskikking het die oortuiging van die mens se afhanklikheid van bonatuurlike magte begin taan. In die uiterste vorm daarvan verdwyn die gedagte aan die noodsaaklikheid van 'n godheid (Shutte, 2006:36).

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



### 3.3.6 Protestantisme

Moltmann (1999:91) maak die stelling dat die Westerse wêreld ontstaan het uit die Christendom en veral uit die *Protestantisme*. Menseregte, persoonlike vryheid, godsdiensvryheid, demokratiese regeringstelsels en liberale beskouings van die lewe het alles saam met Protestantisme gegroei.

Dit is besonder interessant om dan na te speur hoe die Westerse godsdienstige tradisie self die saad van sekularisasie dra. Protestantisme, as deel van die Westerse godsdienstige tradisie, het ’n rol gespeel in die vestiging van die moderne wêreld. Protestantisme, in vergelyking met die Katolisisme, word gekenmerk deur die aansienlike afname van die invloed van heilige of gewyde goedere in die daaglikse realiteit. Wat hiermee bedoel word, is dat die Protestantisme homself in ’n groot mate ontdoen het aan die werkinge van hierdie heilige of gewyde goedere – byvoorbeeld religieuse misterie en wonderwerke. Die Protestantse gelowige leef nie meer in ’n wêreld wat volgens hom gedurig deur heilige dinge en kragte beïnvloed word nie (Berger, 1990:110-111). Daarom sê Moltmann (1999:198) is *Protestantisme ’n godsdiens van vryheid*. Die vryheid wat die Woord van God bring, is volgens die teologie van die Protestantse Reformasie, vryheid van die dwang en invloed van bose kragte, vryheid van die wet van selfregverdigmaking, vryheid van die vrees vir die dood. Dit is ’n vryheid tot ongehinderde, direkte en ewige gemeenskap met God. In dié sin is vryheid ’n relasionele konsep wat in ’n realiteit uitgeleef word wat doodeenvoudig gepolariseer is tussen die transendente Godheid en ’n natuurlike heelal. Sodoende word hierdie realiteit ondersoekbaar met sistematiese en rasionele denke, die gereedskap van die moderne wetenskap en tegnologie. Hierin is dus bespeurbaar hoe Protestantisme self dien as ’n historiese, maar steeds bepalende draer van sekularisasie (Berger, 1990:112-113). Daarom maak Berger (1990:108) se argument sin as hy redeneer dat sekularisasie ’n groter effek het op Protestante as Katolieke.

Die vraag ontstaan of die historiese saamloop van die impak van die Protestantisme en ander Wes-Europese kulturele bewegings, die *Renaissance* (14$^{de}$ eeu tot 17$^{de}$ eeu) en die *Aufklärung* [Verligting] (17$^{de}$ en 18$^{de}$ eeue), ’n toevalligheid is en of dit eerder geheel as onderlinge afhanklike verskynsels beskou behoort te word. Elk van hierdie bewegings het sterk sekulariserende kragte na vore gebring. Die Renaissance met ’n komplekse historie van verskeie periodes en kontekste het in die tyd ontstaan toe die Europese kerk in

© University of Pretoria

stormwaters was. Die erfenis van die Renaissance se humanisme en wetenskaplike rewolusie is in die Aufklärung as intellektuele, kulturele beweging voortgesit. Die Verligting se rasionalisme is gevestig in die idee dat die menslike rede genoegsaam is om begrip van die natuurlike en sosiale realiteite te bring (Turner, 2011:131). Wetenskaplike rasionalisering was die grondbeginsel en dit het die samelewing se idees wat in tradisie en geloof gevestig was, uitgedaag. Kotze (s.a.:63) meen dat die emansipasie van die mens as outonome subjek sekerlik gestu is deur die Aufklärung wat die grond gelê het vir die mens om homself al meer vry te waan van alle binding met die Woord en die kerk. Die ontdekkings van die moderne wetenskap en die uitvindsels van die tegnologie is die fondasiestene waarop die moderne wêreld rus. Deur hierdie instrument het die mens kennis en beheer bekom om sodoende die bepalende subjek van die wêreld te word (Moltmann, 1999:214).
Hoewel die antwoord op die vraag en die historie van die bewegings nie hier bespreek word nie, is dit belangrik om te besef dat hierdie gebeure ’n tyd in die geskiedenis verteenwoordig waar *godsdiens sy geloofwaardigheid begin verloor* het, nie alleen vir ’n paar intellektueles nie, maar ook vir die massas van die hele samelewing (Berger, 1990:124). ’n Nuwe vryheid is bekom deur gebruik te maak van die menslike rede in alle opsigte van ondersoek en nadenke. Die empiriese ondersoek van die werklikheid het die moderne mens aangehelp op die weg van onafhanklikheid en derhalwe vervreemding van God. Dit bring selfs botsing tussen wetenskap en godsdiens. Dit wat nie met die denkwette van die verstand verklaar kan word nie, word eenvoudig genegeer. God word gerasionaliseer en die selfversekerde mens wat leef vanuit die Verligting se erfenis, het geen behoefte aan wedergeboorte en bekering nie (Kotze, s.a.:72,75).

Om die invloed van hierdie gebeure oor tyd en ruimte te verstaan, is die gedagte van Schillebeeckx (1989:309) omtrent ‘samelopende’ (conjunctural) geskiedenis insiggewend. Samelopende (of meewerkende) geskiedenis omvat groot periodes en is omvangryk in dié sin dat die effek daarvan diep gevestig word oor tyd. Om hierdie rede is Norris en Ingelhart (2004:20) in die kol as hulle meen dat ’n dominante godsdienstig-kulturele tradisie, soos die erfenis van Protestantisme in Westerse Europa, steeds ’n besondere indruk laat op die kontemporêre, morele oortuigings en sosiale houdings van die publiek alhier.

© University of Pretoria

Met die spesifieke fokus dus op die Protestantisme en die Renaissance asook die Aufklärung se erfenis van sistematiese en rasionele denke, kan gepostuleer word dat dit steeds op die lang duur bydra tot die vervreemding van die Christelike wêreldbeskouing by die moderne mens. Omdat die samelopende geskiedenis van hierdie gebeure die erfenis van die afgelope eeue reflekteer, skep dit ’n raamwerk waarbinne feitelike gebeure of verskynsels wat vandag omtrent sistematiese en rasionele denke plaasvind, geïnterpreteer word.
Hierdie beweging in kritiese nadenke humaniseer die sosiale realiteite, hoewel teen die hoë prys van anomie en eksistensiële angs (Berger, 1990:125). Wat gebeur is dat die lewe wat gefokus is op die sinvolle en bevredigende belewenis van die oomblik sy *teleologiese perspektief* verloor. Veral in anomiese situasies ontstaan daar dan ’n vakuum ten opsigte van toekomshoop en beleef die moderne individu dikwels ’n gevoel van hulpeloosheid en apatie (Avis, 2003:89-90). Hierdie gevoel van onbehaaglikheid kan maklik ook die kerk infekteer.

Uit dit wat in hierdie bespreking omtrent die draers van sekularisasie aan die orde gestel is, maak dit sin om, soos reeds genoem is, uit te wys dat die moderne samelewing gekenmerk word deur institusionele differensiasie, veranderde patrone van wat aanvaarbaar en gesagvol is, rasionalisasie, toenemende privatisering van die sosiale lewe tesame met individualisme. Dit kan as die gevolg van sekularisasie beskou word. Vervolgens word aandag gegee aan wat die uitwerking daarvan is op die hedendaagse samelewing en die religieuse situasie.

## 3.4 DIE UITWERKING VAN SEKULARISASIE

Die teenwoordigheid van sekularisasie wat voortgebring is deur die draers, soos hierbo bespreek, het uit die aard van die saak sekere uitwerkinge in die moderne samelewing. Wat is die invloed daarvan op die sosiale waardes, morele oortuigings en leringe van die kerk? Die kenmerkende hiervan word bespreek.

### 3.4.1 **Fragmentasie en pluralisasie**

© University of Pretoria

Een van die oorsake van sekularisasie is institusionele differensiasie soos bespreek in par. 3.3.2. Daarmee saam het sosiale differensiasie ’n direkte effek van fragmentasie tot gevolg. Hierdie toedrag van sake impliseer ’n opbreek van alle vorme van sosiale monopolieë, of dit nou ’n politieke ideologie of ’n godsdiens is, en maak sodoende die speelveld oop vir die wedywering van sosiale idees en oortuigings (Martin, 2005:20-21). Fragmentasie bied op sy beurt ’n geweldige uitdaging vir die poging om sosiale eenheid te bewerkstellig en te handhaaf. Hierdie fragmentasie is nie alleen waarneembaar tussen verskillende sosiale instellings nie, maar ook binne ’n spesifieke sosiale instelling.

- Die eerste uitwerking hiervan, in die *geval van die Christendom*, is dat institusionele differensiasie en gepaardgaande fragmentasie tot ’n situasie van *groeiende denominasionalisme* lei. Norris en Ingelhart (2004:12) verwys na die geldende idee dat die Protestantse Reformasie (soos bespreek in 3.3.6) jare gelede reeds die gronde gelê het vir hierdie fragmentasie van (en gepaardgaande pluralisme in) die Westerse Christendom. Diverse sektes en denominasies het so ontstaan, elk met hulle eie alternatiewe oortuigings en dogmatiese beklemtoninge. Moltmann (1999:201) skryf dit toe aan die destydse Protestantse begrip dat die vryheid om te glo ook die reg ingesluit het tot outonome gemeentevorming op grondvlak teenoor die destydse geïnstitusionaliseerde kerk. Sedertdien het die godsdienstige lewe egter toenemend gefragmenteerd geword en is dit daarom meer onstabiel as ooit tevore (Taylor, 2007:594). Maar Avis (2003:99) bespeur dat hierdie situasie die godsdienstige speelveld met wedywering tussen godsdienstige groepe energeer. Daarom is daar in hierdie tyd waarin institusionele godsdiens se invloed afneem, die skynbare teenstrydigheid van religieuse vitaliteit waarneembaar.

  Vir die historiese kerke hou dit in dat, hoewel hulle identifikasie met ’n nasionale of etniese identiteit in ’n mate gekontinueer sal word, hulle gaan verander as gevolg van hierdie wedywering wat aangebring word deur ander en nuwe denominasies (Martin, 2005:21). Dit verklaar hoekom denominasionalisme, as gestalte van godsdienstige oriëntasie soos vroeër verduidelik (par. 2.3.3), beter funksioneer binne ’n gesekulariseerde samelewing as die kerklike oriëntasie of nominale Christelike oriëntasie, wat meer afhanklik is van breër sosiale konsensus. Hierdie situasie word aangehelp deurdat die moderne kultuur aanvaarding en verdraagsaamheid van

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



godsdienstige variasie toenemend beklemtoon. Dit kan ook beskryf word as *pluralisme* (Berger, 1990:137).

Fragmentasie loop hand-aan-hand met *pluralisasie.* In par. 2.3.6.2. is beskryf dat pluralisasie kenbaar geword weens die veranderinge wat in Suid-Afrika plaasgevind het en steeds plaasvind. Volgens McGuire (1991:255) verwys die term na die situasie in ’n samelewing waar verskillende sosiale denkraamwerke en lewensbeskouings teenwoordig is en onderling in stryd is om die dominante sosiale idees en norme te vorm. In werklikheid word al dié teenwoordige denkraamwerke en beskouings se geloofwaardigheid sodoende ondermyn, in sodanige mate dat dit nie sondermeer op die lojaliteite van die publiek aanspraak kan maak nie. Die bewustheid van hierdie sosiale veelvuldigheid skep volgens Gergen (1991:247) dus die moontlikheid dat daar ’n vrye spel van diskoerse kan wees en dat alle diskoerse tot uitdrukking kan kom. Ook Norman (2003:36) meen dat pluralisme in essensie gaan oor die aanvaarding van verskillende leefstyle, geloofsisteme en waardes dwarsdeur deur die samelewing. Dít impliseer die aflegging van sosiale-, religieuse- en politiese outoriteit waardeur uniformiteit vroeër bewerk is. Dit verteenwoordig ook die verval van een stel sosiale ortodoksieë wat deur ander vervang word. Daarom word diversiteit van oortuigings en waardes al meer die strukturerende beginsel van hedendaagse samelewings. Die gevolg is egter dat etiese en politieke verskille die sosiale binding op verskillende vlakke van die samelewing in die wiele ry (Maclure & Taylor, 2011 :62). Selfs al is daar pogings om ’n spesifieke oortuiging of denkraamwerk te verabsoluteer tot ’n unieke waarheid is daar steeds die moontlikheid dat dit nie ernstig geneem sal word deur baie lede van die samelewing nie (McGuire, 1991:256). ’n Pluralistiese samelewing is dus ’n samelewing in transisie waarvan die uitkoms onseker is - die vorm van die nuwe samelewing is ongespesifiseerd.

- ’n Pluralistiese samelewing is *wesenlik humanisties* en word gekenmerk deur kompulsiwiteit – veral op morele vlak (Norman, 2003:40,41). Hoewel klem gelê word op onderlinge respek vir morele gelykheid en die beskerming van die individu se vryheid tot selfaktualisering, is dit moeilik om in sodanige situasie bindende gemeenskap en norme te vestig. In so ’n samelewing kan sosiale en morele anargie maklik sy kop uitsteek. Verder kan ’n kultuur van narsisme ontstaan wat die

© University of Pretoria

gemeenskaplike lewe verder vernietig (Moltmann, 1999:218). Dit is dus duidelik dat hierdie situasie die *potensiële probleem van proliferasie* inhou. Dit beteken dat daar ’n (versnelde) toename is in wyduiteenlopende morele maniere van dink en doen in die samelewing. Wanneer willekeur die oorhand kry as hoogste waarde in mense se lewens, is daar geen bindende mag, wet, doel, koers of plan nie! (Kotze, s.a.:115). Dit is egter nie moontlik dat alle sosiale oortuigings en willekeurige, persoonlike voorkeure in ’n samelewing geakkommodeer kan word nie – selfs nie in ’n pluralistiese samelewing nie. Die liberale staat wat indirek die deur hiervoor geopen het, het die moeilike taak om ’n lyn te trek tussen die twee uiterstes van sosiale totalitarisme en blote persoonlike voorkeure, om sodoende morele integriteit te vestig (Maclure & Taylor, 2011:77,92).

- Nog ’n sleuteleienskap van alle godsdienstige pluralistiese situasies, ongeag die historiese agtergrond, is dat die *godsdienstige aanhanklikheid van die populasie* nie meer as ’n gegewe aanvaar kan word nie. Die betrokkenheid van ’n gemeenskap en samelewing by sosiale strukture, ingeslote religieuse strukture, is egter bepalend vir die stabiliteit en permanensie van daardie strukture en die tradisies wat daarmee vervleg is. Dit affekteer die rol van die godsdiens wat daardeur verteenwoordig word in sy openbare praktyk. Waar daar goeie gemeenskapsbetrokkenheid is, is die toewyding aan die kerk ook goed, maar andersom is dit ook waar (Avis, 2003:80). Dit is dus volgens Martin (2005:19-20) te verstane dat in godsdienstige pluralistiese en gefragmenteerde situasies met kompeterende, godsdienstige oortuigings, die mengelmoes van spirituele uitdrukkings (Avis, 2003:99) en sekulêre alternatiewe dit *moeilik is om godsdienstige toewyding en institusionele stabiliteit te verseker*.

- In ’n pluralistiese situasie val die klem al meer op die gewone man (lay-men) binne die godsdienstige instellings. Die karakter van hierdie lekedom is dié van verbruikers (Berger, 1990:147). Omdat hulle aanhanklikheid vrywillig is, moet die kerklike tradisie wat voorheen soms op outoritêre wyse afgeforseer is, nou *eerder bemark word*. Vir hierdie rede betree godsdienstige instellings in die hedendaagse pluralistiese situasie ’n *bemarkingsituasie* met die gevolg dat die instellings self verbruikerskommoditeite word (Sien ook par. 2.3.6.2.). Daarom gebeur dit dat ’n

© University of Pretoria

groot deel van godsdienstige aktiwiteite in hierdie situasie beïnvloed word deur die logika van die ekonomie en die vraag na 'resultate' (Berger, 1990:138-139). Daar is soveel waarheid in die opmerking van Avis (2003:81) dat die hedendaagse samelewing gerig word deur die kommodifisering van die menslike leefwêreld. Dit dwing alles in die perspektief van die ekonomiese mark en reduseer alles tot dieselfde vlak – alles se waarde hang af van hoe bruikbaar dit is. Dit het verreikende gevolge vir die sosiale struktuur van godsdienstige groepe, maar ook vir die inhoud van daardie groepe se godsdiens. Vir 'n sosiale instelling soos die kerk wat binne die gesekulariseerde wêreld op die perifirie staan, is dit nodig om as gevolg van intense kompetisie begeerlike en bemarkbare geestelike 'kommoditeite' te bied, andersins bestaan die gevaar dat dit sal verdwyn (Avis, 2003:80).

Tydens 'n lesing van prof Ernst Conradie by 'n teologiese dag aan die Universiteit van Stellenbosch se Kweekskool, het hy tot die gevolgtrekking gekom dat die kerklike kommersialisering, soos dit by sommige mega-gemeentes plaasvind, verreikende gevolge vir Christelike kerke en hulle praktyke kan inhou. Conradie het aangedui dat die verbruikerskultuur besig is om pos te vat in die kerk en dat selfs die evangelie al hoe meer verstaan word as 'n produk wat bemarkbaar is. Die gevaar is egter wanneer die beginsel van die-verbruiker-is-altyd-reg ook onbewustelik die evangelie en die kerk onderwerp aan die wispelturigheid van mense. Verder verander die kerklike bediening. Die predikant word 'n uitvoerende hoof van 'n uitgebreide kompleks van geboue en infrastruktuur – die godsdienstige parallel van 'n winkelkompleks waarin vir elke behoefte onder die son voorsiening gemaak kan word. Die kerk se aanpassing by hierdie toenemende verbruikerskultuur is vir Conradie nog 'n voorbeeld waar die kerk die gaping tussen die kerk en die heersende samelewing probeer oorbrug (Oosthuizen, 2010a:3).

'n Uitstekende voorbeeld van hoe die kerk op 'n degereguleerde wyse aan die verbruikersetiek kapituleer, is volgens Avis (2003:87) die groot afwykende evangelistiese 'industrie' wat binne die wêreldwye, charismatiese konteks 'n evangelie van materiële voorspoed en sukses as geloofsvrug verkondig. Hierdie tipe populêre godsdiens konstrueer 'n situasie waar die godsdiens nie alleen

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



gekommodifiseer word nie, maar ook in ’n nuwe vorm geïnstitusionaliseer word (Norris & Ingelhart, 2004:216).

Moltmann (1999:223,250) verwys ook na hoe godsdiens ’n kommoditeit word wat op die globale mark van dienste beland. Die elektroniese kerke van die fundamentaliste in die VSA is verstommend suksesvol in die bemarking van hulle godsdiens. In die Suid-Afrikaanse media sien ons ook voorbeelde van hoe kerkgroeperinge dié Amerikaanse manier nadoen. Hoewel hierdie populêre godsdiens nie noodwendig goed afgaan by almal nie, illustreer dit wel hoe die invloed van religieuse pluralisme binne ’n multi-kulturele gemeenskap godsdiens in so mate privatiseer dat dit as ’n noodsaaklikheid vir die lewe ‘bemark’ word. Volgens die tipiese verbruikersingesteldheid van die moderne samelewing word godsdiens se waarde ook getoets aan wat dit vir die ‘gebruiker’ daarvan beteken al dan nie. Hierdie godsdiens is opsioneel en sonder aanspraak. Dit daag ook nie uit nie en vereis geen lojaliteit nie, want hierdie godsdiens kan maklik gereduseer word as iets onbelangriks – iets waaroor die ‘verbruiker’ besluit.

Vir McGuire (1991:105-106) is hierdie populêre godsdiens nie ’n enkele entiteit nie, maar bestaan dit uit verskillende elemente. Die een element daarvan is die globale mark van godsdienstige literatuur wat nie verband hou met amptelike geïnstitusionaliseerde godsdiens nie, maar eerder met kwasie-godsdienstigheid. ’n Ander element is die predikers van die elektroniese massamedia waarna reeds hierbo verwys is. Die populêre godsdiens staan dikwels in ’n komplekse en problematiese verhouding tot amptelike, geïnstitusionaliseerde godsdiens, aangesien die inhoud daarvan los staan van enige dogmatiese of organisatoriese beheer en opsig.

- Pluralisme wat oral in die sosiale strukture van moderne samelewings te vinde is, het ’n *uitwerking in religieuse strukture en oortuigings*. In ’n pluralistiese, sosiale en politieke opset word godsdiens dikwels *gereduseer tot ’n blote kultiese ervaring* waarin mense die spirituele (om historiese redes) op verskillende maniere ervaar. Daarom *verloor die kerk in ’n pluralistiese omgewing ook beheer oor die morele klimaat*. Dit kan maar bloot net reageer op hoe ’n moderne, pluralistiese samelewing

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



moreel ontvou – dit is nie meer ’n betekenisvolle bydraer tot hierdie morele ontvouing nie (Norman, 2003:42). Dit lei tot morele pluralisme wat verwys na die verskynsel dat verskillende individue van dieselfde samelewing ’n verskeidenheid en dikwels teenstrydige waardesisteme handhaaf. Daarom is dit geen verrassing dat die liberale en demokratiese staat wat deur sy neutraliteit aanvanklik die vryheid van oortuiging en uitdrukking beskerm het, self soek na wetsbepaalde waardes, sodat die kernbeginsels van menswaardigheid en basiese mensregte nie gekompromitteer word nie. Konsensus omtrent basiese, oorvleuelende waardes is ’n voorwaarde vir die vreedsame menslike bestaan in pluralistiese samelewings. Dit is nodig om op dié wyse morele gelykheid te verseker sodat almal die staat se breë oriëntasie kan aanvaar omtrent die aanvaarbare. Sodoende kan sosiale samewerking verkry word en politieke stabiliteit verseker word (Maclure & Taylor, 2011:10-13).

- Suid-Afrika het *veelvuldige Christelike groeperinge*. Die voorkoms van religieuse pluralisme ontwikkel egter, as gevolg van sekularisasie, toenemend tot ’n onontkombare sosiale realiteit. Die huidige groei in die evangelistiese en charismatiese bewegings bemoeilik pogings om die godsdienstige pluralisme in Suid-Afrika te verreken (Lubbe, 1990:209,214). Hierdie ontwikkeling in die moderne Protestantisme, met hulle eiesoortige pneumatologiese subjektiwiteit, lei tot allerlei vorme van godsdienstige en kulturele individualisme en religieuse egoïsme (Moltmann, 1999:202). Vir Erasmus *et al* (2009:11) dui die groei in mense se identifikasie met hierdie bewegings se spiritualiteit op ’n verskuiwing in die konstruksie van religieuse identiteit. Die kenmerkende, pneumatologiese subjektiwiteit van die bewegings veroorsaak juis dat *godsdienstige oortuigings* al meer met persoonlike godsdienstige ‘keuses’ verband hou. Dit lei daartoe dat die spirituele lewe van die individu hersaamgestel word en nuwe vorme van spiritualiteit en oortuigings na vore kom (Taylor, 2007:437). Maar dit is juis hier waar van Avis (2003:72) se opmerking kennis geneem moet word dat daar waar pluralisme binne ’n opset met ’n hoë populasiekonsentrasie voorkom, die gevaar van ‘kognitiewe kontaminasie’ kan ontstaan. Dit is duidelik dat die blootstelling aan ’n veelvoud van wêreldbeskouings, godsdienstige oortuigings en maniere van leef, die opvoedingstaak van ouers wat ’n spesifieke stel waardes en oortuigings aan hulle kinders wil oordra,

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



bemoeilik. Net so ook bring dit geweldige uitdagings vir sosiale sub-groepe wat hulleself wil verskans teen die invloede van die groter samelewing (Maclure & Taylor, 2011:16).

Daarom meen Berger (1990:147-149) het pluralisasie ’n interessante effek op godsdienstige inhoud – *dié van standarisering*. Hierdie standarisering is nie noodwendig in ooreenstemming met ’n spesifieke konfessionele tradisie nie. Dit hou eerder verband met die volgende: In die mate waarin godsdienstige ‘behoeftes’ van sekere individue in ’n sosiale strata dieselfde is, sal die godsdienstige instellings wat vir die behoeftes voorsiening maak, geneig wees om hulle godsdienstige inhoud ooreenkomstig te ‘standariseer’. Byvoorbeeld, alle godsdienstige instellings wat ingestel is op die boonste-middelklas sal onder die druk van sekularisasie en die psigolisering van die godsdiens – aangesien individue in hierdie sosiale strata meer hierdeur beïnvloed word – vind dat die godsdienstige inhoud in ’n mate daarby aanpas en ‘gestandariseer’ word. Daar sal ook ’n geneigdheid wees om tradisionele, konfessionele verskille minder te beklemtoon. Waar daar verskille is in ‘gestandariseerde’ geloofsoortuigings het dit deesdae minder te doen met spesifieke konfessionele tradisies, maar het dit eerder ’n sosiaal-psigologiese korrelasie wat saamhang met godsdienstige behoeftes van individue (Berger, 1990:147-149).

Die vraag is ook wat met *die teologie* in ’n pluralistiese situasie gebeur? Teologie, menende die gesistematiseerde geloofsinhoud van godsdienstige groepe, is nie immuun teen die kragte wat vanuit die groter samelewing daarop inspeel nie. Inteendeel, volgens Heyns (1969:8-9) bestaan daar ’n intieme band tussen die teologie en die tydsgees. Elke historiese periode het sy eie besondere probleme en gevolglik ook sy eie eise wat dit aan die teologie stel. Die tydsgees word in die teologiese strominge gereflekteer wat op hulle beurt weer medebepalend is vir die tydsgees. In die verlede was hierdie wederkerigheid die kerk tot voordeel. Tradisioneel is die publieke lewe geïnformeer en gevorm deur godsdienstige idees omdat die kerk (en teologie) by magte was om deur die vestiging van die nodige strukturele orde oplossings te bewerk vir sosiale en morele kwade. Dink maar aan die impak van die apartheidsteologie in hierdie verband. Maar hierdie situasie het as gevolg van die verminderde rol van die kerk in die publieke lewe radikaal verander.

© University of Pretoria

Nou hou hierdie wederkerigheid in dat die hedendaagse, omvattende kultuur wat grootliks sekulêr is, geneig is om die kerk te sekulariseer (Norman, 2003:93-94). In 'n sekulêre, pluralistiese situasie waar die individu se voorkeure 'n geweldige rol speel, is dit byna vanselfsprekend dat die inhoudelike van die godsdiens hierdie voorkeure op 'n manier sal reflekteer in 'n poging om sy relevansie te behou (Berger, 1990:144). Wat omtrent die invloed van die hedendaagse konteks aangeneem kan word, is dat die die individu se persepsies en voorkeure, die rigting en karakter van verandering in die inhoudelike van die godsdiens sal bepaal. So word die speelveld in die teologie oopgemaak vir verskillende teologiese oortuigings, maar ook gesekulariseerde oortuigings. So kan daar in die teologie, in die ekstreme geval, 'n opsetlike uitsluiting van alle of byna alle 'bo-natuurlike' elemente van die godsdienstige tradisie wees. Hierdie verlies aan die ervaring van die transendente noem Avis (2003:58) desakralisasie. In ander gevalle kan die 'bo-natuurlike' elemente bloot minder beklemtoon word (dus minder dogmatiese beklemtoning), terwyl die waardes wat aanvaarbaar is vir die gesekulariseerde bewussyn meer beklemtoon word (dus meer etiese beklemtoning) (Berger, 1990:146). Hier kom Berger se gedagte van *standarisering* weer na vore.

In Suid-Afrika is religieuse pluralisme ook in die verlede gekompliseer deur die verweefdheid van godsdienstige en politieke faktore. Aan die een kant was dit vervleg met apartheidspolitiek en aan die ander kant met die drang vir politieke vryheid en geregtigheid (Lubbe, 1990:213,214). Die vraag ontstaan in watter mate die NG Kerk in post-apartheid Suid-Afrika hom aangepas het by die uitdagings wat die nuwe uitdagings van toenemende religieuse pluralisme bring. Is die NG Kerk op grondvlak nog besig met strategieë van uitsluiting as manier om te oorleef binne die pluralistiese omgewing? Al sou dit nie die geval wees nie, is die vraag of NG Kerk 'n atmosfeer skep om betekenisvolle gesprek met ander kerke op alle vlakke van die samelewing te voer.

### 3.4.2. Die ontstaan van 'n geloofwaardigheidskrisis

Volgens Berger (1990:127) word die *geloofwaardigheid* van godsdiens deur sekularisasie *in gedrang gebring*. Turner (2011:140) beskryf dit as die geleidelike uitkalwing van religieuse raamwerke in die moderne samelewing.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Dit word voortgebring deur rasionalisasie as ’n werking van moderniteit wat op sy beurt deur sekularisasie ondersteun word. Dit gebeur, soos Vos (1995:196,197) skryf, omdat die proses van rasionalisasie in die godsdiens die refleksie oor God al meer abstraheer. Dit veroorsaak ook dat die moraal en religie al meer onafhanklik van mekaar raak. Die gevolg is ’n wydverspreide geloofwaardigheidskrisis ten opsigte van godsdienstige definisies en waarhede wat tradisioneel as hoë grond beskou is. In ’n sekulêre wêreld is die versoeking groot om godsdienstige waarhede te toets aan die beginsels van die rasionele wetenskapskultuur. Die gevolgtrekking is gewoonlik dat godsdiens, soos enige ander sosiale instelling ’n menslike konstruksie is en daarom nie onveranderlike en onaantasbare waarhede bevat nie (Shutte, 1992:15). Dit bring mee dat die vermoë van godsdienstige instellings om die massas se oortuigings omtrent etiese kwessies te vorm, kwyn. Kerklui verloor hulle outoriteit oor die publiek en kan die publiek nie meer langer dikteer omtrent sake soos egskeiding, seksuele oriëntasie en die noodsaaklikheid van die eg voordat kinders verwek word nie (Norris & Ingelhart, 2004:25).

In die plek daarvan vind ons groeiende etiese relativisme en individualisme (Norris & Ingelhart, 2004:40). Avis (2003:68,69,73) meen ook dat hierdie relativering van godsdienstige oortuigings en daarmee saam toleransie teenoor ander oortuigings en waardes (albei aangebring deur pluralisme), sekularisasie laat manifesteer. Waar gesag en absolutisme uitgedaag word, word dikwels ’n gees van onsekere relativisme bewerk. Die voorkoms hiervan is ook in par. 2.3.6.2 as een van die veranderinge wat in Suid-Afrika plaasvind, beskryf. As die vroeëre geestelike waardes, religieuse waarhede en normatiewe beginsels negeer word, dan word godsdienstige oortuigings, soos dié van die Christendom, bloot ’n aantal ongefundeerde dogmatiese waarhede, wat net in persoonlike subjektiewe geloof as gesagvol aanvaar kan word (Kotze, s.a.:66-68).

Kotze (s.a.:69-72) skryf oor die alleswaarderende mens met sy *tolerante en relativistiese* gees. Relativisme as lewensbenadering wil niks oordeel of teengaan nie. Dit weerspreek niks met erns nie, maar aanvaar ook niks met entoesiasme nie. Dit ontken niks nie, maar is ook van niks oortuig nie. Ons is mense wat eintlik maar net onwetendes is en daarom moet ons maar net probeer verstaan en waardeer. Met hierdie houding, sê Kotze, beland ons midde in die gesekulariseerde Christendom. Hierdie Christendom het geen unieke

© University of Pretoria

karakter nie, dit is slegs een van baie godsdienste. So bly daar min in die godsdiens en geloof oor wat gesagvol en absoluut is. As die maatstawwe van die geopenbaarde waarhede al meer as vloeiend en konteksbepaald beskou word, raak dit ook uitgedien. Later is daar ook nie meer lewe en troos nie. In die uiterste vorm hiervan hoef ons ook nie meer God te dien, te bemin of te vrees nie – Hy word eenvoudig geïgnoreer. Relativisme is inderdaad die onbewuste weiering om op enige manier deur godsdiens gebind te word – dit is 'n vorm van selfhandhawing. Ook die man op straat is prooi van hierdie lewenshouding. Al weet hy niks van die denkrigting nie, adem hy tog die klimaat daarvan in.

In hierdie situasie sê Kotze (s.a.:105) dra nie alleen die enkeling nie, maar ook breë kringe in die samelewing, 'n gevoel van voortdurende onsekerheid en twyfel omtrent godsdiens se geloofwaardigheid met hulle saam. Die teodisee-vraagstuk verskerp hierdie gevoel. Op die "Waar is God?"-vrae of "Waar was God, hoekom het Hy nie gehelp nie?"-vrae het hierdie mens gewoonlik die maklike antwoord: "Daar is geen God wat Hom aan ons steur nie!" (Gaum, 2011: 50-51).

- Die geloofwaardigheidskrisis werk veral op *'n subjektiewe vlak in die bewussyn* van die individue van die samelewing. Dit is merkbaar dat die man op straat al meer onseker en oningelig is omtrent godsdienstige aangeleenthede. Dit is opvallend ironies dat die geloofwaardigheid van tradisionele, godsdienstige definisies juis deur gewone mense met min kennis of belangstelling in die teologie bevraagteken word. Dit is begryplik dat 'n krisis in die godsdiens sal ontstaan as begrip vir godsdienstige definisies kwyn en godsdiens verduidelik moet word in ander terme, byvoorbeeld die sosiale psigologie (Berger, 1990:156). Daarom is daar volgens Norman (2003:12,167) 'n tendens waarneembaar dat daar in samelewings waar vinnige sosiale en kulturele verandering plaasvind, 'n wydverspreide ongeërgdheid omtrent die leringe van die geloof voorkom. Daar is 'n uitgebreide onkunde onder Christene self omtrent die dogmas van hulle eie geloof. Dit beteken dat die kennis van godsdienstige leerstellings sosiaal verlore gaan, baie vinnig in die bestek van een of twee generasies. Taylor (2007:727) meen ook dat die vlak van begrip omtrent die transendente op grootskaal afneem. Die ontwikkeling van die geloofwaardigheidskrisis is dus redelik akuut.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



- Hierdie geloofwaardigheidskrisis funksioneer ook op ’n objektiewe, *sosiaal-strukturele vlak*. Omdat die pluralistiese situasie godsdiens demonopoliseer, word dit moeiliker om ’n godsdienstige geloofwaardigheidstruktuur in die algemeen in stand te hou of opnuut te konstrueer. Wanneer die geloofwaardigheidstruktuur sy sosiale omvang verloor, kan dit nie meer sosiale binding in die gemeenskap as geheel bewerkstellig nie. Algaande word dit vir die lede van ’n spesifieke godsdienstige milieu moeiliker om onaangeraak te bly deur die invloede van buite. In die hedendaagse samelewing verloor godsdienstige geloofwaardigheidstrukture hulle duursaamheid as gevolg van pluralisme. Die gevolg hiervan vir godsdienstige inhoud is dat dit moeilik behou word as onveranderlike waarhede. Dit word gerelativeer en verloor sodoende hulle ontologiese objektiwiteit.

  Die man op straat word gekonfronteer met ’n wye verskeidenheid van godsdienste en filosofieë wat alternatiewe definisies en waarhede omtrent die realiteit daarstel. Dit gebeur nou eerder dat in die verskeidenheid van moontlike godsdienstige oortuigings waartussen ’n persoon kan kies, net dit wat vir die individu relevant is, geïnternaliseer word. Watter sekerheid daar is, moet vanuit die subjektiewe bewussyn van die individu verkry word (Berger, 1990:151-153). Norman (2003:51,52,53) meen dat baie sekulêre waardes vir mense net so effektief is om hulle te laat hou aan ’n aanvaarde sosiale doel as dié waardes wat vir ander binne ’n religieuse tradisie verteenwoordig word. In ’n situasie van multiplisiteit vervang sekulêre waardes dus dikwels die behoefte aan godsdiens. Dit gebeur omdat godsdiens op ’n rasionele vlak die mark van kompeterende idees moet betree om te oorleef. Omdat godsdiens op ’n rasionele vlak moet kompeteer, bied dit uitdagings vir die handhawing van die totale geloofwaardigheidstruktuur. Die aanhanklikheid en toepaslikheid van godsdiens word nou bepaal deur hoe goed dit vaar om in menslike behoeftes te voorsien.

Vir Norman (2003:20-22) dui hierdie toedrag van sake primêr aan dat die moderne mens skynbaar minder daarop ingestel is dat geloof binne ’n daargestelde dogmatiese struktuur beoefen behoort te word. Geloof funksioneer deesdae eerder as ’n tipe klankbord waarop persoonlike, religieuse oortuigings en ervarings gereflekteer word. Die gevaar van hierdie persoonlike geloof is dat dit dikwels die trekke het van

© University of Pretoria

ongedissiplineerde en onbeheerde reduksionisme waarin die voorkeur vir die uitlewing van persoonlike keuses 'n rol speel en die outoriteit van geldende diskoerse bevraagteken word. Dit is ironies dat byna almal wat op hierdie wyse hulle geloof inrig die resultaat van dít wat hulle persoonlik bedink steeds as die Christelike waarheid aanvaar en voorhou. Hierdie wisselvorme bied egter geweldige *uitdagings vir die oorlewing van ortodokse, dogmatiese oortuigings* en is *destruktief vir die tradisionele godsdiens op sosiaal-strukturele vlak*. Dit is duidelik dat hierdie situasie uitdagings skep vir die teoretici van die onderskeie godsdienstige instellings in dié sin dat dit probleme skep vir die teologiese regverdiging van die geloofwaardigheidstruktuur. As die geloofwaardigheidstruktuur goed gevestig is, sal die godsdienstige wêreld wat daardeur onderhou word ook goed gevestig wees in die bewussyn van mense. Maar namate die godsdienstige geloofwaardigheidstruktuur verswak, sal die subjektiewe realiteit wat daardeur geskep word ook verswak. So maak onsekerheid sy verskyning. Die disintegrasie van die geloofwaardigheidstruktuur veroorsaak dat die tradisionele, godsdienstige oortuigings in die subjektiewe bewussyn slegs as 'opinies' en 'gevoelens' behou word waaroor die individu nie geheel en al seker is nie (Berger, 1990: 149-150).

Die volgende dien as 'n goeie voorbeeld. Pienaar (2010b:13) vra: "Is dit moontlik om eietyds oor God te dink?" En dan verwoord hy die moontlikheid so: "Net soos Jesus 'n nuwe en bevrydende interpretasie van Judaïsme gehad het, so is dit tog ook moontlik vir ons om vandag ons tradisies te herinterpreteer en relevant te maak. Kan mens jou denke oor God aanpas en verruim en sodoende dalk by ander antwoorde uitkom as dié waarby die kerkvaders 1600 jaar gelede uitgekom het? Is dit moontlik om weg te breek van die teïstiese verstaan van God – God as Persoon, buite ons werklikheid – maar tog steeds in die bestaan van God te glo? Sou mens dus 'n post-teïstiese gelowige kan wees, soos prof Julian Muller daarna verwys? Natuurlik is ek, en vele soos ek, diep bewus van die kompleksiteit en die misterie van die werklikheid. Teïsme en die antieke verstaan van die werklikheid van godsdiens is egter vir ons 'n onvoldoende interpretasie om daardie misterie te omvat. Daarom is dit so belangrik dat ons eerlik en soekend na 'n eietydse interpretasie van ons werklikheid sal streef. Ek pleit vir 'n model van kritiese denke, integrasie van ou

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



verstaan en nuwe verstaan, ’n veilige ruimte waar ons nie probeer oortuig nie, maar waar ons saam soek.”

Die fundamentele probleem vir godsdienstige instellings is *hoe om voort te gaan* in ’n milieu wat nie meer hulle definisies van die realiteit as vanselfsprekend aanvaar nie. Hierdie situasie laat godsdienstige instellings met twee opsies. Hulle kan hulleself by die situasie aanpas deur die spel van die vrye, godsdienstige onderneming te verstaan en die beste te maak van die geloofwaardigheidsprobleem deur hulle aan te pas by die behoeftes van die gelowige individu as verbruiker. Of hulle kan weier om aan te pas, weerstand bied teen die massiewe impak van hulle milieu en so ver moontlik probeer aangaan om die ou objektiwiteite te bely asof niks gebeur het nie. Wat ookal die keuse, geloofwaardigheid hang steeds af van teoretiese legitimering. Maar hierdie legitimering beleef ’n krisis omdat die realiteite en oortuigings waarop die godsdiens gebou is in die hedendaagse konteks nie sondermeer as vanselfsprekend aanvaar word nie (Berger, 1990:153,156).

Vir baie lank het die hoofstroomkerke, soos die Lutherse-, Anglikaanse- en Calvinistiese kerke, daarin geslaag om hulleself te handhaaf deur hulle geloofwaardigheidstrukture so geslote moontlik te hou. Hierdeur is die ontwikkelende geloofwaardigheidskrisis in ’n mate in die verlede afgeweer. Word die geskiedenis van die Protestantisme en by name die Calvinisme egter nagespeur, vind ons twee groot ingrypende gebeure wat in hierdie kerklike tradisie self onbedoeld die geloofwaardigheidstruktuur daarvan bedreig. Hierdie gebeure het ’n samelopende geskiedenis waarvan die effek merkbaar voortleef. Die eerste is die Piëtisme wat ’n verskeidenheid van herlewingsbewegings in die Calvinistiese kringe tot gevolg gehad het. Die Piëtisme het met sy verskillende vorme van geestelike emosionaliteit die Protestants-Calvinistiese dogmatiese strukture, wat gedien het as geloofwaardigheidstruktuur, afgewater. Die subjektiewe emosionaliteit wat op hierdie wyse deelgeword het van hierdie kerklike tradisie, word by baie lidmate die kriterium van godsdienstige geloofwaardigheid. Sodoende neem dit in die geloofwaardigheidstruktuur die plek van objektiewe dogma in. Daarom meen Norman (2003:123) sal daar in Protestantse denominasies altyd ’n simpatieke resonansie wees dat die geloofwaardigheid van lidmate se godsdiens deur hulle

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



geloofservaringe bekragtig word. Hierdie subjektiverende effek lê die fondasie vir die psigolisering en daarmee saam die privatisering van die Christelike geloof. Piëtisme het dus ook bygedra tot 'n pluralistiese geneigdheid in die Protestants-Calvinistiese kringe. Godsdiens raak algaande 'n saak van subjektiewe keuse. Die ander ingrypende gebeurtenis was die rasionalisme van die Verligting. Dit het 'n geweldige uitdaging gebring vir die Protestantse ortodoksie. Die samelopende geskiedenis hiervan word steeds beleef (Berger, 1990:157-158).

Die uitdaging vir die kerk op sosiaal-strukturele vlak word groter, aangesien die hedendaagse tendens is dat mense nie sondermeer omvattende, geïnstitusionaliseerde godsdienstige oortuigings aanvaar nie. Volgens Maclure en Taylor (2011:93) verkies mense eerder *'n vloeibare stel waardes wat gedeeltelik gekies* word uit 'n omvattende godsdienstige diskoers. Al is die waardes eklekties van aard, is daar tog 'n samehang in 'n mindere of meerdere mate. Iets hiervan word bespeur in die navorsing van Jan van der Merwe onder jong, wit Afrikaners aan die Universiteit van die Vrystaat. Oor kerklike verbintenis is bevind dat sowat 'n derde meelewende lidmate was, nog 'n derde het ongereeld in die kerk gekom en die ander derde was kerkloos. Maar tog het byna almal hulleself nog as Christene beskou wat dui op 'n samehang in 'n mindere of meerdere mate met die omvattende godsdienstige diskoers waarmee hulle grootgeword het. Hoewel die navorsing aantoon dat hulle eng, konserwatiewe Christelike waardes en norme ontgroei, beteken dit nie dat hulle minder Christelik-georiënteerd is nie. Hulle persepsies en waarde-oordele oor Christenskap ondergaan verandering wat eklekties van aard is (Jackson, 2010:1).
Waar mense volgens 'n meer vloeibare, eklektiese stel waardes leef, is hulle minder geneig om hulle waardes te verabsoluteer. Hulle is ook meer toegeeflik teenoor ander maniere van dink en doen en sal ook hulle eie oortuigings en waardes aanpas by die eis van omstandighede. Die betekenis van 'n sekere norm of oortuiging vir 'n individu se identiteit word in 'n groot mate deur die konteks bepaal (Maclure en Taylor, 2011:95).

Van Wyk (2013a:7) verwys na inligting uit die jongste Kerkspieël dat die aantal lidmate van die NG Kerk wat die historiese en kulturele konteks van die Bybel in die verstaan

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



daarvan verreken, afgeneem het. Verder is daar ’n groeiende en groter openheid daarvoor om te aanvaar dat ’n absolute waarheid in al die verskillende godsdienste gevind kan word. Dit bevestig dat gelowiges vandag die openheid het om minder absolutisties in hulle geloofsoortuigings te wees en meer vloeibare, eklektiese oortuigings en waardes te hê om volgens te leef.

### 3.4.3 Privatisering van die godsdiens

Dit is duidelik dat die toenemende fokus op die private sfere tesame met individualisme die direkte gevolg van sekularisasie is. Volgens Martin (2005:23) is die volgende kenmerkend van die *groeiende kulturele individualisme*:

- Wat moraliteit en morele dissipline betref, is mense al minder daartoe geneë om sosiale konvensies omtrent aanvaarbare en onaanvaarbare gedrag te aanvaar;
- Die sin vir ’n persoon se sosiale verantwoordelikheid verdwyn, want die soeke na individuele essensie en selfvervulling tree meer op die voorgrond;
- Gevolglik is individue al meer op hulle eie persoonlike voorkeure ingestel as dit kom by die sosiale goedere waarby hulle kan baatvind;
- So word godsdiens self geag as ’n persoonlike voorkeur. Waar godsdiensbeoefening wel ’n voorkeur is, is die uitdrukking van die persoonlike, religieuse ervaring van die individu meesal belangrik. Ook Avis (2003:76) wys daarop dat mense meer geneig is om godsdientige oortuigings te ag as persoonlik en van private belang.

Op hierdie wyse beweeg die individu in die moderne samelewing *weg van die tradisionele maniere van sosiale interafhanklikheid*. Aangesien die realiteit van gemeenskaplikheid in die slag bly, breek die gemeenskap met sy tradisies van morele oortuigings en praktyke ook op. Daarom is daar by die moderne individu dikwels ’n verlies aan sosiale integrasie. Vos (1995:197) meen die gevolg hiervan is ’n onoorsigtelike, abstrakte samelewing waarin die individu baie meer op homself aangewese is. In beide die publieke en private sfere ontbreek dus samebinding wat nodig is vir sosiale verbintenisse. Die boustene vir mense se persoonlike identiteit word gevind in die private of individuele sfere, eerder as in sfere van die publieke instellings en oortuigings. Dit lei tot *toenemende klem op persoonlike vryheid en keuse*. Hierdie beginsel is ook diepgevestig in die konstitusie van Suid-Afrika. Dit lei egter tot die probleem van identiteitskrisis en sosiale disintegrasie. Al meer sien ons ook in Suid-

© University of Pretoria

Afrika dat ongebonde en self-regverdigende optrede sy kop uitsteek (Germond, 2005:53-54). Dit word volgens Nieder-Heitmann (2003:179) verder aangehelp deur die feit dat Suid-Afrika 'n hoogspluralistiese samelewing is. Die oorweldiging van die baie etniese en kulturele variasies help die *terugtrekking in persoonlike subjektivisme* toenemend aan.

Vir Bate (2005:21-22) dra *die informasierewolusie* daartoe by dat sosiale interaksie al meer tot die private sfeer gelokaliseer word. Dis 'n paradoks. Die kuberruimte is 'n virtuele werklikheid - 'n totale nuwe vorm van sosiale ruimte wat gevestig word. Enigeen wat elektronies toegang daartoe het, kan dit betree. Aan die een kant bevorder dit nie tasbare, sosiale integrasie nie, maar hier vind tog interaksie plaas. Hierdie interaksie het 'n invloed omdat mense rondom dieselfde belangstellings en leefstyle by mekaar aansluit. Onvermydelik vorm dit persoonlike identiteit. As hierdie identiteit egter die persoon vervreem van die werklike sosiale ruimte waarin hy moet leef, kan dit verder bydra tot 'n verlies aan sosiale integrasie.

Hierdie *individualisme* bewerk die *privatisering* van oortuigings en waardes in so 'n mate dat daar byna geen kollektiewe verwysingspunt vir religieuse en morele waardes meer bestaan nie (Avis, 2003:94). Die moderne persoon 'glo' van homself dat hy grootliks outonoom is. Sy opvoeding bemagtig hom om sy keuse in die seleksie van toepaslike waardes uit te oefen - met respek vir ander s'n sodat wederkerende respek aan sy eie persoonlike seleksie sanksie kan verleen (Norman, 2003:121). Daarom sê Moltmann (1999:85) word die lewe in moderne samelewings nie meer gevorm deur oorgelewerde tradisies nie, maar deur die uitkoms van die individue van daardie samelewing se vrye keuses. Elkeen moet ook die vryheid hê om vir homself te besluit oor hoe hy sy lewe inrig. Hierdie ekspressiewe individualisme dra dus by tot die omvang van ons wêreld se ideologiese gefragmenteerdheid (Taylor, 2007:727). Vir Norman (2003:x) is *humanisme* 'n geweldige drywer van hierdie individualisme wat ook op 'n onbewustelike en ongeartikuleerde wyse kerklidmate se perspesies van hulle geloof en die hedendaagse kerklike opset infiltreer. Moltmann (1999:201) verklaar hierdie toedrag aan die hand van nog 'n belangrike beginsel vanuit die destydse *Protestantse vryheidsbegrip* wat hierdie sekulariserende uitwerking tot gevolg het. Wat aanvanklik vryheid van die geïnstitusionaliseerde kerk se dwang op die gewete van die individu was, het gelei tot die

© University of Pretoria

individu se vryheid en reg om sy eie oortuigings en twyfel omtrent geloofs- en kerksake te verabsoluteer. Al meer word veronderstel dat die kerk in etiese aangeleenthede die gewete van die individu meer sensitief mag maak, maar dit mag nie enigeen onthef van sy eie keuse in gewetensake nie.

Dit het die volgende implikasies:

- Religie in sy institusionele vorm is afhanklik van morele gemeenskappe waarin religieuse oortuigings en waardes genereer, regverdig en onderhou word (Avis, 2003:67-68,74). Maar sekularisasie en gepaardgaande privatisering maak die godsdiens al meer *aangewese op die wisselvalligheid van die private sfere*. Norris en Ingelhart (2004:40) toon dan ook aan dat sekularisasie te doen het met hierdie evolusie in die sosiale opset van die godsdiens, in dié sin dat daar ’n skuif weg is van die kollektiewe vorme van deelname in die tradisionele godsdienstige instellings na individuele spiritualiteit wat in die private sfeer beoefen word. Avis (2003:76) beskryf dit as ’n proses wat beweeg in die rigting van morele en godsdienstige individualisme. Geïndividualiseerde godsdiens wat tipies word van ons moderne religieuse opset, word gebou deur *die lukrake seleksie van religieuse goedere* waarvan sommige tradisioneel binne die kerk erken word en ander nie. Die moderne, geprivatiseerde of geïndividualiseerde godsdiens kry onvermydelik ’n gestalte van persoonlike sentimente, emosionaliteit en die soeke na persoonlike welsyn (Norman, 2003:49). Moraliteit word iets wat persone vir hulleself definieer. Die terme van definiëring kom nie noodwendig uit die groot skatkis van tradisionele, morele teologie nie, dit word ook nie bepaal deur amptelike kerkleringe nie, maar kom deesdae vanuit ’n sekulêre verwysingsraamwerk soos veral voorgestel in die media. Die vermindering van die kerk se gesag in hierdie sake, die individualisering van die Christelike godsdiens en ook die sekulêre oorsprong van moderne Christelike gelowiges se morele idees, skep ’n probleem vir die koherente en eiesoortige boodskap van die kerk (Norman, 2003:82-83).

  Vir sommiges sal hierdie ontwikkeling regressie van die Christendom beteken omdat die lot van die Christelike geloof nou meer as tevore afhang van die individu eerder as van invloedryke religieuse instellings. Baie van die kollektiewe religieuse lewe

© University of Pretoria

gaan verlore (Taylor, 2007:531). Daarom meen Niemandt (2013b:9) kan die krimping van die NG Kerk ook toegeskryf word aan toenemende individualisering en die feit dat mense ’n soort private en onafhanklike lewe kan en wil lei. Die rede vir krimpende lidmaatgetalle by kerke oor die wêreld heen het daarmee te make dat mense al hoe minder betrokke is by gemeenskapsorganisasies wat die kerk insluit. Geloofsgemeenskap per definisie beteken juis om te konformeer met bepaalde sosiale en morele norme – iets waarvan toenemende individualisering wegskram. Deurgronde geloofsgemeenskap is dus in ’n hoogs-individualistiese kultuur waarin die konformering met voorgeskrewe religie uitgedaag word en waarin mense verwag om die reg van persoonlike keuse uit te oefen, onder geweldige druk (Norman, 2003:120-121).

- Die status van godsdienstige oortuigings word nou *gemeet aan die waarde wat dit het vir die lewe van die mens* en nie meer aan die ontologiese en intrinsieke geldigheid daarvan nie. Hierdie subjektiewe verstaan van die godsdiens is in lyn met hoe mense toenemend hulle geloof verstaan en ervaar. Omdat die aard van godsdiens nou in die private sfeer gesetel is, word dit ook bepaal deur die eienaardighede van hierdie sfeer en die individu se voorkeure. Toenemend herinterpreteer individue hulle eie godsdienstige tradisie in die lig van hulle eie persoonlike ervarings. Hulle neem ook ’n diversiteit van geestelike én sekulêre elemente waarmee hulle hul wêreldbeskouing konstrueer, aan. So vind mense se eie persoonlike oortuigings meer weerklank as die godsdienstige ortodoksie (Maclure & Taylor, 2011:81,83,84). Dit lei daartoe dat hedendaagse samelewings ’n diversteit van morele waardes, godsdienstige oortuigings en praktyke vertoon (Norris & Ingelhart, 2004:178). Die appèl tot gehoorsaamheid is nie meer gesentreer in lojaliteit aan God nie, maar in die persepsies van geïndividualiseerde spiritualiteit en hoe toepaslik en betekenisvol dit is vir die persoonlike lewe. Kerke het plekke van persoonlike seleksie geword en verbondheid word gegrond in mense se persoonlike verstaan van die Christelike geloof (Norman, 2003:106). Erasmus *et al* (2009:13) wys op nog ’n verandering wat op die hedendaagse, godsdienstige landskap inwerk: Die klem op die godsdienstige waardes van gee en omgee, neem as gevolg van sekularisasie en privatisering af. De Wet (2011:1) meen ook dat dit die geval is. Lidmate is miskien bewus van sekere

© University of Pretoria

feite van mekaar, maar 'n bewustheid van die diepere dimensies en behoeftes van individuele lede is baie vaag en dus moeilik om met mekaar te deel.

- Voortvloeiend is dit begryplik dat *geprivatiseerde godsdiens nie die klassieke taak van godsdiens kan vervul nie*. Dit kan nie 'n gemeenskaplike, godsdienstige wêreld wat in die geheel van die sosiale lewe betekenis en binding aan almal gee, konstrueer nie. Omdat daar 'n verlies aan algemeenheid is, word die taak van godsdiens nou beperk tot die daarstelling van 'n sosiaal-religieuse werklikheid binne sekere sosiale sub-sisteme met hulle onderskeie betekenissisteme en geloofwaardigheidstrukture (Berger, 1990:135). Waar godsdienstigheid beperk word tot sodanige spesifieke private, sosiale entiteite en strukture is dit dikwels effektief afgeskei van die gesekulariseerde sektore van die moderne samelewing. Dit veroorsaak dat die waardes van private godsdienstigheid irrelevant is vir ander institusionele kontekste. Dit verklaar hoekom kerke relatief min invloed het op die ekonomiese en politieke perspektiewe van sy lidmate terwyl godsdiens tog in die lewe van die privaat individu geag en gerespekteer word (Berger, 1990: 147). Avis (2003:52) bevestig hierdie argument deur daarop te wys dat godsdiens skynbaar beter vaar in die private sfeer eerder as in die sosiale sfeer waar dit deesdae faal om beginsels te bied vir openbare oortuigings of om sosiale kohesie te bewerkstellig.

  Norris en Ingelhart (2004:40) bevestig dit deur daarop te wys dat tradisionele, godsdienstige identiteite, soos die gevoel om te behoort tot 'n spesifieke geloofsgemeenskap, op hierdie wyse van minder belang word. *Lidmaatskap word maar net 'n nominale etiket* – dit het min betekenis. Kerklidmaatskap word nie meer geag as die integrasie met die liggaam van Christus in die wêreld nie en daarom beteken betrokkenheid ook nie persoonlike en gedissiplineerde gehoorsaamheid aan die tradisionele leringe nie.

- Privatisering van die godsdiens bring mee dat die moderne samelewing soek na godsdiens wat *persoonlike opheffing, emosionele bevrediging en selfs sosiale transformasie* meebring. Vir Vos (1995:197) is hierdie transformasie tipies van die postmodernistiese filosofie wat skepties staan teenoor die rol wat aan die rede

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



toegeken word. Die kille rasionaliteit word verbreek sodat emosionaliteit en retoriek ’n sentrale funksie verkry. Ook hier bepaal die pragmatiese verbruikersingesteldheid van die hedendaagse mens hoe die persoon, as berekende subjek vanuit sy behoeftes en belange, aan hierdie tipe godsdiens deelneem. Hierdie proses plaas weer eens die fokus op die groeiende belangrikheid van die individuele mense met die gevolg dat die individu hom uit die kollektiwiteit van sy onmiddellike omgewing losmaak. Kerke wat ingestel is op hierdie geestelike prioriteite van die moderne mens is vinnig besig om hulleself onwetend aan te pas by die etiese aspirasies van sekulêre humanisme. Soos reeds aangedui, vind die uitlewing van spiritualiteit nie in ’n vakuum of konteksloos plaas nie. Die sosiale en persoonlike konteks verleen die keuses waarin die geloofsinhoud uitdrukking kan vind. Die hedendaagse konteks is een van pragmatisme eerder as godsdienstige ideologie. Daarom is die prioriteit om godsdienstige kennis te vermeerder baie laag (Norman, 2003:170,171,172).

- Wat op hierdie punt in gedagte gehou moet word, is dat die privatisering van godsdiens of die individualisering van godsdiens nie net gelyk is aan atomiese individualisme nie - hoewel dit ’n geweldige rol speel. Dit verwys ook na die *toeëiening en domestikasie van geloofsoortuigings en waardes* deur individue wat hulleself organiseer rondom hierdie goedere binne *sub-groepe in die samelewing*. Hierdie toenemende privatisering van godsdiens en sy waardes dra dus by tot die verdere fragmentering van die samelewing (Avis, 2003:73,76). *Groeiende denominasionalisme* is kenmerkend binne die Protestantisme. In die Protestantse kerke is ‘waarheid’ nog altyd bepaal deur jou na die Skrif te wend. Punte van verskil in die interpretasie van die skriftuurlike teks is gewoonlik deur die lokale konteks en spesifieke oortuigings van die denominasie bepaal. Omdat dit in die Protestantse denke egter nooit bedoel was dat die individu vir homself Christelike waarheid sou bepaal nie, was daar ook altyd ’n algemene instemming dat die kerk dogmatiese foute of dwalinge moet identifiseer. Sinodes, as die sigbare outoriteit in die denominasionele kerk, het hierdie dissipline en ordefunksie tradisioneel uitgevoer. Daarom dra die meeste van die essensiële dogmas van die Christendom gesag en staan dit lank reeds vas. Maar as gevolg van sekularisasie gebeur dit al hoe meer dat *moderne, onverbonde, Protestantse ekklesiologieë* ’n tipe selfvoldane vryheid

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



uitoefen om teologiese en kerklike konsepte daar te stel sonder die eksplisiete verwysing na kollektiewe outoriteit. Dit beïnvloed ook die ouer, hoofstroom Protestantse denominasies. Die moderne liberalisme laat by baie die aanname ontstaan dat hulle daartoe geregtig is om skriftuurlike interpretasies daar te stel ongeag die bestaande kollektiewe outoriteit. Dit dra by tot die disintegrasie van godsdienstige eenheid in die moderne wêreld, tot verminderde beheer oor hierdie geïndividualiseerde godsdiens en die afname van outoriteit om omvattende godsdienstige waarheid te bepaal. Sinodes vind dit al moeiliker om dogmatiese en etiese besluite te laat geld (Norman, 2003:100,101,103,104).

’n Ander private, sosiale instelling wat ook funksioneer binne die private sfeer van mense is *die gesin* (Berger, 1990:132). Dit is interessant dat daar in hierdie private sfere soms ’n vertraging van verandering plaasvind omdat daar ’n geneigdheid is om tradisionele godsdienstige oortuigings hier voort te sit. Daarom merk Berger (1990:133-134) dan ook op dat in die sfeer van gesinsverhoudinge godsdiens steeds ’n aansienlike potensiaal het.
Maar ook hierdie instelling beleef die druk van fragmentasie, veral in die stedelike lewe waar daar ’n hoë voorkoms van gebroke huwelike en ontwrigte gesinne is (Avis, 2003:73). Dit het weer implikasies vir godsdiens in hierdie sfere. As godsdiens se geloofwaardigheidstruktuur deur die moderne gesin - wat self ’n kwesbare sosiale instelling is - gedra moet word, is dit per implikasie self kwesbaar. De Wet (2011:1) skryf so daaroor: “Gesinne woon binne ’n gemeenskap en om na die oorsaak van die problematiek binne gesinne te soek, moet die gemeenskap as geheel ondersoek word. Modernisering, rasionalisering, sekularisering en differensiasie het daartoe bygedra dat godsdiensbeoefening afgeneem het. Dit het die Godsbeeld, tradisionele godsdiens en mensbeeld direk beïnvloed. Nuwe vorme van Christelike godsdiens het binne die multi-kulturele samelewing ontwikkel waar ’n godsdienstige pluraliteit bestaan. Die kerkkrisis het verskillende vorme aangeneem wat uit verskillende teenstrydige keuses bestaan en dit kom natuurlik ook in gesinne voor. Dit het gelei tot gesinskrisisse op alle denkbare terreine om die gesin en jeug in ’n disfunksionele en disintegrerende situasie te laat.”

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



> Die enigste wyse waarop godsdiens binne gesinne versterk kan word, is om dit binne ’n breër geloofwaardigheidstruktuur te plaas. Kerke kan hierdie struktuur bied, maar net in soverre dit oorvleuel met dié van die moderne gesin wat ook aanspraak maak op sy vryheid van keuse (Berger, 1990:135).

Maar alles is volgens Taylor (2007:532) nie verlore nie. Daar is tog ook positiewe eienskappe wat in hierdie tyd van geïndividualiseerde, spirituele soeke beklemtoon kan word. Die soeke na godsdienstige geloofwaardigheid en na persoonlike, toegewyde vorme van godsdienstigheid bring *’n geloofspelgrim na vore wat poog om op ’n geloofwaardige wyse op sy eie geloofsweg te gaan*. In hierdie verband kan weer eens verwys word na die *leketeologie* (lay theology). Volgens Cobb (1996:200-202) gaan hierdie saak in die toekoms ’n groot rol speel in die godsdienstige- en kerklike wêreld. Vroeër het Berger (1990:147) aangedui dat die karakter van hierdie lekedom dié van verbruikers is en dat godsdienstige aanhanklikheid daarom vrywillig is. Vir hierdie rede kan die teologie se taak nie meer bloot wees om net die gewone man (die leek) in te lig oor wat hy moet glo nie. Dit het vandag eerder die taak om die ontwikkeling van leketeologie te bevorder sodat mense toegerus word om daar waar hulle woon en werk, hulle Christelike roeping te kan uitleef. Hierdie teologie begin by die bewustelike nadenke omtrent kwessies wat die gewone lidmaat ten diepste raak. Dit hang saam met die noodsaaklikheid dat lidmate versterk moet word om hulle lewe as Christene te gaan leef in ’n gefragmenteerde en moreel-verwarde wêreld. Hierdie toerusting is noodsaaklik as gevolg van die hedendaagse tendense van solipsisme, die idee dat ‘kennis’ bloot ’n konstruksie is wat persoonlik of sosiaal bepaald is en die gevaar van subjektiwiteit. Die uitdaging aan elke individu is dan om self-krities sy persoonlike opinies te dekonstrueer sodat daar ’n bewuswording kan wees van die nodigheid om meerdere kennis te bekom. Dit is ’n proses waarin die kerk dialoog kan bewerkstellig en die geleentheid kan skep om waarderend te luister na wat ander Christene te sê het. In so ’n konteks het die kerk ’n beter kans om werklik kerk te wees (Cobb, 1996:202).

### 3.4.4 **Verandering van die institusionele religieuse ruimte**

© University of Pretoria

As die uitwerkinge van sekularisasie se somtotaal hier bereken moet word, dan is dit duidelik dat die geïnstitusionaliseerde kerk deur ’n veelvoud van strukturele en sosiale kragte beïnvloed word.

As die kerk en die godsdienstigheid wat daardeur verteenwoordig word van betekenis is vir die lewe van mense en vir hulle lewensoortuigings en waardes bied om na te streef, dan is daardie mense geneig om ’n sterk band met die kerk te hê (Dekker, 1997:171). So nie, verswak die band met die kerk. Geringe betrokkenheid van mense by tradisioneel-kerklike godsdienstigheid kan dus toegeskryf word aan die feit dat die relevansie van hierdie godsdienstigheid afneem en dat dit al minder geïntegreer word in die daaglikse lewe van mense. Op hierdie wyse word ongodsdienstigheid ’n sosiale werklikheid in moderne samelewings. Die twee pole van toewyding aan die kerk (aan die een kant) en totale ongeërgdheid teenoor die kerk (aan die ander kant) begrens mense se uiteenlopende verhoudinge met die kerk. Hoe lyk dié verhoudinge met die geïnstitusionaliseerde kerk van vandag?

- *Verskillende vlakke van vervreemding ten opsigte van godsdienstigheid*

  Dekker (1997:157) wys daarop dat die ontkerklikingsproses ’n komplekse verskynsel is. Kerklidmaatskap is ’n objektiewe manier om vas te stel of iemand as lid ingeskrywe is, maar dit gee nie ’n aanduiding van hoe belangrik mense dit nog ag om lid van daardie godsdienstige groepering te wees nie. Inteendeel, daar is reeds verwys na Norris en Ingelhart (2004:40) se opmerking dat kerklidmaatskap vir baie lidmate bloot ’n nominale etiket met min betekenis geword het. Die losserwording van die band van die kerk word op verskillende maniere voltrek. Vir Kotze (s.a.:126) vind die vervreemdingproses in ’n mindere of meerdere mate neerslag in die volgende verhoudinge tot die geïnstitusionaliseerde kerk: vormlike kerkmense, onkerkse mense, ontkerkte mense, ontkerstende mense.

  Wat die *vormlike kerkmense* betref, word verwys na die situasie waar mense nog kerklik meelewe, terwyl die proses van vervreemding soos ’n verborge melaatsheid reeds aan die woeker is. Hoewel mense kerklik meelewe, vind dit plaas sonder werklike, innerlike kennis van en ’n ontmoeting met Christus. In Suid-Afrika voel

© University of Pretoria

baie mense nog getrek of gebind deur ’n godsdienstige tradisie of kerklike omgewing, maar geestelike deurleefdheid ontbreek. Daar is ’n vaagheid van belydenis en algemene onkunde wat maklik kan lei tot geestelike insinking wat onbedoeld kan bydra tot die atmosfeer van ongeloof wat op ander maniere inwerk op dié wat in die kerk is (Kotze, s.a.:127). Met die term *onkerkse mense* verwys Kotze (s.a.:128) na die situasie waar vervreemding van die kerk in die hart geskied lank voor die uitwendige vervreemding uiteindelik plaasvind. As daar dan mense is wat innerlik van Christus en die kerk vervreemd is, kan van hulle, vroeër of later, ook ’n losser band en selfs ’n breuk met die kerk verwag word. Die losserwording word gesien in hulle geringe deelname aan die kerklike lewe: minder kerkbesoek; minder finansiële bydraes; minder kerklike literatuur word gelees. Daar is ’n gedistansieerde kerklikheid of selektiewe deelname aan die kerklike lewe (Dekker, 1997:157). Daarom maak hulle nog sporadies van die genademiddele van die kerk gebruik, maar dit is gewoonlik ook al. Vir die res, is hulle nogal uitgesproke oor die tekortkominge van die kerk en het hulle meestal ’n menigerlei verskonings en klagtes asook eensydige griewe waarmee hulle optrede geregverdig kan word, ten minste vir hul eie gewete.

Die volgende verhouding is die *ontkerkte mense* in wie ’n meer gevorderde graad van vervreemding plaasvind. Alle verbinding met die kerklike lewe, organisasie en instituut is opgesê. Dekker (1997:159) sê op hierdie wyse raak mense los van die beïnvloeding van die kerklike instelling. Die boodskap van die kerk wat voorheen die grein van die kulturele opset beïnvloed het, vind as gevolg hiervan al minder inslag in mense se lewens. Hier word gepraat van buitekerklikheid, struktureel en kultureel. In hierdie groep word twee klasse wat baie wyd van mekaar verskil, gevind. Daar is die amoraliste – hulle het geen godsdienstige kennis nie en staan kil teenoor enige geestelike waardes. Dan is daar die ordentlike ontkerkte wat nog uiterlik fatsoenlik lewe. Hierdie persoon staan nie ongevoelig teenoor geestelike waardes nie, maar om een of ander rede het hulle met die gevestigde kerk geheel en al kontak verloor (Kotze, s.a.:129-131).

Die laaste groep en verste weg van die geïnstitusionaliseerde kerk is die *ontkerstende mense*. Hierdie tipe persoon is uiters ongenaakbaar teenoor die kerk, by wie alle kommunikasie vir die evangelie afgesluit is. Hulle is in alle opsigte na-Christelik of post-Christelik (Kotze, s.a.:133). Dekker (1997:169) meen ook dat die fundamentele

© University of Pretoria

faktor hier omskryf kan word as die irrelevansie van godsdiens en kerk vir die lewe en samelewing van mense. In konklusie weerklink die woorde van Nel (2003:22) dat ons moet erken dat kerklike afvalligheid die begin is van iets baie groter. Om die kerk vaarwel te roep, is duidelik fataal vir die geloof in God. Uiteindelik eindig dit ver van God af. Al neem dit geslagte, is die patroon duidelik (Gaum, 2011:133).

- *Vervreemding is nie noodwendig gelyk aan verminderde geestelikheid nie*

  Niemandt (2013b:9) identifiseer ’n verskynsel wat waarskynlik sterker gaan word. Dit is dat mense hulleself nie meer as ‘godsdienstig’ beskryf nie, maar wel as ‘geestelik’. Hy meen dat ons by ’n kritiese stadium in ’n nuwe geestelike ontwaking gekom het – ’n nuwe soort postgodsdienstige geloof. Die vraag is hoe groot die omvang hiervan onder NG-lidmate is en in watter mate dit tot die inkrimping van die kerk in die toekoms sal lei? Oosthuizen (2013:1) haal prof Niemandt aan: “Sekularisasie eis sy tol, maar dit beteken nie mense kies vanselfsprekend teen God nie. Baie mense wat kerklos raak, verkies om hulle spiritualiteit op ’n ander manier uit te leef.” Nel (2003:21,26) bevestig hierdie tendens. Hoewel die kerk besig is om veld te verloor, is daar baie mense wat na God soek (buite die kerk!) omdat die Christelike kerk nie meer vir hulle hierdie soeke na God beantwoord nie.

So vind ons *allerlei Christelike strominge en bewegings*. Dekker (1997:203) wys daarop dat alternatiewe bewegings in die kerk nie ’n nuwe verskynsel is nie, maar dat ons deesdae te make het met ’n byna onoorsigtelike geheel van bewegings en groeperinge wat moeilik af te baken is omdat dit so ‘beweeglik’ is.
Daar is *individu-gerigte bewegings* waarvan een van die opvallende ontwikkelinge die verskyning van vry, evangeliese bewegings is. Kenmerke van hierdie beweging is die aanvaarding van die absolute outoriteit van die Bybel vir geloof en lewe; die lewe uit ’n persoonlike geloof in Jesus Christus, op die basis van bekering; die behoefte om van die persoonlike geloof te getuig; daar is dikwels ’n reaksie teen die geïnstitusionaliseerde kerk, maar veral teen die liberale koers van kerke. Hierdie bewegings wil nie noodwendig reaksionêr wees nie, maar beywer hulle eerder vir die revitalisering van die Christelike godsdiens (Dekker, 1997:205). In die meer onlangse geskiedenis van Suid-Afrika is die Angus Buchan-fenomeen ’n baie goeie voorbeeld.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Dan is daar *kerkgerigte bewegings*. Ons sien dit in die groeiende charismatiese beweging, ’n beweging wat groter plek toeken aan die gawes van die Heilige Gees in die persoonlike geloofslewe, maar ook binne die kerke aandag daarvoor vra. Ander variasies is bewegings wat in protes is teen ontwikkelinge binne die offisiële kerke en binne die Christelike godsdiens. Hoewel ons nie noodwendig met ’n georganiseerde beweging te doen het nie, kan hierdie beskou word as ’n stroming wat ongetwyfeld fundamentalistiese trekke het (Dekker, 1997:209,211,213).

Hoewel die sogenaamde *Emerging Church*, die Ontluikende Kerk-verskynsel nie charismaties van aard is nie, is dit tog ’n baie goeie voorbeeld in hierdie verband. Geyser (2012:16) skryf in ’n artikel in die Kerkbode dat die Ontluikende Kerk in die 1980’s in die VSA ontstaan het. Hy skryf: “Ontnugterde jongmense het gesprekke begin voer oor die kerk, onder meer, die desentralisasie van leierskap, alternatiewe vir die ‘worship’-kultuur, nie-liniêre liturgieë. Die Ontluikende Kerk is verteenwoordigend van al die hoofstroomkerke. Die doel is nie dogmatiese kruistogte nie, maar dialoog oor die krisisperiode waarbinne die kerk verkeer, en hoe dit die beste deur jou kerklike tradisie hanteer kan word. Die kerk moet eerder ten dele praat omdat hy net ten dele ken. Ons kan waarheid nie besit nie. Ons praat eindig ook in misterie. Geloof is ’n lewende reis. Teologie beteken dan om op reis te wees. Waarheid is nie die eindpunt nie, maar eerder die weg waarop ons saam met Jesus is. Hierdie voorveronderstelling vra eerder na ’n ontluikende geloof wat nie so behep is met wat ons glo nie, maar erns maak met hoe ons tot daardie geloof kom.” Die vraag ontstaan hoe herkenbaar die invloed is in die hoofstroomkerke, ook in die NG Kerk, waar daar uit sekere kringe aanklank gevind word by die beweging. Naas Geyser se artikel, verskyn ook ’n artikel van König (2012:17) omtrent die beweging. Die Ontluikende Kerk word nie as ’n organisasie beskou nie, want daar is bittermin struktuur en grense. Dit is ’n beweging wat ’n groot verskeidenheid tendense vertoon wat verband hou met die volgende prioriteite: ’n terugkeer na die lewe van Jesus; ’n terugkeer na die koninkryk van God; ’n terugkeer na die kerk van die Nuwe Testament; ’n groter klem op ‘lewe’, in plaas van ‘leer’ en ‘dogma’. König betwyfel egter of hierdie prioriteite werklik tot hulle volle reg kan kom in praktyk, want ’n terugkeer na die lewe van Jesus beteken nie alleen om soos Hy uit te reik na mense in nood nie. Jesus het ook ‘nee’ gesê en skerp afgewys. “Hoe vaar die Ontluikende

© University of Pretoria

Kerke daarmee?", wil König weet. 'n Terugkeer na die koninkryk van God gaan ook oor meer as Jesus wat net gekom het om God se liefde aan mense te bewys. Die koninkryk moet ook gesuiwer word en hoe vaar die Ontluikende Kerke hiermee? Wanneer 'n terugkeer na die kerk van die Nuwe Testament prioriteit is, kan nie net die sprankelende lewe daarvan beklemtoon word nie. Daardie kerk se sterk en duidelike geloofsoortuigings oor Jesus laat juis vrae ontstaan omtrent die Ontluikende Kerke se vae en onsekere geloofsoortuigings oor Jesus – hulle groter klem op 'lewe' as op 'leer' en 'dogma'. König meen dat die vroeë kerk juis gestimuleer is deur hulle duidelike geloofsoortuigings. Sonder die leer van die apostels, sonder die sterk geloofsoortuiging van Jesus se opstanding, sou hulle lewe "die bejammerswaardigste van alle mense" gewees het. Vir König het ons in die Ontluikende Kerk 'n "moeilike, onseker mengsel".

Dan is daar die *veranderinge binne die kerklike lewe*. Dit sluit in veranderinge in die godsdienstige byeenkomste (in die liturgie en die prediking) en ook in die pastoraat. Veranderinge vind ook plaas in die apostolaat. Kerke het 'n minder eensydige getuienis, soos dit vroeër die geval was, en veel meer 'n dialoog-karakter. Evangelisasie word 'n gesprek met ander en die missionêre 'n interreligieuse dialoog (Dekker, 1997:217). Ook in die NG Kerk word aanpassings bespeur waardeur die uitdagende situasie van vandag verreken probeer word. In 'n verwysing na prof Niemandt se siening, skryf Oosthuizen (2012:3) dat die NG Kerk 'n ruim huis is wat al meer en meer gegroei het in die rigting van 'n kerk wat baie verskillende menings en ook verskille op 'n respekvolle en liefdevolle manier kan hanteer. "Daar sal altyd mense wees wat baie sterk voel dat net hulle manier om die Bybel te lees en net hulle interpretasie reg is. Ons sien die afgelope tyd 'n byna onverdraagsame stortvloed van menings hieroor. As ek dink aan die sinodes van die NG Kerk, dink ek die meeste lidmate voel egter meer tuis in 'n verdraagsame en respekvolle huis waar ons met 'n oop gemoed na ons tradisie, na mekaar en ook na die kreatiewe moontlikhede wat die Heilige Gees skep, luister."

Vir Dekker (1997:179,181) lê daar gevaar hierin. Ten spyte van die goeie bedoelings van so 'n benadering kan kerke innerlik verdeeld raak rondom 'n groot verskeidenheid, verskille, spanninge en teenstellings. Hierdie groot verskeidenhede

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



word veroorsaak deur die persoonlike leefwêrelde van mense wat vir hulle ook in die kerk tot hulle reg moet kom. In hierdie verband kan weer na Steyn se vyf bewegings ten opsigte van spiritualiteit in die NG Kerk verwys word (par. 2.3.6.2.) Dit kan egter veroorsaak dat lidmate al minder iets gemeenskapliks met ander vind. Die interne verdeeldheid word verder versterk deur die optrede van groepsvorming binne die kerklike lewe. Gelykgesindes wat hulleself in groepe bymekaar skaar, kan in ’n gemeente byna onontkombare interne teenstellings bewerk.
Hierdie toedrag van sake is vir die Christelike godsdiens en die geïnstitusionaliseerde kerk sekerlik ’n dilemma. Godsdienstige opvattings en waardes word al meer gedra deur die individu se ’n eie, geslote werklikheid, waarbinne hy ondersteuning vir sy opvattings vind. Dit beteken dat die Christelike opvattings en waardes ’n minderheidsposisie inneem en dat die moontlikheid om van betekenis te wees vir die samelewing verminder (Dekker, 1997:191). Om so relevant moontlik te probeer wees, kan kerke poog om hierdie eie, geslote werklikhede van lidmate so wyd moontlik te akkommodeer. Maar die prys hiervan is die aantasting van die kerk as instituut se godsdienstige identiteit. Dit is ’n dilemma. Om ’n handhawingsposisie te vind, moet kerke besef: dié wat aan bestaande kerklike tradisies vashou, betaal egter met ’n tipe isolasie wat gekenmerk word deur ’n groter wordende kloof tussen tradisionele opvattings en die altyd-veranderende samelewing (Dekker, 1997:193,195). Mense verander die kerklike vorme op sodanige manier dat dit pas by die moderne bewussyn en sodat dit bruikbaar is vir die moderne denke en handelinge. Dink maar net aan die invloed van die vorderinge van die wetenskap, die rasionele waarheidsbegrip en die relativering van waarheid. Spanning sal altyd ervaar word tussen tradisionele godsdiens en die samelewing. Daarom behoort aanpassings wat gemaak word, min of meer die rede vir hierdie spanning te verstaan en te verreken – ook in die herformulering van godsdienstige opvattings. Dit is moeilik om dié ideale posisie te vind, want daar sal altyd die gevoel wees dat die bekende, godsdienstige identiteit deur aanpassing verswak sal word (Dekker, 1997:197,199).

Naas die Christelike strominge en bewegings is daar ’n opkoms van *’n nuwe geestelikheid.* Sosioloë meen dit word deur die sekularisasieproses self opgeroep (Dekker, 1997:221). Kotze (s.a.:119) meen ook dat dit juis die gevolg van relativisme

© University of Pretoria

is wat maak dat die kerk van vandag uitgedaag word met allerlei strominge en dwaalweë. Mense soek nog na spirituele houvas of lewensoortuigings, maar vind dit nie noodwendig in die outentieke Christelike oortuigings nie. Inteendeel, baie vind dit onhoudbaar! Die persoonlike kognisie word die maatstaf om vir die self verheldering te bring omtrent die metafisiese. Op so wyse moet daar deurgedring word tot wat agter die ervaarbare en waarneembare lê.

Wat hierdie ontwikkelinge wel op dui, is volgens Dekker (1997:230-231) *'n nuwe religieuse bewussyn*. Dit hou verband met lewensbeskouings wat gefokus is op singewing vir die individu persoonlik. Hulle gebruik dit vir sover en op momente in hulle lewe soos hulle dit nodig het. Daarom is dit wyd-uiteenlopend en pragmaties. Verder meen Dekker, soos Kotze, dat hierdie beskouings relatief onafhanklik is van die tradisioneel-oorgelewerde of godsdienstig-kerklike oortuigings waarmee die persoon vroeër bekend was. Daarom is die gedagtegang van hierdie oortuigings nie beperk tot vasomlynde, religieuse bewegings nie. Daarom, in ons kennismaking met die nuwe religieuse bewussyn en bewegings, het ons met 'n enorme variasie te make: sektes, esoteriese bewegings (teosofie), oosterse religieuse bewegings en New Age-strominge. New Age opsigself is maar net 'n versamelnaam van 'n groot aantal religieuse en lewensbeskoulike groepe wat bepaalde 'alternatiewe' kenmerke in gemeen het wat in teenstelling staan met die outentieke Christelike geloof en die geïnstitusionaliseerde kerk.

Wat kenmerkend is van die bewegings is dat hulle veral gerig is op die persoonlike lewe van mense en op hulle selfontplooiing. Die betekenis van hierdie bewegings lê gewoonlik in die ideologie daarvan. Mense voel aangetrokke tot wat 'verkondig' word, die waardes wat voorgestaan word of doelwitte wat nagestreef word. Om die omvang daarvan te verstaan, is dit nodig om te let op hoeveel mense dit aanhang en baie belangrik, watter tipe mense dit aanhang. Veral die laasgenoemde is belangrik vir die toekomstige betekenis van sodanige bewegings. In baie gevalle kom hierdie mense uit die hoër middelklas en het hulle 'n konfessioneel-godsdienstige verlede (Dekker, 1997:225,231).

Hierdie ontwikkeling van *'n nuwe, religieuse bewussyn* wat beter pas by die moderne samelewing en mense se persoonlike, geïndividualiseerde behoeftes, dien as 'n aanduiding hoe die sekularisasieproses deurwerk. Die aantrekkingskrag van hierdie

© University of Pretoria

bewegings lê in die positiewe eienskappe daarvan, in hulle persoonlike singewing. Daarom moet hierdie religieuse bewegings nie onderskat word as slegs 'n verskynsel aan die rand van die godsdienstige lewe nie (Dekker, 1997:227,229).

### 3.4.5 Sekularisasie en die akademiese teologie

Dit is uit die voorgaande duidelik dat teologiese begrip nie immuun is teen sekulariserende kragte nie. Die kerk het deur die eeue altyd te doen gehad met verskillende beskouinge oor fundamentele dogmatiese aangeleenthede. Die verskillende dogmas het verskillende teologiese opinies geproduseer wat tot groot skismas binne die historiese kerk gelei het (en in die Protestantisme tot die verskynsel van denominasionalisme).

- Net so, sedert die begin van die moderne tye, het teologie en kerk gepoog om in lyn te bly met die vooruitgang van die moderne wêreld. Volgens Gaum (2011:25) het die beginsel van die Verligting dat die menslike rede die maatstaf vir alle waarheid is, ook gelei tot die sogenaamde 'liberale teologie' wat in die 18de en 19de eeu aan die meeste Europese universiteite oorheers het. *Liberale teoloë* het alles wat hulle as onaanvaarbaar vir die menslike rede beskou het as onwaar afgemaak of dit uit hulle teologie geskakel. Hierdie beskouing sou by die moderne mense tot die volledige uitskakeling van die idee van God as 'n transendente werklikheid lei. Die sekulariserende mag van hierdie denke is duidelik. Daarom is die gesag van die Bybel toenemend uitgedaag en betwyfel, en volgens Gaum (2011:38) is die ontmitologiserende opvattings van Rudolf Bultman 'n goeie voorbeeld hiervan. Ook Moltmann (1999:214) meen dat *die aanvaarding van die moderne wetenskap se beginsels as ondersoekkriteria* binne die Protestantse teologie tot die opkoms van die liberale teologie gelei het en die voortgesette voorkoms daarvan in neo-liberale teologieë. Berger (1990:162-163) meen ook dat die liberale teologieë 'n subjektiverende en kompromitterende aard het, maar dat die kontemporêre liberalisme wat voortbou op die vroeë liberalisme egter meer radikaal is as gevolg van die deurdringende invloed van sekularisasie en die wêreldwye pluralistiese situasie. Gaum (2011:106) verwys na wat onder andere die kritiek teen die liberalisme is: Dit plaas te veel klem op die mens se godsdienstige ervaring; dit heg te

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



veel waarde aan die menslike kultuur; en dit offer te maklik belangrike Christelike leerstellings op. Tog wys hy ook daarop dat liberalisme 'n positiewe kant het deurdat dit 'n bepaalde openheid teenoor ander se standpunte het en die voorlopigheid van eie insigte erken. Nog 'n voorbeeld in die ontwikkeling van die Protestantse teologie is die *histories-kritiese benadering* tot die kerklike tradisie en die Bybel. Hierdie benadering neem die historiese omstandighede waarbinne die Bybelse geskrifte ontwikkel het in berekening by die interpretasieproses. Hoewel dit hoegenaamd nie ekstreem is of die fondasies van die geloof vernietig nie, bied dit uitdagings vir dié oortuiging dat ware geloof afhang van die Bybelse beskouing van die wêreld en die letter van die Skrif! (Moltmann, 1999:214).

- Gaum (2011:38-39) meen dat in die resente, postmoderne tyd daar 'n herwaardering van die historiese, godsdienstige geskrifte is, waaronder die Bybel, wat al hoe meer na die aard daarvan gelees en verstaan word. Hoewel die premoderne aard in ag geneem word en toepaslike riglyne na vandag deurgetrek word, is daar tog ernstige probleme vir die denkende Christen: die feit dat die Bybel deur verskillende mense op verskillende maniere gelees word, dat 'n 'Bybelse standpunt' of 'Bybelse waarheid' deur verskillende mense dikwels so verskillend verstaan word. 'n Oplossing is 'n *relasionele waarheidsbegrip* wat die klem op die leser se subjektiewe konklusies laat val. Dit is duidelik dat objektiewe waarhede so in die gedrang kom. Dit is daarom begryplik dat die NG Kerk by verskeie Algemene Sinode op voortgesette wyse nadink omtrent Skrifgesag en Skrifgebruik.

- Weens die *Protestantse teologie* se vervlegdheid met veranderende tendense in die moderne wêreld, is dit *voortdurend in transisie*. Daarom, volgens Norman (2003:63-64) is die teologie vandag al meer onderworpe aan die invloed van sekularisering, aangesien die moderne wêreld al meer staatmaak op die uitkomste van die moderne, intellektuele wetenskappe asook die aanvaarding van die humanistiese etiek.

  Wanneer teologiese, intellektuele nadenke losgemaak word van die waardes wat deur godsdiens se eie intellektuele sienswyses en verstaanstradisies daargestel is, word die deur geopen vir die sekularisering van teologiese analise en verduideliking. Wat hou dit in vir byvoorbeeld die prinsipiële gebeure in die lewe van Christus – soos die

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



maagdelike geboorte en die opstanding – wat deur die Christendom as metafisiese werklikhede gehou word? Dit bly doodeenvoudig in die slag wanneer dit in die geheel in die realistiese, menslike terme van die moderne, sekulêre analise verduidelik word.

Dit is byna net die etiese dele van die Christendom wat die effek van hierdie sekularisering vryspring. Christus word uiteindelik net ’n propageerder van goeie moraliteit en die Christelike geloof die voortsetting van daardie gepropageerde, menslike ordentlikheid, omgewe met misterieuse simboliek.

Hierdie etiek raak maklik bevriend met die Humanistiese etiek wat goedgunstige beskouings van die menslike natuur daarstel. Hierdie is nog ’n eienskap van sekularisasie en die aanvaarding hiervan hou ’n gevaar vir historiese geloof in (Norman, 2003: 64-65).

Die gevolg van die invloed van sekularisasie op die vlak van akademiese teologie, skep skeptisisme omtrent godsdienstige bewyse wat tiperend is van die moderne intellektuele kultuur. ’n Gesekulariseerde verstaan van die Christendom vernietig die geloof van binne (Norman, 2003:71,74).

Vir Berger (1990:156) is die ‘krisis in teologie’ in die kontemporêre godsdienstige situasie ten diepste gegrond in die *krisis van geloofwaardigheid* (soos bespreek). Wanneer die geloofwaardigheidskrisis sy impak laat geld, gaan geen teologiese teoretisering die situasie kan omkeer nie.

Al opsie vir Norman (2003:104) is dat die beskerming van die suiwerheid van Christelike leringe nou belangrik is, meer as ooit, te midde van die tendens wat vaste kerklike dogma en leringe verwerp. Die taak van neo-ortodoksieë in watter vorm ookal, sal verband hou met pogings om die objektiwiteit van die geloofstradisie te hervestig en nuwe teologiese klem te lê op die korporatiewe karakter van die Christendom (Berger, 1990:166).

- Nog ’n belangrike vraag wat Moltmann (1999:245) vra, is of die Christelike teologie *enige funksie buite die kerk*, in die publieke ruimte van ons moderne samelewing, het. Voeg daarby die konteks van ’n multi-religieuse samelewing, dan raak die posisie van

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



die Christelike teologie nog meer onseker. As in gedagte gehou word dat in so ’n samelewing die teologiese fakulteite in staatsuniversiteite druk beleef om die religieuse kondisie van die land te verteenwoordig, is die vraag of die teologie nog die kerk kan dien.

In baie gevalle gaan teologiese fakulteite voort, maar dan moet denominasionele en godsdienstige verskille oorspan word. So word teologie ’n empiriese wetenskap wat geloof en filosofie ondersoek (Moltmann, 1999:246-247). As spesiale teologiese opleiding egter beskou word as wesenlik vir die kerk, is dit duidelik dat hierdie opleidingswerk nie in sodanige teologiese fakulteit gedoen kan word nie. Dit sal dan as ’n funksie van die kerk, die universiteit moet verlaat (Moltmann, 1999:248). Dit is dus duidelik dat ook die teologie voor geweldige uitdagings staan en dat dit nodig is om die plek van die akademiese teologie teenoor die kerkteologie te herontdek.

Met die Suid-Afrikaanse situasie in gedagte skryf Naude (2004:32,33,34,36) dat hy bekommerd is oor die afname in akademiese, teologiese opleiding. Daar is baie redes vir die afname sê hy: omdat historiese kerke lidmate verloor, is daar min beroepe en dus min aanmoediging vir voornemende studente om predikante te word – so is daar ’n verlies aan gekwalifiseerde predikante; nuwe akademiese poste is skaars; teologiese fakulteite verloor hulle status; die afname van godsdiensopvoeding in skole plaas akademiese departemente van Bybelwetenskap se toekoms op die spel. Maar, sê hy, ’n meer diepgaande rede vir die afname in teologiestudente het te doen met die globale druk op hoër onderwysinstellings om “kennis te produseer”. In stede daarvan om ’n leergemeenskap te wees, veroorsaak hierdie markidee dat die staat vereis dat daar op sy belegging in die universiteit, ’n kennisopbrengs moet wees wat vir die samelewing tot voordeel sal wees. Wêreldwyd word hierdie idee gereflekteer in die term “socially engaged university”. Die prys wat die curriculum hiervoor betaal, is hoog, want daar is ’n onderliggende vyandigheid teenoor kursusse wat nie die “preferred knowledge” van wetenskap en tegnologie pragmaties ondersteun nie. Ook in Suid-Afrika het dit ’n transformasie gebring in hoe opleiding geag word. Vir Naude (2004:36-37) is dit logies dat in hierdie atmosfeer die tipe kennis wat tradisioneel in die teologie en die menswetenskappe beoefen is, nie hoog in aanvraag

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



is nie en selfs tot stilte gedwing kan word. Daarom het ’n fakulteit, spesiaal vir gereformeerde teologie, in Suid-Afrika ongehoord geword.

Met die uitwerking van sekularisasie verreken, is dit opvallend dat dit *verklarings bied vir baie van die veranderinge ten opsigte van die sosiale konstrukte* in Suid-Afrika en *die veranderinge van die NG Kerk se religieuse konstrukte* soos dit in Hoofstuk 2 bespreek is. Die vraag is of die invloede van sekularisasie ongehinderd gaan voortgaan. Is daar enige teenkragte wat die uitwerking daarvan verhinder en die toekoms van die samelewing, die godsdiens binne sy sosiale opset en die geïnstitusionaliseerde kerk op ’n nuwe wyse beïnvloed. Vervolgens word aan hierdie moontlikhede aandag gegee.

### 3.6 KRAGTE TEEN SEKULARISASIE

Kotze (s.a.:63) dui aan dat die geestesgesteldheid van die moderne mens nie in een geslag geskep is nie. Dit is die resultaat van ’n ontwikkeling deur die eeue, wat in sekere wêrelddele baie vroeër begin ontwikkel het as in ander. Kotze lig ook uit dat terwyl die mens verstandelik, wetenskaplik en op tegnologiese gebied geweldige vordering gemaak het, sy geestelike ontwikkeling nie daarmee tred gehou het nie. Daarom kan dié ontwikkelinge nie sommerso die skuld vir afval en vervreemding kry nie. Hoewel sosiale ontwikkelinge, die samehoping van massas in stede en die ontstaan van moderne wetenskap en veral die moderne, tegnologiese kultuur groot invloed het op die moderne mense, is daar vir Kotze egter ’n dieper grond vir die huidige, haglike religieuse toestande. Dit is: Die mens wat geleer het om die meester te word van die lewe op aarde en in die lug, weet nie hoe om homself te bemeester nie, want morele groei is iets heel anders as intellektuele ontwikkeling.

Die moderne mense staan nie meer in verhouding met die Corpus Christianum waaronder die mensdom in die Westerse wêreld eeue lank gestaan het nie. Menigtes het weggedrywe en leef vandag buite hierdie geloofsfeer. Die mens in wie die sekularisasieproses enduit volvoer word, is nie net van die kerk ontwortel nie, maar is ook losgemaak van alle Christelike geloofsfeite en veral van God. Selfs al sou so ’n persoon probeer om die Bybel te lees, sal die Bybel se wêreldbeeld vir sy moderne denkwette vreemd en selfs onverstaanbaar wees. Vir hom val al die nadruk van sy lewe

© University of Pretoria

op die immanente. Hierdie persoon skep 'n uitermate moeilike probleem vir die kerk, want hy word baie moeilik benader of bearbei. Verder dra hy 'n atmosfeer van ongeloof soos 'n aansteeklike siekte rond. Dié klimaat daag die kerk en alle geloofsoortuiging voortdurend uit (Kotze, s.a.:82-84).

Sekularisasie as verskynsel het geweldige invloed in hedendaagse samelewings en verskerp die situasie soos hierbo beskryf. Is hierdie sosiale proses onontkombaar? Die volgende is enkele scenario's waarin sekularisasie ondermyn word.

### 3.6.1 Godsdienstige vitaliteit

Godsdienstige vitaliteit staan vandag grootliks op die kantlyn van die samelewing as gevolg van sekularisasie. Maar hierdie vitaliteit word deel van die groter, sosiale speelveld in tye wat gemeenskappe en samelewings krisistye of tye van oorgang beleef. Godsdienstige gemeenskappe kan juis dan 'n funksie vervul deur kontituïteit met die verlede te bewaar, maar tegelykertyd ook draers van hoop vir die toekoms te wees (Avis, 2003:61). In hierdie opsig word aangesluit by Norris en Ingelhart se aanname dat die belewenis van menslike sekuriteit al dan nie, 'n geweldige invloed het op die belangrikheid van godsdiens en godsdienstige waardes. Hoewel die skerpste afname in godsdienstige deelname voorkom in vooruitstrewende nasies met hoë menslike sekuriteit, kan voorspel word dat godsdienstige meelewing en -waardes beslissend sal bly by dié mense wat eksistensiële krisisse en sosiale oorgang ervaar. As in gedagte gehou word dat armer samelewings wat moeiliker sekulariseer tans in die meerderheid is, is dit byna logies dat globale sekularisasie nie ongehinderd voortstu nie. Inteendeel, dit kan ook belangrike konsekwensies vir wêreldpolitiek hê. Kulturele kontras, voortgebring deur godsdienstige waardes enersyds en sekulêre waardes andersyds, kan in die globale staatkundige opset waarskynlik warm debat ontlok omtrent komplekse, etiese vraagstukke (Norris & Ingelhart, 2004:21,25,26).

Oosthuizen (2012:3) verwys na Niemandt wat toegee dat sekularisasie 'n gegewe is, maar dat hy ook daarvan oortuig is dat die kerk nie hulpeloos is as gevolg daarvan nie. Ondanks sekularisasie stel mense nog belang in godsdiens. Hy meen dat die evangelie vars en toepaslik is vir mense.

© University of Pretoria

Wat ekstreme vorme van 'radikale' teologie in die Protestantisme betref, is Berger (1990:168) van mening dat dit nie volgehou kan word nie, vir die eenvoudige rede dat die godsdienstige instellings waarbinne dit voorkom terselfdertyd daardeur ondermyn word. Gematigde teologieë wat meer in lyn is met sekere kern-aannames van die gesekulariseerde werklikheid sal meer waarskynlik voortgesit word, en dan veral dié teologieë waarin die 'subjektivering' van godsdiens plaasvind. Hierdie breë beweging sal onwaarskynlik in die afsienbare toekoms omgedraai word en daarby moet die kerk aanpas ter wille van relevansie.

### 3.6.2 Globalisasie en re-sakralisasie

Hoewel globalisasie 'n enorme rol speel in die verspreiding van sekularisasie is Avis (2003:62) van mening dat globalisasie inderwaarheid die effek van sekularisasie kan teenwerk met die uitkoms van re-sakralisasie. Globalisasie dui in essensie op die verhoogde politieke, ekonomiese en kulturele interaksie tussen verskillende samelewings. Sodoende word hierdie samelewings op dieselfde wyse deur globale ideologiese idees beïnvloed. 'n Goeie voorbeeld is die globale verbruikerskultuur wat vroeër bespreek is. Maar tog gebeur dit dat hierdie globale idees nie ander meer lokale vorme van identiteit geheel vernietig nie, want dit word deur ander kanale gekanaliseer – via religieuse-, kulturele- of nasionale strukture. Hoewel erken word dat globalisasie lokaal-gekonstrueerde kulturele en persoonlike identiteite beïnvloed, is dit nie 'n proses van onstuitbare, universele homogenesasie nie. Dit is juis as gevolg van die bewuswording van die relativerende invloed van globalisasie dat sekere sosiale identiteite herleef om plaaslik sin en beheer te verkry.
Volgens Avis (2003:64) kan godsdiens hierdie rol effektief vervul, want godsdiens hou normaalweg verband met spesifieke lokale identiteite. Verskillende kulture is intiem verbind met hulle tradisionele godsdiens – 'n verbintenis wat bydra tot die belewenis van heelheid in 'n gemeenskap. Die herlewing van godsdiens kan 'n manier wees om 'n ander identiteit te handhaaf en te kompeteer vir 'n plek in die globale sisteem.

In 'n sekere sin kan godsdienstige instellings dus nog reken op die tradisionele bande wat dit met sekere dele van die populasie het. Drastiese vryheid in godsdienstige keuse kan op hierdie manier beperk word. Verder kan godsdienstige instellings ontevredenheid en

© University of Pretoria

ongunstige gesindhede in ’n mate onder hulle ondersteuners in toom hou deur binne die instelling aktiwiteite te onderneem wat nuwe dinamika in daardie instelling na vore bring. Na alle waarskynlikheid sal die waarde van die nuwe moontlikhede besef word en kan dit deur die proses van teologiese teoretisering geloofwaardigheid verkry. Hierdie situasie is omgewe deur die beginsel van veranderlikheid wat intrinsiek nadelig is vir godsdienstige tradisionalisme omdat dit toenemend moeiliker word om godsdienstige tradisie te behou as ’n onveranderde waarheid of egtheid (Berger, 1990:144-145). Maar dit is die enigste manier van oorlewing.

### 3.6.3 Desekularisasie

Maclure & Taylor (2011:49-50) wys op ’n ironie omtrent godsdiens in die publieke sfeer. Waar die publieke sfeer gevul is met godsdienstige praktyke en simbole van ’n dominante meerderheid, plaas dit nie altyd ’n deurleefde morele verpligting op diegene wat deel vorm van die meerderheid nie. Dit is eers wanneer publieke instellings en openbare ruimtes as gevolg van sekularisasie van daardie godsdiens gesuiwer word dat daar aangedring word op die behoud van daardie godsdienstige praktyke en simbole ten koste van ’n nuwe, pluralistiese opset. As gevolg hiervan word die sosiale speelveld gevul met sekere godsdienstige reaksies.

Die eerste hiervan is volgens Moltmann (1999:209-210) bekend as *fundamentalisme*. Saam met die moderne wêreld en liberalisme het dit ontstaan as teenreaksie. Dit het ontstaan as teenwerking van die verwarrende kompleksiteit en pluralisme van die moderne wêreld met sy verlies aan Christelike identiteit en Christelike waardes. Hierdie verskynsel word geken aan kerke se terugtrekking uit die wêreld wat soos onaantasbare bastions meesteragtig die ware geloof en onfeilbare Skrifinterpretasie probeer bewaar. Maar, meen Moltmann, hierdie bastions is ook onder beleg, want hulle ondeurdringbaarheid vir kritiek maak dat hedendaagse fundamentalisme se aanhang kwyn.

Berger (1990:6-7) meen ook dat daar op die internasionale, godsdienstige terrein bewegings na vore kom wat ál *meer konserwatief of ortodoks* is. Hierdie verskynsel word dikwels as “fundamentalisme” gekategoriseer. Die tendens omvat nie alleen die

© University of Pretoria

Christendom nie, maar ook Islam, Hindoeïsme, Boeddhisme en Judaïsme. Hoewel die sosiale en politieke implikasies van die onderskeie bewegings van mekaar verskil, is die godsdienstige dryfkrag agter die verskynsel die groot gemene deler. Dit is die geval omdat die kombinasie van die volgende eienskappe merkbaar is: 'n groot godsdienstige ywer, die trotsering van die heersende tydsgees en 'n terugkeer na die gesag van godsdienstige oortuigings wat tradisioneel gegeld het. Die beweging lê egter nie op dieselfde vlak as fundamentalisme nie.

Berger (1990:8) identifiseer dan die feit dat daar in die Evangeliese (lees ook Evangelistiese) kerklike tradisie 'n oplewing is as deel van hierdie desekulariserende beweging. Die grootste komponent van hierdie oplewing is die neo-Pentekontalisme met die opkoms van 'n magdom onafhanklike charismatiese geloofsgemeenskappe. Kenmerkend van hierdie vooruitstrewende mega-kerke is dikwels die neo-Pentekontalistiese klem op gesondheid en rykdom (wat ironies 'n sekulariserende effek het). Daarom ontstaan die vraag of hierdie oplewing standhoudend gaan wees. Berger (1990:12) is van mening dat daar egter geen rede is om te dink dat die wêreld van die een-en-twintigste eeu minder religieus gaan wees as wat tans die geval is nie. Hy redeneer dat hoewel die wêreldgodsdienste van mekaar verskil, hulle ten minste een ding in gemeen het as dit kom by hulle kritiek op die sekulêre orde - en dit is die uitwysing van die oppervlakkigheid van die sekulêre kultuur wat sonder enige verwysing na die transendente wil bestaan. Die transendente gaan altyd nodig wees, want die soeke na betekenis is 'n voortgaande eienskap van die mensheid. Die transendente gaan ook die beperkte ruimte van die empiriese bestaan in hierdie wêreld te bowe. Daarom sal religie altyd 'n plek hê. Volgens Du Toit (2007:41) is hierdie tendens 'n postmoderne tendens wat hy identifiseer as post-sekularisme. Hy bevestig dat die proses van sekularisasie nie die einde van godsdienstigheid gebring het nie. Hoewel die kerk in baie samelewings 'n subkultuur geword het, het die samelewing steeds sterk religieuse ondertone. Hier kan weer verwys word na par. 3.4.4 waar die opkoms van 'n nuwe geestelikheid en die ontwikkelinge rondom 'n nuwe religieuse bewussyn bespreek is.

Stackhouse (1995:33) se mening sluit hierby aan. Godsdiens beïnvloed volgens hom steeds ons bewussyn en die weë van ons samelewing, want godsdiens bly steeds die hoofdraer van etiese waardes. Die omgewing waarbinne dié waardes behoort te geld, is

© University of Pretoria

deesdae egter onbegrypend en soms vyandig. Daarom is die tendens ook dat die invloed nie meer geskied op die ou-bekende wyse (vanuit ’n gesagsposisie) nie, want dit word nie meer deur die samelewing en die instellings wat die populêre bewussyn vandag skep, erken nie. Germond (2005:52) meen ook dat die oplewing van godsdiens nie beteken dat godsdiens herstel word tot sy sentrale morele en sosiale orde nie, veral nie soos dit in Westerse samelewings was nie. Die rol wat godsdiens in verskillende samelewings speel, is in ’n konstante staat van verandering en reageer op ’n komplekse netwerk van sosiale invloede.

*Onsekerheid*, sê Berger (1990:11), is ’n toestand wat baie mense moeilik hanteer. Die onsekerheid wat mense as deel van die postmodernisme, pluralisme en gepaardgaande sekularisasie beleef, dien dus as impuls vir pogings om hierdie onsekerheid teë te werk. Die wêreldwye desekularisasieproses vind plaas omdat die hedendaagse tydsgees geneig is om die vanselfsprekende sekerhede waarvolgens mense deur die meeste van geskiedenis geleef het, te ondermyn. Enige beweging (nie alleen religieus van aard nie) wat poog om sekerheid te bied of te herstel, sal ’n ontvanklike mark hê in diegene wat onsekerheid moeilik hanteer. King (2009:247) meen dat post-sekularisme as hedendaagse tendens juis ’n ‘hermeneutiek van vertroue’ wek omdat dit krities nadink omtrent die verbreiding van sekularisme.
Daarom is dit begryplik dat daar ’n wisselwerking van spanning tussen die sekulariserende en desekulariserende magte sal wees. Maar gelowiges het ’n behoefte daaraan om te weet hoe om in komplekse situasies te leef - hoe om die heersende tydsgees te trotseer (Stackhouse, 1995:64). En, toenemend is die behoefte, volgens die desekularisasieteorie, aan ’n terugkeer na die gesag van godsdienstige oortuigings wat tradisioneel gegeld het. Desekularisasie (post-sekularisme volgens Du Toit) bied aan die teologie die uitdaging om godsdienstige ervaringe en oortuigings te artikuleer, sodat daar gemene gronde kan wees vir geloofsoortuigings wat essensieel is vir die voortbestaan van religie as sodanig. Dit is teologisering ‘van onder’ (Du Toit, 2007:42,135).

Die desekularisasieteorie bring hoop vir die kerk. Daar is ’n behoefte aan die herbevestiging van die waardes waarvan die kerk deur die eeue heen die draer was, maar die feit dat die aard van kerkwees radikaal aan die verander is, moet verreken word.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## 3.6 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is gepoog om 'n breë raamwerk van nadenke daar te stel waarteen sekularisasie as samelewingsfenomeen verstaan word. Die bestudering van sekularisasie het 'n lang geskiedenis in die sosiale wetenskappe. Fundamenteel word dit beskryf as die verskynsel wat te doen het met die afname van godsdienstigheid in Westerse samelewings en met die institutionele Christendom se onvermoë om die hedendaagse, dominante kultuur te beïnvloed. In die nadenke omtrent sekularisasie is onderskei tussen *strukturele sekularisasie en sosiale sekularisasie*. Strukturele sekularisasie is maklik identifiseerbaar binne die sosiale strukture van die samelewing. Sosiale sekularisasie is egter soos Norman (2003:ix) dit beskryf, 'n subtiele proses wat te doen het met sosiale en religieuse prosesse (soos bespreek in hierdie hoofstuk) wat in verskillende kontekste verskillend 'opeengestapel' is. Dit bemoeilik die taak om die effek van sosiale sekularisasie omvattend te beskryf.

Verder is die oorsake van die verskynsel ondersoek aan die hand van die verskillende samelewingstendense en godsdienstige invloedsfere: die invloed van *moderniteit en postmoderniteit*; die ontwikkeling van *institusionele differensiasie*; die vestiging van *liberale politieke* sisteme; die impak van *industriële kapitalisme en globalisasie*; die rol en belewenis van *menslike sekuriteit* en die *Protestantisme*.

Omdat sekularisasie direk te doen het met die plek en rol van religie in die samelewing is die sekulariserende uitwerking van die genoemde oorsake beskryf onder die volgende temas: *fragmentasie en pluralisasie* binne die religie; die ontstaan van 'n religieuse *geloofwaardigheidskrisis*; toenemende *privatisering* van die religie, veranderinge in die *institusionele religie* asook die *akademiese teologie*. Dit is hierdie uitwerkinge wat indirek in die resente ontwikkelinge binne die NG Kerk, maar ook in Suid-Afrika, teruggelees kan word.

Laastens is ook aangedui dat sekularisasie nie slegs daarmee te doen het dat ons deur 'n tyd van algehele godsdienstige afname leef nie, maar dat ons ook deur 'n tyd van transformasie in die verstaan van godsdiens leef, soos Norman (2003:x) tereg aandui. Die paradoks van geestelike en religieuse vitaliteit is ook waarneembaar en daarom is ook

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



nagedink oor die kragte wat sekularisasie tans teëwerk: *godsdienstige vitaliteit*, *globalisasie* en die moontlikheid van *re-sakralisasie* asook *desekularisasie*.

Gaum (2011:70,71) verwys ook na die navorsing wat gedoen is onder studente aan die Universiteit van die Vrystaat (sien par. 3.4.2). Die uitkomste van dié navorsing gee insig omtrent die godsdienssituasie onder jong Afrikaners. Dit is opvallend hoe die sake wat in hierdie hoofstuk bespreek is, deur hierdie navorsing bevestig word – dit dien byna as 'n opsomming van hoe sekularisasie op Suid-Afrikaanse bodem uitspeel:

- hulle het behoefte aan groter individualisme en vryheid van denke;
- tog het hulle 'n groeiende behoefte aan geestelike warmte - 'n gevoel van godsdienstige geborgenheid;
- die hedendaagse Afrikaner is meer vrydenkend ten opsigte van moraliteit en waardes - die Suid-Afrikaanse liberale grondwet help dit ongetwyfeld aan;
- jong Afrikaners voel al meer tuis in die geglobaliseerde samelewing waarin 'n postmoderne lewens- en wêreldbeskouing aan die die orde van die dag is;
- hulle is baie minder Christelik-konserwatief as voorheen;
- daar is 'n nuwe openheid en verdraagsaamheid, en verskeidenheid word geakkommodeer;
- die postmoderne wete dat alles verander en niks 'ewigdurend' is nie, bring mee dat die onsekerhede wat gewoonlik met die prysgee van gevestigde waardes, tradisies en omstandighede verbind word, minder bedreigend of traumaties ervaar word.

In die volgende hoofstuk word die empiriese navorsing van hierdie studie aan die orde gestel. Die teoretiese basis wat tot hier gestel is, word empiries ondersoek. Die bedoeling is om die omvang van die sosiale en religieuse konstrukte en tendense wat in Hoofstuk 2 bespreek is, asook die omvang van sekularisasie soos bespreek in hierdie hoofstuk, binne die konteks van die Nederduitse Gereformeerde Kerk na te speur.

© University of Pretoria

# Hoofstuk 4

# Empiriese toetsing

## 4.1 INLEIDING

Soos genoem in par. 1.6.4.2 is dit aan te beveel dat die teoretiese basis van die navorsing empiries ondersoek word. In hierdie studie is informasie by wyse van vraelyste versamel vir verkennende doeleindes, sodat feite en opinies omtrent die navorsingsprobleem bekendgemaak kan word. Die respondente se insig en kennis, sowel as hulle gesindhede en voorkeure wat versamel word, dra daartoe by om die sosiale en religieuse konstrukte te identifiseer waardeur hulle leefwêreld gevorm word en waarbinne die betekenis en werking van sekularisasie as fenomeen bepaal kan word. Die vrae wat in die vraelys gevra word, is daarom bedoel om respondente se ervaringe en opinies weer te gee omdat die studie ’n kwalitatiewe of verklarende benadering het.

Die interpretasie van die resultate sluit by die doelstellings van die studie aan, om te bepaal in watter mate sekularisasie die invloed van godsdienstige handelinge, opvattinge en instellings in die lewe van NG-lidmate raak. Dit bied ’n denkraamwerk om te verstaan hoe die opvattings en belewenisse van lidmate, die Nederduitse Gereformeerde Kerk se sosiaal-oorkoepelende funksie beïnvloed.

### 4.1.1 Statistiese werkswyse

Die steekproefgrootte wat gerealiseer het, is 1181.

Aan die hand van ’n vierpuntskaal is persepsies van respondente ten opsigte van elke vraag in die datastel (die vraelys, *Bylaag 4*) gemeet. *Beskrywende statistiek* is verkry deur eerstens eenrigting frekwensies en persentasies te bepaal. Dit word aangedui in die grafieke in hierdie hoofstuk. Die vrae in die datastel hou verband met 18 verskillende konsepte onder drie afdelings. Hierdie konsepte is die *afhanklike veranderlikes* wat gebruik is om modelle te bou vir verdere statistiese analise. Die vrae hou verband met die volgende konsepte:

**Afdeling B: Sosiale Konstruksie**

- Sosiale reïfikasie
- Reaksie op sosiale verandering

© University of Pretoria

- Samelewingsvisie: Apartheidskollektivisme
- Samelewingsvisie: Multikulturele situasie
- Samelewingsvisie: Westerse Individualisme

**Afdeling C: Religieuse Konstruksie**

- Persoonlike belang van religie
- Kollektiewe belang van religie
- Invloed van konteksbepaalde religie (in die NG Kerk)
- Veranderlikheid van religie (in die NG Kerk)
- Pluralisasie van die religie (in die NG Kerk)
- Spiritualiteit in die NG Kerk
- Privatisering van religie

**Afdeling D: Sekularisasie**

- Strukturele sekularisasie
- Sekularisasie: Vermindering van religie se reikwydte
- Sekularisering van die sosiale kultuur
- Sekularisasie: Vermindering van godsdienstigheid
- Sekularisering van die persoonlike bewussyn
- Sekularisasie: Omvorming van religie

Drie *onafhanklike veranderlikes* wat verband hou met die aantal demografiese vrae van **Afdeling A**, is in kategorieë opgedeel, naamlik:

- Ouderdom: 15-49, 50-63, 64+ of <55 / >55;
- Woongebied: Stad / Groot dorp / Klein dorp / Landelik;
- Aantal lidmate: <800 / >800.

Eenrigting-, tweerigting- en drierigting frekwensies is ook op hierdie drie veranderlikes uitgevoer.

Wat die opvolgende, noodsaaklike stap van *statistiese inferensie* betref, die volgende: Eenrigting *variansie-analise-modelle* (ANOVA = Analysis of variance) is gebou om gemiddelde persepsies te vergelyk ten opsigte van die afhanklike veranderlikes (18 konsepte asook Afdelings B,C en D in geheel) en die onafhanklike veranderlikes (soos

© University of Pretoria

aangedui in die drie kategorieë van Afdeling A). Daar is begin met ’n versadigde model wat bestaan uit die drie onafhanklike veranderlikes: Ouderdom (NV2), Woongebied (NV4) en Gemeentegrootte (NV5), tesame met hulle interaksieterme NV2*NV4, NV2*NV5 en NV4*NV5. Die F-toets van ’n eenrigting ANOVA is uitgevoer. Wanneer die toets ’n p-waarde van $<0.05$ lewer, dui dit aan dat veranderlikes ’n aansienlike effek op die toets het. In die modelbou van hierdie studie is al die interaksieterme wat nie ’n betekenisvolle p-waarde $<0.05$ gehad het nie, verwyder. Om te bepaal hoe die onafhanklike veranderlikes van mekaar verskil, word die veranderlikes teenoor mekaar getoets. Hierdie toetse word *post hoc*-toetse (ls means) genoem. Die uitkomste van die finale model word by elkeen van die konsepte (afhanklike veranderlikes) in die res van hierdie hoofstuk bespreek.

## 4.2 AFDELING A: VRAE OMTRENT DEMOGRAFIESE INLIGTING


In die eerste afdeling van die vraelys is vier vrae waarin die respondente demografiese inligting verskaf sodat daar ’n profiel gevorm kan word van die respondente wat deelneem aan die navorsing.

### 4.2.1 Demografiese inligting: Ouderdom

Ouderdom speel as onafhanklike veranderlike ’n rol in die empiriese studie aangesien verskillende generasies verskillende sosiale vormingservaring het. Dit is die gevolg van die sosiale netwerke waarin hulle opgegroei het se verskillende persepsies, kultuur asook godsdienstige waardes wat by wyse van ’n sosialiseringproses blywende indrukke gelaat het. So meen Norris en Ingelhart (2004:76) sal mense wat grootgeword het in ’n tyd van ongekende voorspoed, vrede en sosiale stabiliteit meer geneig wees om sekulêre waardes en oortuigings aan te neem. Verder het mense se lewensiklusse effek op hulle persepsies en mag hulle lewenshoudinge en waardes verander soos hulle beweeg van hulle jeugjare na hulle middeljare en na die derde fase van hulle lewe. Vir Norris en Ingelhart (2004:76,78) is jonger mense minder godsdienstig as ouer persone wat hulle verklaar as ’n effek van die menslike lewensiklus.

© University of Pretoria

Ter wille van 'n ewewigtigheid is respondente in drie ouderdomsgroeperinge met naastenby dieselfde gewig verdeel. Wat die *ouderdomverspreiding* (Afdeling A, Vraag 1 [V2]) betref, is die verspreiding as volg:





Die finale modelle dui aan dat ouderdom 'n aansienlike rol speel in die uitkomste van 15 van die 18 konsepte, asook in die Afdelings B,C en D in geheel. In sekere gevalle sal die uitkomste vir die strata 15-49, 50-63, 64+ aangedui word, andersins vir <55 / >55. Die eerste demografiese vraag is dus baie belangrik, aangesien die uitkomste in die res van die vraelys die perspektiewe van die meerderheid respondente vertoon wat binne 'n sekere ouderdomstratum val.

### 4.2.2 Demografiese inligting: Bevolkingsgroep

Sosiale sowel as religieuse waardes en praktyke word oorgedra en ingekleur deur die persepsies en kultuur van die sosiale netwerke waarin mense deel het. Verskillende etniese groeperinge het verskillende vormingservarings omdat hulle sosiale netwerke van mekaar verskil. Die blywende indrukke wat deur hierdie vormingservarings gelaat word, bepaal dus respondente se verskillende response op die vrae wat met betekenissisteme te doen het.

In respons op Afdeling A, Vraag 2 (V3), omtrent die *bevolkingsgroep* waaraan respondente behoort, is die volgende aangedui:




© University of Pretoria


UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Dit is opmerklik dat die oorgrote meerderheid van respondente in hierdie studie wit is. Slegs twee respondente het aangedui dat hulle swart is. Die uitkoms van hierdie vraag toon duidelik aan hoe die demografie van die NG Kerk daar uitsien. In die finale modelle word 'bevolkingsgroep' nie as onafhanklike veranderlike gebruik nie, aangesien daar nie 'n betekenisvolle verskil tussen die bevolkingsgroepe aangedui kan word nie. Die opinies in hierdie studie is dus dié van wit persone.

### 4.2.3 Demografiese inligting: Gebied woonagtig

Die volgende vraag omtrent die gemeenskappe waar die respondente woon, is ook belangrik. Die uitkoms van Afdeling A, Vraag 3 (V4), in verband met *die omgewing* waar respondente *woonagtig* is, is:




Met die steekproefontwerp is gemeentes vanuit al vier die strata (stad, groot dorp, klein dorp en landelike gebied) proporsioneel geselekteer om aan die studie deel te neem (sien par 1.6.4.2). Die grootste hoeveelheid respondente woon in 'n stedelike omgewing en groot dorpe. Die uitkomste van die finale modelle dui aan dat die gebied waar respondente woon as onafhanklike veranderlike 'n aansienlike verskil maak in 7 van die 18 konsepte. Die uitkomste sal aangedui word vir 'stedelik' versus 'nie-stedelik'.

Dit is belangrik om te verreken waar respondente woonagtig is, want volgens Norris en Ingelhart (2004:77-78) verskil die belangrikheid van godsdiens tussen stedelike en plattelandse gemeenskappe. Verder verskil die belangrikheid van godsdiens aansienlik tussen ouer en jonger generasies binne stedelike gemeenskappe. In landelike gemeenskappe is die belangrikheid van godsdiens vir die verskillende generasies byna dieselfde. Vir Norris en Ingelhart suggereer hierdie verskillende patrone dat landelike

© University of Pretoria


UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



gemeenskappe redelik konstant bly, terwyl vinnige, kulturele veranderinge in stedelike samelewings, basiese waardes en oortuigings in ’n meer sekulêre rigting skuif.

### 4.2.4 Demografiese inligting: Gemeentegrootte

Afdeling A, Vraag 4 (V5), is die laaste demografiese vraag waarin respondente gevra word om aan te dui *hoeveel lidmate* deel van sy of haar gemeente is.




Die verdeling van die strata is volgens Mann (1998) se kategorieë van gemeentegroottes: familiegrootte (tot 200 lidmate), pastorale grootte (200 tot 800 lidmate), programgrootte (800 tot 1500 lidmate) en korporatiewe grootte (meer as 1500 lidmate). Grafiek 4 toon dat die meeste respondente deel is van pastorale grootte gemeentes wat volgens *Bylaag 3* versprei is oor stedelike gebiede sowel as groot dorpe.

Aangesien verskillende tipes gemeentes verskillende dinamika verteenwoordig, sal dit noodwendig daartoe lei dat respondente uit verskillende gemeentes se menings van mekaar verskil. In 10 van die 18 konsepte word aangedui dat gemeentegrootte ’n aansienlike verskil meebring in die uitkomste van die konsepte. Dit word aangedui in die strata ‘<800’ en ‘>800’.

Ten slotte word die tweerigting- en drierigting frekwensies wat uitgevoer is op die drie onafhanklike veranderlikes getoon. *Tabel 1*, *2* en *3* dui tweerigting frekwensies aan:

**Tabel 1: Ouderdom volgens woonomgewing**

| | % respondente in stadsomgewing | % respondente in nie-stedelike omgewing |
|---|---|---|
| **Ouderdom 15-49 jaar** | 20.6 | 14.3 |
| **Ouderdom 50-63 jaar** | 16.8 | 15.9 |
| **Ouderdom 64+** | 18.6 | 13.9 |

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



**Tabel 2: Ouderdom volgens gemeentegrootte**

| | % respondente in gemeente <800 | % respondente in gemeente >800 |
|---|---|---|
| **Ouderdom 15-49 jaar** | 18.4 | 16.5 |
| **Ouderdom 50-63 jaar** | 20.4 | 12.4 |
| **Ouderdom 64+** | 18.6 | 13.8 |

**Tabel 3: Woonomgewing volgens gemeentegrootte**

| | % respondente in gemeente <800 | % respondente in gemeente >800 |
|---|---|---|
| **Stedelike omgewing** (Stad en groot dorp) | 22.7 | 33.1 |
| **Nie-stedelike omgewing** (Klein dorp en landelik) | 34.5 | 9.6 |

Die drierigting frekwensies wat uitgevoer is op die drie onafhanklike veranderlikes dui die volgende aan:

**Tabel 4: Drierigting frekwensies ten opsigte van ouderdom, woonomgewing en gemeentegrootte**

| Ouderdom | Woonomgewing | Gemeentegrootte | % respondente |
|---|---|---|---|
| 15 – 55 jaar | Stedelik | <800 | 10.3 |
| 15 – 55 jaar | Stedelik | >800 | 16.5 |
| 15 – 55 jaar | Nie-stedelik | <800 | 14.8 |
| 15 – 55 jaar | Nie-stedelik | >800 | 4.3 |
| >55 jaar | Stedelik | <800 | 12.5 |
| >55 jaar | Stedelik | >800 | 16.7 |
| >55 jaar | Nie-stedelik | <800 | 19.8 |
| >55 jaar | Nie-stedelik | >800 | 5.2 |

## 4.6 AFDELING B: VRAE OMTRENT SOSIALE KONSTRUKSIE

Aangesien sekularisasie 'n sosiale verskynsel is wat regstreeks te doen het met religie as sosiale verskynsel kan die voorkoms en werking van sekularisasie slegs binne hierdie

© University of Pretoria

konteks verstaan word. Om sekularisasie se invloed op die NG Kerk te bepaal, is dit nodig om inligting te versamel omtrent respondente (lidmate van die NG Kerk) se sosiale konstrukte waardeur die aard van hulle leefwêreld, hulle sosiale gesindhede en voorkeure bepaal word. Dít het Afdeling B van die vraelys ten doel.

In Hoofstuk 2 is aangedui dat mense se persoonlike betekenissisteme grootliks deur die proses van sosialisering aangeleer word. Betekenissisteme bevat norme en waardes en bied dus die agtergrond waarteen sosiale gedrag geïnterpreteer word. Die sosiale interpretasies wat deur 'n individu as geloofwaardig en toepaslik beskou word vir sy eie lewe, is waarskynlik dié wat bekend is en ook aanvaar word deur andere wat 'n belangrike rol speel in die lewe van daardie individu. Persoonlike betekenissisteme wat op hierdie wyse met ander gedeel word, plaas die individu effektief in 'n groter sosiale orde. Hierdie groter sosiale orde is die skema waaruit die individu sekere normatiewe interpretasies selekteer om gebeure en ervaringe in sy eie lewe te interpreteer. Sodoende bied die betekenissisteem 'n raamwerk vir persoonlike identiteit en selfwaarde (McGuire, 1991:31-32). Respondente se begrip hiervoor word onder andere in hierdie afdeling ondersoek.


### 4.3.1 Sosiale konstruksie: Konsep 1 - Sosiale reïfikasie

Die bedoeling van die volgende vrae (Vraag 5, 6, 7, 8, 9, 22, 23 in Afdeling B) is om te bepaal of respondente se persoonlike betekenissisteme sosiaal verkry word en ondersteun word deur voortdurende (her)sosialisering en betekenisvolle interaksie met ander persone wat dieselfde sosiale sisteem in stand hou. Sosiale reïfikasie is die eindproduk van sodanige prosesse en het te doen met 'n individu se internalisering van sosiaal-gekonstrueerde diskoerse op 'n kognitiewe en 'n normatiewe vlak. Reïfikasie veroorsaak dat mense nie altyd bewus is van hoe die voorgaande prosesse hulle lewensrealiteit skep nie. (Sien par. 2.2.1)


Die beskrywende statistiek in die grafieke is slegs eenrigting frekwensies uitgedruk in persentasie.

© University of Pretoria


Vraag 5: *Deel u die sosiale oortuigings van die samelewing waarin u leef?* (V6)





Vraag 6: *Dink u gereeld na omtrent die invloed van die samelewing se sosiale oortuigings op u eie lewe?* (V7)




Vraag 7: *Dink u dat sosiale oortuigings met verloop van tyd verander?* (V8)





Vraag 8: *Meen u dat veranderende sosiale oortuigings die sosiale opset van die samelewing kan verander*? (V9)





© University of Pretoria


Vraag 9: *Beleef u dat veranderende sosiale oortuigings die sosiale opset wat voorheen gegeld het, laat disintegreer?* (V10)




Vraag 22: *My persoonlike identiteit hang af van die etniese groep waaraan ek behoort.* (V23)




Vraag 23: *Ek voel gedwonge om die sosiale identiteit van my etniese groep in my persoonlike lewe te handhaaf.* (V24)




In die rapportering van die finale model vir die afhanklike veranderlike *Sosiale Reïfikasie*, word aangedui dat ouderdom 'n aansienlike effek het. 'n Hoër telling word geassosieer met 'n hoër ouderdom. Om dit in verband te bring met die vrae wat met hierdie konsep verband hou, beteken dit die volgende:

© University of Pretoria

- Die rol van sekere sosiaal-bepaalde, persoonlike betekenissisteme word toenemend belangrik in die lewe van NG Kerk-lidmate namate hulle ouer word. Dit word in opvolgende konsepte ondersoek.
- Namate NG Kerk-lidmate ouer word, is daar ook ’n groter bewustheid van hoe hulle persoonlike betekenissisteme geaffekteer word deur die groter sosiale orde waarbinne dit voorkom.
- May en Perry (2011:107) se insigte omtrent ’n persoon se gevoel van identiteitsvervulling is ten opsigte van hierdie konsep baie belangrik. Vir hulle hang die gevoel van identiteitsvervulling met die volgende saam:
    - ’n Diepgaande begrip van die samestellende elemente wat die individu se identiteit opmaak;
    - Die vermoë van ’n individu om die omvang van die invloed van die wêreld waarin hy bestaan op sy psige te verreken;
    - Die gevoel van inherente vitaliteit wanneer daar progressie is na dit wat die individu wil wees of wil vermag in die lewe en vice versa. As die progressie dus ontbreek, inhibeer dit die inherente vitaliteit wat ’n negatiewe impak op ’n persoon se identiteitsvervulling het.

  Die hoër telling wat met ’n hoër ouderdom geassosieer word, dui dus ook aan dat NG Kerk-lidmate, soos hulle ouderdom toeneem, meer bewus is van hoe hulle gevoel van identiteitsvervulling geaffekteer word deur hulle sosiale omgewing.

Volgens die *post hoc*-toets speel die gebied waar die respondente woon, asook die tipe gemeente waaraan hulle verbonde is, geen noemenswaardige rol in hierdie geval nie.

### 4.3.2 Sosiale konstruksie: Konsep 2 – Reaksie op sosiale verandering

Soos aangedui in Hoofstuk 2 word empiries waargeneem dat ’n samelewing en sy instellings altyd verander, aangesien mense wat daaraan verbonde is se voorvereistes met tyd verander. Dit is ook die geval met die sosiaal-religieuse konteks waarvan die NG Kerk deel is. Hierdie veranderinge, bespreek in Hoofstuk 2, is nie altyd vreedsaam oor die hele samelewing nie en lei tot sosiale konflikte, ’n toestand van anomie, ’n gevoel van vervreemding van die groter samelewing en ’n laertrek-situasie waarin mense hulle skaar by sosiale sfere en instellings waar verandering stadiger plaasvind.

© University of Pretoria


UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die afgelope jare is die Suid-Afrikaanse konteks gekenmerk deur radikale, sosiale verandering. Mense uit verskillende sosiale agtergronde is blootgestel aan mekaar se sosiale betekenissisteme. Sosiale interaksie met persone wat ’n ander sosiale sisteem handhaaf, kan volgens McGuire (1991:91) tot gevolg hê dat ’n individu se eie betekenissisteem ook verander. Die vermoë van ’n individu om die veranderinge wat in sy lewe plaasvind sinvol in ’n narratief saam te vat sodat daar kohesie tussen sy verskillende lewenservarings is, is volgens May en Perry (2011:107) ook belangrik vir ’n persoon se gevoel van identiteitsvervulling.

Daarom is dit ook nodig om navraag te doen omtrent hoe respondente se identiteit en betekenissisteme geraak word deur hulle belewenis van verandering in die samelewing waarbinne hulle moet leef. Dit is deur ’n nuwe proses van sosialisering dat betekenisvolle interaksie in sodanige situasie kan plaasvind.
Die aantal vrae (Vraag 10, 11, 12, 15, 31 in Afdeling B) toets respondente se reaksie op sosiale verandering. Weer eens is die beskrywende statistiek in die grafieke slegs eenrigting frekwensies uitgedruk in persentasie.

Vraag 10: *Voel u ontwrig wanneer die bekende sosiale opset van die samelewing verander?* (V11)





© University of Pretoria


UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




Vraag 11: *Sal u weerstand bied teen sosiale verandering as dit u burgerlike voorregte bedreig?* (V12)




Vraag 12: *Hanteer u die impak van sosiale verandering deur noodgedwonge met die nuwe sosiale opset te identifiseer?* (V13)





Vraag 15: *Ek het ten volle by die nuwe multikulturele identiteit van Suid-Afrika aangepas*. (V16)




© University of Pretoria

Vraag 31: *Die ingrypende sosiale veranderinge sedert 1994 het vir my ’n gevoel van blywende ontwrigting meegebring*. (V32)




Die uitkoms van die finale model vir die afhanklike veranderlike *Reaksie op sosiale verandering*, wys weer eens dat ouderdom ’n aansienlike verskil maak. ’n Hoër telling word geassosieer met ’n hoër ouderdom. Ten opsigte van die vrae kan dus aangedui word dat hoe ouer lidmate van die NG Kerk is, hoe meer ontwrig voel hulle wanneer die sosiale opset waaraan hulle gewoond is, verander en hoe groter is hulle weerstand teen sosiale verandering. Hoewel hierdie reaksies swaar weeg, beteken dit nie dat ouer persone nog nie by die nuwe, multikulturele identiteit van Suid-Afrika aangepas het nie. Hulle vind egter nie noodwendig daarin nuwe, sosiale en persoonlike betekenissisteme nie. Die *post hoc*-toets toon ’n onbeduidende hoër reaksie by ouer lidmate in kleiner gemeentes binne ’n nie-stedelike opset as by hulle eweknieë in groter stadsgemeentes.

Die implikasie hiervan is dat ’n situasie van verandering vir ouer lidmate van die NG Kerk nie noodwendig alternatiewe vorme van sosiale bestaan na vore sal bring nie. Dié waaraan hulle gewoond is, word moeilik in hulle persoonlike psige opgehef en daarom kan dit daartoe lei dat daar minder begrip en toleransie vir verskillende lewensuitkyke is. Suid-Afrika word gekenmerk deur die wisseling van drie dominante samelewingsvisies (sien par. 2.2.3). Aangesien hierdie samelewingsvisies dien as sosiale en persoonlike betekenissisteme is dit ook belangrik om navraag te doen omtrent die invloed hiervan op respondente. Dit is binne hierdie betekenissisteme waar respondente effektief leef as gevolg van sosialisering.

### 4.3.3 Sosiale konstruksie: Konsep 3 – Samelewingsvisie: Apartheidskollektivisme

© University of Pretoria

In aansluiting by die voorgaande paragraaf: In Suid-Afrika speel die drie dominante samelewingsvisies (Apartheidskollektivisme, Afrikakommunalisme en Westerse Individualisme) histories en teenswoordig 'n belangrike rol in die vorming van mense se selfdunk, hulle waardes en hulle unieke, onderskeidende eienskappe in verhouding tot ander s'n.

Apartheidskollektivisme (soos bespreek in par. 2.2.3) was vir baie jare 'n dominante betekenissisteem waarbinne Afrikaners (waarvan die meeste lidmate van die NG Kerk is) effektief geleef het. Apartheid het Suid-Afrikaners se waardes en kultuur op verskillende wyses gevorm. Ook die Afrikaanse kerke (NG Kerk ingesluit) wat hierdie wêreldbeeld teologies gesanksioneer het, se religie en struktuur is hierdeur beïnvloed. Hoewel apartheid intussen institusioneel afgeskaf is en teologies van afgesien is, is die vraag in watter mate die geïnternaliseerde apartheidswaardes en –kultuur, in die psige van menige Afrikaner voortleef. Dit is nodig om die antwoord te hoor:

- aangesien dit 'n blik verleen op lidmate van die NG Kerk se belewenis van die aftakeling van apartheid se waardes en kultuur waardeur hulle eie persoonlike betekenissteem gevorm is;
- sodat bepaal kan word of Afrikaners hulle in 'n situasie van rigtingloosheid bevind;
- sodat die belangrikheid van Afrikaner-etnisiteit identifiseer kan word;
- om te weet of Afrikaners oop is vir nuwe beïnvloeding.


Nadenke hieromtrent noop 'n persoon om sy eie identiteit in oënskou te neem. Hierdie inwendige refleksie dien as verwysingspunt gedurende tye van sosiale verandering, om sosiale insluiting en uitsluiting te verstaan en om te bepaal wat as normaal of nie beskou kan word. In hierdie verstaan lê die sleutel vir die individu om homself te posisioneer binne nuwe ruimtes. So vind potensiële persoonlike verandering plaas en word 'n wêreld van nuwe moontlikhede geopen. Hierdie situasie hoef nie die gevoel van identiteitsvervulling (soos vroeër bespreek) te kompromitteer nie en daarom kan die individu sy identiteit in relasie tot 'n nuwe sosiale situasie voortsit (May & Perry, 2011:110-111).

Die aantal vrae in Afdeling B (Vraag 16, 19, 28, 30, 34) hou verband met die *Konsep - Apartheidskollektivisme* en is bedoel om die rol daarvan in respondente se belewenis van


© University of Pretoria

hulle realiteit te bepaal. Eenrigting frekwensies word in die beskrywende statistiek aangedui.


Vraag 16: *Ek gebruik steeds die idees van die apartheidskultuur as maatstaf om sosiale gebeurlikhede in Suid-Afrika te beoordeel.* (V17)




Vraag 19: *Ek voel dat die Afrikaner na die kantlyn verskuif in die hedendaagse Suid-Afrika.* (V20)





Vraag 28: *Ek dink die meeste Afrikaners is tevrede met die demokratisering van Suid-Afrika sedert 1994.* (V29)





© University of Pretoria

Vraag 30: *Die Afrikanerverlede is vir my belangrik*. (V31)




Vraag 34: *Die apartheidskultuur waaraan ek vroeër gewoond was, is in my lewe algaande afgetakel deur die ingrypende sosiale veranderinge sedert 1994*. (V35)




Die ouderdom van respondente en die omgewing waar hulle woon, het ’n aansienlike effek op die uitkoms van die afhanklike veranderlike *Apartheidskollektivisme.* ’n Hoër telling word geassosieer met ’n hoër ouderdom, veral die ouderdomskategorie van 64+. ’n Hoër telling word ook geassosieer met lidmate in ’n nie-stedelike omgewing. Die *post hoc*-toets toon dat gemeentegrootte geen rol speel nie.

In die eerste plek beteken dit dat ouer lidmate van die NG Kerk in nie-stedelike gebiede meer geneig is om te beleef dat die Afrikaner na die kantlyn verskuif is in die hedendaagse Suid-Afrika. Hulle is die groep wat ook ’n hoër solidariteit toon met die Afrikanerverlede. Daarom verskil hierdie lidmate se tevredenheid omtrent die demokratisering van Suid-Afrika ook van ouer lidmate s’n elders, asook van jonger lidmate in ’n nie-stedelike sowel as stedelike omgewings.
Aangesien ouer lidmate uit die aard van die saak langer met Apartheidskollektivisme as dominante betekenissisteem saamgeleef het, neem dit ook langer om die

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



geïnternaliseerde apartheidswaardes en –kultuur in hulle psige af te takel sodat dit nie meer as maatstaf gebruik word om sosiale gebeurlikhede in Suid-Afrika te beoordeel nie.

### 4.3.4 Sosiale konstruksie: Konsep 4 – Samelewingsvisie: Multikulturele situasie

Die konstitusionele, multikulturele demokrasie van Suid-Afrika het Afrikakommunalisme as dominante samelewingsvisie ontsluit. Opmerklik is die polities-sosiale beweging weg van ’n apartheidsamelewing en van ’n Westers-geörienteerde denksisteem waardeur byna alle samelewingsektore moreel en strategies tot ’n Afrika-geörienteerde denk- en waardesisteem getransformeer is. In die bestek van twee dekades het dié nuwe bedeling ’n eiesoortige historie ontwikkel. Dit is kenbaar in die sosiale struktuur en kultuur van die nuwe Suid-Afrika. Soos verduidelik in par. 2.2.3.2, is hierdie historie ’n simbool van hoop vir dié wat met hierdie veranderinge en die gepaardgaande opkoms van Afrikakommunalisme identifiseer. Vir dié wat nie daarmee identifiseer nie, was en is dit steeds ’n simbool van wanhoop, aangesien die transformasieproses in Suid-Afrika revolusionêr eerder as evolusionêr was ten opsigte van die standaarde, kultuur en waardes wat voorheen gegeld het. Dit lei tot negatiwisme. Dit word verskerp deur die sosiale probleme van die dag soos armoede, werkloosheid, ’n gebrek aan gemeenskapslewe, ’n gebrek aan waardesisteme en misdaad. Die meeste Afrikaners vandag, volgens Grundlingh (2001:254), is nie met veel keuse gelaat as om hulle maar by die nuwe bedeling neer te lê nie.

Aan die hand van ’n aantal vrae in Afdeling B (Vraag 13, 17, 18, 20, 27) word die *Konsep - Multikulturele situasie* getoets. Die bedoeling is om te bepaal hoe respondente hierdie sosiale realiteit beleef:


- Het hulle aangepas by die multikulturele situasie van Suid-Afrika?
- Bring hulle insigte omtrent die situasie respek en waardering of nie?
- Voel respondente geïsoleer binne die multikulturele situasie van Suid-Afrika?

In die grafieke wat hier volg, word eenrigting frekwensies, uitgedruk in persentasie, aangedui.

© University of Pretoria


Vraag 13: *Die liberale politieke stelsel in Suid-Afrika is vir my aanvaarbaar aangesien my regte as individu beskerm word volgens die handves van menseregte.* (V14)

**Grafiek 22 - Vraag 13** V14





**% respondente**

Vraag 17: *Ten spyte van ons demokrasie beleef ek dat die regering steeds etniese verbintenis verpolitiseer.* (V18)




**% respondente**


Vraag 18: *Ten spyte van ons demokrasie is ek van mening dat sosiale klas steeds 'n faktor is vir diskriminasie.* (V19)





**% respondente**

© University of Pretoria

Vraag 20: *Wat my betref word die demokrasie van Suid-Afrika benadeel deurdat die regering 'n onvermoë het om sosiale kwessies die hoof te bied.* (V21)




Vraag 27: *Ek is verdraagsaam teenoor kulturele verskeidenheid in ons samelewing.* (V28)




Wat die afhanklike veranderlike *Multikulturele situasie* betref, het die ouderdom van respondente en die omgewing waar hulle woon 'n aansienlike effek. Die belangrike aanduiding hier is 'n hoër telling wat met 'n stadsomgewing geassosieer word. Verder is die interaksie tussen die ouderdomsgroep 15<55 jaar en 'n stedelike omgewing ook noemenswaardig. 'n Hoër telling word geassosieer met hierdie groep teenoor dieselfde ouderdomsgroep binne 'n nie-stedelike omgewing.

Die uitkomste dui aan dat daar in stedelike omgewings 'n groter toleransie is van die liberale politieke stelsel en kulturele verskeidenheid in Suid-Afrika. Dit is die geval met die ouderdomsgroep 15<55 jaar in 'n stedelike omgewing. 'n Laer telling in dieselfde ouderdomskategorie in 'n nie-stedelike omgewing dui op 'n kleiner toleransie en kan waarskynlik toegeskryf word aan mense se ervaring dat etniese verbintenis steeds verpolitiseer word, dat sosiale klas steeds 'n faktor vir diskriminasie is en dat die demokrasie van Suid-Afrika benadeel word deurdat die regering 'n onvermoë het om sosiale kwessies die hoof te bied. Die ouderdomsgroep 15<55 jaar in 'n stedelike omgewing is skynbaar beter aangepas by die multikulturele situasie van Suid-Afrika.

© University of Pretoria

### 4.3.5 Sosiale konstruksie: Konsep 5 – Samelewingsvisie: Westerse Individualisme


Met verwysing na par. 2.2.3.3, omtrent Westerse Individualisme as derde belangrike samelewingsvisie in Suid-Afrika, word met die *Konsep - Westerse Individualisme* navraag gedoen omtrent die invloed hiervan in die lewe van respondente.

In hierdie samelewingsvisie word die uniekheid en reg van die individu verabsoluteer as hoogste sosiale prioriteit. ’n Individu se verbintenis aan ander is na willekeur en sy deelname aan sosiale instellings van die samelewing is absoluut vrywillig. Toegepas: Indien ’n individu nie met apartheidskollektivisme of Afrikakommunalisme as samelewingsvisie identifiseer nie, kan dit lei tot sosiale vervreemding wat die klem al meer laat verskuif na die belange en voorkeure van die individu self. Die verdere gevolg is dat daar nie juis ’n nasionalistiese bewussyn is nie, asook dat sosiale instellings en ander samelewingsverbande se rol gerelativeer word tot iets wat slegs van belang is solank individuele lede dit goed vind om daaraan deel te hê. Dié toedrag van sake stel die individu in staat om op ’n voortgaande wyse homself sosiaal te posisioneer binne ’n multikulturele opset soos dit in Suid-Afrika die geval is. Dit maak die individu wat hierdie samelewingsvisie omarm pragmaties – ’n houding wat aangehelp word deur die effek van versnellende globalisering en tegnologiese vooruitgang. Waar Westerse Individualisme die persoonlike betekenissisteem van mense beïnvloed, word privaatheid, persoonlike geluk, sukses en voorspoed belangrike prioriteite.

Vraag 14, 21, 24, 25, 26, 29, 32, 33 in Afdeling B van die vraelys bepaal die invloed van die *Konsep – Westerse Individualisme.* Respondente se menings word in die volgende eenrigting frekwensies aangetoon.


Vraag 14: *Solank ek dieselfde tipe leefstyl kan handhaaf as wat ek tans beleef, hinder die liberale politieke stelsel van Suid-Afrika my min*. (V15)

**Grafiek 27 - Vraag 14** V15





© University of Pretoria


Vraag 21: *Ek dink die hedendaagse klem op die erkenning van individuele regte lei daartoe dat mense hulle nie meer steur aan gemeenskaplike sosiale waardes nie.* (V22)





Vraag 24: *Die erkenning van my individuele uniekheid binne enige sosiale opset is vir my baie belangrik.* (V24)




Vraag 25: *Die vryheid moet my gegun word om by sosiale instellings betrokke te wees soos ek wil.* (V26)





Vraag 26: *Ek beskou myself as 'n selfstandige individu wat my eie opinies vryelik kan lug.* (V27)





© University of Pretoria


Vraag 29: *Ek wil die vryheid hê om sonder enige dwang oor my lewenstyl te besluit.* (V30)




Vraag 32: *Ek voel dat wat in die privaatheid van my huis gebeur, niks met niemand te doen het nie.* (V33)




Vraag 33: *Om te werk vir persoonlike voorspoed is vir my 'n prioriteit in my lewe.* (V34)




In die rapportering van die finale model vir die afhanklike veranderlike *Westerse Individualisme*, word aangedui dat ouderdom en gemeentegrootte 'n aansienlike rol speel in die uitkomste van hierdie konsep. In albei onderdomsgroepe <55 sowel as >55 jaar, speel die konsep 'n belangrike rol. Die invloed van die konsep is ook belangrik ten opsigte van alle gemeentegroottes. Die kerk in sy geheel word deur Westerse Individualisme beïnvloed. Om dit in verband te bring met die vrae wat met hierdie konsep verband hou, kan veronderstel word:

© University of Pretoria

- Dat die idees van die Westerse Individualisme (soos bespreek in par 2.2.3.3) diep gewortel is in die psige van NG Kerk-lidmate;
- Dat die erkenning van hulle individuele uniekheid en regte baie belangrik is vir NG Kerk-lidmate;
- Dat persoonlike vryheid, privaatheid en strewe na voorspoed voorkeur-prioriteite in NG Kerk-lidmate se lewe is.

’n Vergelyking van die afhanklike veranderlikes Apartheidskollektivisme, Multikulturele situasie en Westerse Individualisme is ook betekenisvol. In die genoemde volgorde neem die gemete gemiddeld van die drie samelewingsvisies in belangrikheid toe. Dit beteken dat Westerse Individualisme as samelewingsvisie tans die grootste invloed uitoefen in die lewe van NG Kerk-lidmate.

Met die konsepte van Afdeling B omtrent sosiale konstruksie is aangesluit by May en Perry (2011:121) se opmerking dat sosiale navorsing ten doel het om te verklaar hoe mense se persoonlike identiteit afhang van die sosiale omgewing waarin hulle bestaan. Indien dit so is dat Westerse Individualisme die samelewingsvisie is waarmee die oorgrote meerderheid lidmate van die NG Kerk identifiseer, sal hulle persoonlike identiteit ook daardeur bepaal word. Dit is juis binne hierdie samelewingsvisie dat die werking van sekularisasie die opvallendste is. Dít is veelseggend vir die res van die studie.

Indien ’n individu bewustelik omtrent hierdie verbintenis nadink, behoort dit die individu in staat te stel om omvattend te verstaan hoe sy optredes en perspektiewe bepaal en ondersteun word deur sy sosiale omgewing, maar ook vice versa hoe daardie sosiale omgewings weer beïnvloed word deur menslike optredes en perspektiewe. Die sosiale omgewing het ook ’n bepalende invloed op mense se religieuse konstrukte sowel as op die omvang van sekularisasie.

© University of Pretoria

## 4.7 AFDELING C: VRAE OMTRENT RELIGIEUSE KONSTRUKSIE

Norman (2003:23) meen dat godsdiens in die algemeen aan mense 'n middel bied om persoonlike, eksistensiële betekenis en identiteit te bekom en hulle plek in die groter geheel waar hulle bestaan, te verkry.

Die meeste historiese godsdienste is omvattende betekenissisteme waarin die individu en die sosiale groep waarvan hy deel is se godsdienstige ervarings afspeel. Hierdie betekenissisteme is verklarend en normatief vir die individu sowel as die sosiale groep. Dit verklaar hoekom dinge is soos dit is en dit bepaal hoe dinge behoort te wees. Vir 'n sosiale groep kan sodanige betekenissisteem sin gee aan 'n bepaalde sosiale orde en daaraan legitimiteit verleen (McGuire, 1991:28,29).

Die individu se godsdienstige betekenissisteem ontwikkel ook deur die proses van sosialisering. 'n Persoon se godsdienstige oortuigings en praktyke, asook sy lewenshouding en waardes hang dus af van die tipe godsdienstigheid wat die individu verkry deur sosialisering (McGuire, 1991:53).

Omdat die navorsingprobleem te doen het met die betekenis en funksionering van religie binne 'n sosiale opset is dit dus nodig om te bepaal hoe respondente se religieuse konstrukte daar uitsien.


### 4.4.1 Religieuse Konstruksie: Konsep 6 - Persoonlike belang van religie

Aan die hand van Vraag 35, 46, 58, 59 (Afdeling C) word die *Konsep - Persoonlike belang van religie* aan die orde gestel. Godsdiens se eerste vlak van relevansie is te vind in die subjektiewe belewenisse van individue. Hierdie belewenisse is in essensie privaat en varieer daarom aansienlik in intensiteit. Tog bly dit nie 'n private aangeleentheid in geheel nie omdat individue se persoonlike religie ook gestalte kry by wyse van hulle deelname aan die oortuigings, simbole en aktiwiteite van die godsdienstige instellings waaraan die individue verbonde is.


Die doel van die *Konsep - Persoonlike belang van religie* is om te bepaal of godsdiens enigsins van betekenis is in die lewe van individuele persone. Met die betekenis hiervan vir die NG Kerk in gedagte, is dit ook noodsaaklik om te hoor of die Bybel, asook verantwoordelike eksegese vir lidmate van die NG Kerk belangrik is.

© University of Pretoria


Vraag 35: *Godsdiens help my om sake omtrent die alledaagse lewe wat moeilik verstaanbaar is, te verklaar*. (V36)





Vraag 46: *Die kerk is vir my steeds van belang.* (V47)




Vraag 58: *Ek beskou die Bybel as gesagvol vir die lewe*. (V59)




Vraag 59: *Vir my is verantwoordelike interpretasie van die Bybel absoluut belangrik*. (V60)




© University of Pretoria

In die rapportering van die finale model vir die afhanklike veranderlike *Persoonlike belang van religie*, word aangedui dat die konsep ’n betekenisvolle waarde het ten opsigte van ouderdom en gemeentegrootte. Alhoewel die konsep in elke ouderdomsgroep 15-49, 50-63, 64+ ’n betekenisvolle rol speel, word ’n hoër telling geassosieer met ’n hoër ouderdom. Verder word ’n hoër telling ook geassosieer met kleiner gemeentes. Die betekenis van die konsep in groter gemeentes verskil in ’n geringe mate van die kleiner gemeentes. Om dit in verband te bring met die vrae wat met hierdie konsep verband hou, kan die volgende aangedui word:

- Hoewel geensins gesê kan word dat jonger lidmate van die NG Kerk minder religieus is nie, toon die uitkomste van die konsep tog aan dat die belangrikheid van godsdiens vir lidmate se persoonlike lewe met ouderdom toeneem. Dit sluit in ’n toenemende waardering vir die Bybel en die toepaslikheid daarvan vir die daaglikse lewe.
- Die persoonlike belang van godsdiens vir lidmate van die NG Kerk word gesien in die feit dat die kerk steeds as belangrik geag word, of dit nou klein of groot gemeentes is waaraan lidmate verbonde is. Kleiner gemeentes se volhoubaarheid is egter meer afhanklik van sy lidmate se godsdienstige erns. Groter gemeentes met meer lidmate beleef dit nie in dieselfde mate nie. Lidmate in kleiner gemeentes kan nie in die massa verdwyn nie en daarom is kleiner gemeentes meer daarop ingestel dat hulle lidmate se persoonlike religie gestalte kry in hulle deelname aan die aktiwiteite van die gemeente.

### 4.4.2 Religieuse Konstruksie: Konsep 7 - Kollektiewe belang van religie

Volgens Avis (2003:4-5) het die Christelike geloof ’n publieke dimensie omdat dit kollektief as publieke waarheid besit word. Dit veronderstel dus dat die Christelike geloof ’n duidelike publieke profiel binne die burgerlike samelewing behoort te hê. Die kerk as instelling gee in die algemeen ’n erkende plek aan die Christelike geloof binne die burgerlike samelewing. Normaalweg word die Christelike bydrae tot die samelewing hier geartikuleer. Sodoende word godsdiens deel van die samelewing se kognitiewe raamwerk wat mense help om oor hulleself en hulle aksies na te dink (McGuire, 1991:232).

Elke godsdienstige organisasie is gevestig op sekere idees. Hierdie idees vind inslag in die organisasie se formele strukture en verhoudinge waardeur dit georganiseer word. Hierdie idees word ook by wyse van sosialisering deur die lede van daardie organisasie

© University of Pretoria


onderhou (McGuire, 1991:155). Die legitimiteit van hierdie aspekte kan alleen behou word as die lede se gesosialiseerde verhouding daarmee nie versteur word nie.

Met Vraag 36, 37, 38, 39, 40, 45, 76, 78 in Afdeling C, word gekyk na die *Konsep - Kollektiewe belang van religie*. Die doel is om vas te stel of lidmate van die NG Kerk meen dat:


- offisiële godsdiens belangrik is;
- kollektiewe oortuigings en praktyke nodig is vir georganiseerde, godsdienstige aktiwiteite.

Dit is ook nodig dat respondente reflekteer op die operatiewe Christelike godsdiens binne hulle onmiddellike omgewing. Dit is 'n aanduiding van hoe die NG Kerk nog deel vorm van die samelewing se kognitiewe raamwerk waarin sekere norme en oortuigings as prioriteite vir die lewe voorgehou word.

Vraag 36: *Na my mening kan godsdiens slegs sosiale invloed hê by wyse van goed-georganiseerde godsdienstige instellings*. (V37)




Vraag 37: *Vir my is goed-gevestigde dogmas nodig vir die beoefening van godsdiens.* (V38)





© University of Pretoria


UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




Vraag 38: *Dit is belangrik dat ek geestelik bedien word deur 'n teologies-opgeleide persoon met spesifieke kundighede.* (V39)





Vraag 39: *Ek beleef geloofsgemeenskap met ander mense wat dieselfde godsdienstige oortuigings as ek handhaaf.* (V40)




Vraag 40: *Ek dink godsdiens speel in die Suid-Afrikaanse samelewing nog 'n belangrike rol.* (V41)





Vraag 45: *Die kerk waaraan ek verbonde is, speel nie juis 'n rol as beskermer van etiese waardes in die samelewing nie.* (V46)





© University of Pretoria

Vraag 76: *In die wêreld waar ek leef, is daar al meer uitgesproke stemme teen geldende geloofswaarhede.* (V77)




Vraag 78: *Ek beleef dat daar in die samelewing 'n groot vakuum is ten opsigte van sedelike beginsels.* (V79)




Wat die finale model betref vir die afhanklike veranderlike *Kollektiewe belang van religie*, is ouderdom, woongebied en gemeentegrootte belangrik. Net soos in die vorige konsep speel hierdie konsep ook in elke ouderdomsgroep 15-49, 50-63, 64+ 'n betekenisvolle rol, alhoewel 'n hoër telling geassosieer word met 'n hoër ouderdom. Verder word 'n hoër telling ook geassosieer met 'n nie-stedelike woonomgewing. Dit is ook die geval met kleiner gemeentes.

Toegepas op die vrae wat met hierdie konsep verband hou, kan die volgende afgelei word:

- Die amptelike, kerklike gestalte van die NG Kerk, wat insluit die kollektiewe oortuigings en praktyke van die kerk asook die taak van geordendes, is vir die ouer lidmate van die NG Kerk belangriker as vir jonger lidmate. Weer eens kan nie gesê word dat jonger lidmate van die NG Kerk die offisiële kerk nie van belang ag nie. Die toets wys alleen dat die offisiële kerk vir ouer lidmate belangriker is as vir jonger lidmate.
- Ouer lidmate is meer daartoe geneig om geloofsgemeenskap te beleef met veral dié medelidmate wat dieselfde godsdienstige oortuigings as hulle handhaaf.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



- Ouer lidmate voel sterker daaroor dat die amptelike NG Kerk nog deel behoort te vorm van die samelewing se normatiewe raamwerk. Aangesien dit hulle verwagting is, is dit vir hierdie groep meer ontwrigtend dat daar al meer uitgesproke stemme teen geldende geloofswaarhede is en dat daar ’n groot vakuum in die samelewing is ten opsigte van sedelike beginsels.
- Dat die kollektiewe belang van religie in nie-stedelike gebiede hoër is as in stedelike gebiede kan moontlik toegeskryf word aan die feit dat die kerk (en die geordende leraar) in nie-stedelike gebiede nog ’n simboliese en prominente rol in daardie tipe gemeenskappe speel. Die kerk het ’n duidelike, publieke en normatiewe profiel binne die burgerlike omgewing aldaar.
- In aansluiting by die hoër telling vir kleiner gemeentes ten opsigte van die persoonlike belang van godsdiens, is dit verstaanbaar dat die kollektiewe belang van die godsdiens ook ’n hoër telling sal hê vir die kleiner gemeentes. Aangesien kleiner gemeentes meer daarop ingestel is dat hulle lidmate se persoonlike religie gestalte kry in hulle deelname aan die aktiwiteite van die gemeente, sal dit meebring dat daar ’n hoër telling vir die kollektiewe belang van godsdiens by kleiner gemeentes is as by groter gemeentes. Dit beteken nie dat die kollektiewe belang van religie vir groter gemeentes nie belangrik is nie.

Wanneer die twee konsepte *Persoonlike belang van religie* en *Kollektiewe belang van religie* vergelyk word, word dit duidelik dat *Persoonlike belang van religie* vir die lidmate van die NG Kerk meer gewig dra. Hoewel die amptelike NG Kerk in verskillende gevalle steeds van besondere belang geag word, kan die swaarder gewig daarop dui dat die belang van religie vir NG Kerk-lidmate algaande skuif na die private sfeer. Dit dui op ’n baie interessante tendens, wat ook getoets word met *Konsep 12 - Privatisering van religie.*

#### 4.4.3 Religieuse Konstruksie: Konsep 8 - Invloed van konteksbepaalde religie (in NG Kerk)


McGuire (1991:237) meen dat georganiseerde (en gesentraliseerde) godsdienstige organisasies dikwels die sosiale status quo handhaaf omdat dit sekere belange het in die ekonomiese en politiese ordeninge van die samelewing. Kenmerkend van so ’n

© University of Pretoria

ontwikkeling is dat transendente legitimiteit verleen word aan die ordening van sosiale strukture. Dit word deel van ’n onderliggende, kognitiewe raamwerk van die mense in daardie kultuur. In hierdie situasie word religie dus sterk deur die sosiale konteks bepaal. So byvoorbeeld ontwikkel burgerlike godsdiens as ’n sosiaal-godsdienstige vorm, soos dit histories die geval was met die NG Kerk wat versmelt het met die belange van die Afrikaner tydens die era van Afrikanernasionalisme se hoogbloei. In sommige situasies meen McGuire (1991:238) gebeur dit dat hierdie groter godsdienstige organisasies probeer om verandering aan te moedig terwyl daar op plaaslike grondvlak teenstand daarteen is. Dit was ook die geval met die aftakeling van die NG Kerk se teologiese idees omtrent die burgerlike godsdiens en politieke apartheidswaardes en –kultuur. Dit is ’n geweldige uitdaging vir die NG Kerk om sy lidmate steeds te begelei om daarvan weg te beweeg. Die nuwe kulturele situasie vereis ’n nuwe manier van dink en interaksie, waardeur die NG Kerk (en sy lidmate) weer eens beïnvloed word. Die NG Kerk word voortdurend uitgedaag om sy geloofwaardigheid by die res van die samelewing te waarborg deur ook hierdie nuwe multikulturele situasie te verreken in sy bediening.


In kulture waar godsdiens ’n belangrike rol speel in hoe mense omtrent hulleself en ander dink, is godsdiens ’n belangrike voertuig vir die konsolidering sowel as die verandering van sosiale idees (McGuire, 1991:233). Daarom word by wyse van die *Konsep - Invloed van konteksbepaalde religie (in NG Kerk)*, aan die hand van Vraag 42, 47, 48, 49, 51, 53, 74 in Afdeling C, navraag gedoen omtrent lidmate se verstaan van kulturele kontekste se erfenis en invloed op die NG Kerk.

Vraag 42: *Ek het ’n fyn aanvoeling om te onderskei wanneer godsdienstige beskouings beïnvloed word deur sosiale lewensbeskouings*. (V43)





© University of Pretoria


Vraag 47: *Die NG Kerk wat ek bywoon se lidmaatbasis bestaan grootliks uit Afrikaners*. (V48)





Vraag 48: *Ek dink die NG Kerk is steeds 'n volkskerk omdat dit nog met die Afrikanervolk versmelt is*. (V49)




Vraag 49: *Dit is vir my sleg dat die NG Kerk se prominente invloed wat dit voorheen op die regering en samelewing gehad het, dramaties verminder het*. (V50)




Vraag 51: *Ek dink die herenigingspoging van die NG Kerk met die ander kerke van die NG Kerk-familie is maar net om die hedendaagse inklusiewe kultuur te reflekteer*. (V52)





© University of Pretoria


UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Vraag 53: *Ek dink nogal die NG Kerk probeer die kompleksiteit van die hedendaagse lewe verstaan.* (V54)




Vraag 74: *Prediking in my gemeente fokus op die uitdagings van ons hedendaagse omstandighede.* (V75)




In die rapportering van die finale model vir die afhanklike veranderlike *Invloed van konteksbepaalde religie (in NG Kerk)* word aangetoon dat die ouderdom van respondente en gemeentegrootte 'n aansienlike effek daarop het.

- Wat ouderdom betref, word 'n hoër telling geassosieer met 'n hoër ouderdom. Dié uitkoms korrespondeer met die konsep *Sosiale reïfikasie* waarin aangetoon is dat namate NG Kerk-lidmate ouer word, hulle 'n groter bewustheid toon van hoe hulle betekenissisteme geaffekteer word deur die groter sosiale orde waarbinne hulle leef. Dieselfde is die geval met ouer lidmate se godsdiensbelewenis. Ten opsigte van hierdie konsep kan dus gesê word dat die sosiale konteks van ouer lidmate 'n effek het op hulle godsdiensbelewenis. Hulle is sensitiewer vir die effek van verandering in hierdie konteks wat 'n gevoel van anomie en selfs geestelike ontreddering kan meebring. Soos reeds genoem, het die kerk dus 'n geweldige uitdaging om hierdie lidmate se belewenisse te verstaan en hulle te begelei om aanpassings te maak. Dit is veral nodig as die volgende aspek ook in gedagte gehou word.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



- Wat gemeentegrootte betref, is daar amper nie ’n verskil tussen klein en groot gemeentes nie, wat beteken dat die effek byna ewe groot is in alle tipe gemeentes. Dié konsep is dus oor die geheel van die NG Kerk ’n belangrike faktor. Die implikasie van die betekenisvolle telling is dat die NG Kerk sensitief is vir die konteks waarin dit bestaan en gevolglik pogings aanwend om nie alleen die kompleksiteit van die hedendaagse lewe te verstaan nie, maar ook die uitdagings daaraan verbonde aan te spreek en te verreken in sy bediening. So was dit in die verlede en so is dit ook nou in die nuwe multikulturele situasie van Suid-Afrika. Die NG Kerk word voortdurend uitgedaag om sy geloofwaardigheid by die res van die samelewing te waarborg en dit kan alleen gebeur as daar ’n nuwe sensitiwiteit vir die Suid-Afrikaanse konteks gekweek word. In kulture waar godsdiens ’n belangrike rol speel in hoe mense omtrent hulleself en ander dink, is godsdiens ’n belangrike voertuig vir die konsolidering sowel as die verandering van sosiale idees. Dit was nog altyd die geval dat godsdiens vir die Afrikaner belangrik was en daarom is daar die moontlikheid dat die NG Kerk, van wie die lidmaatbasis grootliks Afrikaners is, ’n geweldige rol kan speel in die verandering van sosiale idees wat tans in Suid-Afrika uiters nodig is.

### 4.4.4 Religieuse Konstruksie: Konsep 9 - Veranderlikheid van religie (in NG Kerk)

Veranderinge in ’n godsdienstige organisasie ontstaan gewoonlik as gevolg van blootstelling aan ’n pluralistiese sosiale omgewing. Veranderinge vind dan plaas ten opsigte van die formele organisatoriese aspekte van daardie organisasie asook in die lede se verstaan van daardie aspekte.

In samelewings met redelik homogene godsdienstige betekenissisteme word die wêreldbeeld wat daardeur tot stand gebring word byna as vanselfsprekend aanvaar. Maar in samelewings met kompeterende godsdienstige betekenissisteme en wêreldbeskouings bring die sosialisering binne-in jou eie groep ook die verskille met ander groepe na vore. In hierdie opset is die individu meer bewus van sy identiteit en die gekose simbole waardeur hy homself as persoon vind. In die heterogene samelewing is godsdienstige betekenissisteme en wêreldbeskouings onder druk en kan dit nie statiese entiteite bly nie. Dit beteken dus dat die belangrikheid van ’n godsdienstige betekenissisteem waarmee ’n individu identifiseer ook kan verander (McGuire, 1991:54-55).

© University of Pretoria


UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Dit is dus voor die hand liggend dat die NG Kerk ook onderworpe is aan voortdurende verandering omdat dit in ’n pluralistiese sosiale en religieuse omgewing bestaan. Ooglopende veranderinge in die NG Kerk is in par. 2.3.6. bespreek: die aflegging van die burgerlike godsdiens en die apartheidsteologie; die verlies aan die kerk se prominente en bevoorregte posisie in die samelewing, ook as beskermer van etiese waardes; die kerk wat toenemend die sleurkrag van lidmate se persoonlike oortuigings moet trotseer en gevolglik andersoortige spiritualiteite en style moet akkommodeer. Lidmate kan as gevolg hiervan ’n krisis beleef omdat die kerk se (en hulle eie) bekende betekenissisteme en geloofwaardigheidstruktuur onder druk kom. ’n Gevoel van anomie kan ontwikkel. Om hierdie ervarings teë te werk, kan weerstand teen verandering ontstaan deur aan te dring dat bestaande praktyke en gedrag gehandhaaf word. Waar mense ’n hoë mate van solidariteit met ’n instelling toon, ontwikkel ’n gevoel dat hulle ’n ‘belang’ in die instelling het. As lidmate in die kerk dan beleef dat hulle ‘belange’ geraak word deur veranderinge kan dit tot konflik lei met diegene wat daardie verandering inisieer. Sou lidmate egter beleef dat die verandering nie hulle ‘eie-belange’ bedreig nie, sal hulle die transformasie meer geredelik aanvaar.

Met die *Konsep - Veranderlikheid van religie (in NG Kerk)* aan die hand van Afdeling C se Vraag 43, 52, 60, 62, word lidmate van die NG Kerk se openheid vir verandering in die kerk getoets. Is daar elemente van weerstand en konserwatisme wat geneig is om die status quo te beskerm en te regverdig? ’n Inherente konserwatiewe element is egter nie genoegsaam om veranderinge in die kerk en godsdiens te verhoed nie.

Vraag 43: *Ek is daarvan oortuig dat die tye waarin ons bestaan, verandering in my kerk meebring*. (V44)





© University of Pretoria


UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




Vraag 52: *My gemeente is oop vir andersoortige aanbiddingstyle as wat normaalweg die geval was in die NG Kerk*. (V53)




Vraag 60: *As die eise van die tyd die kerk se bedieningspraktyke verander, is ek oop daarvoor*. (V61)




Vraag 62: *Ek dink dat as kennis omtrent die NG Kerk se gereformeerde identiteit ontbreek 'n mens maklik beïnvloed word deur ander kerke se teologiese oortuigings*. (V63)




In die uitkoms van die afhanklike veranderlike *Veranderlikheid van religie (in NG Kerk)* het die woonomgewing van respondente, sowel as gemeentegrootte 'n aansienlike effek. 'n Hoër telling word geassosieer met 'n stadsomgewing. 'n Hoër telling word ook geassosieer met groter gemeentes.

Hierdie uitkomste bevestig die gedagte dat in meer heterogene omgewings, soos 'n stadsomgewing, godsdienstige betekenissisteme en wêreldbeskouings onder druk is en nie staties bly nie. Met betrekking tot die vrae wat verband hou met hierdie konsep is

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



aangedui dat die NG Kerk voortdurend verander. Die hoër telling van die finale model dui aan dat dit veral in stedelike omgewings die geval is. Daarom is die tempo van verandering waarmee die NG Kerk in die stad verander, anders as in nie-stedelike omgewings waar gemeentes van die NG Kerk gewoonlik in ’n meer homogene omgewing funksioneer.

Verder is groter gemeentes self ook heterogene omgewings. Respondente se aanduidings in die vrae toon ’n redelike hoë mate van openheid ten opsigte van andersoortige aanbiddingstyle en nuwe bedieningspraktyke. As die finale model ’n hoër telling vir groter gemeentes aandui, beteken dit dat dié openheid tot verandering meer is by groter gemeentes as by kleiner gemeentes. Hierdie openheid tot verandering bring egter die individu as lidmaat aldaar ook meer onder die invloed van die sleurkrag van lidmate se persoonlike oortuigings en andersoortige spiritualiteite en style. Dié toedrag van sake plaas die NG Kerk se gereformeerde identiteit onder druk.

#### 4.4.5 Religieuse Konstruksie: Konsep 10 - Pluralisasie van die religie (in die NG Kerk)

Die teenwoordigheid van kompeterende, sosiale betekenissisteme en wêreldbeskouings in heterogene samelewings verteenwoordig ’n situasie van sosiale pluralisme. Dit dra by tot die kompleksiteit van die samelewing en maak dit moeilik om te praat van sosiale konsensus. Hierdie pluralisme ondermyn die vanselfsprekende kwaliteit van die individu se betekenissisteem, aangesien die individu se eie betekenissisteem minder sosiale ondersteuning ontvang as in ’n homogene samelewing. Dit kan meebring dat die individu twyfel ervaar omtrent die geloofwaardigheid van sy toegeëiende betekenissisteem. Dit is ook die geval met persoonlike waardes en normes wat beïnvloed en ondersteun word deur godsdiens. In heterogene samelewings ontstaan daar ook ’n probleem omtrent die legitimiteit daarvan, weer eens as gevolg van die gebrek aan sosiale konsensus. Sodoende raak persoonlike waardes en normes algaande meer wisselvallig en privaat (McGuire, 1991:260).

Dit is ’n ontwikkeling waaraan die Suid-Afrikaanse samelewing en daarmee saam ook die kerk (NG Kerk) al meer blootgestel word. Daar is volgens Durand (2002:27) weerstand teen absolutismes (ook in die kerk wat normaalweg werk met die beginsel van

© University of Pretoria


UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




vaste waarhede). Dit help die proses van relativisme aan. Waarheid, 'n konsep wat vir die Christelike geloof essensieel is, het in ons tyd 'n meerdimensionaliteit (Hofmeyr, 2002:12) verkry en daarom word daar sosiaal aangedring op groter verdraagsaamheid vir kulturele en godsdienstige pluraliteit. Die gevolg, volgens McGuire (1991:254) is kompetisie, aangesien verskillende sosiale betekenissisteme en wêreldbeskouings legitimiteit en outoriteit binne dieselfde milieu wil vestig. Daarom vind ons ook dat godsdienstige instellings aktief kompeteer vir sosiale legitimiteit en outoriteit. Die ironie is egter dat godsdienstige instellings (NG Kerk ingesluit) se outoriteitsposisie sosiaal sowel as in die persoonlike lewe van mense al meer onseker raak. Intern ontstaan ook, soos in die NG Kerk, 'n veelvoud van liturgiese en organisatoriese vorms, nuwe vorme van spiritualiteit asook bedieninge wat fokus op groep-spesifieke belange en behoeftes binne 'n gemeente. Dikwels beleef mense spanning omtrent hierdie veelvoude en lei dit tot die disintegrasie van die kerk self.

Afdeling C, Vraag 61, 69, 71, 72, 73, stel die *Konsep - Pluralisasie van die religie (in die NG Kerk)* aan die orde waarin respondente hulle mening omtrent die saak aandui.

Vraag 61: *Ek verdra ander lidmate wie se aanbiddingstyl van myne verskil.* (V62)





Vraag 69: *Ek is oop vir ander kerke se leringe al verskil dit van die NG Kerk s'n.* (V70)





© University of Pretoria


Vraag 71: *My kerk is in kompetisie met ander kerke in my omgewing om lidmate te lok.* (V72)




Vraag 72: *Die kerke in my omgewing is in kompetisie met mekaar om lidmate te lok.* (V73)




Vraag 73: *My gemeente het verskillende bedieninge wat fokus op die behoeftes van spesifieke groepe*. (V74)




Wat die finale model vir die afhanklike veranderlike *Pluralisasie van die religie (in die NG Kerk)* betref, is ouderdom, woongebied en gemeentegrootte belangrik. ’n Hoër telling word geassosieer met ’n laer ouderdom. Verder word ’n hoër telling geassosieer met ’n stedelike woonomgewing asook met groter gemeentes.

Vroeër is reeds genoem dat stedelike omgewings asook groter gemeentes heterogene situasies verteenwoordig. Sosiale en godsdienstige pluraliteit is ’n gegewe in hierdie heterogene situasies. Dit is dus geheel en al begryplik dat die uitkomste van die finale

© University of Pretoria

model 'n hoër telling assosieer met stedelike woonomgewings en groter gemeentes. Gemeentes van die NG Kerk binne stedelike omgewings vind dat hulle as gevolg van die teenwoordigheid van kompeterende, sosiale en godsdienstige betekenissisteme in kompetisie is om hulle legitimiteit en outoriteit binne hierdie gemeenskappe te vestig en te handhaaf. Hoewel die eenrigting frekwensies in Vraag 71 en 72 met die eerste oogopslag die teendeel wil spreek, toon die konsep se eenrigting ANOVA dat die kompeterende situasie tog 'n redelike algemene ervaring is vir gemeentes in stedelike omgewings.

Die uitkoms van die konsep bevestig die hoër voorkoms van interne pluralisasie in groter gemeentes van die NG Kerk. Hierdie pluralisasie word onder andere gesien in die hoë voorkoms van verskillende bedieninge wat fokus op groep-spesifieke belange en behoeftes van mense. Dit word ook gesien in die voorkoms van verskillende spiritualiteite in die NG Kerk wat met die volgende konsep verder ondersoek word.

Binne gemeentes van die NG Kerk word 'n hoër telling vir die afhanklike veranderlike *Pluralisasie van die religie (in die NG Kerk)* ook geassosieer met 'n laer ouderdom. Dit beteken dat hoe jonger lidmate is, hoe meer verdraagsaam is hulle vir die voorkoms van pluralisasie binne die gemeente, byvoorbeeld vir verskillende aanbiddingstyle. In 'n pluralistiese situasie word die vanselfsprekende kwaliteit van die individu se betekenissisteem ondermyn. Toegepas op die NG Kerk, kan dit meebring dat 'n lidmaat twyfel aan sy eie geloofsoortuigings en –praktyk en ontstaan die moontlikheid dat die persoon oop en ontvanklik is vir ander oortuigings, dikwels vanuit ander kerkgroeperinge. Die gevolg is die verbreiding van 'n veelvoud geloofsoortuigings en –praktyke binne die kerk, aangebring deur die subjektiewe inslag van persoonlike behoeftes en idees. Die uitkoms van hierdie konsep dui aan dat sodanige situasie in die NG Kerk veral onder jonger lidmate bestaan.

### 4.4.6 Religieuse Konstruksie: Konsep 11 - Spiritualiteit in die NG Kerk

In par. 2.3.6.2. is gepostuleer dat die konfessionele karakter van die NG Kerk in gedrang is, aangesien die kerk in die sleurkrag van persoonlike oortuigings beland het en andersoortige spiritualiteite en style, anders as dié wat normaalweg met die NG Kerk

© University of Pretoria

geassosieer is, ook nou aangetref word. Die subjektiewe inslag van hierdie spiritualiteite wys daarop dat gelowiges toenemend hulle geloof nie net as 'n verstandskeuse sien nie, maar ook as 'n emosionele lewenskeuse.


Volgens McGuire (1991:110) is dit in stedelike samelewings toenemend die geval dat 'n nuwe tipe godsdienstigheid ontwikkel waarin die individu die komponente van sy betekenissisteem selekteer uit 'n wye verskeidenheid van godsdienstige interpretasies. Buiten die elemente uit die tradisionele, offisiële godsdiens word ander elemente onder andere uit populêre geestelike literatuur verkry.

Avis (2003:7) noem ook dat in die hedendaagse samelewing godsdienstigheid steeds volgehou word, maar dat dit nie meer net langs die weg van gevestigde Christelike dogmas en die institusionele vorme van Christelike geloofsgemeenskappe bestaan nie.

'n Terloopse opmerking omtrent die term 'spiritualiteit': Vir Norman (2003:2) is die gebruik van 'spiritualiteit' as konsep op sigself 'n indikasie van wat aan die gebeur is op godsdienstige gebied. Eens is die woord slegs gebruik in relasie tot die mens se kapasiteit om van die numineuse bewus te wees. Nou word dit gebruik as 'n beskrywing van hoe die mens die numineuse esteties en emosioneel ervaar of vier. Die beskrywing van die effek van godsdiens word al meer beklemtoon eerder as die leringe van die Christendom.


*Konsep 11 - Spiritualiteit in die NG Kerk* het ten doel om begrip te bring van wat die geval is in die NG Kerk omtrent lidmate se persoonlike spiritualiteit. (Afdeling C – Vraag 56, 57, 63, 64, 65, 66, 75)

Vraag 56: *Dit is vir my geheel en al duidelik wat die NG Kerk se gereformeerde identiteit behels*. (V57)





© University of Pretoria


Vraag 57: *Ek leef daagliks met nederige vroomheid voor die aangesig van God*. (V58)





Vraag 63: *Ek voel gemaklik met die tradisionele gereformeerde spiritualiteit van die NG Kerk*. (V64)




Vraag 64: *Ek laat my emosies 'n groot rol speel in my godsdiensbelewenisse*. (V65)





Vraag 65: *Die nugtere verstand bly die grondslag vir my godsdiensbelewenis*. (V66)





© University of Pretoria

Vraag 66: *Ek hou nogal van eredienste waar tyd is vir persoonlike nadenke aan die hand van vasgestelde liturgiese momente*. (V67)




Vraag 75: *In die eredienste van my gemeente word verwys na die NG Kerk se belydenisskrifte*. (V76)




Die uitkomste van die finale model vir die afhanklike veranderlike *Spiritualiteit in die NG Kerk* toon dat ouderdom, woongebied en gemeentegrootte 'n aansienlike effek op die konsep het. 'n Laer telling word geassosieer met lidmate jonger as 55 jaar. Groter gemeentes word ook geassosieer met 'n laer telling. Lidmate in 'n stedelike omgewing het ook 'n laer telling as in 'n nie-stedelike omgewing.

Daar is ook 'n betekenisvolle interaksie tussen ouderdom en gemeentegrootte wat die volgende aantoon: Lidmate jonger as 55 jaar, afkomstig uit groter gemeentes, het die laagste telling ten opsigte van die konsep. Lidmate ouer as 55 jaar, ongeag die gemeentegrootte, het die hoogste telling ten opsigte van die konsep.

Die implikasies van die bogenoemde is dit:

- Jonger lidmate van die NG Kerk identifiseer minder met die NG Kerk se gereformeerde identiteit as ouer lidmate. Dit korrespondeer ook met die uitkoms van die konsep *Pluralisasie van die religie (in die NG Kerk)* dat jonger mense meer

© University of Pretoria

ontvanklik is vir spiritualiteitsvorms en godsdienstige oortuigings anders as dít wat tradisioneel as gereformeerd beskou word.

- Dieselfde geld vir die groter gemeentes van die NG Kerk. As gevolg van ’n hoër voorkoms van interne pluralisasie word die gereformeerde identiteit van die NG Kerk aldaar onder druk geplaas. Die gereformeerde karakter en –praktyke van die NG Kerk is volgens die uitkoms van die konsep minder merkbaar by groter gemeentes as by kleiner gemeentes.
- Lidmate in ’n stadsomgewing het ook ’n laer telling. Gereformeerdheid is een van baie kompeterende, godsdienstige betekenissisteme in ’n stedelike omgewing, anders as in kleiner, nie-stedelike omgewings. Die uitkoms toon aan dat gereformeerdheid in ’n stedelike omgewing ’n groter uitdaging beleef om sy legitimiteit as betekenissisteem in die lewe van lidmate te behou.
- Lidmate jonger as 55 jaar, afkomstig uit groter gemeentes, het die laagste telling ten opsigte van die konsep. Die gevolgtrekking wat gemaak kan word, is dat nuwe tipes godsdienstigheid waarskynlik sal ontwikkel in jonger lidmate wat verbonde is aan groter, heterogene gemeentes. Dié godsdienstigheid word gekonstrueer uit ’n wye verskeidenheid van godsdienstige interpretasies wat seleksies van tradisionele oortuigings en praktyke van die NG Kerk insluit, maar wat ook elemente uit ander kerkgroeperinge en selfs uit populêre geestelike literatuur bevat. Ouer lidmate, ongeag die grootte van die NG gemeente waar hulle inskakel, is minder geneig hiertoe. Die tradisionele, gereformeerde spiritualiteit is dus vir ouer lidmate die belangrikste.

### 4.4.7 Religieuse Konstruksie: Konsep 12 - Privatisering van religie


Privatisering as sosiale tendens impliseer dat individue toenemend bronne van identiteit in die private sfeer eerder as in die instellings van die publieke sfeer vind. Hierdie privatisasie bring groter individuele outonomiteit, aangesien die individu se motiewe, opinies en lewenstylopsies nie meer ten volle bepaal word deur die sosiale instellings van die groter samelewing nie. Sodanige privatisasie moedig die toeëiening van sekere persoonlike vryhede waarin baie hulle nuwe persoonlike identiteit vind, aan. Die sosiale bronne van orde, betekenis en gemeenskap word algaande ondermyn. Sosiale deelname word ook toenemend vrywillig (McGuire, 1991:265-266). Die uitwerking daarvan op

© University of Pretoria

godsdiens is dat dit ontwikkel tot ’n geïndividualiseerde sisteem wat van beslissende betekenis vir daardie individu is. Dié ontwikkeling kan beskryf word as die individualisering van die godsdiens wat toenemend die kontemporêre vorm van godsdiens kenmerk. Die idee dat ’n mens vrylik jou styl van godsdienstige uitlewing kan kies, is ’n moderne konsep. Aangesien hierdie tipe godsdiens vir die moderne gelowiges dikwels van meer beslissende betekenis is as gevestigde dogmas, ondermyn dit kerk-georiënteerde godsdiens. Desnieteenstaande gaan kerk-georiënteerde godsdiens steeds voort, maar dan as een van die elemente wat mense kies vir hulle persoonlike godsdienstige konstruksies. Dit word dan so gekies tesame met die ander kontemporêre idees wat in die private sfeer funksioneer. Wat baie interessant is omtrent hierdie geïndividualiseerde vorm van godsdiens is dat dit aanpas by die prioriteite en behoeftes van die persoon wat dit beoefen se konteks. Dit is soos Avis (2003:4) opmerk: Geprivatiseerde godsdiens word dikwels ’n aangeleentheid van persoonlike sentiment, emosionele bevrediging en welsyn. Wanneer godsdiens slegs ’n private belang geword het, verloor dit die bindende karakter wat normaalweg met publieke aangeleenthede geassosieer word. Geprivatiseerde godsdiens is in spanning met die verpligting tot lojale ondersteuning wat godsdienstige instellings op hulle lede lê (McGuire, 1991:253). Privatisering van godsdiens verteenwoordig dus ’n geweldige verandering in die status van godsdiens.


Afdeling C, Vraag 41, 44, 50, 54, 55, 67, 68, 70, 77, stel die *Konsep -Privatisering van religie* aan die orde en verneem by respondente waar hulle ten opsigte van die saak staan.

Vraag 41: *Aan watter kerklike groepering ’n mens behoort, is vir my ’n saak van persoonlike voorkeur*. (V42)





© University of Pretoria


Vraag 44: *Daar vind algaande 'n vervreemding plaas tussen my en die kerk as organisasie*. (V45)





Vraag 50: *Ek voel soos baie ander mense dat die NG Kerk al meer ongeloofwaardig word.* (V51)




Vraag 54: *Wat die NG Kerk sê oor etiese sake, byvoorbeeld die huwelikskultuur en homoseksualiteit, maak nie werklik vir my saak nie*. (V55)





Vraag 55: *Vir my weeg my eie godsdienstige idees swaarder as die kerk se belydenisse*. (V56)





© University of Pretoria


Vraag 67: *Ek lees verskillende geestelike boeke omdat dit my help om geestelik te groei.* (V68)





Vraag 68: *Ek besoek verskillende kerke omdat ek behoefte het aan geestelike verdieping.* (V69)




Vraag 70: *Ek is uitgesproke omtrent hoe ek my gemeente beleef.* (V71)




Vraag 77: *Ek beleef dat mense al meer die geloofwaardigheid van die Bybel bevraagteken.* (V78)




© University of Pretoria

In die rapportering van die finale model vir die afhanklike veranderlike *Privatisering van religie* het die woongebied 'n aansienlike effek. Hoewel die effek op lidmate in stedelike omgewings sowel as nie-stedelike omgewings betekenisvol is, word 'n hoër telling geassosieer met stedelike omgewings.

Aangesien die konsep betekenisvol is vir die NG Kerk beteken dit dat die kerk in sy geheel waarneem dat lidmate toenemend hulle identiteit vind in die private sfeer van hulle lewe. In hierdie sfeer is die dinge wat voldoen aan 'n lidmaat se persoonlike sentiment van belang. Dit bring mee dat die kerk nie meer hulle motiewe, opinies en lewenstylopsies ten volle bepaal nie. Gevolglik ontstaan by baie lidmate die idee dat godsdiens 'n persoonlike aangeleentheid is. Sodoende ontwikkel lidmate se persoonlike godsdiens tot 'n geïndividualiseerde sisteem wat slegs van betekenis vir daardie spesifieke lidmaat is. Hierdie tipe godsdiens ondermyn gevestigde dogma en kerklike uitsprake. Kerk-georiënteerde godsdiens verloor sodoende sy bindende karakter en word lidmate se deelname aan die kerk se aktiwiteite toenemend vrywillig.
Wat die telling uitwys, is dat die bogenoemde in 'n meerdere mate in die NG Kerk binne stedelike omgewings plaasvind, waarskynlik omdat mense in stadsomgewings al hoe meer geïsoleerd leef van mekaar.

Met die eerste twee afdelings is die sosiale konstrukte en religieuse konstrukte van die respondente aan die orde gestel. Om die omvang van sekularisasie se invloed op albei dié vlakke te verstaan was dit nodig om dít eers te ondersoek, voordat sekularisasie as verskynsel in Afdeling D van die vraelys ondersoek word.

## 4.8 AFDELING D: VRAE OMTRENT SEKULARISASIE

In Hoofstuk 3 is sekularisasie as verskynsel bespreek. Sekularisasie hou verband met sosiaal-strukturele prosesse wat 'n direkte impak op die plek en betekenis van religie in die samelewing het, maar dit hou ook verband met 'n sosiologiese verskynsel wat in mense se idees en lewe gestalte kry en religie as sosiale instelling beïnvloed. Om die omvang van die sekularisasie te bepaal in die Suid-Afrikaanse sosiale konteks en religieuse konteks van die NG Kerk, word die verskynsel ondersoek aan die hand van die volgende konsepte:

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




- Strukturele sekularisasie;
- Sekularisasie: Vermindering van religie se reikwydte;
- Sekularisering van die sosiale kultuur;
- Sekularisasie: Vermindering van godsdienstigheid;
- Sekularisering van die persoonlike bewussyn;
- Sekularisasie: Omvorming van religie.

### 4.5.1 Sekularisasie: Konsep 13 - Strukturele sekularisasie

In die beskrywing van sekularisasie in par. 3.2.1.1, is daarna verwys dat sekularisasie te doen het met sosiaal-strukturele prosesse. Dit is prosesse in die samelewing wat tot gevolg het dat die verskillende strukture waarin ons leef (polities, wetenskaplik, sosiaal, tegnologies, opvoedkundig en so meer) elkeen in sy eie terme verstaan word en funksioneer sonder verwysing na die 'bonatuurlike' of 'transendente'. In par. 3.3.1 is die moderne ontwikkeling van institusionele differensiasie beskryf as een van die oorsake vir hierdie strukturele sekularisasie. Dit is kenmerkend van komplekse, moderne samelewings dat verskeie institusionele sfere in die samelewing geskei geraak het van ander institusionele prosesse (Germond, 2005:52). Daar is strukturele segregasie van die sosiale lewe in verskillende sosiale instellings wat nie met godsdiens vervleg is nie. Die sekulariserende effek is dan dat religieuse strukture se invloed op hierdie ander strukture afneem.


Aan die hand van Vraag 90, 91, 92, 97 in Afdeling D, lug respondente hulle mening omtrent die *Konsep - Strukturele sekularisasie*.

Vraag 90: *Die wêreldwye liberale demokrasieë staan polities neutraal teenoor godsdienstige perspektiewe en dra dus by tot die sekularisering van die samelewing*. (V91)





© University of Pretoria


Vraag 91: *Die moderne wetenskap se rasionele werklikheidsbeskouings dra by tot sekularisasie omdat godsdienstige verklarings van minder belang geag word.* (V92)




Vraag 92: *Die samelewing sekulariseer omdat dit verwyder geraak het van godsdienstige aktiwiteite wat deesdae tot die godsdienstige instellings, soos die kerk, beperk word.* (V93)




Vraag 97: *In 'n gesekulariseerde samelewing beoefen mense steeds hulle persoonlike godsdienstige oortuigings.* (V98)




In die uitkoms van die finale model vir die afhanklike veranderlike *Strukturele sekularisasie* speel ouderdom weer eens 'n rol. Vir beide die ouderdomsgroepe <55 en >55 het die konsep 'n betekenisvolle effek, hoewel 'n hoër telling geassosieer word met 'n hoër ouderdom. Lidmate van die NG Kerk, ongeag ouderdom, is dus van mening dat sekere strukturele prosesse soos liberale demokrasieë en die moderne wetenskap,

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



sekularisasie aanhelp in hedendaagse komplekse samelewings. Dit is egter ouer lidmate van die NG Kerk wat meer bewus is van hoe hierdie strukturele prosesse veroorsaak dat institusionele strukture van religieuse strukture verwyder raak. Hoe ouer die lidmate, hoe meer beskou hulle die sekulariserende effek van hierdie toedrag as nie-wenslik. Dit ten spyt beoefen NG Kerk-lidmate steeds persoonlike religie omdat dit as gevolg van toenemende privatisering van die religie minder afhanklik is van godsdienstige instellings. Daarom word dit ook al hoe minder geaffekteer deur die disintegrasie van die verhouding tussen religieuse instellings en ander sosiale instellings.

### 4.5.2 Sekularisasie: Konsep 14 - Sekularisasie: Vermindering van religie se reikwydte


Aangesien godsdiens deur strukturele sekularisasie sosiaal gemarginaliseer word, het dit omvattende gevolge vir die werksaamhede van godsdienstige organisasies (Norris & Ingelhart, 2004:180). Hoofstroomkerke, soos die NG Kerk, het 'n lang erfenis waarin hulle 'n sentrale rol gespeel het in plaaslike gemeenskappe. Hulle was 'n ontmoetingsplek, het informele sosiale netwerke geskep, het leiersvaardighede ontwikkel in kerkkomitees en kerklike organisasies, mense ingelig omtrent openbare aangeleenthede, welsynswerk verrig en aktiewe betrokkenheid in die gemeenskap aangemoedig. As gevolg van lang prosesse van institusionele differensiasie het hierdie take (en dienste) in verskillende institusionele sfere beland en vry geword van enige religieuse verwysings. Strukturele sekularisasie het die posisie van die kerk binne moderne gemeenskappe verander. Kerke se vermoë om sosiale verbondenheid tussen lede van 'n sekulêre gemeenskap te vestig, het aansienlik gekwyn. Daarmee saam het die betekenis en taak van die kerk ook verander (Norris & Ingelhart, 2004:182). Institusionele differensiasie in die moderne samelewing het die kerk beperk tot religieuse en simboliese handelinge. Gevolglik word al hoe minder geluister na die kerk se stem omtrent sosiale en morele aangeleenthede in die algemeen.

Sekularisasie veroorsaak dat die kerk nie meer oorkoepelende morele konsensus kan vestig nie. Sonder die onderlinge instemming omtrent aanvaarbare maniere van doen, sal die kerk se aansprake op morele outoriteit geen sin maak in 'n gesekulariseerde wêreld nie (McGuire, 1991:258). Hierdie kulturele situasie word nie alleen in die alledaagse sosiale strukture gesien nie, maar kenmerk ook die manier waarop mense dink oor die samelewing (McGuire, 1991:233).


© University of Pretoria

In Afdeling D, Vraag 81, 82, 84, 95, 109, word respondente geleentheid gegee om aan te dui wat die omvang van die *Konsep - Sekularisasie: Vermindering van religie se reikwydte* is.


Vraag 81: *Sekularisasie verminder die invloed van godsdienstige waardes in die samelewing*. (V82)




Vraag 82: *Sekularisasie veroorsaak dat godsdienstige beginsels min effek het op openbare opinies*. (V83)




Vraag 84: *Kerke beïnvloed die samelewing al minder weens sekularisasie*. (V85)





© University of Pretoria


UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Vraag 95: *Sekularisasie maak dat moderne samelewings toenemend ongeërgd is teenoor tradisionele godsdienstige instellings*. (V96)




Vraag 109: *My gemeente laat sy invloed in ons omgewing geld*. (V110)




In die rapportering van die finale model vir die afhanklike veranderlike *Sekularisasie: Vermindering van religie se reikwydte*, word aangedui dat ouderdom en gemeentegrootte 'n aansienlike rol speel in die uitkomste van hierdie konsep. In die onderdomsgroepe 15-49, 50-63 en 64+, speel die konsep 'n belangrike rol. Tog toon die uitkomste dat die ouderdomsgroep 64+ 'n hoër telling het. Dieselfde geld ten opsigte van alle gemeentegroottes. 'n Hoër telling word egter geassosieer met groter gemeentes.

In die vorige konsep is aangedui dat hoe ouer die lidmate van die NG Kerk is, hoe meer beskou hulle sekularisasie as nie-wenslik. In aansluiting by dié gedagte is dit dus begryplik dat veral ouer lidmate van die NG Kerk meen dat sekularisasie die reikwydte van godsdiens in moderne samelewings dramaties inperk. In verband met die vrae wat met hierdie konsep verband hou, kan dus gesê word dat hoe ouer die lidmate van die NG Kerk is, hoe meer beleef hulle die effek van sekularisasie as volg:

- Die invloed van godsdienstige waardes in die samelewing verminder;
- Godsdienstige beginsels het min effek op openbare opinies;

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



- Kerke beïnvloed die samelewing al minder;
- Baie mense in moderne samelewings is toenemend ongeërgd teenoor tradisionele godsdienstige instellings.

Wat die *Vermindering van religie se reikwydte* betref, word 'n hoër telling geassosieer met groter gemeentes. Dit is eerder die groter gemeentes van die NG Kerk wat ervaar dat hulle plaaslike omgewing toenemend ongeërgd staan teenoor die kerk as instelling. Sodoende sukkel groter gemeentes eerder as kleiner gemeentes om hulle invloed te laat geld in hulle plaaslike omgewing. Die skrywer meen dit is vir dieselfde rede, soos aangedui by die konsep *Kollektiewe belang van religie*. Groter gemeentes is gewoonlik binne stedelike gebiede geleë, soos dié wat by die empiriese studie ingesluit is. In stedelike omgewings het die kerk se simboliese en prominente rol algaande verminder. Die kerk het nie meer 'n duidelike publieke en normatiewe profiel binne die burgerlike omgewing aldaar nie. Verder is kleiner gemeentes meer daarop ingestel dat hulle lidmate se persoonlike religie gestalte kry in hulle deelname aan die aktiwiteite van die gemeente binne die plaaslike omgewing.

Hoewel sekularisasie die reikwydte van godsdiens sosiaal inperk, is daar in die bestudering van sekularisasie ook teenkragte bespeurbaar wat dus uitsonderings op die reël kan meebring (soos aangedui in par. 3.4). Een hiervan is godsdienstige vitaliteit. Net soos in Vraag 97 waar 'n hoë frekwensie aandui dat mense steeds hulle persoonlike godsdienstige oortuigings in 'n gesekulariseerde samelewing beoefen, is daar 'n hoë frekwensie by Vraag 109 waardeur lidmate aandui dat hulle plaaslike gemeente sy invloed in die plaaslike omgewing laat geld. Dit is geheel en al aanvaarbaar dat dit die geval is, maar dan moet ook in dieselfde asem gesê word dat die beïnvloeding, as gevolg van sekularisasie, grootliks op die kantlyn van die samelewing plaasvind. Tog word hierdie vitaliteit deel van die groter sosiale speelveld in tye wat gemeenskappe en samelewings krisistye of tye van oorgang beleef. Godsdienstige gemeenskappe kan juis dan draers van hoop vir die toekoms te wees (Avis, 2003:61), en hulle invloed op 'n breër gebied laat geld. Godsdienstige meelewing en -waardes kan beslissend wees by dié mense wat eksistensiële krisisse en sosiale oorgang ervaar.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




4.5.3 **Sekularisasie: Konsep 15 - Sekularisering van die sosiale kultuur**


Aangehelp deur die strukturele segregasie van die sosiale lewe vind die sekularisering van die sosiale kultuur ook plaas. Toenemend word op ’n kollektiewe vlak omtrent die wêreld nagedink sonder om van enige godsdienstige interpretasies gebruik te maak. In hierdie nadenke kom die alledaagse lewe al meer onder die beheer van die mens, in dié sin dat die mens outeur word van sy eie lewe. Hierdie emansipasie van die mens word geïnterpreteer as ’n vrywording van ’n ander, godsdienstige of metafisiese wêreld se invloed. Religieuse en morele outoriteit word gedevalueer en in die plek daarvan kom die outonomie van die menslike bewussyn. Selfaktualisering word ’n prioriteit en sosiale deug. Daarom word die sosiale werklikheid gekenmerk deur ’n (oor)waardering vir die stoflike en materiële, soos verduidelik in par. 3.2.1.1.

Met Vraag 79, 87, 93, 111 in Afdeling D, word navraag gedoen omtrent respondente se verstaan van die *Konsep - Sekularisering van die sosiale kultuur* se invloed.

Vraag 79: *Sekularisasie is vir my gelyk aan verwêreldliking*. (V80)





Vraag 87: *Die globale kapitalisme waarvan die beginsels vry van godsdienstige waardes is, dra by tot die sekularisering van die samelewing*. (V88)





© University of Pretoria

Vraag 93: *Die hedendaagse humanistiese mensbeskouing bewerk sekularisasie aangesien dit nie die mens in godsdienstige terme beskou nie*. (V94)




Vraag 111: *In my gemeente is daar belangstelling in die besluite van meerdere vergaderings, soos sinodes*. (V112)




Die uitkoms van die finale model vir die afhanklike veranderlike *Sekularisering van die sosiale kultuur* toon aan dat ouderdom ’n aansienlike verskil maak. Die hoogste telling word geassosieer met die ouderdomsgroep 64+. Daarna volg 50-63. Die laagste telling word geassosieer met die groep 15-49 jaar. Ten opsigte van die vrae kan dus aangedui word dat hoe ouer lidmate van die NG Kerk is, hoe meer sal hulle oortuig wees dat:

- sekularisasie verband hou met verwêreldliking omdat die moderne mens oor die menslike leefwêreld nadink sonder om (of, deur baie min) van enige godsdienstige interpretasies gebruik te maak;
- die hedendaagse mens en gevolglik die sosiale kultuur se (oor)waardering van die stoflike en materiële deur die globale kapitalisme gesterk word. Omdat godsdienstige waardes van tevredenheid, mededeelsaamheid en omgee hier geen inslag vind nie, is die sekulariserende effek op die sosiale kultuur duidelik. Lidmate in die ouderdomsgroep 15-49 jaar sal hierdie oortuiging in ’n mindere mate huldig of selfs die effek daarvan ontken;

© University of Pretoria

- sekularisering van die sosiale kultuur sekerlik aangebring word deur die populêre humanistiese mensbeskouing. Hiervolgens word die mens vry gereken van die invloed van ’n godsdienstige of metafisiese wêreld. Ouer lidmate is dus meer onthuts deur die feit dat die NG Kerk se religieuse en morele outoriteit deur hierdie ontwikkeling in die sosiale kultuur gedevalueer word.

Ten opsigte van Vraag 111 kan dus aangedui word dat dit ook ouer lidmate van die NG Kerk is wat ’n belangstelling in die besluite van meerdere vergaderings, soos sinodes toon. Die eenrigting frekwensie dui aan dat ’n aansienlike persentasie van NG Kerk-lidmate meen dat daar min belangstelling ten opsigte van dié saak in hulle gemeente is. Volgens die uitkoms van die konsep is dit jonger lidmate wat hierdie mening huldig, ’n aanduiding dat die religieuse en morele outoriteit van die NG Kerk in veral die onderdomsgroep 15-49 jaar onder druk is. Dit is waarskynlik toe te skryf aan die effek van die sekularisering van die sosiale kultuur waarbinne hierdie lidmate elke dag moet funksioneer.

### 4.5.4 Sekularisasie: Konsep 16 - Sekularisasie: Vermindering van godsdienstigheid

As gevolg van strukturele sekularisasie verminder godsdienstige instellings, soos die kerk, se invloed in moderne samelewings. Dit is ’n bydraende faktor tot die sekularisering van die sosiale kultuur wat op ’n meer subjektiewe wyse tot individue van die samelewing deurwerk. Vir baie mense verskaf die institusionele ruimte van die kerk nie meer ’n bron van verbondenheid of identiteit nie. Vir andere is die kerk as publieke godsdienstige instelling toenemend irrelevant. Daarom is verbondenheid aan sodanige instellings vrywillig (McGuire, 1991:58). So verminder godsdienstigheid in die algemeen, hoewel daar diegene is wat vrywillig kies om godsdiens (en sy instellings) te ag as ’n bron van identiteit. Ondanks sekularisasie stel mense nog belang in godsdiens (Oosthuizen, 2012:3). In die verband meen Norris en Ingelhart (2004:188) dat mense wat godsdienstig meeleef ook positief verbind kan word met meelewing in ander nie-godsdienstige gemeenskapsorganisasies soos weldaadsorganisasies, opvoedkundige instellings en andere waar gemeenskapsbelange ter sprake is. Dit ondersteun die gevoel dat die individu aan ’n gemeenskap behoort.

© University of Pretoria


UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




Maar teen die agtergrond van die moderne mens se individualisme het religieuse gemeenskaplikheid nie noodwendig te doen met gemeenskaplike aksie nie, maar eerder met gemeenskaplike vertoon (Taylor, 2007:481-482). In hierdie konteks handel elke individu of kleingroep grotendeels op sy eie. Godsdienstige gemeenskaplikheid of 'n gevoel van eenheid word slegs ervaar daar waar almal deur die dieselfde saak geraak of beweeg word.

Vraag 80, 83, 85, 86, 96, 101, 110 van Afdeling D is bedoel om die *Konsep - Sekularisasie: Vermindering van godsdienstigheid* te ondersoek.


Vraag 80: *Sekularisasie het 'n negatiewe impak op godsdiens.* (V81)




Vraag 83: *Namate mense sekulariseer, neem die belangrikheid van godsdiens af in hulle persoonlike lewe*. (V84)





Vraag 85: *Sekularisasie maak die moderne mens vry van die kerk se gesag*. (V86)





© University of Pretoria


Vraag 86: *Namate mense sekulariseer, word hulle vermoë tot selfbeskikking oor hulle lot meer beklemtoon*. (V87)





Vraag 96: *Vanweë sekularisasie hang mense godsdiens slegs vrywillig aan*. (V97)




Vraag 101: *Sekularisasie bring godsdiens se geloofwaardigheid in gedrang*. (V102)




Vraag 110: *Lidmate van my gemeente leef hulle geloofsoortuiging in die openbare lewe met vrymoedigheid uit*. (V111)




© University of Pretoria

Die ouderdom van respondente het ’n aansienlike effek op die uitkoms van die afhanklike veranderlike *Sekularisasie: Vermindering van godsdienstigheid.* ’n Hoër telling word geassosieer met ’n hoër ouderdom, veral die ouderdomskategorie van 64+. Die ouderdomsgroep 15-49 het die laagste telling geassosieer met die konsep.

Hoe ouer lidmate van die NG Kerk is, hoe meer is hulle daarvan oortuig dat sekularisasie ’n negatiewe impak op godsdiens het. Verder is dit ouer lidmate van die kerk wat meer daartoe geneig is om aan te neem dat die belangrikheid van godsdiens in mense se persoonlike lewe afneem. Dit kan moontlik toegeskryf word aan hulle ervaring dat jonger generasies meer vry leef van die kerk se gesag as wat die geval was in húlle jonger jare. Hierdie skynbare onverbondenheid loop hand-aan-hand met die feit dat die geïnstitusionaliseerde kerk al minder ’n bron van identiteit in die samelewing is, soos Vraag 101 tereg aandui. Die eenrigting frekwensies van Vraag 86 en 96 toon dat die verbondenheid aan die kerk (NG Kerk) ook toenemend vrywillig is, aangesien sekularisasie mense (en ook lidmate) meer en meer laat leef vanuit hulle eie vermoë tot selfbeskikking. So verminder godsdienstigheid in die algemeen. Weer eens moet genoem word dat ouer lidmate van die NG Kerk hierdie tipe ontwikkelinge meer akuut beleef omdat hulle oor ’n langer tydperk hierdie tipe ontwikkelinge waargeneem het, anders as jonger generasies.

Wat Vraag 110 betref, dui die eenrigting frekwensie aan dat respondente van mening is dat lidmate van hulle gemeente hulle geloofsoortuiging in die openbare lewe met redelike vrymoedigheid uitleef. Dit is ten spyte van die sterk mening, soos bespreek, dat sekularisasie godsdienstigheid in die algemeen laat verminder. Dit ontneem egter nie die samelewing in sy geheel van godsdiens nie. Die moderne mens se individualisme, met die gevolglike individualisering van die godsdiens, dien aan die positiewe kant tog as dryfveer vir die uitlewing van godsdienstige oortuigings asook godsdienstige aksies op hierdie vlak. Taylor (2007:481-482) se opmerking moet steeds in gedagte gehou word dat gemeenskaplikheid in die moderne era veel meer te doen het met gemeenskaplike vertoon waar individue deur dieselfde saak geraak of beweeg as met deurleefde gemeenskaplikheid en verbondenheid.

© University of Pretoria


### 4.5.5 Sekularisasie: Konsep 17 - Sekularisering van die persoonlike bewussyn

Taylor (2007:473-474) beskryf die kulturele situasie van die afgelope dekades as ’n rewolusie van individualisasie. Hoewel samelewings van die moderne era lank reeds gebaseer is op die beginsels van kulturele individualisme, word die daaglikse lewe van die moderne mens al meer gekenmerk deur ekspressiewe individualisme. Die mees ooglopende manifestasie hiervan is die verbruikersrewolusie met die klem op persoonlike welvaart, die voortgesette uitbreiding van verbruikersleefstyle asook die opkoms en snelle uitbreiding van die tegnologie in al sy vorme. By wyse van hierdie dinge vind die moderne mens vervulling van sy behoeftes. Gevolglik is hedendaagse mense al meer ingestel op hulle eie lewens en dié van hulle kerngesinne. Hierdie tipe selforiëntasie het ’n massaverskynsel geword waardeur die samelewing en ook die morele opset getransformeer word (Taylor, 2007:480).

Dit gebeur toenemend dat waar institusionele sfere nie die doelwitte, voorkeure of behoeftes van ’n individu vervul nie, dit vir daardie individu irrelevant word. In die oë van daardie individu ontstaan ’n geloofwaardigheidsprobleem omtrent daardie sfere en sodoende word dit gerelegeer. So verkry die proses van privatisasie verdere momentum (McGuire, 1991:261). Aangesien die individu meer vervulling, sekuriteit en betekenis in die private sfeer soek, veroorsaak dit dat godsdienstige instellings ander sosiale instellings, soos die gesin, al hoe minder kan beïnvloed (McGuire, 1991:59). Die effek van sekularisering op die persoonlike bewussyn van moderne mense is dus duidelik.


Omtrent die impak van die *Konsep - Sekularisering van die persoonlike bewussyn* word respondente by wyse Vraag 88, 89, 94, 98, 105, 108 gevra om aan te dui wat hulle mening is.

Vraag 88: *Die hedendaagse verbruikerskultuur met die klem op verbruikersatisfaksie het ’n sekulariserende effek.* (V89)





© University of Pretoria


Vraag 89: *Tegnologiese modernisasie sekulariseer mense omdat dit hulle belewenis van lewensekuriteit verhoog.* (V90)





Vraag 94: *Dat mense op alternatiewe wyses, anders as net godsdienstig, oor die werklikheid nadink, kan aan sekularisasie toegeskryf word.* (V95)




Vraag 98: *Sekularisasie versplinter die samelewing omdat die morele eenheid wat deur godsdiens gevestig is, sosiaal afgebreek word.* (V99)




Vraag 105: *Ek merk in my gemeente op dat kerklidmaatskap vir lidmate van minder belang is as voorheen.* (V106)





© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Vraag 108: *Lidmate van my gemeente sien die bywoning van gemeente-byeenkomste nie meer as 'n belangrike deel van hulle godsdiensbeoefening nie*. (V109)




In die rapportering van die finale model vir die afhanklike veranderlike *Sekularisering van die persoonlike bewussyn*, word aangedui dat gemeentegrootte 'n aansienlike rol speel in die uitkoms van hierdie konsep. Vir gemeentes met <800 lidmate en met >800 lidmate het die konsep 'n betekenisvolle effek wat beteken dat die effek van die sekularisering van die persoonlike bewussyn by klein en groot gemeentes waargeneem word. 'n Hoër telling word egter geassosieer met kleiner gemeentes. Hoekom sal dit die geval wees?

Die volgende bied moontlik 'n verklaring: Die tweerigting frekwensies van die onafhanklike veranderlikes toon aan dat die grootste hoeveelheid gemeentes <800 lidmate wat deelgeneem het aan die studie, in nie-stedelike gebiede geleë is. Die NG Kerk in hierdie gedaante speel nog 'n simboliese en prominente rol en het meesal nog 'n duidelike publieke en normatiewe profiel. Wanneer die uitwassing van die sekularisering van die persoonlike bewussyn dus veroorsaak dat mense op alternatiewe wyses, anders as net godsdienstig, oor die werklikheid nadink, is die effek daarvan op die NG Kerk in sy kleiner, nie-stedelike gedaante groot, aangesien dit die prominente rol en betekenis van die kerk aldaar meer as in stedelike gebiede uitdaag. Die NG Kerk in hierdie gestalte ervaar dan ook die gevolglike verbrokkeling van die morele eenheid wat altyd deur die kerk in stand gehou is, ook meer intens. Daarom word hierdie konsep geassosieer met 'n hoër telling by kleiner gemeentes.

Verder, soos vroeër genoem, is kleiner gemeentes meer ingestel op hulle lidmate se godsdienstige erns, want daardie lidmate kan nie in die massa verdwyn nie. Enige verandering in lidmate se godsdienstige erns en deelname is meer opmerklik in kleiner

© University of Pretoria

gemeentes. Daarom sal die effek van hierdie konsep ten opsigte van die verminderende belangrikheid van kerklidmaatskap, in kleiner gemeentes aansienlik meer wees. Dieselfde is die geval met toenemende onbetrokkenheid by gemeente-byeenkomste. Die effek hiervan is in kleiner gemeentes meer akuut. Daarom word 'n hoër telling hier geassosieer.

Nog 'n faktor wat verklaar hoekom kleiner gemeentes 'n hoër telling toon ten opsigte van die konsep, word deur nog twee- en drierigting frekwensies van die onafhanklike veranderlikes uitgewys:

- In die studie het 'n aansienlike hoër persentasie ouer respondente in gemeentes met <800 lidmate deelgeneem as in gemeente met >800 lidmate;
- Die grootste groep respondente wat aan die studie deelgeneem het, byna 20%, is lidmate >55 jaar, in gemeentes met <800 lidmate wat geleë is in nie-stedelike omgewings.

Kleiner gemeentes se mening is dus beïnvloed deur 'n aansienlike hoeveelheid ouer respondente wat deelgeneem aan die studie. Ouer lidmate in kleiner gemeentes van die NG Kerk in nie-stedelike gebiede is meer bewus van die algemene effek van die sekularisering van die persoonlike bewussyn. Dit kan daaraan toegeskryf word dat ouer lidmate van die NG Kerk 'n groter bewustheid toon van hoe hulle persoonlike betekenissisteme geaffekteer word deur die groter sosiale orde waarbinne dit voorkom. Hoe ouer lidmate van die NG Kerk is, hoe meer ontwrig voel hulle wanneer die sosiale opset waaraan hulle gewoond is, verander. As ouer lidmate van die kerk waarneem hoe die globale effek van die hedendaagse verbruikerskultuur tesame met die belewenis van verhoogde lewensekuriteit as gevolg van tegnologiese modernisasie onder lidmate van die NG Kerk verbrei, is die sekulariserende krag daarvan vir hulle duidelik. Hierdie faktor speel dus 'n rol in die uitkoms van 'n hoër telling by kleiner gemeentes.

### 4.5.6 Sekularisasie: Konsep 18 - Sekularisasie: Omvorming van religie

McGuire (1991:267) is van mening dat instellings soos die kerk, as gevolg van die privatisering van die moderne mense se lewe, dit moeilik vind om weerstand te bied teen die individualiseringsproses van die godsdiens. Daarom wys Norman (2003:167) daarop dat die kerk maar net kan toekyk hoe lidmate die 'Christelikheid' bedink op 'n

© University of Pretoria


geïndividualiseerde wyse. Gelowiges put dikwels uit die tradisionele, Christelike waarhede en Christelike simbole, maar dit word aangepas by die 'Christelikheid' wat hulle bedink. Lidmate is uitgesproke daaroor dat die kerk as georganiseerde instituut met gevestigde dogmas, nie meer die alleenreg op Christelike simbole en insigte het nie (Avis, 2003:7). Daarom sal kerke wat die geprivatiseerde vorms van moderne godsdienstigheid akkommodeer en aanmoedig meer suksesvol wees as kerke met 'n tradisionele godsdienstigheid. Die moderne individu verkies skynbaar 'n kerk wat netwerke van godsdienstige meelewing bied waarvan die assosiasie en ondersteuning vrywillig is. Omdat kontemporêre godsdienstige klem op die individu se subjektiewe persoonlike ervarings lê, sal kerke persoonlike motivering en keusemaking ten opsigte van aanvaarbare, morele beginsels moet aanmoedig, aangesien waardes nie meer institusioneel gegee of afgeforseer kan word nie. Dit is dus duidelik dat geïnstitusionaliseerde godsdiens 'n nuwe plek en 'n nuwe werk het.

Hoewel sekularisasie toenemende ongeërgdheid ten opsigte van tradisionele, godsdienstige instellings en waardes veroorsaak, is daar steeds 'n belangstelling in die doel van die lewe wat breedweg godsdienstig gedefinieer word. Selfs in ryk gemeenskappe met hoë vlakke van eksistensiële sekuriteit word dit opgemerk. Tog neem kerkbywoning af en word die tradisionele, geïnstitusionaliseerde vorme van godsdiens en gevestigde godsdienstige praktyke, al minder ondersteun. Ons sien egter 'n stukrag wat die sosiale gestalte van godsdiens omvorm. Dit is geprivatiseerde of geïndividualiseerde spiritualiteit (Norris & Ingelhart, 2004:74-75), wat op sigself deur sekulariserende kragte gevoed word, soos bespreek in Hoofstuk 3.


Met Vraag 99, 100, 102, 103, 104, 106, 107, 112, 113 word die *Konsep - Sekularisasie: Omvorming van religie* ondersoek.

© University of Pretoria


Vraag 99: *In 'n gesekulariseerde samelewing beoefen mense steeds hulle persoonlike godsdienstige oortuigings hoewel dikwels buite die grense van die kerk.* (V100)





Vraag 100: *Sekularisasie veroorsaak dat godsdiens al meer 'n private aangeleentheid word.* (V101)




Vraag 102: *Sekularisasie lei onder Christene self tot algemene onkunde omtrent die dogmas van die Christelike geloof.* (V103)





Vraag 103: *Sekularisasie destabiliseer die Christendom soos gesien word in die opkoms van talle nuwe kerklike denominasies gebring.* (V104)





© University of Pretoria


Vraag 104: *Sekulêre wetenskapsbeginsels maak dat die akademiese teologie al meer steun op die gevolgtrekkinge van die rasionele denke.* (V105)





Vraag 106: *Ek kry die idee dat lidmate slegs aan God gehoorsaam is omdat hulle meen dit sal iets vir hulle persoonlike lewe beteken.* (V107)




Vraag 107: *Ek kom agter dat lidmate se eie teologiese opvattings vir hulle baie swaar weeg.* (V108)




Vraag 112: *Lidmate van my gemeente ag dit belangrik om hulle godsdienstige kennis te vermeerder.* (V113)





© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Vraag 113: *Ek dink die rede hoekom lidmate van ons gemeente nog godsdienstig is, is omdat hulle soek na vastigheid in die hedendaagse lewe.* (V114)




Die ouderdom van respondente het 'n aansienlike effek op die uitkoms van die afhanklike veranderlike *Sekularisasie: Omvorming van religie.* 'n Hoër telling word geassosieer met die ouderdomsgroep >55 jaar. Lidmate van die NG Kerk in hierdie ouderdomsgroep is dus die meeste daarvan oortuig dat sekularisasie religie omvorm. Dit beteken nie dit is die geval met hulle persoonlik nie. Dit is eerder die geval dat dit veral hierdie groep is wat waarneem dat die omvorming van die religie 'n algemene tendens in die kerk is. Die beskrywende statistiek se hoë eenrigting frekwensies dui aan dat die privatisering en gevolglike individualisering van die godsdiens (Vraag 100, 106, 107) bydra tot die omvorming van godsdiens. Dit is binne die kader van hierdie ontwikkeling wat nuwe kerklike groeperinge ontstaan waarin geprivatiseerde vorms van moderne godsdienstigheid beter geakkommodeer word. Hoe ouer die lidmate van die NG Kerk, hoe meer is hulle daarvan oortuig dat hierdie tendens die gevestigde en geïnstitusionaliseerde kerke (soos die NG Kerk) destabiliseer (Vraag 103).

Vraag 102 het ook 'n hoë eenrigting frekwensie wat aandui dat sekularisasie onder Christene self tot algemene onkunde omtrent die dogmas van die Christelike geloof lei. Hoekom sal dit geval wees? Waarskynlik is dit omdat tradisionele, geïnstitusionaliseerde vorme van godsdiens en gevestigde, godsdienstige praktyke al minder ondersteun word en lidmate minder hieruit put vir die populêre 'Christelikheid' wat vandag al meer bedink word. Dit is 'n groot faktor in die omvorming van die NG Kerk se religieuse konstrukte en word veral deur lidmate in die ouderdomsgroep >55 jaar as akuut beleef. In dieselfde asem kan die uitkoms van Vraag 104 ook genoem word. Die hoë eenrigting frekwensie dui aan dat daar 'n algemene opvatting is, onder veral lidmate ouer as 55 jaar, dat sekulêre wetenskapsbeginsels die akademiese teologie in so mate beïnvloed dat dit al

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



meer steun op die gevolgtrekkinge van die rasionele denke. Dit plaas uit die aard van die saak die bekende dogmas van die Christelike geloof onder druk volgens die mening van hierdie lidmate. Ook dít speel vir hierdie lidmate 'n groot rol in die omvorming van die NG Kerk se religieuse konstrukte.

Soos reeds genoem, dra sekularisasie by tot mense se toenemende ongeërgdheid ten opsigte van tradisionele, godsdienstige instellings en waardes. Dit beteken egter nie dat daar geen belangstelling in godsdiens meer is nie. Mense gebruik steeds godsdienstige idees om die lewe breedweg te definieer. Vraag 113 se baie hoë eenrigting frekwensie bevestig hierdie veronderstelling: Die moderne mens beoefen steeds godsdiens omdat dit 'n bron van vastigheid bied in die hedendaagse lewe. Dit is ook die geval met NG Kerk-lidmate. Die kerk het dus nog 'n taak om te verrig veral in die lig van Vraag 112 dat lidmate van die NG Kerk dit steeds belangrik ag om hulle godsdienstige kennis te vermeerder. Wat die NG Kerk wel moet verreken is die feit, soos aangedui in die hoë frekwensie van Vraag 99, dat daar waar sekulêre idees en kragte dominant word in 'n gemeenskap en breër samelewing, mense (ook lidmate) se persoonlike religie nie meer so afhanklik is van die kerk nie. Dan gebeur dit toenemend dat mense hulleself as godsdienstig ag sonder dat hulle by enige kerklike instelling betrokke is. Dit is dus duidelik dat geïnstitusionaliseerde godsdiens 'n veranderende plek inneem in die samelewing. Dit is ook die mening van die ouer lidmate omtrent die NG Kerk. Waartoe die kerk gaan verander, bly 'n ope vraag.

## 4.6 SAMEVATTING

Soos aangedui in die inleidingsparagraaf van hierdie hoofstuk is die informasie wat by wyse van vraelyste versamel is, bedoel om die navorsingsprobleem te verken binne die konteks van die NG Kerk. Respondente, lidmate van die NG Kerk, se insigte, gesindhede en voorkeure is by wyse van eenrigting frekwensies in grafieke aangedui.

Die uitkomste ten opsigte van die konsepte wat in hierdie hoofstuk bespreek is, is na die skrywer se mening van belang om die resente situasie van die NG Kerk en sy lidmate te verstaan.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Onder *Afdeling B: Sosiale Konstruksie* is die effek van die volgende konsepte in die lewe van NG Kerk-lidmate bespreek:

- Sosiale reïfikasie;
- Reaksie op sosiale verandering;
- Samelewingsvisie: Apartheidskollektivisme;
- Samelewingsvisie: Multikulturele situasie;
- Samelewingsvisie: Westerse Individualisme.

Op die somtotaal van hierdie konsepte het ouderdom as onafhanklike veranderlike 'n effek. Die hoogste telling word geassosieer met die ouderdomsgroep 64+ jaar. Dan is dit die ouderdomsgroep 50-63 jaar en baie naby aan hierdie groep die derde ouderdomsgroep 15-49 jaar. Hoewel die aanname gemaak kan word dat die konsepte 'n effek op die sosiale belewenisse van lidmate in die algemeen het, is dit egter die ouer lidmate wat as gevolg van 'n hoë mate van reïfikasie, die effek van sosiale verandering meer intens beleef. Daarom verskil hulle aanhang of afwysing van sekere samelewingsvisies van jonger persone se perspektief op dieselfde samelewingsvisies. Gevolglik verskil die effek van sekularisasie ook in die lewe van individue verbonde aan hierdie verskillende groepe na gelang van die mate waarin hulle met 'n samelewingsvisie identifiseer waarin sekularisasie as verskynsel werksaam is of nie.

Wat *Afdeling C: Religieuse Konstruksie* betref, is die volgende konsepte gebruik om lidmate van die NG Kerk se verstaan en belewenis van religie as fenomeen te ondersoek:

- Persoonlike belang van religie;
- Kollektiewe belang van religie;
- Invloed van konteksbepaalde religie (in die NG Kerk);
- Veranderlikheid van religie (in die NG Kerk);
- Pluralisasie van die religie (in die NG Kerk);
- Spiritualiteit in die NG Kerk;
- Privatisering van religie.

In die geheel van die konsepte in hierdie afdeling het ouderdom as onafhanklike veranderlike ook 'n betekenisvolle effek. Dieselfde patroon word waargeneem: Die hoogste telling word geassosieer met die ouderdomsgroep 64+ jaar, dan verminderend die ouderdomsgroep 50-63 jaar, en daarna die ouderdomsgroep 15-49 jaar. Weer eens kan

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



die aanname gemaak word dat dié konsepte relevant is vir lidmate van die NG Kerk se religie in die algemeen, maar die telling wys dat dit ’n groter effek het op ouer lidmate. Religie as omvattende betekenissisteem is vir lidmate van die NG Kerk in die algemeen belangrik, maar dit is ouer lidmate wat meer van religie gebruik maak om aan ’n bepaalde lewensorde verklarende en normatiewe legitimiteit te verleen. Waar hierdie orde se oortuigings en praktyke kollektief in stand gehou word deur ’n amptelike, godsdienstige instelling, soos die kerk, is ouer lidmate ook meer lojaal daaraan. Daarom is ouer lidmate meer sensitief vir hoe sosiale tendense en die moderne verbreiding van ’n veelvoud van geloofsoortuigings en –praktyke verandering ten opsigte van die bogenoemde meebring.

Aan die hand van die konsepte hieronder is respondente se verstaan van *Sekularisasie* in *Afdeling D* ondersoek.

- Strukturele sekularisasie;
- Sekularisasie: Vermindering van religie se reikwydte;
- Sekularisering van die sosiale kultuur;
- Sekularisasie: Vermindering van godsdienstigheid;
- Sekularisering van die persoonlike bewussyn;
- Sekularisasie: Omvorming van religie.

Soos in Afdeling B en C, het ouderdom ook ’n effek op Afdeling D wat handel oor sekularisasie. Die hoogste telling word geassosieer met die ouderdomsgroep 64+ jaar. Die telling neem af in die ouderdomsgroep 50-63 jaar, asook in die ouderdomsgroep 15-49 jaar.

Lidmate van die NG Kerk ervaar in die algemeen die effek van sekularisasie, maar dit is egter ouer lidmate van die NG Kerk wat meer bewus is van die negatiewe impak daarvan op die sosiale funksie van die kerk, in die sin dat die reikwydte van godsdiens in moderne samelewings dramaties ingeperk word. Ouer lidmate sien dié tendens in die feit dat die NG Kerk se invloed ten opsigte van die vestiging van godsdienstige waardes in die samelewing verminder het en dat godsdienstige beginsels min effek het op openbare opinies. Die ouer lidmate van die NG Kerk is van mening dat sekularisasie die belangrikheid van godsdiens in mense se persoonlike lewe laat afneem. Dit word gesien in die toenemende ongeërgdheid teenoor die offisiële kerk. Dit word ook gesien in die sekulariserende (oor)waardering van die stoflike en materiële wat die moderne mense se

© University of Pretoria

lewe oorheers. Die moderne mens verklaar sy leefwêreld bitter min in godsdienstige terme. Sekularisasie dwing die religieuse fokus weg van die openbare ruimte na die private. Die gevolglike individualisering van die godsdiens word in hierdie ruimte gevoed deur die individu se soeke na vervulling, sekuriteit en persoonlike betekenis van die godsdiens. Hierdie saak is vir die ouer lidmate van die NG Kerk een manier waarop sekularisasie religie omvorm. Lidmate van die kerk stel minder daarin belang om die offisiële kerk in stand te hou en leef meer en meer asof hulle eie godsdienstige belewenisse en oortuigings genoegsaam is.

"Die sinikus sal bly sê dat wat die mens uit sy geskiedenis leer, is dat die mens nie uit sy geskiedenis leer nie. Natuurlik bestaan die geskiedenis nie uit 'n reeks goedkoop of eenvoudige 'lessies' nie, maar deur die verlede behoorlik te bestudeer, verkry 'n mens wel kennis en insig wat aangewend kan word om vraagstukke in die hede op te los en die toekoms te beplan." (Wessels, 2001:257). Hoe meer mense beleef dat hulle onderworpe is aan die effek van die geskiedenis (en ook die teenswoordige as geskiedenis-in-wording), hoe meer is daar die soeke na 'n antwoord op die vraag: Waarvoor kan ons hoop? Toegepas op die NG Kerk, wil hierdie vraag ook die kerk stem tot nadenke oor die betekenis en effek van gebeure en teenswoordige sosiale ontwikkelinge sodat die kerk ook oor sy doel en funksie in die hedendaagse Suid-Afrikaanse samelewing kan beslis. Die manier waarop daar omtrent die omvang van die invloed nagedink word, hang saam met die toekoms waarvoor gehoop word of gevrees word. Die inhoud van die hoop of vrees hang saam met mense se fundamentele besorgdhede - die dinge waarop hulle hele bestaan gerig is en waarop hulle vertrou. Die kritiese beskouing hiervan help ons egter om deur die vanselfsprekende en klakkelose voortgang van tyd te breek.
In die volgende hoofstuk word verder hieromtrent nagedink.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# Hoofstuk 5

# Betekenis van die studie vir die resente situasie van die Nederduitse Gereformeerde Kerk

## 5.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word gepoog om helderheid aan die resente situasie en konteks van die NG Kerk te verleen aan die hand van die vorige hoofstukke se insigte en die uitkomste van die empiriese navorsing. Daar sal ook aandag gegee word aan die uitdagings waarvoor die NG Kerk in hierdie situasie en konteks te staan kom.

Moltmann (1999:191) sê dat die persoon wat nadink oor wie hy is, ook vra waar hy vandaan kom. Hy spreek daardie verlede aan en verreken die invloed daarvan. Maar hy vra ook waarheen hy op pad is en probeer om daardie toekoms te verken. Hierdie nadenke bring bewussyn van die self. Vir die kerk en by name die NG Kerk is hierdie woorde van Moltmann net so belangrik. Dit was ook die bedoeling van hierdie studie.

## 5.2 OM VANDAG KERK TE WEES

Taylor (2007:745) meen dat as ons nadink omtrent die geskiedenis van die Christendom daar nie sondermeer van 'n vergange 'goue era' gepraat kan word nie. Dalk gaan die geskiedenis van die Christendom net oor verskillende fases en samelewings waarbinne die Christelike geloof bestaan het en steeds bestaan. Dié fases verskil van mekaar omdat elke faset van die Christelike lewe deur die inbedding daarvan in 'n bepaalde tyd en konteks – die *saeculum* – beïnvloed is. Die kerk moes in die verlede bepaalde invloede hanteer en dikwels te bowe kom! Daarom sê Louw (2010:18), met verwysing na Stephan Joubert, is daar geen waarborg dat die gestalte van die kerk in die toekoms dieselfde gaan wees as die hedendaagse kerk nie. Hierdie invloede sal veroorsaak dat die kerk van die toekoms baie anders gaan lyk as die tradisionele, kerklike instituut wat baie ingestel is op sy institusionele voortbestaan.

Wat die toekoms inhou, is nie maklik om te konstrueer nie. Dit is soos Hanekom (2010:18) tereg opmerk: "Om in hierdie dae...oor nuwe tendense in die kerk te skryf, is nie maklik nie. Die rede hiervoor is dat ons in 'n tyd van groeiende kompleksiteit en

© University of Pretoria

diversiteit leef. Dit het die gevolg dat patrone of tendense nie so duidelik sigbaar is nie." Om te veralgemeen is gevaarlik. In nadenke omtrent die laaste twintig of dertig jaar van die kerklike lewe in Suid-Afrika (ook die NG Kerk s'n) raak ons daarvan bewus dat dinge dramaties en onherroeplik verander het. "Vir sommige is die vraag waar ons oor twintig jaar gaan wees, 'n ontredderende vraag", skryf Hanekom (2010:18).

Die empiriese navorsing soos bespreek in Hoofstuk 4, het ten doel gehad om die teenswoordige tyd en konteks waarin die NG Kerk bestaan, te ondersoek. Die uitkomste van die navorsing verklaar hoe lidmate van die NG Kerk se sosiale, persoonlike en religieuse identiteite gevorm word en tans daar uitsien. Die vormende kragte van hierdie identiteite het kollektief 'n direkte impak op die NG Kerk as instelling. Die gestalte en aard van die NG kerk in die toekoms, hang hiermee saam.

Die volgende gevolgtrekkings wat uit Hoofstuk 4 gemaak kan word, dui myns insiens aan watter tipe kragte 'n vormende invloed het op die lewe van die NG Kerk se lidmate en daarom ook op die NG Kerk as instelling. Die uitdagings wat dit bring, sal hierna bespreek word:

i. Lidmate van die NG Kerk dink na oor hoe die sosiale omgewing waarin hulle bestaan hulle persoonlike identiteit en lewe affekteer. Hulle toon insig in hoe sosiale oortuigings met verloop van tyd verander en hoe dit verandering in die samelewing teweegbring. Hulle nadenke hieromtrent beïnvloed hulle gevoel van inherente vitaliteit positief of negatief, na gelang van hulle belewenis van hulle sosiale omgewing. Hierdie nadenke intensiveer hoe ouer lidmate word. Waar die belewenis van sosiale verandering negatief beleef word, is 'n groter mate van weerstand en sal nuwe sosiale en persoonlike betekenissisteme minder geredelik aanvaar word. Die NG Kerk kry met hierdie reaksies van lidmate te doen en behoort sensitief te wees in die hantering van sy lidmate se ervaring omtrent sosiale verandering.

   (Sien par. 4.3.1 oor *Sosiale reïfikasie* asook par. 4.3.2 oor *Reaksie op sosiale verandering.*)

   Net soos lidmate se betekenissisteme geaffekteer word deur die groter sosiale orde waarbinne hulle leef, gebeur dit ook met lidmate se godsdiensbelewenis. Wanneer verandering in lidmate se sosiale konteks plaasvind, het dit op ouer lidmate se

© University of Pretoria

godsdiensbelewenis ’n groter effek. Hoewel dit meer opvallend is by ouer lidmate, het die kompleksiteit van die hedendaagse lewe egter op die NG Kerk as geheel ’n effek. Dit kan toegeskryf word aan die feit dat die NG Kerk in die verlede en ook nou probeer (het) om die kompleksiteit en uitdagings van die lewe te verstaan en te verreken in sy bediening. Die NG Kerk het die taak om sy lidmate se ervarings op geestelike vlak aan te spreek, maar moet hulle ook begelei om meer geïntegreerd en sensitief binne die Suid-Afrikaanse wêreld te bestaan.

(Sien par. 4.4.3 omtrent *Invloed van konteksbepaalde religie [in NG Kerk]*.)

ii. Die verskillende samelewingsvisies *Apartheidskollektivisme*, *Afrikakommunalisme* wat prominensie verkry het binne die multikulturele situasie van Suid-Afrika asook *Westerse Individualisme* speel elk in ’n mindere of meerdere mate ’n rol in die lewe van die NG Kerk se lidmate. Die mate waarin die eerste twee samelewingsvisies ’n rol speel in die lewe van ’n lidmaat, hang af van waar die persoon woon en hoe oud die persoon is. Lidmate van die NG Kerk, veral in stedelike omgewings, het al ver gevorder om verdraagsaam te wees teenoor Suid-Afrika se liberale, politieke stelsel (ten spyte van kritiek daarteen) en kulturele verskeidenheid. Dit neem ouer lidmate egter langer om die geïnternaliseerde apartheidswaardes en –kultuur in hulle psige af te takel, aangesien hulle so lank deur hierdie samelewingsvisie beïnvloed is.

Die samelewingsvisie wat egter tans die grootste invloed uitoefen in die lewe van NG Kerk-lidmate is *Westerse Individualisme*. Die erkenning van hulle individuele uniekheid en regte is vir alle NG Kerk-lidmate belangrik. Woonomgewing en ouderdom beïnvloed hierdie oortuiging hoegenaamd nie. Persoonlike vryheid, privaatheid, selfstandigheid, vryheid van keuse en die strewe na persoonlike welvaart is belangrike prioriteite vir lidmate van die NG Kerk. Sekularisasie vind die meeste inslag in hierdie samelewingsvisie.

Die NG Kerk moet hierdie samelewingsvisies ook krities beoordeel en lidmate begelei om hulle eie lewensuitkyke te dekonstrueer en dit aan te pas by die eise van die evangelie.

(Vergelyk par. 4.3.3 in verband met *Apartheidskollektivisme*, par. 4.3.4 omtrent die *Multikulturele situasie* en par. 4.3.5 met betrekking tot *Westerse Individualisme*.)

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



iii. Lidmate van die NG Kerk ag godsdiens en daarmee saam die Bybel as belangrik vir hulle persoonlike lewe. Dit is verblydend. Hierdie belangrikheid neem met ouderdom toe. Dit is ook die geval met die amptelike, kerklike gestalte van die NG Kerk. In die persoonlike lewe van veral ouer lidmate, speel die kollektiewe oortuigings en praktyke van die kerk asook die taak van geordendes 'n belangrik rol. Daarom het ouer lidmate ook dieselfde verwagting omtrent die kerk se rol en plek binne hulle groter sosiale opset. Die NG Kerk slaag skynbaar in nie-stedelike gebiede beter daarin om nog 'n publieke en normatiewe profiel te handhaaf. Dit beteken nie dat stedelike gemeentes hierin geheel en al faal nie – hulle gaan egter meer gebuk onder die uitdagings van 'n veel meer komplekse sosiale omgewing.

Wat egter na vore kom uit die vergelyking van par. 4.4.1 omtrent die *Persoonlike belang van religie* en par. 4.4.2 oor die *Kollektiewe belang van religie*, is dat die belang van godsdiens vir NG Kerk-lidmate algaande skuif na die private sfeer. Hoewel die offisiële NG Kerk steeds van belang geag word, staan lidmate se persoonlike religie al meer los van die kollektiewe geloofspraktyk.

Hierdie tendens is 'n krag wat die kerk omvorm, want dit bring mee dat die kerk al hoe minder die motiewe, opinies en lewenstylopsies van lidmate ten volle kan bepaal. Baie lidmate huldig die idee dat godsdiens 'n persoonlike aangeleentheid is en sodoende ontwikkel die godsdiens van daardie lidmate tot 'n geïndividualiseerde sisteem wat slegs van betekenis vir daardie spesifieke lidmaat is. Dikwels ondermyn hierdie tipe godsdiens gevestigde dogma en kerklike uitsprake en verloor kerk-georiënteerde godsdiens sy bindende karakter. Dít gebeur in 'n meerdere mate in gemeentes in stedelike omgewings. Dit bied aan die NG Kerk opnuut die uitdaging om na te dink omtrent sy publieke rol en sy betekenis vir die persoonlike religie van sy lidmate.

(Vergelyk par. 4.4.7 ten opsigte van *Privatisering van religie* asook par. 5.2.v.)

iv. (In aansluiting by par. 4.4.4 omtrent die *Veranderlikheid van religie (in NG Kerk)*, par. 4.4.5 oor *Pluralisasie van die religie (in die NG Kerk)* en par. 4.4.6 oor *Spiritualiteit in die NG Kerk*.)

Godsdienstige betekenissisteme en wêreldbeskouings bly nie staties nie, veral in meer heterogene omgewings. Ook die NG Kerk is voortdurend aan die verander.

© University of Pretoria

Die pas van verandering is aansienlik vinniger in groter gemeentes binne stedelike omgewings wat heterogene omgewings veronderstel. Dáár is groter openheid vir andersoortige aanbiddingstyle en nuwe bedieningspraktyke wat lei tot interne pluralisasie in hierdie gemeentes. Dit bring egter lidmate ook meer onder die invloed van die sleurkrag van persoonlike oortuigings en behoeftes as bepalende faktore in godsdiensbeoefening. Hoe jonger die lidmate van die NG Kerk is, hoe meer verdraagsaam is hulle vir die verbreiding van 'n veelvoud geloofsoortuigings en –praktyke binne die kerk. Dié toedrag van sake plaas die NG Kerk se gereformeerde identiteit onder druk omdat jonger lidmate minder identifiseer met die NG Kerk se gereformeerde identiteit. Die hoër voorkoms van interne pluralisasie in groter gemeentes veroorsaak ook dat die gereformeerde identiteit van die NG Kerk onder druk is. Nuwe tipes godsdienstigheid ontwikkel toenemend, veral onder jonger lidmate in groter gemeentes. Dit is konstruksies wat bestaan uit seleksies van tradisionele oortuigings en praktyke van die NG Kerk, elemente uit ander kerkgroeperinge en ook oortuigings verkry uit populêre geestelike literatuur. Die omvormende invloed hiervan op die NG Kerk is byna onstuitbaar.

v. Lidmate van die NG Kerk, veral ouer lidmate, is daarvan oortuig dat waar sosiaal-strukturele prosesse daartoe lei dat sosiale instellings verwyder raak van die invloed van religieuse strukture, sekularisasie bevorder word. NG Kerk-lidmate bevind hulle daagliks binne belangrike, sosiaal-institusionele ruimtes wat funksioneer sonder enige verwysing na die numineuse of religieuse beginsels. Dit is veral binne instellings wat funksioneer volgens die beginsels van kapitalisme, die moderne wetenskap en tegnologie asook liberale mensbeskouings dat lidmate beleef hoe die samelewing verwyder raak van die invloed van religieuse beginsels. Daarom is lidmate van die NG Kerk innig bewus dat nie alleen die NG Kerk nie, maar godsdiens in die algemeen, se invloed in moderne samelewings dramaties ingeperk word. Godsdienstige waardes en opinies het min effek op die groter samelewing en sy instellings. Dit is veral die geval in stedelike omgewings.

Tog beteken dit nie dat godsdiens en die kerk geen plek meer in die moderne samelewing het nie. Die kerk (ook die NG Kerk) bestaan steeds en mense beoefen steeds hulle persoonlike godsdienstige oortuigings, maar as gevolg van

© University of Pretoria

sekularisasie, vind dit grootliks op die kantlyn van die samelewing plaas. Hierdie tendens daag die NG Kerk weer eens uit om na te dink oor sy publieke rol in die Suid-Afrikaanse samelewing. Die kerk moet sy lidmate ook ondersteun en toerus om binne ’n gesekulariseerde opset getrou aan hulle eie godsdienstige oortuigings te funksioneer. (Sien par. 4.5.1 omtrent *Strukturele sekularisasie* en par. 4.5.2 omtrent *Sekularisasie: Vermindering van religie se reikwydte*.)

vi. Dit is veral ouer lidmate van die NG Kerk wat die effek van sekularisasie raaksien in die feit dat mense oor die lewe nadink sonder om (of, deur baie min) van enige godsdienstige interpretasies gebruik te maak. Die populêre, humanistiese mensbeskouing wat die mens vrymaak van ’n godsdienstige of metafisiese wêreld is ’n bydraende faktor. Dit lei daartoe dat die NG Kerk se morele outoriteit in die lewe van sy lidmate afneem. Verder veroorsaak sekularisasie dat mense se bestaansfokus al meer gerig is op die najaging en oorwaardering van die stoflike en materiële.
Daarom ervaar lidmate van die NG Kerk, veral ouer lidmate, dat die belangrikheid van godsdiens in mense se persoonlike lewe afneem. Dit is dalk nie heeltemal die geval nie, gesien in die lig van vorige gegewens (par. 5.2.iii en par. 5.2.iv). Wat wel toeneem, is onverbondenheid aan die kerk omdat die geïnstitusionaliseerde kerk al minder ’n bron van identiteit in die samelewing is. In hierdie sin verminder godsdienstigheid in die algemeen.
Die gemeenskaplikheid wat tog nog waargeneem word in gemeentes van die NG Kerk hou waarskynlik verband met die feit dat lidmate as individue deur dieselfde saak geraak of beweeg word eerder as met deurleefde gemeenskaplikheid en soeke na verbondenheid. Hierdie tendens besorg hoofbrekens aan gemeentes van die NG Kerk wat steeds ingestel is op hulle institusionele voortbestaan.
(Vergelyk par. 4.5.3 in verband met *Sekularisering van die sosiale kultuur* en par. 4.5.4 oor *Sekularisasie: Vermindering van godsdienstigheid*.)

vii. Dit het ’n massaverskynsel geword dat die hedendaagse mens al meer ingestel is op sy eie lewe en dié van sy kerngesin. Daarom word die daaglikse lewe van die moderne mens toenemend gekenmerk deur ekspressiewe individualisme en sy soeke na die vervulling van sy behoeftes. Persoonlike welvaart, die voortgesette

© University of Pretoria

uitbreiding van verbruikersleefstyle en die snelle uitbreiding van die tegnologie in al sy vorme word die bronne van daardie vervulling. Wanneer instellings, soos die kerk, nie aan die behoeftes van die moderne individu voldoen nie, word dit vir daardie individu irrelevant. Die kerk se invloed word dus al hoe minder in die private sfeer en sodoende sekulariseer die persoonlike bewussyn van die moderne individu. Die NG Kerk is nie hiervan uitgesluit nie. Dit is egter opvallend dat die NG Kerk in sy kleiner, nie-stedelike gedaante (en veral ouer lidmate in daardie gemeentes) meer ontwrig word deur die effek van hierdie sekularisering waarskynlik omdat dit in skrille kontras staan met die simboliese en normatiewe profiel van die kerk.

(Sien par. 4.5.5 ten opsigte van *Sekularisering van die persoonlike bewussyn*.)

viii. Die omvorming van die bekende, religieuse konstrukte en praktyke van die NG Kerk is algemeen waarneembaar. Dit kan toegeskryf word aan die sekulariserende krag van privatisering en gevolglike individualisering van die godsdiens. Tradisionele, geïnstitusionaliseerde vorme van godsdiens en gevestigde godsdienstige praktyke word al minder ondersteun, terwyl ’n populêre ‘Christelikheid’ vandag al meer bedink word, soos reeds genoem in par. 5.2.iii en 5.2.iv. Die destabiliserende effek hiervan op die NG Kerk word meer intens deur ouer lidmate van die NG Kerk beleef.

Waar sekulêre idees en kragte dominant word in ’n gemeenskap en breër samelewing, is mense (ook lidmate) se persoonlike religie nie meer so afhanklik van die kerk nie. Mense ag hulleself steeds as godsdienstig sonder dat hulle by enige kerklike instelling betrokke is (par 5.2.vi). Die kerk neem dus ’n veranderende plek in die samelewing in. Weer eens dring hierdie omvorming die NG Kerk tot nadenke omtrent sy identiteit asook sy funksie in Suid-Afrikaanse gemeenskappe en die groter samelewing.

(Sien par. 4.5.6 in verband met *Sekularisasie: Omvorming van religie*.)

Die bogenoemde gevolgtrekkings begrens die *saeculum* wat die NG Kerk tans beïnvloed. Terwyl die NG Kerk die toekoms tegemoet stap, moet die kerk hierdie sake verreken. Dit word vervolgens bespreek aan die hand van ’n aantal uitdagings.

© University of Pretoria

### 5.2.1 Uitdaging 1: Om kerk te wees, is om medeskepper van 'n demokratiese etos te wees

Aangesien die NG Kerk dit van belang ag om die kompleksiteit en uitdagings van die hedendaagse lewe te verstaan, behoort die kerk ook te kan onderskei wat werklik nodig is vir die verbetering van die hedendaagse lewe in Suid-Afrika. Suid-Afrika het 'n demokratiese staatsbestel waardeur burgerlike vrede, gelyke geleenthede en regte asook 'n kwaliteit lewe vir alle landsburgers gewaarborg behoort te word. Dié demokrasie word egter gekwes deur reuse, sosiale dilemmas soos armoede, misdaad, werkloosheid, korrupsie, sosiale wanbalanse en so meer. Veral omdat lidmate van die NG Kerk aangedui het dat hulle nadink oor hoe die sosiale omgewing waarin hulle bestaan hulle persoonlike identiteit en lewe affekteer, het die kerk die taak om sy lidmate te help om 'n *gemeenskaplike openbare etos* te vestig en te ondersteun wat die demokrasie en mense se persoonlike syn sal bevorder. In Suid-Afrika wat in soveel opsigte kultureel en religieus divers is, hang *stabiliteit en kohesie* af van die burgers se aanvaarding van gemeenskaplike beginsels.

Omdat lidmate se godsdienstige betekenissisteme ook geaffekteer word deur die groter sosiale orde waarbinne hulle leef, het die NG Kerk soveel te meer die verpligting om lidmate se ervarings op geestelike vlak aan te spreek. 'n *Gemeenskaplike openbare etos* behoort daarom ook vanuit die Bybel belig te word. As dit in gedagte gehou word, sê De Gruchy (1990:229), dat die Christendom steeds komplekse en omvattende burgerlike waarde-oriënterings omvat, is hierdie godsdienstige perspektiewe steeds belangrike, etiese bronne wat 'n aansienlike bydrae kan lewer tot 'n moderne, demokratiese kultuur. Die kerk se taak is om hierdie sensitiwiteit aan te moedig, sodat burgers dit kan toepas in hulle private lewe en in ander sosiale verbande. In Naude (2004:45) se nadenke omtrent die toekoms van die kerk toon hy ook aan dat ons teologie benodig wat ons demokrasie moet ondersteun en versterk. Godsdiens kan juis daartoe bydra om 'n unieke lewenstyl in die moderne wêreld te vestig, meen Maclure en Taylor (2011:110). Dit beteken nie dat 'n lewe wat volgens sekulêre oortuigings gelewe word noodwendig onvolledig en bedorwe is nie.

Daar is egter struikelblokke wat die uitvoering van hierdie taak vir die NG Kerk bemoeilik:

© University of Pretoria

- Die taak moet uitgevoer word teen die agtergrond van ’n *liberale demokrasie.* Die staat is uiteraard sekulêr en daarom neutraal teenoor verskillende godsdienste en hulle morele perspektiewe. Die NG Kerk (en sy lidmate) is deeglik bewus van sy gemarginaliseerde posisie in die samelewing en die inperking van direkte invloed in staatkundige aangeleenthede. Een rede hiervoor is dat die kerk besef dat strukturele sekularisasie, as gevolg van institusionele differensiasie, die kerk nie in staat stel om vanuit ’n gesagsposisie sy invloed te laat geld nie. Die gevoel word verskerp deurdat die gesekulariseerde staat godsdienstige geloof en daarmee saam moraliteit wat in godsdienstige terme uitgedruk word, as ’n geïndividualiseerde voorkeur ag (Norman, 2003:48). Maar al staan die kerk aan die kantlyn, het dit nie verdwyn nie. Lidmate van die NG Kerk beskou die kerk steeds as belangrik. Daarom moet die kerk sy stem laat hoor omtrent goeie landsregering vanuit ’n Christelike perspektief.
- Verder, in ’n demokrasie word veronderstel dat die meerderheid van die publiek se menings en oortuigings geld. Wat die Suid-Afrikaanse situasie betref, was die debat destyds en vandag steeds, oor die aard van die demokrasie in Suid-Afrika en spesifiek die vraag omtrent wie ‘die mense’ is wie se menings en oortuigings geld (De Gruchy, 1990:219). Hierdie debat roep die hele saak omtrent die dominante samelewingsvisies, *Apartheidskollektivisme*, *Afrikakommunalisme* wat prominensie verkry het binne die multikulturele situasie van Suid-Afrika asook *Westerse Individualisme* in herinnering. Sedert die eerste algemene, demokratiese verkiesing in 1994 het Afrikakommunalisme die Suid-Afrikaanse samelewing met ’n Afrika-geörienteerde denk- en waardesisteem omgewe. Diegene wat nie hiermee identifiseer nie, voel dat hulle nie deel uitmaak van ‘die mense’ nie en beleef daarom isolasie, identiteitsverlies en selfs negatiwiteit omtrent die Suid-Afrikaanse leefwêreld. Soos reeds genoem, sal hierdie ervaringe ’n groter mate van weerstand teweegbring en sal nuwe sosiale en persoonlike betekenissisteme minder geredelik aanvaar word. Dit sal ook veroorsaak dat daar selfs ’n onwilligheid is om by te dra tot ’n etos van samewerking en toleransie. Die empiriese studie het aangedui dat lidmate van die NG Kerk, veral in stedelike omgewings, al ver gevorder het in terme van verdraagsaamheid wat ’n belangrike bestanddeel van ’n demokratiese etos is. Die kerk het egter die blywende taak om partikularistiese en verabsoluterende denke te dekonstrueer sodat mense kan leer dat dit nodig is om demokraties te dink (De

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Gruchy, 1990:227). Die kerk kan ’n kardinale, versoenende rol speel in ’n demokratiese samelewing.

Een van die *beginsels van die moderne demokrasie is vryheid*. Maar, soos Moltmann (1999:160) aandui, is vryheid nie ’n besitting nie, ook nie ’n kwaliteit nie, maar ’n gebeurtenis. Ons is nooit volkome vry nie, maar ons kan toenemend vry word. Nie elke gemeenskap is ’n bevrydende gemeenskap nie. Menswaardigheid en vryheid kan slegs in stand gehou en gewaarborg word as daar die vermoë tot gemeenskap is. Daar moet ook ’n bereidwilligheid wees om daardie gemeenskap te skep en dan moet die aansluiting nie wees langs die gevestigde patrone van tradisionele gemeenskappe nie. Dit is slegs in ’n gemeenskap van onderlinge respek dat ’n individu nie meer beleef dat ander persone sy persoonlike vryheid inperk nie. Wanneer mense vry is om deel te neem aan al die aspekte van die menslike, sosiale bestaan, is dit ’n vry samelewing. Dit is nie ’n versameling van vry individue nie – dit is ’n gemeenskap van solidariteit (Moltmann, 1999:155-158). In ’n gesekulariseerde, sosiale kultuur wat ook toenemend die geval is in Suid-Afrika, bemoeilik gepaardgaande privatisme dit geweldig om daardie solidariteit te skep. Hoewel mense nog in ’n sosiale opset met mekaar skouers skuur en daar dalk tekens van gemeenskaplikheid kan wees, het dit nie noodwendig te doen met gemeenskaplike aksie nie, maar eerder met gemeenskaplike vertoon. Soos aangetoon in par. 5.2.ii moet die NG Kerk lidmate begelei om hulle eie lewensuitkyke te dekonstrueer en dit aan te pas by die eis van die evangelie – dat ons nie net aan onsself sal dink nie, maar ook aan ons naaste, veral omdat die tyd dit van ons vereis.

### 5.2.2 Uitdaging 2: Om kerk te wees, terwyl godsdiens toenemend transformeer in ’n oop sisteem

Een van die gevolgtrekkings (par. 5.2.iv) uit die empiriese studie is dat die NG Kerk voortdurend aan die verander is omdat godsdienstige betekenissisteme en wêreldbeskouings nie staties bly nie. Dit is veral in meer heterogene omgewings, soos in groter gemeentes binne stedelike omgewings, dat verandering kenbaar word weens toenemende, interne pluralisasie, aangebring deur verskillende aanbiddingstyle en bedieningspraktyke. In Vraag 52 (V53) en 60 (V61), wat verband hou met die konsep *Veranderlikheid van religie (in NG Kerk)* (par. 4.4.4) het respondente aangetoon dat hulle

© University of Pretoria

self, asook die gemeente waarin hulle is, oop is vir veranderinge ten opsigte van andersoortige aanbiddingstyle en veranderende bedieningspraktyke. Jonger lidmate van die NG Kerk is meer verdraagsaam teenoor die verbreiding van ’n veelvoud geloofsoortuigings en –praktyke binne die kerk, soos ook aangedui is deur die hoë eenrigting frekwensie van Vraag 61 (V62) as deel van die konsep *Pluralisasie van die religie (in die NG Kerk)* (par. 4.4.5).

Uit die aard van die saak word die NG Kerk se gereformeerde identiteit onder druk geplaas waar die kerk omvorm word deur hierdie nuwe tipes godsdienstigheid wat al hoe minder afhanklik is van die offisiële kerk. In Vraag 62 (V63) was dit die algemene oortuiging van respondente dat as kennis omtrent die NG Kerk se gereformeerde identiteit ontbreek, lidmate maklik beïnvloed word deur andersoortige, teologiese oortuigings (par. 4.4.4).

Vir hierdie rede ontwikkel nuwe tipes godsdienstigheid, veral onder jonger lidmate in groter gemeentes. Dit kan in verband gebring word met Steyn se beskrywing van die basiese bewegings ten opsigte van spiritualiteit in die NG Kerk (par. 2.3.6.2) en dan veral die *sinkretistiese beweging* wat te doen het met ’n eie gekonstrueerde godsdienssiening. Dit kan beskryf word as ’n tipe selfhelp-godsdienservaring met religieuse konstruksies wat bestaan uit seleksies van tradisionele oortuigings en praktyke van die NG Kerk, elemente uit ander kerkgroeperinge en ook oortuigings verkry uit populêre, geestelike literatuur. Hierdie godsdienstigheid pas ook gedurig aan by ’n voortdurend-veranderende sosiale en religieuse situasie. Die omvormende invloed hiervan op die NG Kerk is byna onstuitbaar en moeilik om te beheer.

Die NG Kerk kan in baie opsigte net toekyk hoe godsdiensbeoefening in sy geledere transformeer in ’n oop sisteem.

Die volgende beskrywings gee ’n idee van die kragte wat transformasie binne die Christelike, godsdienstige arena, waarvan die NG Kerk ook deel is, meebring:

- Jordaan (2012:22) meen dat daar baie mense in die NG Kerk is vir wie die tradisionele, abstrakte kerkspraak sy rigtinggewende betekenis verloor het. Hulle beleef dit toenemend as verwarrend, irrelevant en geloofsverskralend. Onder hulle is daar diegene wat spirituele vrede vind in die “onvoltooide lewensprojek van altydsoekende verwondering oor ’n onpeilbare Godsgeheim en verskuiwende

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



perspektiewe rondom Christus se betekenis". Baie van hulle beleef dat hul behoefte aan gesprek oor geloofstwyfel nie in gemeenteverband tereg kom nie. 'n Oplossing sou wees om 'n eerlike, oop gesprek hieromtrent te voer, maar soos Jordaan opmerk is daar vanuit die kerk se geledere ook 'n vermaning om versigtig te wees vir sodanige oop gesprek omdat dit die idee kan skep dat die kerk hierdie twyfel sanksioneer en nuwe geloofsbeginsels en –uitings omhels. Dit kan ook aanstoot gee aan diep-gelowige lidmate se tradisievastheid en geloofsekerheid. Inteendeel, dit is juis wat deur die empiriese studie aangedui word. Die destabiliserende effek van verandering en die aantasting van bekende geloofswaarhede word meer intens deur ouer lidmate van die NG Kerk beleef.

Dit neem egter nie die feit weg dat daar baie andersdenkende gelowiges is wat smag na eietydse, singewende en kritiese geloofsverantwoording nie. Die bedenkings oor tradisie-teologie, eeue oue kerklike leerstellings en geloofspraktyke kan nie sonder meer as kettery, verraderlike geloof of ongeloof afgemaak word nie. Hierdie situasie moet die NG Kerk daarvan bewus maak dat daar 'n groeiende spanning in kerklike geledere is tussen tradisie en vernuwing. Die kerk sal moet reken met dié spanning.

- Pienaar (2010a:2) meen ook dat mense in eietydse taal wil nadink oor God. Hy wys daarop dat mense die kerk verlaat, nie omdat hulle nie meer glo nie, maar omdat die kerk vir hulle nie meer geloofwaardig is in die vertolking van die werklikheid nie. Aangesien hulle nuut oor God en die werklikheid van die lewe wil praat, wil hulle ook die nuwe ontdekkings in die wetenskap, evolusie en filosofie by hul verstaan integreer. Hy meen dat bio-tegnologie, biochemiese navorsing, stamsel-navorsing, neurologie, argeologiese ontdekkings en vele ander wetenskaplike prestasies verander mense se uitkyk op die werklikheid en plaas hulle in 'n nuwe era waar nuwe spiritualiteit en 'n nuwe verstaan van die goddelike 'n voorvereiste word. Die kerk wat vasgeval het in die verkondiging van 'n premoderne verstaan van God, help bitter min met dié integrasie en die soeke na 'n nuwe verstaan. Die moderne mens weet meer as vroeër en daarom wil hulle anders dink en praat oor God. Op alle terreine is daar vooruitgang en 'n vrye mark van idees, behalwe in die kerk. Pienaar beskou alternatiewe bewegings soos die Nuwe Hervormingsnetwerk-, die Sentrum vir Eietydse Spiritualiteit- en Renaissance-gemeentes as voorbeelde van hoe die soeke na

© University of Pretoria

oop en vrye denke momentum kry. Baie Afrikaanssprekendes wat die tradisionele verstaan van God nie meer onderskryf nie, is betrokke by hierdie bewegings. Verskeie tradisies word hier aangetref - van Boeddhisme en Christelike Mistieke sienings tot die wetenskaplike verstaan van die werklikheid. Hier word geneem uit die beste van vele tradisies, sonder om ’n nuwe dogma te verkondig. Pienaar meen dat as die kerk enigsins relevant wil bly, dit eerlik moet gaan kyk na hoe dit mense kan help om in die hier en nou gelukkig te kan leef.

Die uitdagings wat die bogenoemde sake vir die kerk bring, is enorm. Dit is weliswaar so dat die tye waarin ons leef, *vra vir ’n heel nuwe benadering tot kerkwees*. In die hantering van hierdie uitdaging kan verwys word na Thomas Bandy se term van ‘aanpasbare kerk’. Wanneer Niemandt (2011:13) dié term gebruik, wys hy daarop dat aanpasbare kerke ten diepste op transformasie gerig is. Daarom is daar ’n gemaklikheid met verandering en is daar nie slagordes (soos Niemandt dit stel) om elke denkbare verandering te weerstaan nie. Dit gaan om ’n kultuurverandering sodat gemeentes nie as organisasies verstaan word nie, maar as kulturele sisteme wat op die diepste vlak denkbaar verander. Hoe die NG Kerk in sy verskillende gemeentelike gedaantes hierdie verandering teweeg gaan bring, is myns insiens nog ’n ope vraag.

Die empiriese navorsing het aangetoon dat lidmate wel oop is vir verandering. Schoeman (2013:13) bevestig hierdie openheid in sy verwysing na die Kerkspieël van 2010 waarin aangedui word dat die NG Kerk se lidmate ’n openheid het vir die toekoms en wil sien dat gemeentes in ’n nuwe rigting beweeg. Dit word as ’n sterkpunt geïdentifiseer en daarom moet hierdie tendens gebruik word om hoop te bring. Die vraag is egter of daar grense is aan die transformasie en moet dit reguleer word? As dit die geval sou wees, gaan lidmate hulle daaraan steur? Waartoe die transformasie die NG Kerk gaan bring, sal die tyd ons skynbaar leer.

Dat die Christelike godsdiens in ’n diverse, oop sisteem ontwikkel, hou gevaar in. Daarom is dit dikwels die geval dat binne geloofsisteme, soos die Christendom, groot weerstand teen hierdie tipe transformasie ontstaan. In die gevolgtrekking, par. 5.2.viii, is aangedui dat die empiriese navorsing aantoon dat ouer lidmate van die NG Kerk die destabiliserende effek van hierdie ontwikkeling meer intens beleef. In par. 2.3.5.4 is

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



verduidelik hoe verandering om verskillende redes tot weerstand lei. In die weerstand lê dikwels die neerslae van 'n vroeëre, geslote sisteem waaraan naarstiglik vasgeklou word. Dit versteur egter ook verhoudinge en sinvolle gesprek in die kerk.

Maar, steeds moet gewaak word dat diversiteit en openheid nie skeefgetrek word nie, maan Klaasing (2011:11). Wanneer dit nie meer in lyn is met Bybels-verantwoorde kernwaarhede van die evangelie nie, verloor die Christendom en kerk sy uniekheid en verdwyn die waarheidsaansprake in 'n poel van persoonlike opsies. Vraag 56 (V57) en Vraag 63 (V64) (in par. 4.4.6 omtrent *Spiritualiteit in die NG Kerk*) se hoë eenrigting frekwensies toon aan dat respondente steeds 'n waardering het vir die NG Kerk se gereformeerde identiteit. Dit staan teenoor die ander aanduidings van transformasie en die verbreiding van nuwe idees en praktyke. Die uitdaging aan die NG Kerk is dus om sy verantwoordelikheid na te kom deur die evangelie te bewaar en die waarheid daarvan te bevestig omdat dit as gereformeerde kerk steeds verbonde is aan die Woord.

### 5.2.3 Uitdaging 3: Om kerk te wees, terwyl godsdiens toenemend na die private sfeer verskuif word

In par. 5.2.iii is die gevolgtrekking vanuit die empiriese navorsing (par. 4.4.7 omtrent die konsep *Privatisering van religie*) gemaak dat die belang van godsdiens vir NG Kerk-lidmate algaande skuif na die private sfeer. Met dié tendens word die belang van die offisiële NG Kerk nie negeer nie, maar staan lidmate se persoonlike religie al meer los van die kollektiewe geloofspraktyk. Hierdeur word gevestigde dogma en kerklike uitsprake ondermyn. Die motiewe, opinies en lewenstylopsies van lidmate word al hoe minder beïnvloed deur kerk-georiënteerde godsdiens. So ontwikkel godsdiens in 'n geïndividualiseerde sisteem wat slegs van betekenis vir daardie spesifieke lidmaat is – soos ook beskryf in par. 5.2.2. Hierdie tendens word in gemeentes in stedelike omgewings meer waargeneem.

In Schoeman (2013:13) se bespreking van die sterkpunte van die NG Kerk wat deur die Kerkspieël van 2010 uitgewys is, word bevestiging gevind dat *individuele spiritualiteit van die lidmate groei*. Aan die positiewe kant dui dit op 'n erns ten opsigte van 'n eie geloofsbelewenis, maar in die lig van die empiriese navorsing is die gevaar dat hierdie 'eie' geloofsbelewenis die fokus te veel laat val op die persoonlike lewe van mense. Hierin is 'n stuwende krag wat daartoe bydra dat ons toenemend met selfgekonstrueerde

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



godsdienstigheid te doen kry waarin 'n *verskeidenheid van godsdienstige opvattings en -gedrag* gevind word, soos bespreek is par 5.2.2.

In aansluiting hierby het die gevolgtrekking in par. 5.2.vii betrekking. Lidmate van die NG Kerk is nie uitgesluit van sekularisasie se effek op hulle persoonlike bewussyn nie. Dit bied 'n teelaarde vir ekspressiewe individualisme en sy soeke na selfvervulling. Dit is so eie aan *Westerse Individualisme* wat ook 'n groot impak het op lidmate van die NG Kerk in die algemeen (par. 5.2.ii). Wanneer instellings, soos die kerk, nie aan die behoeftes van die moderne individu voldoen nie, word die invloed daarvan al hoe minder in die private sfeer. Solank sekularisasie dit regkry om die kerk se invloed in die private sfeer te verminder, gaan die landskap van godsdiensbeskouings en –beoefening toenemend gekenmerk word deur fragmentering, pluralisasie en individualisering (Cady & Hurd, 2010:4). Die *godsdienstigheid van mense ontwikkel tot iets wat al meer op die behoeftes van die private sfeer* fokus en daarom is hierdie godsdienstigheid swak geïnstitusionaliseer en vir 'n groot deel ook 'onsigbaar' omdat dit nie kollektief uitgeleef kan word nie. Die vorm wat hierdie godsdienstigheid aanneem, is ook onvoorspelbaar aangesien subjektivering en individualisering dit gedurig vervorm.

In die volgende besprekings word gedagtes gewissel oor hoe om hierdie tendens aan te spreek:

- Die uitdaging vir die NG Kerk is hoe die bediening vernuwe kan word om aan te pas by vandag se oortuiging dat geloofsoortuiging en -waardes grootliks van *betekenis is vir persoonlike welwese*. Enige aanpassings wat gemaak word om hierdie uitdaging aan te spreek, behoort betekenis en heelheid te bied vir die persoonlike identiteit en behoort mense te help om sin te maak van die wêreld en hulle plek daarbinne, meen Avis (2003:11). Die ironie is dat hierdie vooruitsigte nie kan realiseer waar die moderne individu geïsoleer is van gemeenskap en meelewing nie. Anders as die heersende idee dat die individu 'n vry en ongebonde self is, is dit in werklikheid nie die geval nie. Die lewenslange koers van 'n individu word bepaal deur die dominante idees van die samelewing. Al die lede van die samelewing moet een of ander tyd hierby (soms noodgedwonge) aanpas. Dít is volgens Avis (2003:79) die ironie van individualisme. Dit skep egter vir die kerk geleentheid. Wat die NG Kerk moet vind,

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



is *nuwe patrone van solidariteit sodat mense sosiaal kan saamstaan* en saamwerk. Vos (1995:200) beklemtoon dit ook dat waar godsdiens 'n vorm aanneem wat net op die individuele mens gerig is, grens dit aan wêreldontvlugting en verminder die kerk se sosiale betekenis. Daarom behoort die *kerk lidmate te begelei om sosiale konneksies te maak* en in hulle gemeenskappe betrokke te wees. Vir hierdie solidariteit om 'n werklikheid te word, is gemeenskaplike waardes en oortuigings nodig (Avis, 2003:12). Daarom moet die kerk *die stryd om die kerstening van die gemeenskap nooit prysgee nie* (Vos, 1995:200). Maar in par. 5.2.1, met die bespreking van die demokratiese etos as voorbeeld, is die problematiek rondom hierdie solidariteit uitgewys: Sosiale gemeenskap het vandag baie te doen met vertoon en nie deurleefdheid nie. Dit moet egter nie die kerk stuit in sy pogings om lidmate aan te spoor tot sosiale verantwoordelikheid waarin hulle ook hulle eie persoonswaarde kan ontdek nie.

- Omdat die empiriese navorsing aandui dat geïndividualiseerde godsdiens belangriker word vir mense, is Naude (2004:45) heeltemal reg as hy meen dat die kwessie van leketeologie in die toekoms aandag moet kry. (Vergelyk ook par. 3.4.1, p.111) Cobb (1996:200-202) verduidelik dat deur *leketeologie (lay theology)* te bevorder, mense toegerus word om daar waar hulle woon en werk, hulle Christelike roeping te kan uitleef. Hierdie teologie begin by die bewustelike nadenke omtrent kwessies wat die gewone lidmaat ten diepste raak. So word in 'n artikel van die Kerkbode (Hugo, 2010:18) gepleit om insig en wysheid waarmee die kerk lidmate moet help: "Lidmate dink baie na oor die sin en betekenis van die lewe. Hulle leef in 'n wêreld waarvan hulle ervaar dat dit daagliks meer kompleks word. Hulle deel die universele soeke na sin. Die bekommernis oor lewe en die behoud van die 'goeie' deel hulle met alle mense. Lidmate wonder oor hoe hulle as gelowiges hulle geloof in hierdie komplekse en uitdagende wêreld kan uitleef. Baie wonder ook oor die rol wat God speel binne hierdie bestaan."

  Dit is noodsaaklik dat die NG Kerk sy lidmate versterk om as Christene te gaan leef in 'n gefragmenteerde en moreel-verwarde wêreld. In die daaglikse ervarings van hulle werks- en leefwêreld moet hulle geloof hulle hiertoe in staat stel. Die vraag ontstaan watter tipe begeleiding en bemagtiging lidmate nodig het sodat hulle met

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



insig en wysheid kan onderskei wat God se wil vir hulle lewe is. Hugo (2010:18) dui aan hoe gemeentes hiermee kan help: Skep 'n ruimte waar lidmate teologies begelei word in gesprekke of kursusse waar die materiaal op werklike lewensituasies toegepas word; begin met groepe waar mense uit dieselfde professie of belangegroep saam nadink en gesprek voer oor die aktuele sake waarmee hulle in die werk of op die markplein te doen het.

Die uitdaging aan elke individu is dan om self-krities sy persoonlike opinies te dekonstrueer sodat daar 'n bewuswording kan wees van die nodigheid om meerdere kennis te bekom. Dit is 'n proses waarin die kerk dialoog kan bewerkstellig en die geleentheid kan skep om waarderend te luister na wat ander Christene te sê het. In so 'n konteks het die kerk 'n beter kans om werklik kerk te wees (Cobb, 1996:202).

- In aansluiting by die bogenoemde en ook vanuit die gevolgtrekking van par. 5.2.i., staan die veronderstelling dat lidmate van die NG Kerk se betekenissisteme en godsdiensbelewenisse geaffekteer word deur die groter, sosiale orde waarbinne hulle leef. Hoewel dit meer opvallend is by ouer lidmate, het die kompleksiteit van die hedendaagse lewe op die lidmate van die NG Kerk in geheel 'n effek. Soos reeds aangedui, het die NG Kerk die taak om sy lidmate te begelei om meer geïntegreerd en sensitief binne die Suid-Afrikaanse wêreld te bestaan.

  Dit is verblydend dat die empiriese navorsing aandui dat lidmate van die NG Kerk van mening is dat die kerk en godsdiens steeds belangrik is binne die Suid-Afrikaanse samelewing (par 5.2.iii; Vraag 40 [V41], Vraag 45 [V46] onder par. 4.4.2). In sekere kontekste slaag die NG Kerk beter daarin om nog 'n publieke en normatiewe profiel te handhaaf, maar die stryd moet nie andersins gewonne gegee word nie. Volgens Van Wyk (2013b:14) wys gegewens uit die Kerkspieël van 2010, op lidmate se groeiende behoefte aan spiritualiteit, waarin die geestelike begeleiding deur die predikant, by wyse van eredienste en prediking 'n groot rol speel. Dit bevestig die aanduidings van die empiriese navorsing uit par. 4.4.1 en par. 4.4.2, dat die Bybel (Vraag 46 [V47]), die kerk (Vraag 58 [V59]), verantwoordelike Bybeluitleg (Vraag 59 [V60]) en die bediening van 'n teologies-opgeleide persoon (Vraag 38 [V39]) steeds vir lidmate op persoonlike vlak belangrik is. Hierdie persoonlike behoefte van lidmate bied aan die NG Kerk die geleentheid om op voortgesette wyse na te dink

© University of Pretoria

omtrent sy betekenis vir die persoonlike religie van sy lidmate. Vanuit hierdie nadenke kan die kerk ook met vrymoedigheid nadink omtrent sy publieke rol. Dit bevestig wat in die slotsom van par. 4.4.3 omtrent die konsep *Invloed van konteksbepaalde religie (in NG Kerk)*, genoem is: Waar godsdiens 'n belangrike rol speel in hoe mense op persoonlike vlak omtrent hulleself en ander dink, word dit ook 'n belangrike voertuig vir die konsolidering sowel as die verandering van sosiale idees.

Die geleentheid bestaan dus dat die NG Kerk 'n inset kan lewer omtrent die heersende publieke diskoers. Hiervoor moet die kerk egter meer in voeling met sy konteks wees. Hoewel die kerk se sosiale inset deur die invloed van privatisme verduister kan word in die lewe van individue, moet dit nie die kerk verhinder om groter aandag te gee aan die publieke, korporatiewe dimensie van die Christelike geloof nie. Dit is noodsaaklik dat die kerk sosiale verbintenisse aangaan sodat insette gelewer kan word omtrent die moderne, sosiale etiek (sien par. 5.2.5), die staatspraktyk en die funksionering van die burgerlike samelewing. Sonder hierdie fundamentele verbintenisse sal die kerk sosiaal van min betekenis wees en sal lidmate ook voel dat hulle betrokkenheid by die kerk van min betekenis is. Dit veroorsaak juis dat godsdiens dan tot die private sfeer geïsoleer word (Avis, 2003:17). Die NG Kerk sal sy publieke profiel moet uitbou om die kragte van toenemende privatisme te balanseer.

Die feit dat godsdiensbeoefening toenemend na die private sfeer verskuif word omdat die moderne mens al meer op behoeftevervulling in hierdie sfeer fokus, beteken nie dat die kerk geen publieke rol meer speel nie. Die kerk moet egter besef dat as gevolg van hierdie ontwikkeling dit in die toekoms nie 'n oorkoepelende paradigma sal kan vestig soos voorheen nie (Naude, 2004:45). Weer eens ontneem dit nie die kerk van sy publieke betekenis nie. Die kerk sal moet leer om binne die omgewing van uiteenlopende, geïndividualiseerde, religieuse konstrukte eklekties en kontekstueel te werk te gaan in sy bediening aan die moderne lidmaat.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



### 5.2.4 Uitdaging 4: Om kerk te wees binne ’n konteks wat skynbaar al hoe minder met God en die kerk tereg kan kom

Soos aangetoon is vanuit die empiriese navorsing het sekularisasie onomkeerbaar deel geword van die Suid-Afrikaanse samelewing by wyse van sosiaal-strukturele prosesse, maar ook as ’n sosiologiese verskynsel wat in mense se idees en lewe gestalte kry. (Vergelyk par. 5.2.v, 5.2.vi en 5.2.vii.) In die algemeen word godsdiens en die kerk se invloed in moderne samelewings dramaties ingeperk in dié sin dat godsdienstige waardes en opinies min effek het op die groter samelewing en sy instellings, veral in stedelike omgewings. Dit word ook gesien in die feit dat mense al minder oor die lewe nadink in godsdienstige terme (Vraag 94 [V95], par. 4.5.5). Daarom word hulle bestaansfokus al meer gerig op die najaging en oorwaardering van die stoflike en materiële wat moet sin bring binne die private sfeer. Vraag 86 (V87) toon immers ’n hoë eenrigting frekwensie omtrent die gedagte dat namate mense sekulariseer, hulle vermoë tot selfbeskikking meer beklemtoon word (par. 4.5.4). As gevolg van hierdie ontwikkeling verminder godsdiens (en die NG Kerk) se invloed in die persoonlike bewussyn van die moderne individu en kom daar ’n toenemende onverbondenheid aan die kerk wat daartoe lei dat dit al minder ’n bron van identiteit bied vir die moderne individu. V95 (par. 4.5.2) en V96 (par. 4.5.4) toon albei ’n hoë eenrigting frekwensie omtrent die feit dat sekularisasie in moderne samelewings toenemend bydra tot mense se ongeërgdheid teenoor tradisionele, godsdienstige instellings en dat hulle daarom godsdiens slegs vrywillig aanhang.

Waar mense nog vrywillig godsdiens aanhang, wys Vraag 106 (V107) (par. 4.5.6) dat die betekenis daarvan vir die persoonlike lewe, ’n belangrike dryfveer vir godsdienstigheid is. Gebeur dit nie dat godsdiens (en die kerk) daardie persoonlike behoefte aan singewing vervul nie, begin mense op alternatiewe wyses, anders as net godsdienstig, oor die werklikheid nadink. Waar dit gebeur dat mense hulle toenemend *laat lei deur immanente singewings en ordeninge* wat dikwels nie-godsdienstig van aard is, verloor die kerk in die algemeen sy monopolie ten opsigte van singewing en die ordening van die menslike lewe (Dekker, 1997:243).

Een kenmerkende eienskap van sekularisasie volgens Gaum (2011:20) is dat mense dit skynbaar regkry ‘om sonder God klaar te kom’. Dit kan beskryf word as sekularisme wat beskou word as die uiterste vorm van die proses van sekularisasie. Kenmerkend van

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



sekularisme is dat daar geheel met godsdiens as verskynsel afgereken word. Wanneer dít dus deel word van die religieuse speelveld is dit 'n gegewe dat geïnstitusionaliseerde godsdiens sy dominante posisie in die moderne samelewing verloor en nie weer sal terugwen nie.

Volgens Maclure en Taylor (2011:105) verskerp hierdie tendens die *groeiende problematiese verhouding tussen godsdienstige en nie-godsdienstige mense*. Hierdie verhouding word gekenmerk deur onbegrip, wantroue en wedersydse onverdraagsaamheid. Ateïste en agnostici vind dit moeilik om te begryp waarom hedendaagse mense hulle skik volgens godsdienstige oortuigings waarvan die geloofwaardigheid nie deur enige wetenskaplike proses wat op sigself 'n sekulariserende effek het (volgens Vraag 91 [V92], par. 4.5.1), bevestig kan word nie. In hierdie opsig dink ons byvoorbeeld aan die bekende debat omtrent die skeppingsleer.

Daarenteen is godsdienstige mense daarvan oortuig (baie kere ten onregte) dat die nie-godsdienstige mense nie in staat is om 'n lewe te lei met hoë morele waardes nie of dat hulle geen saak sal ondersteun wat nie hulle eie, selfsugtige belange dien nie.

Hoe dit ookal sy, die hedendaagse wêreld word gekenmerk deur 'n *diversiteit van uiteenlopende godsdienstige en sekulêre kernoortuigings*. Hierdie situasie kan lei tot sosiale ontaarding en misverstande wat al die vlakke van die samelewingsordening kan raak. Daarom word van mense wat in hierdie omstandighede leef, vereis dat hulle moet leer om saam te leef deur die verskille in hulle lewensbeskouings en waardesisteme by te lê. Die stabiliteit en kohesie van sodanige samelewings hang dus af van die burgers se voorneme om die gesag van die gemeenskaplike beginsels waarop hulle politieke en ander sosiale instellings gebaseer is, te aanvaar. Dit beteken dat die gedagte van toleransie uitgebou moet word deur die belangrikheid van 'n openbare etos te ondersteun - 'n etos wat nie noodwendig enige godsdienstige verwysings bevat nie (Maclure & Taylor, 2011:107). In hierdie verband kan verwys word na par. 5.2.1. en par. 5.2.5.

Vanuit die gevolgtrekking van 5.2.vii, kan genoem word dat nog 'n faktor wat bydra tot hierdie diversiteit van uiteenlopende kernoortuigings die *onstuitbare verbreiding van die insigte van ons wetenskaplike en tegnologiese kultuur* is. Die sekulariserende invloed daarvan is bekend soos aangedui in die hoë eenrigting frekwensie van Vraag 89 (V90) dat tegnologiese modernisasie bydra tot sekularisasie deur mense se belewenis van

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



lewensekuriteit te verhoog (par. 4.5.5). Die omkering van hierdie ontwikkeling is nie voor-die-hand-liggend nie en hiermee moet die kerk vrede maak. Daarom meen Shutte (2006:33) moet hierdie insigte deur die Christendom erken en akkommodeer word. Vos (1995:196) se waarskuwing behoort egter die Christendom en kerk ook tot waaksaamheid en fyn onderskeiding te maan: "Die mens mag egter nie al sy heil van die wetenskap verwag nie. Kennis en mag beantwoord die vraag na die sin van die lewe ook maar ten dele. Al die kennis is nie genoeg om die spanninge en botsings in menslike verhoudinge uit die weg te ruim nie. Die menslike beheersing waartoe die wetenskap hom in staat stel, word egter deur die kontraservaringe van honger en armoede in die wêreld, kindersterftes, die vlugtelingsvraagstuk en die sosiaal-ekonomiese uitbuiting totaal ontluister."
Moltmann (1999:166) se waarskuwing sluit hierby aan. Hoewel ons wetenskap en tegnologie benodig, het ons ook meer wysheid nodig oor hoe ons moet handel met die globale ontploffing van vooruitgang. Die globale mark bied baie voordele, maar miljoene beleef nie die voordele daarvan nie. Weer eens kom die saak van die belewenis van *menslike sekuriteit*, soos bespreek in par 3.3.5, na vore. Dit het 'n geweldige invloed op godsdiens omdat die belewenis van menslike sekuriteit of die gebrek daaraan, bepaal of daar 'n behoefte is aan die versekering wat godsdiens bied of nie (Norris & Ingelhart, 2004:14,16). Die ironie is dat mense wat 'n hoë mate van menslike sekuriteit beleef, soms oorweldig word deur die gevoel dat hulle ganse bestaan geabsorbeer word deur die moeisame taak om hulle sekuriteite te preserveer. In die moderne tyd word mense al hoe meer slagoffers van hulle eie najaging van menslike sekuriteit.

Dit is juis hierdie behoefte aan menslike sekuriteit en lewensin wat vir die kerk geleentheid bied om dié invloede wat die samelewing bedreig aan die kaak te stel. Ook in die uitvoering van hierdie taak is dit noodsaaklik dat die kerk met institusionele differensiasie rekening moet hou wat onder andere die kerk tot sy religieuse funksies in die samelewing wil beperk. Die kerk moet besef dat hy nie meer vanuit die middelpunt van die gemeenskap in die moderne samelewing funksioneer nie. Dit is veral die geval in 'n stedelike omgewing. Die kerk word uitgedaag om opnuut sy plek te ontdek as 'n alternatiewe gemeenskap wat alternatiewe bied tot die ellendes van die samelewing (Vos, 1995:201). Dit is egter nie so eenvoudig nie, want die nuwe geesteskonteks van

© University of Pretoria

godsdiensvryheid en sekularisasie veroorsaak dat die kerk op gelyke voet meeding met ander godsdienste en denkrigtings wat beteken dat moderne mense nie die kerk se stem as vanselfsprekend aanvaar nie.

Hoewel daar naas die Christelike perspektief op die lewe baie ander wêreld- en lewensbeskoulike sisteme bestaan, val nie een daarvan so kompleks en omvattend saam met wêreldwye, burgerlike waarde-oriënterings nie. Dit is waarskynlik as gevolg van die effek van Schillebeeckx se idee omtrent samelopende (of meewerkende) geskiedenis (par 3.3.6). Dit verklaar hoekom sekere dominante, godsdienstig-kulturele tradisies, soos die erfenis van Protestantisme, steeds ’n besondere indruk laat op die kontemporêre, morele oortuigings en sosiale houdings van die publiek alhier. Dit tel in die kerk en Christendom se guns meen Dekker (1997:235) om steeds ’n bydrae te lewer - al geskied dit van die kantlyn af.

### 5.2.5 Uitdaging 5: Om kerk te wees, is om te help skep aan ’n moderne morele orde

Die invloed van die alles-deurdringende sekulariteit op die samelewing en mense se persoonlike oortuigings hou in dat georganiseerde godsdiens onder geweldige druk is. Een aspek daarvan is dat die kerk nie meer die alleenreg op of die finale sê het omtrent die samelewing se morele orde nie. Die gevolgtrekking in par. 5.2.v, is dat godsdienstige waardes min effek het op die samelewing as gevolg van sekularisasie. Dit is veral die geval in stedelike omgewings. Dit het na vore gekom in die bespreking van die konsepte *Sekularisasie: Vermindering van religie se reikwydte* (par. 4.5.2) en *Sekularisering van die persoonlike bewussyn* (par. 4.5.5).

Die morele eenheid wat altyd deur die kerk in stand gehou is, verbrokkel omdat die hedendaagse klem op onderlinge respek vir morele gelykheid en die beskerming van die individu se vryheid tot selfaktualisering, dit bemoeilik om vanuit die kerk bindende gemeenskap en norme te vestig. Daarom kyk die kerk in so ’n samelewing dikwels net toe hoe wyduiteenlopende, morele maniere van dink en doen in die samelewing veroorsaak dat daar byna geen bindende mag, wet, doel, koers of plan meer is nie (Kotze, s.a.:115). Sodoende verkry willekeur ’n baie belangrike waarde in mense se lewens wat daartoe kan lei dat sosiale en morele anargie maklik sy kop uitsteek, soos bespreek in par. 3.4.1. Dié *potensiële probleem van proliferasie* noop selfs die liberale staat wat indirek

© University of Pretoria

die deur hiervoor geopen het, om ’n lyn te trek tussen die twee uiterstes van sosiale totalitarisme en blote persoonlike voorkeure, om sodoende morele integriteit te vestig (Maclure & Taylor, 2011:77,92). Ten spyte van die liberale staat se pogings om die brose toleransie tussen sosiale groeperinge te beskerm, moet die besef daar wees dat sosiale verskille ook destruktief kan wees en kan alle sosiale oortuigings en willekeurige, persoonlike voorkeure nie in ’n samelewing geakkommodeer word nie – selfs nie in ’n pluralistiese samelewing nie.

Wat Suid-Afrika betref, is daar die besef dat gemeenskaplike waardes ook vir hierdie samelewing nodig is. Die probleem alhier is dat die diversiteit in die samelewing steeds beperkte gemeenskaplikheid veroorsaak. Daarom bly die morele orde in Suid-Afrika in die algemeen vaag. Idees soos die ‘algemene belang’ het min betekenis. Die liberale staat in Suid-Afrika neem nie die inisiatief om moraliteit af te dwing nie. Inteendeel, die staat sukkel om sy eie huis skoon te hou. Daarom behoort die kerk vol te hou om waardes steeds deur die verskillende deelnemende gemeenskappe binne die samelewing te versprei, al voel dit dikwels soos die magtelose toeskouer (Chapman, 2004:10-12). Dit is verblydend dat Vraag 109 (V110) (par. 4.5.2.) aandui dat NG kerke pogings aanwend om hulle invloed te laat geld in hulle omgewing. Soos die empiriese toets uitwys, vaar kerke op die platteland beter hiermee. Maar ongeag wat die uitdagings elders is, behoort *kerke steeds daarna te strewe om gemeenskappe op te bou* soos dit altyd die geval was. Uit die aard van die saak sal dit nie meer vanuit ’n sentrale magsposisie kan geskied nie.

Die uitdaging vandag is egter hoe om ’n moderne, morele orde wat kan dien as ’n oorkoepelende raamwerk waarmee burgers van die samelewing hulle vereenselwig, te skep. Binne die hedendaagse samelewing het alle oortuigings wat mense help om hulle morele identiteit te bou status en nie alleen dié wat op godsdienstige oortuigings gegrond is nie. Sekulêre oortuigings van die gewete kan ook rigting gee wanneer daar konflik van waardes is. Wat hierdie oortuigings in gemeen het, is hulle appèl op die gewete van die individu wat dit onderhou. Maclure en Taylor (2011:89-90) meen dus dat geen religieuse of kerklike uitspraak sodanige sekulêre oortuigings mag minag nie, omdat die persoon wat vanuit daardie oortuigings leef en optree se sin vir morele integriteit nie in twyfel getrek mag word nie.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



As die kerk, ook die NG Kerk, iets moet bied, moet dit geskied vanuit in egte, *selfopofferende navolging van Christus*, anders kan die kerk in sy dialoog omtrent die morele orde ontrou raak aan sy roeping as gesant van Christus in die wêreld. Die kerk moet ook sy bydrae lewer met *beleefdheid* omdat dit nie alleen respek vir die Christelike insette sal bring nie, maar ook omdat dit absoluut noodsaaklik is vir ’n nuwe morele orde (Taylor, 2007:774). Beleefde aanvaarding van verskeidenheid en verskille asook verdraagsaamheid daaromtrent is weliswaar kernwaardes van die Christelike geloof, maar dit is nie altyd die beste pasmaats van gemeenskaplikheid oor die grense van diversiteit heen nie. In enige demokrasie kan ’n oorkoepelende, morele raamwerk slegs gevestig word waar gemeenskapsinstelling (ingeslote kerke) *aan die morele dialoog deelneem* en *hulle vereenselwig* met die waardes en normes wat *gemeenskaplik gevestig word* (Chapman, 2004:12-13).

Wat hierdie waardes en normes behels, is natuurlik ’n ope vraag. Johnstone (1988:268) meen dat die kerk op ’n algemene vlak waardes soos menswaardigheid en vryheid, gelykheid voor die reg, respek vir die reg en getrouheid kan help vestig. Volgens Moltmann (1999:117-118) behoort die globale geskiedenis waarin die hedendaagse mens se menseregte al hoe belangriker word, ’n beduidende invloed te hê op die vorming van enige oorkoepelende, morele raamwerk. Daarom behoort *die erkenning van menseregte* geplaas te word bo alle partikularistiese belange van nasies, groepe, gelowe en kulture.
Verder meen Moltmann (1999:123,124) moet hierdie erkenning nie die sosiale dimensie van vryheid oorsien nie, want dit veroorsaak dat solidariteit tussen moderne mense taan. *Menslike solidariteit behoort dieselfde agting* as persoonlike menswees te geniet, want mense en gemeenskappe is onderlinge verbonde entiteite. Die regte van mense kan slegs geïmplimenteer word in ’n regverdige samelewing. As die Christelike geloof en die kerk in die algemeen in die hedendaagse wêreld ’n impak wil maak, behoort dit nie alleen met die lewensomstandighede geïntegreer te wees nie, maar moet partikularistiese aansprake afgelê word ter wille van die universaliteit van die waarheid (Moltmann, 1999:133). Hierdie uitdaging sluit aan by die eerste uitdaging omtrent die skep van ’n demokratiese etos in Suid-Afrika (par. 5.2.1).

### 5.2.6 Uitdaging 6: Om opnuut na te dink omtrent die NG Kerk se identiteit

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



In die gevolgtrekkings van par 5.2.iv en 5.2.viii, is vermeld dat die NG Kerk aan voortdurende verandering onderworpe is. Die pas van verandering is aansienlik vinniger in groter gemeentes binne stedelike omgewings. By jonger lidmate van die NG Kerk is die pas van verandering ook anders as by ouer lidmate, want hulle is meer verdraagsaam teenoor die verbreiding van ’n veelvoud geloofsoortuigings en –praktyke binne die kerk. Hierdie veranderinge plaas uit die aard van die saak die NG Kerk se gereformeerde identiteit onder druk. Verder kom die gereformeerde identiteit van die NG Kerk onder druk in gemeentes waar interne pluralisasie plaasvind en waar nuwe tipes godsdienstigheid, soos reeds beskryf, ontwikkel. Ouer lidmate van die NG Kerk voel die meeste ontwrig wanneer die tradisionele, geïnstitusionaliseerde vorme van godsdiens en gevestigde, godsdienstige praktyke al minder ondersteun word. Dat die NG Kerk ’n proses van omvorming beleef, is duidelik. Dít noodsaak nadenke omtrent die kerk se identiteit asook sy funksie binne Suid-Afrikaanse gemeenskappe en die groter samelewing.

Ondanks die feit dat die NG Kerk radikale veranderinge ondergaan, is daar genoeg aanduidings uit die empiriese studie dat die NG Kerk oor lewenskragtigheid beskik. Respondente het in Vraag 46 (V47) (par. 4.4.1) aangedui dat die kerk vir hulle steeds van belang is. Die kerk het dus nog ’n plek in die lewe van baie mense, hoewel nie meer sentraal nie. Verder het respondente in Vraag 109 (V110) (par. 4.5.2) aangedui dat wat hulle plaaslike gemeente betref, die gemeente sy invloed in die omgewing laat geld. Dit is begryplik dat hierdie invloed nie ongehinderd plaasvind nie en ook van konteks tot konteks verskil.

Daarby wys Erasmus *et al* (2009:11) daarop dat godsdienstige instellings nog baie geld ontvang, want 80% van finansiële bydraes wat mense gee, is vir godsdienstige instellings. Dit stel hierdie instellings in staat om binne hulle gemeenskappe te oorleef en aldaar te bedien. Die kerk is inderdaad steeds *’n lewende beweging van mense wat die opgestane Here Jesus* in die praktyk van elke dag dien deur hulle diens aan mekaar en aan ander (Gaum, 2011:136). In antwoord op ’n vraag of ‘die toekoms ’n kerk gaan hê’, kom die antwoord dus dat dit slegs die geval sal wees as *gelowiges in Jesus Christus hulle hele lewe rig op die koninkryk van God* (Louw, 2010:18). Die belang van gewone lidmate se godsdiens asook hulle diens aan die koninkryk gaan die voortbestaan van die kerk bepaal.

© University of Pretoria

In Gaum se nadenke omtrent die kerk, meer spesifiek toegespits op die NG Kerk, dui hy rigtingwysers aan vir die oorlewing en geloofwaardigheid van die kerk. Gaum noem belangrike beginsels wat die NG Kerk ter harte moet neem. Die skrywer gebruik dit as basis vir die bespreking van die uitdaging om nuut te dink omtrent kerkwees:

- **Dink opnuut oor Jesus en sy opdrag van liefde**

  Die kerk behoort vol te hou om te erken dat Jesus Christus die enigste mens in die geskiedenis is wat ook God is – die God-mens. Wat in die toekoms ’n deurslaggewende rol gaan speel, is Jesus se ‘verhoudingstaal’ wat die kerk sal moet gebruik: die liefde (Gaum, 2011:138-139). Liefde was en is nog die waarmerk van die ware kerk van Jesus Christus. Hierdie liefde sluit vanselfsprekend genade en geregtigheid in (Gaum, 2011:141).

  Hierdie beginsel is van kardinale belang vir die lewe van elke gemeente. In Hanekom (2010:18) se bespreking van nuwe tendense in die kerk sê hy dat lidmate soek na dieper geloof en verhoudinge. Lidmate het mekaar nodig en gemeentes wat dit gaan regkry om weer geloofsgemeenskappe te word, sal groei. Hiervoor is geloof in Jesus Christus en die uitlewing van sy liefdesgebod onontbeerlik.

  Hierdie Christelike waardes is wesenlik vir die uitbou van ’n demokratiese etos (par. 5.2.1) en ’n nuwe morele orde (par. 5.2.5).

- **Die kerk is steeds ’n belydende kerk**

  Dit is opvallend in Vraag 56 (V57) (par. 4.4.6) dat ’n derde van die respondente aangedui het dat hulle nie volle sekerheid het omtrent wat die NG Kerk se gereformeerde identiteit behels nie. Die redes hiervoor word gevind in die uitkomste van die konsep *Spiritualiteit in die NG Kerk* (par. 4.4.6): Jonger lidmate van die NG Kerk identifiseer minder met die NG Kerk se gereformeerde identiteit as ouer lidmate; jonger mense is meer ontvanklik vir spiritualiteitsvorms en godsdienstige oortuigings anders as dít wat tradisioneel as gereformeerd beskou word; interne pluralisasie in gemeentes plaas die gereformeerde identiteit van die NG Kerk onder druk; gereformeerdheid is een van baie kompeterende, godsdienstige betekenissisteme veral in ’n stedelike omgewing; nuwe tipes godsdienstigheid ontwikkel onder jonger lidmate wat verbonde is aan groter, heterogene gemeentes.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Gereformeerde kerke was dit nog altyd eens dat ’n belydenisgrondslag belangrik is om kerk te wees. Só het kerke van die gereformeerde tradisie hulle identiteit behou. In ’n tyd waarin daar al hoe meer gesuggereer word dat denominasionele identiteite uitgedien is, sal gereformeerde kerke oor hulle belydenisgrondslag en identiteit uitklaring moet kry (Van Rensburg, 2010:21). Daarom is dit verblydend dat die oorgrote meerderheid respondente in Vraag 75 (V76) aangedui het dat daar tog na die NG Kerk se belydenisskrifte verwys word in eredienste. Naude (2004:44) spreek die wens uit dat die NG Kerk in die toekoms die studie van die kerk se tradisie en belydenisse van absolute noodsaaklikheid sal ag.

Verder, sê Naude (2004:44), is die ernstige nadenke omtrent die kwessies van *sola Scriptura* en ’n verantwoordelike hermeneutiek ook nodig. Dit is immers belangrike gereformeerde beginsels. NG Kerk-lidmate ag die Bybel steeds as gesagvol vir die lewe (Vraag 58 [V59], par. 4.4.1). In Van Wyk (2013b:14) se bespreking van die Kerkspieël van 2010, word bevestig dat die Bybel as Woord van God steeds baie belangrik is (94,2% van die respondente). Wat egter ook aangedui word, is dat ’n betekenisvolle komponent van erediensbywoners ’n letterlike woord-vir-woord verstaan van die Bybel het wat beteken dat die kerk ’n uitdaging het om aan deurdagte verstaanraamwerke van lidmate aandag te gee. Dit is ’n geweldige uitdaging vir die NG Kerk, so veel te meer as Hanekom (2010:18) meen dat gewone gelowiges en selfs predikante radikaal anders begin dink oor belydenis, belydenisskrifte en belydenisvorming. Ten spyte van ’n milieu waarin lidmate beleef dat die Bybel se geloofwaardigheid bevraagteken word (Vraag 77 [V78], par. 4.4.7), ag die meeste respondente dit vir hulle persoonlike religie belangrik dat die Bybel verantwoordelik geïnterpreteer sal word (Vraag 59 [V60], par 4.4.1). Hierdie saak moet die NG Kerk nie versaak nie, anders gaan soek lidmate elders na hierdie vervulling.

Dit ís belangrik dat die kerk steeds duidelik sal sê wat dit glo. Maar dáárby kan nie volstaan word nie. Die wêreld waarin ons bestaan, daag die kerk uit om in belydenisvorming nie alleen te fokus op die korrekte formulering van waarhede nie,

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



maar ook om ons roeping as kerk te vorm en te rig. Kerkwees gaan oor belydenisse, maar om dit minder te sê en dit meer te doen, meen Gaum (2011:153-154).

- **Reik verby grense**

  Die kerk van vandag kan nie anders as om oop te wees vir die nuwe en die andersoortige nie (Gaum, 2011:142). Volgens Niemandt (2013a:7) kom daar deur gesprek en nadenke helder en nuwe insigte. Hoewel dit goed is dat daar ernstig gesels word oor belangrike geloofskwessies, is dié debatte egter omgewe deur spanning as gevolg van diep-gegronde meningsverskille. Daar is aan die een kant die bekende Christelike boodskap van liefde wat alles oorwin, maar aan die ander kant soms openlike vyandigheid tussen Christene, byvoorbeeld: pro-Belhar teenoor anti-Belhar, of ‘vir gays’ teenoor ‘teen gays’, of pro-wetenskap teenoor anti-twyfel. Dit is so dat hoe sterker ’n sekere groep vir hulle oortuigings staan, hoe sterker is die gevoel om hulle eie identiteit beskerm. Deur hulle eie suiwerheid te beklemtoon, word die foute van ander groepe uitgewys en word daar dikwels op ’n liefdelose manier teenoor die ander groep opgetree. Oor dit wat Christene aan mekaar doen, meen Niemandt het die kerk in die spervuur beland. Die uitdaging is om na ’n ander moontlikheid te soek: ’n Christelikheid wat sterk toewyding, intensiteit en passievolle geloof kombineer met ruimhartigheid, ’n soeke na vrede en versoening.

  Moltmann (1999:135) wys daarop dat die idees wat die een groep van ‘die ander’ het, gevorm word deur die openbare sosiale verhoudings wat die groepe ten opsigte van mekaar aanneem. Hierdie idees belemmer dikwels sosiale verhoudings. Onderlinge sosiale gemeenskap kan slegs tot stand kom as dié groepe mekaar ken. Om mekaar te ken, moet daar nader aan mekaar beweeg word, kontak gemaak en verhoudinge geskep word. So word gemeenskap gevind te midde van diversiteit. Dit is wat ten diepste met *ekumenisiteit* bedoel word: die ontdekking van die ander en die wedersydse aanvaarding van mekaar se andersheid (Moltmann, 1999:203). So word begrip gevind vir die misterie van dié eenheid wat God in Christus in die kerk as geheel wil smee. Weer eens, hoe nader ons aan Christus beweeg, hoe nader kom ons aan mekaar. Waar die ekumeniese horison bereik word, begin ’n herbesinning van skismatiese denkwyses. Ekumeniese denke verhinder die verabsolutering van

© University of Pretoria

partikularistiese denke. Om relevant te wees in die hedendaagse kerklike opset, is om die evangelie toe te laat om ekumenies sy impak te maak (Moltmann, 1999:204-206). Dit is juis wat Johnstone (1988:275) bedoel as hy meen dat *ekumenisiteit* 'n respons is op sekularisasie. Hierdeur hoop kerklike groeperinge om weer verlore invloed in die samelewing terug te wen. Daarom is dit vir die NG Kerk nodig om by die ekumeniese kerk aan te sluit sodat die kerk kan deel aan teologiese agendas op daardie vlak (Naude, 2004:45). Net so noodsaaklik is dit ten opsigte morele en etiese sake en die *processus confessionis* omtrent ander samelewingsdilemmas.

- **Aanvaar verandering as 'n gegewe**

  Die veranderlikheid van die institusionele ruimte van die NG Kerk is 'n gegewe (par 5.2.iv). In Vraag 60 (V61) toon respondente dat hulle redelik oop is vir verandering binne die NG Kerk, as die bediening dit vereis (par. 4.4.4). Maar, dit moet in gedagte gehou word dat die openheid tot verandering ook afhang van lidmate se belewenis van die volgende: die ervaring dat hulle bekende, godsdienstige betekenissisteme onder druk kom of nie; die gevoel dat hulle 'eie-belange' in die gemeente bedreig word al dan nie.

  In Van Wyk (2013b:14) se bespreking van die tien uitdagings wat die mees onlangse Kerkspieël uitwys, dui hy aan dat daar by die meerderheid lidmate van die NG Kerk baie potensiaal vir verandering is. Lidmate meen dat hulle gemeentes altyd gereed is om iets nuuts te probeer en heelwat dink hulle gemeentes beweeg reeds in 'n nuwe rigting. Die kerk in die algemeen was nog altyd onderworpe aan verandering en nuwe tendense wat die kerklike lewe betree. Werkinge vandag fokus sterk op die persoonlike lewe van mense en veroorsaak dat godsdiens nie noodwendig meer die vroeëre, integrerende funksie vervul nie (Dekker, 1997:243). Baie sien hierin 'n bedreiging vir die voortbestaan van die bekende, kerklike strukture en praktyke. Hanekom (2010:18) is egter van mening dat strukture in die kerk nooit heeltemal sal verdwyn nie, maar dat dit ook, as gevolg van nuwe bewegings, 'n nuwe gesig sal kry. Hy noem as voorbeeld die groeiende ongeërgdheid by lidmate omtrent lidmaatsertifikate en spesifieke denominasionele verbintenisse. Dit word tereg deur die hoë eenrigting frekwensie van Vraag 105 (V106) (par. 4.5.5) aangedui, dat

© University of Pretoria

kerklidmaatskap vir lidmate al minder van belang word. Dit dui op ’n groeiende ‘anti-institusionele’ beweging in die NG Kerk.

Dit vereis van die NG Kerk voortdurende nadenke omtrent die invloed van die veranderinge op die kerklike lewe. Die gevolgtrekking in par. 5.2.iv, is dat veranderinge nie gelyklopend is in die verskillende kontekste waarin die NG Kerk hom bevind nie. Die pas van verandering is anders binne groter stadsgemeentes as elders. So verwys De Villiers (2012:10) na Nelus Niemandt wat meen dat die NG Kerk se tradisionele bediening en gedaante op die platteland en in die voorstede goed werk, maar nie daarin slaag om suksesvol te wees in ’n stedelike konteks wat hiperdivers en postmodernisties is nie.
Vir ’n gemeente om relevant te wees, is dit nodig om kontekstueel te wees. Dit is juis die verskillende kontekste waarin gemeentes van die NG Kerk moet bestaan wat veroorsaak dat ander maniere van kerkwees bedink word. Die kerk moet oop wees vir hierdie wisselinge, al bewerk dit ’n kongregasionalistiese tendens in die NG Kerk.

- **Bou die amp van die gelowige uit**

  Die gevolgtrekking in 5.2.iii, is dat die NG Kerk, ondanks die feit dat dit op verskeie wyses institusioneel gebuk gaan, vir baie lidmate steeds belangrik en lewensvatbaar is. Dit het duidelik na vore gekom in die konsep *Kollektiewe belang van religie* (par. 4.4.2). Die kerklike lewe word weliswaar omvorm deur die invloede van die geïndividualiseerde godsdiens en die moderne idee van lidmate dat hulle persoonlike geloof en oortuigings baie gewig dra. Louw (2010:18) postuleer dat gewone gelowiges hulle gemeentes toenemend omskep in ’n netwerk van verhoudings. Gewone gelowiges neem verantwoordelikheid om leiding te gee. Dit is nie noodwendig meer opgeleide leraars wat aan die spits staan nie. Gelowiges besef dat God hulle nie net geroep het tot diens binne die gemeente nie, maar hulle staan ook voltyds in diens van God se koninkryk. In Vraag 110 (V111) wys die hoë eenrigting frekwensie dat lidmate baie tot gereeld hulle geloofsoortuiging in die openbare lewe met vrymoedigheid uitleef (par. 4.5.4). Om hierdie ontwikkelinge te verreken, skep vir die kerk tog ’n geleentheid om op ’n nuwe wyse relevant te wees. Deur die algemene amp van die gelowige uit te bou, word erkenning gegee aan die

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



belangrikheid van lid mate se meelewing ter wille van die voortbestaan van die kerk. Aangesien die amp van die gelowige inderdaad behoort tot die wese van die kerk (Gaum, 2011:152), is dit dalk die aangewese weg vir die kerk om te volg.

Die taak van die kerk is dan toerusting. Ten opsigte hiervan word verwys na die bespreking van par. 5.2.3, waar verduidelik is dat die kerk lidmate behoort te begelei om sosiale konneksies te maak en in hulle gemeenskappe betrokke te wees; dat lidmate teologies begelei word in gesprekke of kursusse wat toepaslik is op werklike lewensituasies; dat die kwessie van leketeologie in die toekoms aandag moet kry.

In hierdie verband kom die kwessie van leierskap in die kerk ook na vore. Volgens Van Dyk en Nel (2011:8) het die kerk ’n nuwe reformasie in sy denke oor leierskap nodig. Modernisme het leierskap op mag, beheer, kontrole en onderwerping aan gesag gebou. Die postmoderne vloedgolf het die manier waarop organisasies werk egter radikaal verander. Al meer klem word gelê op leierskap met ’n dienskneggestalte waar dit gaan oor samewerking en konsensus. Die belangrikste vaardigheid wat enige leier kan begeer, is vaardighede wat verhoudings skep, versorg, uitbou en laat blom. Ook Niemandt (2011:13) meen dat aanpasbare kerke leierskap, veral mentorskap, baie hoog aanslaan. Die manier waarop mense gelei word, is veral deur verhoudings te bou. Dit gaan nie meer om groei in getalle of om oorlewing – of selfs herlewing – nie, maar om aan te sluit by die werk wat God reeds aan die doen is. Met die term ‘aanpasbare intelligensie’ (adaptive intelligence) beskryf Van Dyk en Nel (2011:8) wat van kerklike leierskap vereis word om die uitdagings van die tyd te trotseer:

- Die vermoë om met veranderinge en onsekerheid saam te leef;
- Die aanvaarding van diversiteit op kulturele, strukturele, generatiewe en persoonlike vlak. Vir ’n volhoubare bediening is diversiteit nodig;
- Die kombinering van verskillende soorte kennis in die leerproses. Vir kerkleiers beteken dit dat hulle ’n verskeidenheid van bronne en dissiplines sal moet raadpleeg;
- Die skep van geleenthede vir selforganisasie. Kerkordelik behoort ruimte geskep te word om met proto-tipes te eksperimenteer.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



- **Die kerk ís deel van die wêreld waar dit ’n profetiese stem het**

  Die gevolgtrekking in par. 5.2.v, maak dit duidelik dat strukturele sekularisasie en die gevolglike sekularisering van die sosiale kultuur ’n algemene geneigdheid bring om die ‘heilige’ en die ‘sekulêre’ van mekaar te skei. Die kerk en die wêreld bestaan as gevolg hiervan as twee afsonderlike werklikhede waarin sekulêre sake van geestelike sake geskei word (Gaum, 2011:159-160). Hierdie toedrag van sake is bespreek onder die tema van institusionele differensiasie (par. 3.3.2). Die sekulariserende gevolg hiervan is duidelik, aangesien die idee ontstaan dat die kerk uit ‘wêreldse sake’ soos die politiek en die ekonomie moet bly.

  Gaum (2011:160-161) bevestig wat in par. 2.3.4.3 omtrent die NG Kerk se gereformeerdheid as dominante, religieuse konstruk bespreek is. Gereformeerdheid benadruk dat geloof op die wêreld en die gewone lewe gerig moet wees. Die beginsel van *coram Deo* veronderstel dat ons in alles voor die aangesig van God lewe en daarom behoort daar nie ’n groot skeiding te bestaan tussen die godsdienstige en die res van die lewe nie. Omdat hierdie oortuiging teen die grein van sekularisasie ingaan, moet die kerk as religieuse instellings nie rede vind om sy getuienisrol te versaak nie. Op gepaste manier het die NG Kerk wel deesdae ’n ‘lessenaar’ vanwaar dit op adviserende grondslag by die portefeuljekomitees van die regering insette lewer ten opsigte van nuwe wetgewing. Die kerk moet andersins ook direk werksaam wees op alle terreine waar gelowiges hulle Christenskap daadwerklik uitleef.

  Vir Pietersen (2012:16) is dit nodig dat die (Westerse) NG Kerk weer die vraag vra: Wat maak ons in die eerste plek hier? Niemandt en Claassen (2012:4) meen dat alle kerke oral in die wêreld uitgedaag word om nuut te dink oor die wese en aard van hulle kerkwees. In hierdie veranderende tye moet gemeentes hulle identiteit, etos en praktyk herinterpreteer. In die konteks van vandag is die krimpende Westerse kerk ’n nuwe randfiguur en kan dit ’n eerliker plek inneem omdat dit ook nou, vir die eerste keer, as ’n gemeenskap verwerping verstaan. So kan die kerk tuis raak in sy wêreld en ’n gemeenskap word vir dié wat hulle ook vreemd voel in die wêreld.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



As die kerk deel is van die wêreld en vanuit ’n ‘eerliker’ plek funksioneer, loop dit minder gevaar dat dit die slaaf van ’n regering of ’n kultuur of ’n ideologie word. Hoewel die kerk vele - en dikwels teenstrydige - stemme het, moet dit daarna streef om so eenstemmig moontlik ’n profetiese stem te laat hoor (Gaum, 2011:161,162). Een saak wat gehoor moet word, is hoop. Dit maak baie sin omdat baie lidmate van die NG Kerk identifiseer met die metafoor van wanhoop as dit kom by hulle beoordeling van hulle persoonlike belewenisse van Suid-Afrika (vergelyk par. 2.2.3.1). Daarom is in die gevolgtrekkings van 5.2.i en 5.2.ii, aangedui dat die NG Kerk die taak het om sy lidmate se ervarings hieromtrent op geestelike vlak aan te spreek. Lidmate behoort begelei te word om hulle eie lewensuitkyke te dekonstrueer, maar ook aangemoedig te word om meer geïntegreerd en sensitief binne die Suid-Afrikaanse wêreld te bestaan – en as Christene soveel te meer!

Hanekom (2011:8) meen ook dat hoop immers deel is van die kerk se hartklop. Hy bevestig dat al meer mense wanhopig voel oor die land, die kerk en die toekoms. Kerkleiers moet mense se bestaan in die hedendaagse werklikheid duidelik en feitelik definieer, maar terselfdertyd moet Christene ook van ’n ander werklikheid getuig omdat hulle in God glo. Ons behoort altyd te hoop, selfs as daar oënskynlik geen hoop meer is nie. Vir Hanekom is dit belangrik dat die kerk weer sy integriteit terugwen deur te fokus op die wesenlike kwessies wat die meerderheid van ons land se mense raak en nie die kleiner (soms ook teologiese of ideologiese) kwessies waaroor gekibbel word nie.

- **Die kerk is gestuur om van die koninkryk te getuig**

  In samehang met die voorafgaande, gaan kerkwees vandag ook daaroor dat God steeds die kerk die wêreld instuur – ook in ons postmoderne, sogenaamde post-Christelike wêreld (Gaum, 2011:164). As die kerk, volgens Moltmann (1999:251), homself beskou as een vorm van die koninkryk van God in hierdie wêreld (wat van God vervreem is) dan behoort die kerk oor meer besorg te wees as net oor homself. In kerklike geledere, ook dié van die NG Kerk, word gepraat oor die nodigheid dat gemeentes se fokus moet skuif van instandhouding na gestuurdheid. Dit is ’n identifiseerbare ‘beweging’ in die kerk. Hoewel baie daaroor geskryf word, kom dit

© University of Pretoria

voor asof baie gemeentes nie duidelikheid het oor die bedoeling en praktyk van gestuurdheid nie. Dit veroorsaak dat hierdie 'beweging' ook nie 'n herkenbare deurlopendheid in die NG Kerk as geheel het nie.

Hoewel kerke in vandag se uitdagende tye ontuis en gemarginaliseerd kan voel, help 'n missionêre gesindheid om hierdie gevoel af te takel. Om binne hierdie konteks relevant te wees, daag juis die kerk uit om daar teenwoordig te wees. Hierdie teenwoordigheid impliseer dat die kerk na mense toe gaan, na aan ander kom en empatie met hulle omstandighede moet hê. Gestuurdheid en 'n missionele verstaan van kerkwees is in werklikheid die uitlewing van die kerk se identiteit wat dit vind in God se eie uitreike na die mens. Die Christelike geloof is nie maar 'n blote private aangeleentheid nie. Dit is nie individuele, private mense wat die geadresseerdes van die kerk se boodskap is nie. Dit is die samelewing op sig self (Moltmann, 1999:253-254). Daarom behoort 'n missionele teologie (en gemeentes) daarna te streef om in voortdurend-veranderende omstandighede die boodskap van die evangelie te kommunikeer. Daar moet moeite gedoen word om die konteks van mense se leefwêreld (wat ook die kerk s'n is) te verstaan (Niemandt & Claassen, 2012:4-5).

Godsdiensvryheid beteken dat mense die vrye keuse het om persoonlike godsdiens te beoefen. Dit beteken egter ook dat die kerk (en ander Christelike organisasies) die vryheid het om die universele koninkryk van God se belange die wêreld in te dra (Moltmann, 1999:253). In hierdie verband, sê Schoeman (2013:13), wys die Kerkspieël van 2010 uit dat NG gemeentes besef die gestuurde kerk hét *Goeie Nuus* om te vertel en dit ís relevant en betekenisvol. Dit is ook goeie nuus. Die teenwoordigheid van die gestuurde kerk mond uit in die proses van *inkulturasie*. Dit beteken dat die geldende kultuur 'n Christelike uitdrukking verkry omdat die evangelie in die plaaslike kultuur 'vertaal' word. Sodoende kry die Christelike identiteit en etiek betekenis en kan gepoog word om die samelewing te transformeer. Hierdie uitdaging vereis van die kerk dat dit aanpasbaar moet wees omdat dit daarop gefokus is om mense se lewens te verander (Niemandt, 2011:13). Binne hierdie aanpasbare kerk is mense diep bewus van hulle roeping. Hulle is bereid om te verander en is entoesiasties om toegerus te word sodat hulle die dinge waarop dit

© University of Pretoria

werklik aankom, kan onderskei. Daarom is dit veelseggend dat in Vraag 112 (V113) (par. 4.5.6) die meerderheid respondente meen dat dit vir lidmate van hulle gemeente belangrik is om hulle godsdienstige kennis te vermeerder. Die kerk moet hierdie behoefte sinvol aanspreek.
Die sending van die kerk wat ook uitgevoer word deur gewone lidmate, vereis deesdae ’n meer dialogiese karakter, soos ook aangedui is in par. 5.2.5 omtrent die gesprek oor moraliteit. Indien daar nie ’n bereidheid is om met respek te luister na die mense met wie jy dialoog voer, kan jy ook nie duidelik sê waarom jy ’n Christen is nie (Gaum, 2011:164).

Omdat die kerk die *Goeie Nuus* het om te vertel, moet die evangelie op so ’n wyse verkondig word dat dit die heerskappy van God in die wêreld proklameer en die waardes daarvan vestig (Vos, 1995:200). In Bybelse terme is die koninkryk van God immers die mees omvattende begrensing van hoop vir die algemene welwese van die wêreld (Moltmann, 1999:251). Dit kan egter gebeur dat die kerk hom teen die samelewing verset. In plaas daarvan dat die Woord iets vir die werklikheid beteken, word dit ’n Woord teen die werklikheid. Dit is ’n ramp vir die kerk in die moderne eeu. Die kerk is nie in opposisie met die wêreld vir sy eie saak nie, maar ter wille van die universele koninkryk van God het die kerk die taak om vol te hou om die evangelie te verkondig (Moltmann, 1999:252). Om hiermee vol te hou, moet die kerk die verskillende kragte en faktore wat ’n deurlopende rol in die samelewing speel, ken. Wanneer die kerk die evangelie kommunikeer, moet daarmee rekening gehou word. In ’n tyd van waardeverwarring en waardeverskuiwing moet daar ’n kritiese wisselwerking tussen die Bybelse aansprake en hierdie situasie wees in die vertroue dat die evangelie mense anders kan laat dink, praat en doen (Vos, 1995:200).

### 5.2.7 Uitdaging 7: Die taak van die teologie

Vir die kerk om al die uitdagings te verreken, is teologiese besinning uit die aard van die saak nodig. Hierdie besinning is volgens Cady (2010:254) ingewikkeld, veral as ’n mens kennis neem van die talle uiteenlopende beskouings in die teologie vandag, byvoorbeeld ten opsigte van die Godsbegrip, die evangeliese waarheid en etiese kwessies. In die lig van die uitkoms van Vraag 104 (V105) (par. 4.5.6) word die ingewikkeldheid van hierdie

© University of Pretoria

teologiese besinning verder verdig. Die hoë eenrigting frekwensie dui aan dat daar 'n algemene opvatting onder NG Kerk-lidmate is, veral ouer lidmate, dat sekulêre wetenskapsbeginsels die akademiese teologie in so mate beïnvloed dat dit al meer steun op die gevolgtrekkinge van die rasionele denke. Dit plaas uit die aard van die saak die geloofwaardigheid van akademiese, teologiese nadenke onder verdenking in die oë van gewone lidmate.

Daarom sluit die teologiese besinning omtrent die waarde van Christelike oortuigings vir die samelewing ook die debat in omtrent wat Christelikheid ten diepste behels. Hiersonder kan die Christendom hom kwalik handhaaf in die moderne, sekulêre samelewing. Hiermee moet die teologie help.

Natuurlik kan daar nie oor elke saak of probleem waarmee die kerk te doen kry teologies besin word nie, maar tog meen Moltmann (1999:254-255) behoort daar omtrent alle sektore van die samelewing – polities, kultureel, ekonomies en ekologies – teologies nagedink te word. Dit moet verby die partikularistiese horisonne van die verskillende kerke kyk en bewus wees van sosiale, humanitêre en globale aangeleenthede. Dié tipe teologie moet ook krities en profeties optree en relatief onafhanklik wees van die gewone kerklike lewe. Vir Koopman (2003:6) is die tipe teologie wat bruikbaar is vir die kosmopolitaanse uitdagings wat op die kerk wag, 'n *publieke teologie*. Die moderne wêreld is pragmaties as gevolg van die invloed van sekularisasie. Daarom moet die teologiese besinning die realiteit van God en God se wil vir die wêreld intellektueel in die markplek van idees vestig, sodat dit moreel effektief kan wees in die markplek van goedere en dienste.

Op 31 Julie 2006 lewer Heinrich Bedford-Strohm 'n openbare lesing by die Universiteit van Pretoria. Dit handel oor die taak van *publieke teologie* en dan spesifiek 'n ekumenies-sosiale respons op die effek van globalisasie. In die lesing word dit duidelik dat publieke teologie 'n taal moet kies wat deur die sekulêre samelewing verstaan word, sonder om sy eie teologiese gronde te ondermyn. Vir Bedford-Strohm gaan dit ook daaroor dat by die kerk 'n stuk realisme behoort te bestaan omtrent die werklikheid waarin dit bestaan. Hierdie realisme sien die verskille wat bestaan tussen die werklikhede van hoe die wêreld is en hoe die wêreld in Christus behoort te wees. Christelike realisme is bewus van

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



hierdie verskille en wil dit deur sy betrokkenheid in die wêreld oorkom. Die Christelike getuienis in die wêreld van vandag behoort aktief daarna te strewe om ’n wêreld waarin mense se waarde as skepsels van God gereflekteer word, sigbaar te maak (Bedford-Strohm, 2006:11-13).

Wanneer Koopman (2003:10) die wyse waarop hierdie *publieke teologie* uitgevoer moet word bespreek, verwys hy na ’n aantal riglyne: Dit moet nie voorskrywend wees nie; dit moet inklusief wees deur interaktiewe deelname van ander dissiplines; dit moet opbouend en diensbaar wees; dit moet hermeneuties vaardig wees deur verskillende diskoerse omtrent aangeleenthede te verklaar, ook soos dit uitdrukking vind in verskillende kontekste.

As Koopman (2003:15) die taak van *publieke teologie* toespits op Suid-Afrika, dan lê die die taak volgens myns insiens op twee vlakke. Dit het te doen met die vlak van sosiaal-strukturele kwessies en met kwessies wat lê op die vlak van die kollektiewe sosiale bewussyn.

- *Publieke teologie op ’n sosiaal-strukturele vlak*

  Koopman (2003:16-17) meen dat teologie betrokke moet wees in die proses van wetgewing, evaluering van wette en die implimentering daarvan. Samewerking behoort gevestig te word met die regering op alle vlakke, ten opsigte van die vestiging van sake soos mensregte, morele regenerasie, die bekamping van misdaad, die aanspreek van HIV/VIGS en die lewering van dienste soos welsyn, gesondheid, onderwys en behuising. Ook wat die ekonomiese sfeer betref, behoort samewerking gesoek te word met die staat en ekonomiese rolspelers sodat armoede en ekonomiese regverdigheid aangespreek kan word. Fokus moet nie net wees op welsynsdienste nie en ontwikkelingsprojekte nie, maar ekonomiese strukture moet ook krities evalueer word. Die Suid-Afrikaanse samelewing het al kennis gemaak met heelwat ekonomiese programme soos GEAR (die Growth, Employment and Redistribution-program), BEE (Swart ekonomiese bemagtiging), NEPAD (die New Partnership for Africa's Development soos aanvaar deur die Afrika Unie). Die kerk as geheel in Suid-Afrika het die taak om toe te sien dat hierdie tipe bydraes lei tot ’n regverdige

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



samelewing. Die teologie moet dus grense oorsteek om saam met ander rolspelers sosiaal-strukturele kwessies krities te evalueer.

Strukturele sekularisasie en institusionele differensiasie bemoeilik egter hierdie taak wat kan veroorsaak dat die publieke teologie tot ’n blote akademiese oefening gereduseer word. Maar dit moet nie die teologie verhinder om hierdie taak te onderneem nie.

- *Publieke teologie se taak ten opsigte van die kollektiewe sosiale bewussyn*

  Die burgerlike samelewing word gekenmerk deur hoë vlakke van individuele vryheid en die geneigdheid van die moderne mens om homself te onttrek aan publieke verantwoordelikheid. Verder is dit duidelik dat die publieke sfeer gedesakraliseer word.

  Dit het byvoorbeeld implikasies vir moraliteit. Die raamwerk vir morele verwysing word al meer in die psige van die self gevind en kan dus kwalik sosiaal onderhou word. In aansluiting by par. 5.2.5 kan geredeneer word dat nie alleen die kerk in die publieke sfeer betrokke moet wees nie, maar ook die publieke teologie. Dit behoort ’n bydrae te lewer tot die publieke gesprek omtrent moraliteit, deur ’n sosiale raamwerk vir moraliteit te ontwikkel en dit te artikuleer. Volgens Moltmann (1999:256-257) is teologiese fakulteite aan universiteite dit aan die samelewing verskuldig om te help skep aan ’n algemene sosiale etos met relevante en betekenisvolle morele waardes.

Wat egter ookal die publieke kwessie is, die kerk (en teologie) moet daarna strewe om in samewerking met ander instellings ’n gemeenskap te skep waarin mense kwaliteit lewe kan geniet. In die uitvoering van hierdie taak moet die kragte van sekularisasie uit die aard van die saak trotseer word. Universele rasionaliteit en individualisme het gelei tot die aftakeling van tradisie, gemeenskap, gesag en rolmodelle. Dit bemoeilik die taak van die kerk en die teologie, asook enige ander sosiale instelling wat die kerk in sy onderneming ondersteun. Die gebrek aan konsensus as gevolg van die geskiedenis en gevoel van verdeeldheid en vervreemding in die Suid-Afrikaanse samelewing, kan huiwering bring by kerke (ook die NG Kerk) omtrent hulle publieke rol. Die voorneme van die kerk om ’n publieke teologie te beoefen, sal help om hierdie huiwering te oorkom (Koopman, 2003:18-19). Publieke

© University of Pretoria

teologie is nodig binne die sfeer van die kollektiewe sosiale bewussyn sodat verantwoordelike burgers gevorm kan word.

Vir Moltmann (1999:258) het die akademiese teologie ’n plek aan die universiteit, maar as dit op ’n partikularistiese wyse te werk gaan, kan dit nie ’n sinvolle bydrae lewer tot die gesprek omtrent ’n nuwe verstaan van die mensdom nie. Indien dit gebeur, raak die teologie irrelevant vir die publieke diskoers omtrent universele aangeleenthede, of word dit summier uitgesluit deur ander rolspelers. Die akademiese teologie moet krities reflekteer op die sake van algemene belang en medemenslikheid daadwerklik ondersteun. Dit is wat die hedendaagse leefwêreld van die teologie vereis.

Wat vervolgens bespreek word, is enkele gedagtes omtrent die *proses van teologisering.* Tot dusver is aangedui dat die teologie nie anders kan as om die denke van die tyd te reflekteer nie. Die vraag is hoe die teologie op hierdie uitdaging moet reageer sonder om in die oë van die gewone lidmaat sy geloofwaardigheid in gedrang te bring.
In hierdie verband verwys die skrywer na die internasionale, ekumeniese en interdissiplinêre simposium wat in Januarie 1989 plaasgevind het by die Universiteit van Tübingen. Hoewel daar gemeen kan word dat die insigte van dié simposium na byna 25 jaar verouderd is, is dit myns insiens nie die geval nie. Inteendeel, wat destyds daar omtrent die stand van die teologie bespreek is, is uiters relevant vir die huidige teologiese situasie in Suid-Afrika en die NG Kerk.
’n Paar aspekte word hieronder aangedui:

- In ’n lesing van Küng (1989:214,215) by die bogenoemde simposium wys hy daarop dat wat die teologie betref daar kontinuïteit en diskontinuïteit is. Wat op ’n tydstip innovasie was, kry algaande as tradisie beslag. Wanneer nagelaat word om aan hierdie tradisie en die tyd waarin dit beslag gekry het, te dink as tye van groot historiese veranderinge, is die gevaar daar dat in tradisionalisme verval word. Om te spreek van ’n kontinuïteit en diskontinuïteit in die teologie is allermins bedoel om ’n skeptiese teorie omtrent die afname en die wegdraai van die bekende dogma te laat deurwerk. Waaroor dit behoort te gaan, is die *voortdurende interpretasie van die geskiedenis van die teologie en die kerk*, waarin daar altyd ’n oplewing en ’n val waarneembaar is en waarin die vooruitgang van kennis bespeur word. In hierdie

© University of Pretoria

interpretasieproses vind ons die kragte wat wil relativeer, maar ook dié wat behoudend en bevestigend wil wees.

- Gerrish (1989:163) se opmerking dat teologiese studie iets in voortdurende beweging binne ’n altyd-veranderende samelewing is, sluit aan by Küng. Daarom behoort die teologie *die historiese en teenswoordige bewussyn te verreken*, want die teologiese denke op ’n sekere tydstip is slegs ’n weergawe van die heersende dogma in die kerk op daardie tyd. Dit is ’n verstaan van die teologie wat vreemd is aan die tipiese Protestantse Ortodoksie, wat aan teologiese waarhede dink as altydgeldende waarhede wat die kontekste (dié waarbinne dit ontstaan het en dié waarin dit nuut moet bestaan) transendeer. Du Toit (2007:57) dui ook aan dat dit ’n tipiese eienskap van die postmodernisme is om die historiese bepaaldheid en die relasionele en kontekstuele aard van tekste, waarhede en kultuur uit te wys. Dit is logies dat hierdie tendens spanning bring daar waar geloofswaarhede nougeset gehandhaaf wil word.

In aansluiting by Gerrish sê Marty (1989:175): “What is called for, above all, is that each one of us examine his style of being in the world at the level of ordinary, common-sense life, so that the philosophical character of the level of experience be clarified.” Dit wat bekend word van die karakter van hierdie alledaagse lewe, bring begrip van die realiteit. Dit is essensieel vir die teologie en die verstaan van die aard van teologisering. As daar begrip is vir die kragte wat die denke van die hedendaagse mensdom vorm, sal daar ook begrip (eerder as paranoia) wees vir die invloed daarvan op die teologie. Maar dit is egter die geval dat die heersende denkpatrone wat die struktuur van die alledaagse lewe bepaal, normaalweg die begrip van die gewone mens te bowe gaan. In hierdie verband kan verwys word na par. 2.2.1. Daar is dikwels ’n onbegrip daarvoor omdat dit op ’n onbewustelike vlak in mense se lewens funksioneer. Om van hierdie struktuur waardeur ons realiteit geskep word ’n objek van ondersoek te maak, is ’n moeilike taak, want dit is soos Marty (1989:175) tereg opmerk: “[t]here is a built-in mechanism of protection in the stream of daily life which guards against this awareness”. Myns insiens behoort daar dus groter bewusmaking te wees vir die teenswoordige bewussyn en die invloed daarvan op die

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



teologie eerder as om sondermeer die weg van handhawing en etiketering te kies. Daarsonder sal daar nie begrip vir die realiteit kan kom nie.

- Brauer (1989:206-207) wys in sy nadenke dat pluralisme nie alleen gestalte kry binne die Christendom nie, maar ook binne elke denominasie. Daar is dus nie net 'n bewussyn vir die verskeidenheid van verskillende geloofstradisies nie, maar ook vir die *verskeidenheid binne 'n sekere tradisie*. Daar is reeds gewys op hierdie beweging in die NG Kerk. Hoewel die tradisie deur alle lede van daardie spesifieke gemeenskap gedeel word, verskil die manier waarop dit geïnterpreteer, beleef en geanaliseer word. Die reaksie op hierdie pluraliteit van idees bring nog verder verskille. Sommige aanvaar dit nie goedsmoeds nie en doen alles in hulle vermoë om dit te beheer en selfs te elimineer. Vir ander is hierdie tipe pluralisme onvermydelik en kan dit met vrug bydra tot beter begrip en artikulasie van die tradisie self. Daarom is daar in die meeste denominasies diegene wat geklassifiseer kan word as fundamentalisties, konserwatief, gematig, liberaal en radikaal. Wat positief omtrent pluralisme gesê kan word, is dat dit die verskeidenheid van interpretasies van basiese Christelike tradisies in ag neem, sodat daar ruimte is vir wedersydse respek en aanvaarding, terwyl verskille nie uitgesluit word nie. Daar behoort in die teologie dus algaande die besef te kom dat die konsep 'eenheid' plek moet maak vir die konsep '*geïntegreerde diversiteit*'. Die fokus verskuif dus na relasies, aangesien alles in hierdie wêreld in interrelasie tot mekaar staan (Du Toit, 2007:110).

- Brauer (1989:209) lig 'n verdere tendens van die huidige era uit. Die radikaliteit van die huidige era laat volgens hom die vraag ontstaan of *godsdiens as sulks enigsins nog lewensvatbaar* is. Daar is geen ander era waarin daar so baie gepraat word oor die heengaan van godsdiens nie, of dit nou is as gevolg van *sekularisasie* of nie. Dit is onmiskenbaar so dat sedert die Reformasie wat self die kiem van sekularisasie geplant het (verwys par. 3.3.6), daar 'n ontsettende verandering gekom het in mense se houding jeens die oorgelewerde Christelike oortuigings, praktyke en instellings. Volgens Brauer (1989:209) was dit ten tyde van die simposium (te Tübingen) moeilik om te bepaal of hierdie verandering beskou behoort te word as 'n merker van 'n soektog na nuwe, dieper godsdienstigheid en of dit 'n poging is "to kill all gods, even

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



the sacred itself". Hoewel byna drie dekades sedertdien verloop het, bly dié opmerking steeds relevant, want in die huidige situasie in Suid-Afrika is sekularisasie en godsdienstige oplewing as teenoorstaande kragte merkbaar. Wat wel die geval is, sê Brauer (1989:209), is dat die toenemende verspreiding van sekularisasie aan godsdienste 'n geweldige uitdaging bied om opnuut te ontdek wat dit beteken om relevant te wees in die kontemporêre wêreld. Slegs op dié wyse kan godsdiens eerlik wees met homself en sy situasie sodat daar vernuwing en verandering kan plaasvind. Dit dring ons om te soek na 'n interpretasie wat ons help om onsself te verstaan in ons situasie. Die skrywer is van mening dat hierdie uitdaging 'n brandende saak in die NG Kerk is waarmee die akademiese teologie moet help. Dit is hier waar die hele saak van identiteit na vore kom. Dit handel myns insiens hoofsaaklik oor twee sake: die herontdekking van die NG Kerk se gereformeerdheid en die relevansie van die NG Kerk in die Suid-Afrikaanse samelewing.

Cobb (1996:197,198) meen dat die *toekoms van die teologie in sy akademiese gestalte* nie so rooskleurig lyk nie. Die rede hiervoor, voer hy aan, is die gebrek aan belangstelling van die deursnit kerklidmaat en die wyer publiek in hierdie deel van die kerk se werk. Die kerk self is die rede vir hierdie toedrag, aangesien daar soms te min erkenning is vir die werk van toegewyde akademici. Die ander rede is aan die kant van die teoloë self te vinde. Die moderne, rasionele denkraamwerke se invloed op die uitkomste van hulle navorsing skep by kerklidmate dikwels die persepsie dat die geloofwaardigheid van die teologie in gedrang is en daarom is daar agterdog omtrent die werk van teologiese akademici. Dit bevestig wat die empiriese navorsing uitgewys het (par. 4.5.6). Hoe verder die teologie in hierdie rigting beweeg, hoe groter is die gevaar dat hierdie persepsie by mense bly voortbestaan. Die akademiese teologie mag nie maar bloot volstaan by wat die hedendaagse manier van dink voorskryf oor wat reëel en betroubaar is en daarvolgens die teologie herformuleer nie. Akademiese teoloë het die taak om te help vorm aan 'n oorkoepelende konteks waarin hulle, hulle werk doen en waarin die Christelike geloof 'n bydrae kan lewer tot die omvattende verstaan van die realiteit. Dit is wat Müller (2005:20) bedoel deur te sê dat die teologie die uitdaging moet aanvaar om 'n teologie vir mense te wees en verbeeldingryk en waagmoedig nuwe taal te gebruik om die mens se menswees voor die aangesig van God te verwoord.

© University of Pretoria

## 5.3 SAMEVATTING

Ons herken in die historie van die NG Kerk verskillende fases en kontekste waarbinne dit bestaan het en steeds bestaan. Dié fases verskil van mekaar omdat dit deur ’n bepaalde tyd en konteks – die *saeculum* – beïnvloed is. In hierdie hoofstuk is uitdagings aan die orde gestel waarvoor die NG Kerk in sy resente situasie en konteks te staan kom. Hierdie uitdagings vloei voort uit die verlede en hede, maar gee ook ’n aanduiding van waarheen die kerk op pad is. Die kerk moes in die verlede bepaalde invloede hanteer en so sal dit ook in die toekoms wees.

In hierdie hoofstuk is die volgende uitdagings wat die skrywer meen relevant is vir die kerk, aan die orde gestel:

- *Uitdaging 1*: Om kerk te wees, is om medeskepper van ’n demokratiese etos te wees.
- *Uitdaging 2*: Om kerk te wees, terwyl godsdiens toenemend transformeer in ’n oop sisteem.
- *Uitdaging 3*: Om kerk te wees, terwyl godsdiens toenemend na die private sfeer verskuif word.
- *Uitdaging 4*: Om kerk te wees binne ’n konteks wat skynbaar al hoe minder met God en die kerk tereg kan kom.
- *Uitdaging 5*: Om kerk te wees, is om te help skep aan ’n moderne morele orde.
- *Uitdaging 6*: Om opnuut na te dink omtrent die NG Kerk se identiteit.
- *Uitdaging 7*: Die taak van die teologie.

Tydens die sitting van die NG Kerk se Algemene Sinode in 2011 word sewe prioriteite geïdentifiseer waaraan die kerk aandag moet gee: Kerkhereniging, die Belhar-belydenis, gestuurdheid, menswaardigheid, armoede, volhoubare lewe (ekologie) en die skep van ’n kultuur van gesprek (kommunikasie / forums / netwerke / vennootskappe). In 2012 word teologiese opleiding as agtste prioriteit bygevoeg (Algemene Sinode, 2013). Dié prioriteite spreek van die uitdagings wat die kerk tans op hierdie vlak beleef. Die skrywer is van mening dat die uitkomste van hierdie studie raakpunte toon met sekere van dié prioriteite. Dit dien as bevestiging dat die NG Kerk in sy nadenke omtrent sy konteks, redelik in die regte rigting beweeg. In die bespreking van die *Konsep - Invloed van konteksbepaalde religie (in NG Kerk)* (par. 4.4.3) is genoem dat die NG Kerk

© University of Pretoria

voortdurend uitgedaag word om sy geloofwaardigheid by die res van die samelewing te waarborg. Die NG Kerk moet egter daarteen waak om oorrompel te word deur kwessies vanuit die groter konteks en dan slegs ’n naprater of nadoener daarvan te word. In kulture waar godsdiens ’n belangrike rol speel in hoe mense omtrent hulleself en ander dink, is godsdiens ’n belangrike voertuig vir die konsolidering sowel as die verandering van sosiale idees. Omdat dit die geval met Suid-Afrika is, kan die NG Kerk sekerlik ’n bydrae lewer tot die konsolidering en verandering van sosiale idees wat aanpas by die prioriteite van die kerk asook die uitdagings wat die kerk in die algemeen moet trotseer.

Die inhoud van die verklaring wat tydens die afsluitingsliturgie van die Algemene Sinode-sitting, 14 Oktober 2011, as belydenis gebruik is, verwoord ook iets van die kerk se selfverstaan. Hierdie selfverstaan bepaal die koers van die NG Kerk :

***BELYDENIS***
*Die NG Kerk dank God dat ons in so ‘n uitdagende tyd, binne ’n Suider-Afrikaanse konteks saam met ander kerke, God se kerk mag wees. Sy liefde en genade is sonder twyfel groot.*
*Die NG Kerk besef, en het uit die geskiedenis geleer, dat ons net werklik kerk van God kan wees as ons onsself prysgee en Hom volg. Die Drie-enige God stuur ons sy wêreld vol as getuies van sy liefde vir sy hele skepping.*
***Daarom**:*
***roep** ons gemeentes op tot ’n lewende verhouding met God waarin ons onsself oopstel om gevorm te word deur die Woord van God sodat ons in afhanklikheid van die Gees biddend gevorm word tot mense met ’n outentieke leefstyl en ’n geloofwaardige getuienis.*
***reik** ons uit na ander geloofsgemeenskappe. Ons bid en werk onverpoos voort aan die organiese en strukturele eenheid binne ons eie familie van kerke. Ons gaan verbintenisse aan met ander kerke van Gereformeerde belydenis en werk graag saam met ander Christelike kerke, en wanneer die omstandighede daarom roep, ook met ander geloofsgemeenskappe. As kerk wil ons ’n ruim huis wees, sonder die prysgawe van ons Gereformeerde identiteit.*
***ly** ons onder aanslae en ervaar daagliks hoe ons land getreiter word deur misdaad, geweld en korrupsie. Ons gemeenskappe is arm, werkloosheid is groot en moedeloosheid*

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



*kenmerk baie van ons jong mense. Ons roep die staat op tot die uitvoering van sy verantwoordelikheid, ook tot die bewaring van ons brose demokrasie. Terselfdertyd verbind ons ons steeds tot die bekamping van sedeloosheid. Ons beloof om in die lig van ons roeping mee te werk aan die vestiging van waardes wat 'n vreedsame samelewing 'n werklikheid kan maak en om daadwerklik mee te werk aan die verligting van ellende. Ons erns tov eenheid, versoening en geregtigheid word versterk deur die Belydenis van Belhar as deel van ons belydenisskat by gemeentes aan te beveel. Ons wil alle gemeentelede wat op talle plekke die gemeenskap onbaatsugtig dien omdat hulle hulle roeping as gestuurdes ernstig opneem, vir hulle getrouheid bedank.*

***bely** ons ons bestaan nie ter wille van onsself nie, en weet ons dat ons die sout en lig vir die wêreld is. Ons is die suurdeeg wat die plig het om die tekstuur van ons samelewing te verander. Hierdie hoë roeping is nie vir ons 'n las nie, maar 'n vreugde. Ons is die jeugdige bruid van Christus wat by wyse van ons eredienste, aksies en optredes die toekoms tegemoet dans deur die aantrek van die fyn linne van dade van geregtigheid.*

***erken** ons ons sondigheid en onvermoë om lief te hê soos wat God wil hê ons moet liefhê. Ons sukkel elke dag daarmee in ons omgang met mekaar. Ouers kry seer, kinders kry seer, gemeenskappe ly en ons integriteit is telkens op die spel. Ons vra hulle wat seerkry onder ons liefdeloosheid om vergifnis. Ons staan nakend voor God.*

*Mag God sy wil hoe langer hoe meer aan ons openbaar, en ons daagliks nuut maak om soos Hy te lyk, te praat en te dien.*

*Net die Bybel. Alleen deur genade. Slegs deur geloof. Uitsluitlik Christus. Aan God die eer.*

© University of Pretoria

# Hoofstuk 6

# Refleksie op die studie

## 6.2 INLEIDING

Hierdie hoofstuk is 'n refleksie op die studie. 'n Oorsig oor die studie word gegee asook 'n gevolgtrekking ten opsigte van die probleemstelling en hipotese wat in Hoofstuk 1 vir hierdie studie gestel is. Daar sal ook kortliks gekyk word na die bydrae en tekortkominge van die studie.

## 6.2 OORSIG OOR DIE STUDIE

*Hoofstuk 1: Oriëntasie tot die studie*

In Hoofstuk 1 is die navorsingsprobleem as 'n ondersoekbare saak gestel. Die hipotese is hieruit afgelei en die doelstellings bespreek waarin die oogmerke van die navorsing aangedui is. Daar is ook verduidelik hoe die metodologie bydra om hierdie oogmerke te verwesenlik. 'n Fenomonologiese navorsingsbenadering is gevolg waarin kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsingsbeginsels gekombineer is. In die proses om informasie te versamel, is aangedui dat geskrewe literatuur bestudeer word. Verder is verduidelik hoe empiriese navorsing as deel van die proses van primêre informasiekolleksie onderneem is. Die uitleg van die navorsingsverslag is ook bespreek, aangesien dit die raamwerk gevorm het waarbinne hierdie studie ontvou het.

Volgens Hölscher (2010:199) is dit 'n goed-gevestigde praktyk om religieuse verandering in terme van sosiale geskiedenis te beskryf. Die skrywer het vanuit hierdie oortuiging in hierdie studie gehandel en dit verklaar die logiese verband tussen Hoofstuk 2 en 3.

*Hoofstuk 2: Die samelewing waarvan die Nederduitse Gereformeerde Kerk deel is.*

Aangesien sekularisasie verband hou met religieuse diskoerse binne 'n sosiale opset, en omgekeerd ook te doen het met sosiale diskoerse wat die religieuse opset beïnvloed, het dié hoofstuk ten doel gehad om hierdie wisselwerking aan die orde te stel. Daar is nagedink omtrent die samelewing as sosiale verskynsel, met spesifieke verwysing na die sosiale konstrukte wat teenwoordig is in die Suid-Afrikaanse samelewing. Voortvloeiend is aandag gegee aan die funksie van godsdiens in die samelewing, die betekenis van

© University of Pretoria

religie op kollektiewe vlak en individuele vlak asook die effek van verandering op hierdie vlakke van religie. Weer eens is gepoog om aan die hand van die eiesoortige historie van die NG Kerk se religieuse konstrukte 'n verstaanraamwerk daar te stel waarteen die navorsingsprobleem in die volgende hoofstuk verder ondersoek kan word.

*Hoofstuk 3: Sekularisasie as samelewingsfenomeen*

Hierdie hoofstuk is ingelei deur sekularisasie as samelewingsverskynsel aan die hand van Strukturele sekularisasie en sosiale sekularisasie te beskryf. Die oorsake van sekularisasie is bespreek asook die kenmerkende uitwerking van sekularisasie op die samelewing en religie. Ten opsigte hiervan is aandag gegee aan die kontekste van die Suid-Afrikaanse samelewing en die NG Kerk. Bekende kragte teen sekularisasie is ook in hierdie hoofstuk bespreek.

*Hoofstuk 4: Empiriese toetsing*

In Hoofstuk 4 is die empiriese navorsing aan die orde gestel. Die bedoeling van die empiriese navorsing was om die teoretiese basis van die navorsing te toets binne die NG Kerk. Agtien konsepte wat verband hou met sosiale konstruksie, religieuse konstruksie en sekularisasie is getoets by wyse van vraelyste wat onder lidmate van vyftig gemeentes van Sinode Hoëveld en Oostelike Sinode versprei is. Die resultate van dié navorsing is in hierdie hoofstuk bespreek. Die navorsing gee geloofwaardige en wetenskaplik-verantwoordbare inligting omtrent lidmate van die NG Kerk se sosiale en godsdienstige opvattings asook hulle persepsies omtrent sekularisasie. Hierdie inligting bring insig vir die resente situasie van die NG Kerk en bied sodoende 'n denkraamwerk waarteen die verandering, vernuwing en omvorming van die NG Kerk verstaan kan word.

*Hoofstuk 5: Betekenis van die studie vir die resente situasie van die Nederduitse Gereformeerde Kerk*

In hierdie hoofstuk is opsommend verwys na belangrike uitkomste van die empiriese navorsing van Hoofstuk 4. Met hierdie uitkomste in gedagte is sewe uitdagings waarvoor die NG Kerk in sy resente konteks te staan kom, bespreek. Hierdie uitdagings is ook rigtingwysers vir die NG Kerk in sy soeke na nuwe relevansie en identiteit:

- *Uitdaging 1*: Om kerk te wees, is om medeskepper van 'n demokratiese etos te wees.

© University of Pretoria

- *Uitdaging 2*: Om kerk te wees terwyl godsdiens toenemend transformeer in 'n oop sisteem.
- *Uitdaging 3*: Om kerk te wees terwyl godsdiens toenemend na die private sfeer verskuif word.
- *Uitdaging 4*: Om kerk te wees binne 'n konteks wat skynbaar al hoe minder met God en die kerk tereg kan kom.
- *Uitdaging 5*: Om kerk te wees, is om te help skep aan 'n moderne morele orde.
- *Uitdaging 6*: Om opnuut na te dink omtrent die NG Kerk se identiteit.
- *Uitdaging 7*: Die taak van die teologie.

Vervolgens word aandag gegee aan die vraag of die studie beter begrip gebring het van dit wat in die probleemstelling en hipotese aan die orde gestel is.

## 6.3 GEVOLGTREKKING TEN OPSIGTE VAN PROBLEEMSTELLING EN HIPOTESE

In Hoofstuk 1 is die navorsingsprobleem gestel. In kort behels dit die volgende: 'n Geestestroming is op vele terreine van die samelewing waarneembaar waardeur die invloed van die kerk, die godsdiens en teologie kenmerkend verminder word. Dit staan bekend as sekularisasie en het 'n onafskeidbare deel van die hedendaagse lewensfilosofie geword. Hierdeur word godsdiens en godsdienstige instellings, soos die Christelike kerk, se relevansie uitgedaag. Dit word gesien in die liberale demokrasie van Suid-Afrika waardeur die openbare terrein leeg van godsdiens gehou word; die hedendaagse siening dat die mens vry geword het van die oorheersing van kerklike dogmas as reël vir lewe en denke; die voorkoms van sosiale pluralisme waarin alle kulturele en godsdienstige diversiteit erken en gelykgestel word. Sekularisasie hou verband met 'n kombinasie van die volgende sake: Die verval van religie in die hedendaagse samelewing; die skeiding tussen die samelewingsinstellings en religie; desakralisasie van die wêreld; die omvorming van religie en sy instellings.

Hipoteties word veronderstel dat sekularisasie die oorsaak is van sekere tendense waarmee die NG Kerk ook te doen kry. Die studie het spesifiek ten doel gehad om die volgende te ondersoek:

© University of Pretoria

- Die beperking van die reikwydte van geïnstitusionaliseerde godsdiens wat die NG Kerk se plek binne die sosiale opset van Suid-Afrika verander;
- Die toenemende privatisering van godsdiens wat verband hou met konsepte soos toenemende gebrek aan burgerlike normatiwiteit en aanspreeklikheid, die vermindering van mense se kerklikheid, die verminderde waarde en impak van godsdienstige opvattings binne 'n sosiale opset;
- Die transposisie of omvorming van die NG Kerk wat aangebring word deur die fokus op die partikuliere eerder as die kommunale, die voorkoms van godsdienstige pluralisme en dekonfessionalisering.

Vanuit die studie word 'n gevolgtrekking ten opsigte van die bogenoemde gemaak:

- Die teenwoordigheid van institusionele differensiasie, liberale demokrasieë en industriële kapitalisme in 'n samelewing bied stukrag aan sekulariserende werkinge wat lei tot toenemende sosiale fragmentasie en pluralisasie. Gevolglik raak institusionele strukture verwyder van religieuse strukture. Hierdie strukturele sekularisasie verander dus die posisie van die kerk (ook die NG Kerk) binne moderne gemeenskappe. Hoewel die omvang van hierdie tipe sekularisasie in stedelike en nie-stedelike omgewings van mekaar verskil, kwyn die offisiële kerk se vermoë om sy sosiale invloed in ander sfere van die samelewing te laat geld. Die NG Kerk se invloed ten opsigte van die vestiging van godsdienstige waardes in die samelewing het verminder en daarom het die kerk se godsdienstige beginsels min effek op openbare opinies. So word die reikwydte van geïnstitusionaliseerde godsdiens in die samelewing ingeperk.
- Samelopend met strukturele sekularisasie vind die sekularisering van die sosiale kultuur ook plaas. Die omvang hiervan hang af van die sosiale betekenissisteme wat die persepsies van mense beïnvloed. Dit is verduidelik aan die hand van die samelewingsvisies teenwoordig in Suid-Afrika. Die samelewingsvisie wat tans die grootste invloed uitoefen in die lewe van NG Kerk-lidmate is Westerse Individualisme. Sekularisasie vind die meeste inslag in hierdie samelewingsvisie. Gewortel in die populêre, humanistiese mensbeskouing van Westerse Individualisme het persoonlike vryheid, privaatheid, selfstandigheid, vryheid van keuse en die strewe na persoonlike welvaart ook belangrike prioriteite vir lidmate van die NG Kerk geword. Dit is in die verwesenliking van hierdie prioriteite dat die moderne mens

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



menslike sekuriteit vind wat die ‘noodsaaklikheid’ van godsdiens in gedrang bring. Dít het ’n sekulariserende effek. Ironies het baie van hierdie prioriteite saam met die Protestantisme (waarvan die NG Kerk deel is) gegroei. Dit veroorsaak dat sosiale sekularisasie meer kenmerkend is in samelewings en gemeenskappe waar die idees van die Protestantisme oor eeue deel geraak het van die sosiale grein.

- Die subtiele werkinge van die moderniteit en postmoderniteit as kulturele epogge met die klem op die universele kriteria van rasionaliteit het die moderne mens laat ontwikkel in ’n ongebonde, selfstandige individu wat homself vry reken van die invloed van ’n godsdienstige of metafisiese wêreld. Hierdie individu se eie opinies word die kriteria waarvolgens geleef word en waarvolgens die self geaktualiseer word. Dit is die opinie van lidmate van die NG Kerk dat hierdie tendens ’n sekulariserende effek het en dat die belangrikheid van godsdiens in mense se persoonlike lewens gevolglik afneem. Daar is ook ’n toenemende ongeërgdheid teenoor die offisiële kerk omdat die moderne mens skynbaar al minder daarin ’n bron van persoonlike identiteit vind. Dit word eerder nou in die private sfeer en persoonlike psige gevind. So lei sekularisasie tot ’n geloofwaardigheidskrisis omtrent bekende religieuse betekenissisteme.
- Dit is opmerklik dat sekularisasie nie religie as verskynsel laat verdwyn nie. Dit omvorm egter religie. Aangesien sekularisasie godsdiens na die private sfeer dwing, raak religie minder afhanklik van godsdienstige instellings. Godsdiens in hierdie sfeer word ook al hoe minder geaffekteer deur die disintegrasie van die verhouding tussen religieuse instellings en ander sosiale instellings. Die sin van godsdiens in die private ruimte hang af van die individu se soeke na vervulling en persoonlike sekuriteit. Hierdie saak omvorm ook die NG Kerk, aangesien lidmate meer en meer leef asof hulle eie godsdienstige belewenisse en oortuigings genoegsaam is. Hoewel die offisiële NG Kerk steeds van belang geag word, staan lidmate se persoonlike religie egter al meer los van die kollektiewe geloofspraktyk. Dit lei daartoe dat die verbreiding van ’n veelvoud van geloofsoortuigings en –praktyke ook in die NG Kerk merkbaar word. Hoe jonger die lidmate van die NG Kerk is, hoe meer verdraagsaam is hulle omtrent hierdie toedrag van sake. Die NG Kerk se gereformeerde identiteit kom as gevolg van hierdie omvorming onder druk omdat jonger lidmate minder identifiseer met die NG Kerk se gereformeerde identiteit. Waar

© University of Pretoria

’n hoë mate van interne pluralisasie in NG-gemeentes voorkom, is die gereformeerde identiteit aldaar ook onder druk. Die sekulariserende krag van privatisering en gevolglike individualisering omvorm dus die bekende religieuse konstrukte en praktyke van die NG Kerk.

Die woorde van Hölscher (2010:201,203) bied ’n gepaste konklusie vir die skrywer se nadenke omtrent sekularisasie. Sekularisasie is ’n hibriede konsep. Dit kan nie net beskryf word aan die hand van ’n aantal sosiale aanduiders soos kerkbywoning of verwydering tussen kerk en staat nie, want dié aanduiders wissel van tyd tot tyd en van plek tot plek. Sekularisasie is veel meer. Dit verteenwoordig die totstandkoming van ’n publieke, sekulêre diskoers met konsepte soos verantwoordelikheid, toleransie, vryheid, regverdigheid, emansipasie, volwassenheid, gewetensbewustheid, sekerheid, dialoog, menswaardigheid en pluralisme. Hierdie konsepte was op verskillende maniere uit in die *saeculum* met uiteenlopende effekte op die kerk. In die hantering van die effek daarvan op die kerk behoort ook nagedink te word hoe van hierdie konsepte aan Christelike dogmas en leringe verbind kan word. In hierdie nadenke behoort die Christelike diskoers op so ’n wyse gekonstrueer te word dat dit toeganklik en begryplik vir die groter, sosiale omgewing is.

Vervolgens word op die bydrae van die studie gewys.

## 6.4 BYDRAE VAN DIE STUDIE

Die bydrae van die studie lê in die kerkhistoriese en sosiologiese ondersoek na die konteks waarin die NG Kerk hom bevind. Dit skep ’n denkraamwerk om die werking van sekularisasie binne hierdie milieu te verstaan. In die beskrywing van sekularisasie as sosiale verskynsel word verklaar hoe dit godsdiens, die kerk en lidmate se persoonlike religie beïnvloed.

’n Besondere bydrae van die studie is die empiriese navorsing wat onderneem is. Dit gee eerstehandse inligting omtrent NG Kerk-lidmate se belewenis van hulle sosiale leefwêreld, die toedrag van religie in die kerk, lidmate se begrip van sekularisasie en die omvang daarvan binne hulle sosiale- en religieuse leefwêreld. Verder verleen die

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



statistiese werkswyse legitimiteit aan die empiriese navorsing om daaruit bepaalde uitkomste wat aan die NG Kerk sekere uitdagings bied, af te lei.

’n Verdere bydrae van hierdie studie is die aktualisering van sekere uitdagings wat op hierdie tydstip van die NG Kerk se tog belangrik is.

Die skrywer is daarvan bewus dat terwyl die kerk besig is om na te dink oor die wêreld waarin dit bestaan en besig is om planne te maak sodat dit aktueel kan wees, is die wêreld die kerk intussen ’n tree vooruit. Daarom sal die kerk voortdurend uitgedaag word om aanpassings te maak in die strewe om steeds kerk te wees vir die moderne mens.

## 6.5 TEKORTKOMINGE VAN DIE STUDIE

Aangesien die geskiedkunde en sosiologie met die oorsaaklikhede, samehang en die waarde van gebeure werk, is die fokus van die studie alleen daarop gerig om hierdie verbande ten opsigte van die navorsingsprobleem te verklaar. Daarom is ook gekies vir ’n *fenomonologiese navorsingsbenadering* waarin gepoog is om sekere aspekte van die ondersoekte verskynsels en konsepte asook die betekenis daarvan binne ’n sekere konteks te verstaan. Daar kan dus ’n leemte beleef word deurdat hierdie verskynsels en konsepte *nie volledig prinsipieel* ondersoek is nie. Dit lê egter buite die skopus van die vakgebied van die Kerkgeskiedenis en hierdie studie.

Wat die *empiriese navorsing* betref, is daar uit die aard van hierdie tipe navorsing altyd leemtes en tekortkominge.

Daar bestaan die moontlikheid dat sekere vrae wat in vraelyste gebruik word, nie deur respondente verstaan word nie en dat hulle response dus nie betroubare weergawes van hulle mening kan wees nie.

’n Verdere leemte ten opsigte van die vrae in die vraelys is dat dit nie verklarings bied van die innerlike oortuigings van respondente nie. Dit was egter nie die bedoeling van die vraelys om die konsepte op sodanige wyse te ondersoek nie.

’n Groter responspersentasie vir hierdie studie sou ook meer wenslik gewees het, aangesien dit die aannamebasis sou vergroot.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Met betrekking tot *die uitdagings wat in Hoofstuk 5* bespreek is, het hierdie studie verdere tekortkominge, aangesien die *praktiese implimentering* daarvan nie deurgrondelik bespreek is nie.

## 6.6 AANBEVELINGS VIR TOEKOMSTIGE NAVORSING

Die volgende voorstelle vir toekomstige navorsing word aan die hand gedoen:

- Die *uitkomste van die empiriese navorsing* skep moontlikhede vir verdere navorsing. Aangesien die vrae in die vraelys nie prinsipiële verduidelikings omtrent respondente se response verskaf nie, bestaan die moontlikheid om verdere empiriese navorsing te onderneem waarin die *innerlike oortuigings van respondente verder ontsluit* kan word. Sodoende kan bykomende lig op die lewe van die NG Kerk en sy lidmate wat tot groter bedieningsensitiwiteit en betekenisvolle aanpassings kan lei, gewerp word. Die moontlikheid bestaan om byna elke konsep en vraag (soos bespreek in Hoofstuk 4) op hierdie wyse verder te ondersoek, byvoorbeeld:
    - ’n Ondersoek na die redes hoekom die kerk vir ’n groot aantal lidmate steeds van belang is;
    - Hoekom beskou so baie lidmate die Bybel steeds as gesagvol vir die lewe?
    - Wat is die redes hoekom lidmate steeds bedien wil word deur ’n teologies-opgeleide persoon?
    - Hoekom meen lidmate laat sekularisasie godsdiens al meer ’n private aangeleentheid word?
    - ’n Verdere ondersoek na die redes hoekom ouderdom en woonomgewing telkens ’n betekenisvolle verskil maak in die uitkoms van respondente se response.

- Aangesien die nadenke omtrent *die uitdagings* wat in Hoofstuk 5 bespreek is, nie die *praktiese implimentering* daarvan deurgrondelik bevat nie, bestaan die moontlikheid vir verdere navorsing. Omdat die nadenke omtrent die uitdagings hoofsaaklik gefokus het op die ‘Waartoe?’-vraag lê die moontlikheid vir verdere navorsing in die *‘Hoe?’-vraag*. Byvoorbeeld:
    - Dat die NG Kerk uitgedaag word om ’n medeskepper van ’n demokratiese etos en ’n moderne morele orde te wees is duidelik, maar hoe dit gevestig en geïmplimenteer gaan word, is ’n saak vir verdere nadenke en navorsing.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



- Hoe die kerk (en ook die plaaslike gemeente) eklekties en kontekstueel in sy bediening aan die moderne lidmaat binne ’n omgewing van uiteenlopende, geïndividualiseerde, religieuse konstrukte te werk moet gaan, is onseker. Dat dit wel sal moet gebeur, is duidelik. Die vraag is egter hoedanig leraars en kerkleiers vir hierdie uitdaging toegerus is. Dit lê die noodsaaklikheid van indringende nadenke (en toerusting) voor die deur van die kerk.
- Dit is ’n veel eenvoudiger proses om opnuut oor die NG Kerk se identiteit na te dink as om daardie identiteit in die psige van lidmate te vestig. Die kerk word tot hierdie nadenke genoop, maar hoe word dieselfde nadenke in lidmate verwesenlik sodat daar opnuut ’n waardering vir die NG Kerk as instelling gekweek word?

Die bogenoemde, genoem as voorbeelde, tesame met die ander uitdagings van Hoofstuk 5, verg verdere nadenke en modelering wat op die terrein van ander teologiese vakgebiede lê.

## 6.7 SLOTGEDAGTE

Die studie is ingelei deur die gedagte van Hanekom (2010:18):

“Om in hierdie dae...oor nuwe tendense in die kerk te skryf, is nie maklik nie. Die rede hiervoor is dat ons in ’n tyd van groeiende kompleksiteit en diversiteit leef. Dit het die gevolg dat patrone of tendense nie so duidelik sigbaar is nie.”

Dít was die skrywer se ervaring in sy nadenke omtrent die komplekse en diverse invloed van sekularisasie. Daarom is dit nie maklik om eenvoudige antwoorde te bied omtrent hoe die kerk dié invloede te bowe kan kom nie. Ten opsigte hiervan sluit die skrywer by die volgende gedig aan:

**Oorweging**

Wat slegs as moontlikheid bestaan
hou veilig en versekerd aan
wyl wat as feit geboekstaaf staan
reeds besig is om te vergaan.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Elizabeth Eybers, *Oorweging* uit Winter-surplus, 1999
(Brink, 2000:233)

Dit wat nog nie ondersoek is nie, kan nie verklaar en verreken word nie. Dit wat wel ondersoek en gevolglik verklaar kan word, word van kennis geneem. Dié insigte vind vir ’n tyd inslag en dan vergaan dit soos nuwe insigte na vore kom. Die skrywer is deeglik daarvan bewus dat dit ook die geval is (en sal wees) met dít wat in hierdie studie geboekstaaf staan.

© University of Pretoria

## Bibliografie


1. **Agenda van die elfde sitting van die Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Pretoria.** 13-19 Oktober 2002.
2. ALGEMENE SINODE. 2013. **Moderamen.** [Web:] http://www.as.2013.co.za [Datum van gebruik: 13 Feb. 2014].
3. ANON. 2006. **Kerk moet onbeskaamd plek vir Afrikaners wees.** *Kerkbode*:15, Febr. 10.
4. AVIS, P. 2003. **A church drawing near. Spirituality and mission in a post-Christian culture.** London : T&T Clark International.
5. BABBIE, E.R. 2001. **The practice of social research.** 9th ed. Belmont, CA : Wadsworth/Thomson Learning.
6. BALCOMB, A. 2001. **Evangelicals and democracy in South Africa: helpers or hinderers, another look, another method**. *Journal of Theology for Southern Africa*, 109:3-15, March.
7. BATE, S.C. 2005. **The church and the culture of the networked world**. *Journal of Theology for Southern Africa,* 121:19-33, March.
8. BEDFORD-STROHM, H. 2006. **Public Theology and the Global Economy. Ecumenical Social Thinking between Fundamental Criticism and Reform.** (Voordrag gelewer tydens 'n openbare lesing by die Teologiese Fakulteit aan die Universiteit van Pretoria op 31 Julie 2006.) Pretoria. 16 p. (Ongepubliseer.)
9. BERGER, P.L. 1990. **The sacred canopy. Elements of a sociological theory of religion.** New York, NY : Anchor Books.
10. BERGER, P. & LUCKMANN, T. 1966. **The social construction of reality. A treatise in the sociology of knowledge.** New York, NY : Doubleday.
11. BRINK, A.P., *red*. 2000. **Groot Verseboek**. Kaapstad : Tafelberg Uitgewers.
12. BOFF, L. 1989. **The contribution of liberation theology to a new paradigm.** (*In* Küng, H. & Tracy, D., *eds*. Paradigm change in theology - A symposium for the future. New York, NY : The Crossroad Publishing Company. p. 408-423.)
13. BOSHOFF, H. 1995. **Die kerk in die nuwe Suid-Afrika**. Potchefstroom : s.n. (sine nomine)


© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




14. BRAUER, J. 1989. **A paradigm for theology? Introductory remarks.** (*In* Küng, H. & Tracy, D., *eds*. Paradigm change in theology - A symposium for the future. New York, NY : The Crossroad Publishing Company. p. 205-211.)

15. BURGER, C. 2001. **Ons weet aan wie ons behoort. Nuut gedink oor ons gereformeerde tradisie.** Wellington : Lux Verbi.BM.

16. BURGER, C. 2005. **Diversiteit en identiteit.** *Kerkbode*:7, Mrt. 25.

17. CADY, L.E. 2010. **Reading Secularism through a Theological Lens.** (*In* Cady, L.E. & Hurd, E.S., *eds*. Comparative Secularisms in a Global Age. New York, NY : Palgrave Macmillan. p. 247-264.)

18. CADY, L.E. & HURD, E.S. 2010. **Comparative Secularisms and the Politics of Modernity: An Introduction.** (*In* Cady, L.E. & Hurd, E.S., *eds*. Comparative Secularisms in a Global Age. New York, NY : Palgrave Macmillan. p. 3-24.)

19. CHAPMAN, M.D. 2004. **Pluralism and moral regeneration: building community in South African perspective.** *Journal of Theology for Southern Africa,* 119:4-18, July.

20. COBB, J.B. jnr. 1996. **The multifaceted future of theology.** (*In* Volf, M., Krieg, C. & Kucharz, T., *eds.* The future of theology. Grand Rapids, MI : Eerdmans Publishing Co. p. 196-204.)

21. CONRADIE, E. 2012. **Verbruikerskultuur – simptoom van 'n siek samelewing?** *Kruisgewys*, 12/1:4-5, Maart.

22. CRESWELL, J.W. 1998. **Qualitative inquiry and research design: choosing among five traditions.** Thousand Oaks, CA : Sage Publications Ltd.

23. CZEGLÉDY, A.P. 2008. **A New Christianity for a New South Africa: Charismatic Christians and the Post-Apartheid Order**. *Journal of Religion in Africa*, 38(3): 284-311.

24. DALFERTH, I.U. 1996. **Time for God's presence.** (*In* Volf, M., Krieg, C. & Kucharz, T., *eds.* The future of theology. Grand Rapids, MI : Eerdmans Publishing Co. p. 127-141.)

25. DAVIE, G. 1999. **Europe: The exception that proves the rule?** (*In* Berger, P.L., *ed*. The desecularization of the world: resurgent religion and world politics. Grand Rapids, MI : Eerdmans Publishing Company. p. 65-83.)


© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



26. DE GRUCHY, J. 1990. **The Church and the struggle for a democratic South Africa**. (*In* Prozesky, M., *ed.* Christianity in South Africa. Bergvlei : Southern Book Publishers (Pty) Ltd. p. 219-232.)

27. DEGENAAR, J. 1974. **The changed view of man**. *Journal of Theology for Southern Africa*, 6:50-64, March.

28. DEKKER, G. 1997. **Godsdienst en samenleving: Inleiding tot de studie van de godsdienstsociologie.** 4de druk. Kampen : Uitgeverij Kok.

29. DE KLERK, B. & VAN HELDEN, P. 2011. **Oorsake van kerkkrimping binne die tradisioneel Afrikaanssprekende gereformeerde kerke in Suid-Afrika.** *Verbum et Ecclesia*, 32(1):1-10.

30. DELPORT, C.S.L., & FOUCHÉ, C.B. 2002. **The qualitative research report**. (*In* De Vos, A.S., *ed.* Research at grass roots [for social sciences and human service professions]. 2nd ed. Pretoria : Van Schaik Publishers. p. 356-359.)

31. DE VILLIERS, E. 1986. **Kritiek uit die ekumene.** (*In* Kinghorn, J., *red.* Die NG Kerk en Apartheid. Johannesburg : Macmillan Uitgewers (Edms.) Bpk. p. 144-164.)

32. DE VILLIERS, J. 2012. **NGK-lidmate 20000 minder in een jaar**. *Rapport*:10, Feb. 19.

33. DE VOS, A.S. 2002. **Qualitative data analysis and interpretation**. (*In* De Vos, A.S., *ed.* Research at grass roots [for social sciences and human service professions]. 2nd ed. Pretoria : Van Schaik Publishers. p. 339-355.)

34. DE WET, D. 2011. **Die krisis in gesinne – Deel 1** [E-pos aan:] Kruger, P. (pkkruger@telkomsa.net) Jul 16.

35. **Die Kerkorde van NG Sinode Hoëveld.** 2012.

36. DURAND, J. 2002. **Ontluisterde wêreld: Die Afrikaner en sy kerk in 'n veranderde Suid-Afrika.** Wellington : Lux Verbi.BM.

37. DU TOIT, C. 1999. **The quest for African identity and the concept of nation-building as motives in the reconstruction of South African society.** (*In* Walsh T.G. & Kaufmann F., *eds*. Religion and social transformation in South Africa. St Paul, MN : Paragon House. p. 1-23.)

38. DU TOIT, C.W. 2007. **Seasons in theology. Inroads of postmodernism, reference and representation.** Pretoria : Research Institute for Theology and Religion, UNISA.

© University of Pretoria

39. ERASMUS, J.C., GOUWS, A. & VAN DER MERWE, W. 2009. **Changing Landscapes of Welfare, Religion and Gender: The Impact on the Role of the Churches**. *Journal of Theology for Southern Africa*, 133:8-25, March.

40. ESTERHUYSE, W.P. 2001. **Before the next rains: from apartheid to transformation.** (*In* Hofmeyr, J.W., Lombaard, C.J.S. & Maritz, P.J., *eds*. Perspectives on Christianity: 1948 plus fifty years. Theology, Apartheid and Church: Past, Present and Future). Pretoria. p. 187-200. (Series 5, Volume 1: Institute for Missiological and Ecumenical Research.)

41. FOUCHÉ, C.B. 2002a. **Problem formulation.** (*In* De Vos, A.S., *ed.* Research at grass roots [for social sciences and human service professions]. 2nd ed. Pretoria : Van Schaik Publishers. p. 104-113.)

42. FOUCHÉ, C.B. 2002b. **Research strategies.** (*In* De Vos, A.S., *ed.* Research at grass roots [for social sciences and human service professions]. 2nd ed. Pretoria : Van Schaik Publishers. p. 270-277.)

43. FOUCHÉ, C.B. & DELPORT, C.S.L. 2002. **The place of theory and the literature review in the qualitative approach of research.** (*In* De Vos, A.S., *ed.* Research at grass roots [for social sciences and human service professions]. 2nd ed. Pretoria : Van Schaik Publishers. p. 265-269.)

44. GAUM, F.M. 1981. **Die kerk en die toekoms van Suid-Afrika.** Pretoria : NG Kerkboekhandel Transvaal.

45. GAUM, F.M., *samesteller*. 1997. **Die verhaal van die Ned Geref Kerk se reis met apartheid 1960 - 1994.** Wellington : Hugenote-Uitgewers (Algemene Sinodale Kommissie).

46. GAUM, F.M. 2002. **Vierde era: 1962-2002.** (*In* Hofmeyr G., *red.* NG Kerk 350 - Eenhonderd bakens in die geskiedenis van die Nederduitse Gereformeerde Kerk 1652-2002. Wellington : Lux Verbi.BM. p. 196-197.)

47. GAUM, F.M. 2011. **Fluit-Fluit, die kerk is uit?** Wellington : Bybelmedia.

48. GERGEN, K.J. 1991. **The saturated self: dilemmas of identity in contemporary life**. New York, NY : Basic Books.

49. GERMOND, P. 2004. **Sex in a globalizing world: the South African churches and the crisis of sexuality**. *Journal of Theology for Southern Africa*, 119:46-68, July.

© University of Pretoria

50. GERRISH, B. 1989. **From 'Dogmatik' to 'Glaubenslehre': A paradigm change in modern theology?** (*In* Küng, H. & Tracy, D., *eds*. Paradigm change in theology - A symposium for the future. New York, NY : The Crossroad Publishing Company. p. 161-173.)

51. GEYSER, T. 2012. **Die Ontluikende Kerke: Dit is ook die hoofstroomkerk**. *Kerkbode*:16, Mei. 4.

52. **Global index of religiosity and atheism.** 2012. RedC Opinion Poll, WIN-Gallup International. :1-25.

53. GROENEWALD, J. 1986. **Die uitwerking van apartheid: Sosiologiese aspekte.** (*In* Kinghorn, J., *red.* Die NG Kerk en Apartheid. Johannesburg : Macmillan Uitgewers (Edms.) Bpk. p. 18-43.)

54. GRUNDLINGH, A. 2001. **Die Anglo-Boereoorlog in die bewussyn van 20ste-eeuse Afrikaners.** (*In* Pretorius, F., *red.* Verskroeide aarde. Kaapstad : Human & Rousseau (Edms.) Bpk. p. 242-265.)

55. **Handelinge van die agste Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Bloemfontein**. 16-25 Oktober 1990. (p. 457-748.)

56. **Handelinge van die twaalfde Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Hartenbos**. 10-15 Oktober 2004. (p. 270-452.)

57. **Handelinge van die twintigste vergadering van die NG Sinode Hoëveld van die Nederduitse Gereformeerde Kerk gehou in Alberton**. 17-19 April 2012.

58. HANEKOM, B. 2007. **Nuutste tendense in die NG Kerk.** *Kerkbode*:9, Okt. 12.

59. HANEKOM, B. 2010. **Nuwe tendense in die NG Kerk.** *Kerkbode*:18, Jun. 4.

60. HANEKOM, B. 2011. **As 'n kerk hoop verloor.** *Kerkbode*:8, Aug. 5.

61. HEYNS, J.A. 1969. **Sterwende Christendom?** Kaapstad : Tafelberg-Uitgewers.

62. HOFMEYR, J.W. 2002. **Die NG Kerk en kerkwees in ons tyd.** (*In* Du Toit, P.R., Hofmeyr, J.W., Strauss, P.J. & Van der Merwe, J.M. Moeisame pad na vernuwing. Die NG Kerk se pad van isolasie en die soeke na 'n nuwe relevansie 1974-2002. Bloemfontein : Barnabas. p. 1-50.)

63. HÖLSCHER, L. 2010. **Europe in the Age of Secularisation.** (*In* Brown, C.G. & Snape, M., *eds.* Secularisation in the Christian World. Surrey : Ashgate Publishing Ltd. p. 197-204.)

64. HUGO, R. 2010. **Lidmate vra na insig en wysheid.** *Kerkbode*:18, Nov. 5.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




65. JACKSON, N. 2010. **Jong Afrikaners se denke oor seks, vloek verander radikaal**. *Beeld*:1, Jan. 27.

66. JANSEN VAN RENSBURG, N. 2007. **Diversiteit en diskresie merk nou die NG Kerk.** *Kruisgewys*, 7(2):10-11. Aug.

67. JENKINS, P. 2002. **The next Christendom - the coming of global Christianity.** New York, NY : Oxford University Press.

68. JOHNSTONE, R.L. 1988. **Religion in society. A Sociology of Religion.** Englewood Cliffs, NJ : Prentice Hall.

69. JONKER, W.D. 1998. **Selfs die Kerk kan verander.** Kaapstad : Tafelberg-Uitgewers.

70. JORDAAN, W. 2012. **Kerkspanning tussen tradisie en vernuwing**. *Beeld*:22, Nov. 28.

71. KING, M. 2009. **Postsecularism. The hidden challenge to extremism.** Cambridge : James Clarke & Co.

72. KINGHORN, J. 1986a. **Vormende faktore.** (*In* Kinghorn, J., *red.* Die NG Kerk en Apartheid. Johannesburg : Macmillan Uitgewers (Edms.) Bpk. p. 47-69.)

73. KINGHORN, J. 1986b. **Konsolidasie, rasionalisasie en dogmatisering**. (*In* Kinghorn, J., *red.* Die NG Kerk en Apartheid. Johannesburg : Macmillan Uitgewers (Edms.) Bpk. p. 117-143.)

74. KINGHORN, J. 1986c. **’n Evaluasie van apartheidsteologie.** (*In* Kinghorn, J., *red.* Die NG Kerk en Apartheid. Johannesburg : Macmillan Uitgewers (Edms.) Bpk. p. 167-193.)

75. KIRK, J.A. 2002. **Mission in the West: On the calling of the Church in a postmodern age.** (*In* Foust, T.F., Hunsberger, G.R., Kirk. J.A. & Ustorf, W., *eds*. A scandalous prophet. The way of mission after Newbigin. Grand Rapids, MI : Eerdmans Publishing Co. p. 115-127.)

76. KLAASING, H. 2011. **Dan word diversiteit skeefgetrek.** *Kerkbode*:11, Aug. 5.

77. KOTZE, J.C.G. s.a. (sine anno). **Die kerk op sy soektog – die verkenning**. Kaapstad : NG Kerk-uitgewers.

78. KÖNIG, A. 2012. **Die Ontluikende Kerke: Het ons ’n alternatief?** *Kerkbode*:17, Mei. 4.


© University of Pretoria

79. KOOPMAN, N. 2003. **Some comments on public theology today.** *Journal of Theology for Southern Africa*, 117:3-19, November.

80. KÜNG, H. 1989. **What does a change in paradigm mean?** (*In* Küng, H. & Tracy, D., *eds*. Paradigm change in theology - A symposium for the future. New York, NY : The Crossroad Publishing Company. p. 212-219.)

81. LATEGAN, L.O.K. 2004. **Remarks on the church in the consumer society: similarities and dissimilarities**. *Acta Theologica* 24(2):68-80, Desember.

82. LOUW, L. 2010. **Het die toekoms 'n kerk?** *Kerkbode*:18, Mei. 21.

83. LUBBE, G. 1990. **Religious pluralism and Christianity in South Africa**. (*In* Prozesky, M., *ed*. Christianity in South Africa. Bergvlei : Southern Book Publishers (Pty) Ltd. p. 208-216.)

84. MACLURE, J. & TAYLOR, C. 2011. **Secularism and freedom of conscience.** Cambridge MA : Harvard University Press.

85. MANN, A. 1998. **The in-between church. Navigating size transitions in congregations**. Washington, DC : Alban Institute.

[Web:] http://fhv1.fhview.com/imageroot/50000/1000/613TH/File/ToolBoxDocuments/ ChurchSizeDynamics.ppt#261,5,Four Basic Dynamics

86. MARSHALL, C. & ROSSMAN, G.B. 1999. **Designing qualitative research.** 3rd ed. Thousand Oaks, CA : Sage Publications Ltd.

87. MARTIN, D. 2005. **On secularization: towards a revised general theory**. Aldershot : Ashgate.

88. MAY, T. & PERRY, B. 2011. **Social Research & Reflexivity.** London : Sage Publications Ltd.

89. McGUIRE, M.D. 1991. **Religion: The social context.** 3rd ed. Belmont, CA : Wadsworth Publishing Company.

90. MIDDLETON, J.R. & WALSH, B.J. 1995. **Truth is stranger than it used to be. Biblical faith in a postmodern age.** Downers Grove, IL : Intervarsity Press.

91. MOLTMANN, J. 1999. **God for a secular society. The public relevance of theology.** Minneapolis, MN : Fortress Press

92. MOODIE, T.D. 1975. **The rise of Afrikanerdom. Power, apartheid, and the Afrikaner Civil Religion.** Berkeley, CA : University of California Press.

© University of Pretoria

93. MOUTON, J. & MARAIS, H.C. 1991. **Basiese begrippe: metodologie van die geesteswetenskappe.** Pretoria : RGN-Uitgewers.

94. MÜLLER, J. 2005. **My teologiese geloof en gelowige teologie.** *Kruisgewys*, 5(2):19-21.

95. NAUDE, P. 2004. **Is there a future for scholarship? Reformed theological scholarship in a transforming higher education environment**. *Journal of Theology for Southern Africa*, 119:32-45, July.

96. NEL, A. 2003. **Op soek na God...buite die kerk? Wen weer ontnugterde gelowiges se vertrou.** Wellington : Lux Verbi.BM.

97. NIEDER-HEITMANN, J.H. 2003. **The missionary challenge of Christendom and modernity in South Africa: a Dutch Reformed account**. *International Review of Mission*, 92(365):178-191, April.

98. NIEMANDT, N. 2011. **Aanpasbare kerk**. *Kruisgewys.* 11/3:13, September.

99. NIEMANDT, N & CLAASSEN, K. 2012. **Van instandhouding na Gestuurdheid**. *Kruisgewys.* 12/3:4-5, September.

100. NIEMANDT, N. 2013a. **'Ons' en 'hulle': 'n nuwe moontlikheid**. *Kerkbode*:7, Jan. 18.

101. NIEMANDT, N. 2013b. **Die NG Kerk krimp: Waar moet ons die redes soek?** *Kerkbode*:9, Feb. 1.

102. NIGLAS, K. 2000. **Combining quantitative and qualitative approaches.** (Voordrag gelewer by die *European Conference on Educational Research* op 20-23 September 2000.) Edinburgh.

[Web:] http://www.leeds.ac.uk/educol/documents/00001544.htm

103. NORMAN, E.R. 2003. **Secularisation: sacred values in a secular world**. London : Continuum.

104. NORRIS, P. & INGLEHART, R. 2004. **Sacred and secular: Religion and Politics Worldwide.** Cambridge : Cambridge University Press.

105. OLIVIER, A.R. 2002. **Derde era: 1902-1961.** (*In* Hofmeyr G., *red.* NG Kerk 350 - Eenhonderd bakens in die geskiedenis van die Nederduitse Gereformeerde Kerk 1652-2002. Wellington : Lux Verbi.BM. p. 158-159.)

© University of Pretoria

106. OOSTHUIZEN, G.C. 1999. **Indigenous Christianity and the future of the Church in South Africa.** (*In* Walsh T.G. & Kaufmann F., *eds*. Religion and social transformation in South Africa. St Paul, MN : Paragon House. p. 157-173.)

107. OOSTHUIZEN, J. 2010a. **Groter is nie altyd beter**. *Kerkbode*:3, Febr. 5.

108. OOSTHUIZEN, J. 2010b. **Veranderinge noodsaak anders dink en praat oor God.** *Kerkbode*:4, Nov. 5.

109. OOSTHUIZEN, J. 2012. **Kleiner maar ruimer NG Kerk**. *Kerkbode*:3, Mrt. 16.

110. OOSTHUIZEN, J. 2013. **Krimpende kerk nie net sleg.** *Kerkbode*:1, Jan. 18.

111. PIENAAR, A. 2010a. **Postmoderne mens wil in eietydse taal nadink oor God**. *Rapport*:2, Des. 12.

112. PIENAAR, A. 2010b. **Wat oortuig dat God van Israel enigste ware God is?** *Kerkbode*:13, Nov. 19.

113. PIETERSEN, G. 2012. **Die NG Kerk en die 'alien-gevaar'**. *Kerkbode*:16, Mrt. 16.

114. **Ras, Volk en Nasie en Volkereverhoudinge in die lig van die Skrif**. 1975. Kaapstad : NG Kerk-Uitgewers.

115. REID, W.J. & SMITH, A.D. 1981. **Research in social work**. New York : Colombia University Press.

116. ROSSOUW, G.J. 2001. **Essentials of apartheid.** (*In* Hofmeyr, J.W., Lombaard, C.J.S. & Maritz, P.J., *eds*. Perspectives on Christianity: 1948 plus fifty years. Theology, Apartheid and Church: Past, Present and Future). Pretoria. p. 88-104. (Series 5, Volume 1: Institute for Missiological and Ecumenical Research.)

117. SCHAEFER, R.T. 1989. **Sociology. 3rd ed.** New York, NY : McGraw-Hill.

118. SCHILLEBEECKX, E. 1989. **The role of history in what is called the new paradigm.** (*In* Küng, H. & Tracy, D., *eds*. Paradigm change in theology - A symposium for the future. New York, NY : The Crossroad Publishing Company. p. 307-319.)

119. SCHOEMAN, K. 2013. **Tien sterk punte wat die spieël ons wys.** *Kruisgewys*, 13/2:12-13, Junie.

120. SCHREUDER, N. 2002. **1994. Toekomsskok of toekomsvisie?** (*In* Hofmeyr G., *red.* NG Kerk 350 - Eenhonderd bakens in die geskiedenis van die Nederduitse Gereformeerde Kerk 1652-2002. Wellington : Lux Verbi.BM. p. 226-227.)

© University of Pretoria

121. SCHWARTZ-SHEA, P. & YANOW, D. 2012. **Interpretive Research Design. Concepts and Processes.** New York, NY : Routledge.

122. SHUTTE, A. 1992. **The possibility of faith today**. *Journal of Theology for Southern Africa*, 80:14-23, September.

123. SHUTTE, A. 2006. **Conceptualising Christian faith in a scientific and secular culture.** *Journal of Theology for Southern Africa*, 124:33-55, March.

124. SILVERMAN, D. 2011. **Interpreting qualitative data. 4th ed.** London : Sage Publications Ltd.

125. SMIT, D.J. 2001. **Has there been any change? On the role of the Dutch Reformed Church 1974-1990.** *Scriptura*, 76:119-126.

126. STACKHOUSE, M.L. 1995. **Christian social ethics in a global era: Reforming Protestant views.** (*In* Stackhouse, M.L., *ed*. Christian social ethics in a global. Nashville, TN : Abingdon Press. p. 11-73.)

127. STEYN, G.J. 2006. **Die NG Kerk se identiteitskrisis. Deel 2: Huidige bewegings, tendense of mutasies.** [E-pos aan:] Kruger, P. (pkkruger@telkomsa.net) Sept. 30.

128. STRUWIG, F.W. & STEAD, G.B. 2001. **Planning, designing and reporting research**. Kaapstad : Pearson Education South Africa.

129. TABER, C.R. 2002. **The Gospel as authentic meta-narrative.** (*In* Foust, T.F., Hunsberger, G.R., Kirk. J.A. & Ustorf, W., *eds*. A scandalous prophet. The way of mission after Newbigin. Grand Rapids, MI : Eerdmans Publishing Co. p. 182-194.)

130. TAYLOR, C. 2007. **A secular age**. Cambridge : Harvard University Press.

131. THOMAS, R.M. 2003. **Blending qualitative and quantitative research methods in theses and dissertations.** Thousand Oaks, CA : Corwin Press, Inc.

132. TURNER, B.S. 2011. **Religion and modern society. Citizenship, Secularisation and the State.** Cambridge : Cambridge University Press.

133. TURNER, H.W. 1979. **A model for the structure of religion in relation to the secular**. *Journal of theology for Southern Africa*, 27:42-64, June.

134. TURNER, H.W. 1980. **Theological and religious studies in South Africa: Reflections of a visitor**. *Journal of theology for Southern Africa*, 30:3-18, March.

135. VAN DER MERWE, J.M., 2002. **Die NG Kerk en die samelewing.** (*In* Du Toit, P.R., Hofmeyr, J.W., Strauss, P.J. & Van der Merwe, J.M. Moeisame pad na

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



vernuwing. Die NG Kerk se pad van isolasie en die soeke na ‘n nuwe relevansie 1974-2002. Bloemfontein : Barnabas. p. 51-130.)

136. VAN DER WALT, B.J. 1999. **Godsdiens en samelewing - Christelike betrokkenheid op die markplein.** Potchefstroom : s.n. (Reeks F3: Versamelwerke van die Instituut vir Reformatoriese Studie, 1999:51.)

137. VAN DER WALT, E.J. 2002. **Verwysings.** Potchefstroom : s.n. (Reeks: Wetenskaplike Vaardighede.)

138. VAN DYK, B. & NEL, M. 2011. **Vinnige verandering vra aanpasbaarheid**. *Kruisgewys*, 11/3:8.

139. VAN JAARSVELD, F.J. 2001. **Die rol van Godskonsepte vir pastorale terapie: ’n konstrukteoretiese benadering.** Bloemfontein : UOVS. (Proefskrif - Phd)

140. VAN NIEKERK, A.S. 2001. **“But where’s the bloody horse?” Die NG-teologie in Afrika.** *Verbum et Ecclesia*, 22(2):418-433.

141. VAN NIEKERK, A. 2005. **Vrye Afrikaan slaan hard. Begriplose kritiek.** *Kerkbode*:7, Sept. 9.

142. VAN NIFTRIK, G.C. 1971. **Het bestaan van God in die kentering van deze tyd.** Den Haag : J.N. Voorhoeve.

143. VAN RENSBURG, J. 2010. **Wat is verkeerd met ons belydenisskrifte?** *Kerkbode*:21, Nov. 19.

144. VAN WYK, C. 2013a. **Só word gemeentelede se geloof gespieël.** *Kruisgewys*, 13/2:7, Junie.

145. VAN WYK, C. 2013b. **Die spieël wys tien uitdagings.** *Kruisgewys*, 13/2:14, Junie.

146. VOS, CJA. 1995. **Die hoorder en sy konteks**. *Skrif en kerk*, 16(1):193-205.

147. WALSH, M. 2001. **Research made real. A guide for students.** Cheltenham : Nelson Thornes Ltd.

148. WESSELS, A. 2001. **Die oorlog se bose kringloop.** (*In* Pretorius, F., *red.* Verskroeide aarde. Kaapstad : Human & Rousseau (Edms.) Bpk. p. 254-257.)

149. WIECHERS, M. 1986. **Die juridiese profiel van apartheid.** (*In* Kinghorn, J., *red.* Die NG Kerk en Apartheid. Johannesburg : Macmillan Uitgewers (Edms.) Bpk. p. 7-17.)

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## BYLAAG 1: STEEKPROEF - OORSPRONKLIKE SELEKSIE VAN GEMEENTES

| Nommer | Sin-Nom | Sinode | Grootte | Gemeente | Lidmate | Vraelyste |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 1 | Oostelike | 0 - 200 | Morgenzon (1) | 156 | 11 |
| 2 | 2 | Oostelike | 0 - 200 | Olifantsfontein (2) | 140 | 10 |
| 3 | 3 | Oostelike | 0 - 200 | Roossenekal (3) | 104 | 7 |
| 4 | 4 | Oostelike | 0 - 200 | Breyten (4) | 148 | 10 |
| 5 | 5 | Oostelike | 0 - 200 | Gravelotte (5) | 103 | 7 |
| 6 | 6 | Oostelike | 200 - 800 | Dennesig (1) | 586 | 41 |
| 7 | 7 | Oostelike | 200 - 800 | Hazyview (2) | 376 | 27 |
| 8 | 8 | Oostelike | 200 - 800 | Krielpark (3) | 637 | 45 |
| 9 | 9 | Oostelike | 200 - 800 | Lyttelton (4) | 600 | 42 |
| 10 | 10 | Oostelike | 200 - 800 | Machado-Boven (5) | 317 | 22 |
| 11 | 11 | Oostelike | 200 - 800 | Premiermyn (6) | 515 | 36 |
| 12 | 12 | Oostelike | 200 - 800 | Volksrust (7) | 324 | 23 |
| 13 | 13 | Oostelike | 200 - 800 | Barberton (8) | 686 | 48 |
| 14 | 14 | Oostelike | 800 - 1500 | Nelspruit (1) | 1067 | 75 |
| 15 | 15 | Oostelike | 800 - 1500 | Pretoria – Faerie Glen (2) | 968 | 68 |
| 16 | 16 | Oostelike | 800 - 1500 | Witbank-Panorama (3) | 1126 | 79 |
| 17 | 17 | Oostelike | 800 - 1500 | Ermelo (4) | 905 | 64 |
| 18 | 18 | Oostelike | > 1500 | Moreletapark (1) | 14543 | 1026 |
| 19 | 19 | Oostelike | > 1500 | Skuilkrans (2) | 3381 | 239 |
| 20 | 20 | Oostelike | > 1500 | Elarduspark (3) | 4089 | 289 |
| 21 | 21 | Oostelike | > 1500 | Lynnwoodrif (4) | 1952 | 138 |
| | | | | | 32723 | 2309 |
| 22 | 1 | Hoëveld | 0 - 200 | Effata (1) | 122 | 9 |
| 23 | 2 | Hoëveld | 0 - 200 | Selcourt (2) | 168 | 12 |
| 24 | 3 | Hoëveld | 0 - 200 | Westdene (3) | 116 | 8 |
| 25 | 4 | Hoëveld | 200 - 800 | Townsview (1) | 534 | 38 |
| 26 | 5 | Hoëveld | 200 - 800 | Waterval (2) | 248 | 17 |
| 27 | 6 | Hoëveld | 200 - 800 | Alberton-Oos (3) | 552 | 39 |
| 28 | 7 | Hoëveld | 200 - 800 | Benoni-Noord (4) | 369 | 26 |
| 29 | 8 | Hoëveld | 200 - 800 | Boksburg-Wes (5) | 411 | 29 |
| 30 | 9 | Hoëveld | 200 - 800 | Brakpan-Oos (6) | 572 | 40 |
| 31 | 10 | Hoëveld | 200 - 800 | Dalview (7) | 586 | 41 |
| 32 | 11 | Hoëveld | 200 - 800 | Dinwiddie (8) | 794 | 56 |
| 33 | 12 | Hoëveld | 200 - 800 | Elsburg-Suid (9) | 724 | 51 |
| 34 | 13 | Hoëveld | 200 - 800 | Farrarmere (10) | 685 | 48 |
| 35 | 14 | Hoëveld | 200 - 800 | Grootvlei (11) | 360 | 25 |
| 36 | 15 | Hoëveld | 200 - 800 | Kroonrand (12) | 220 | 16 |
| 37 | 16 | Hoëveld | 200 - 800 | Melville Kruisgemeente (13) | 580 | 41 |

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 38 | 17 | Hoëveld | 200 - 800 | Nigel-Suid (14) | 688 | 49 |
| 39 | 18 | Hoëveld | 200 - 800 | Presidentsoord (15) | 537 | 38 |
| 40 | 19 | Hoëveld | 200 - 800 | Randburg (16) | 629 | 44 |
| 41 | 20 | Hoëveld | 200 - 800 | Sonhoogte (17) | 694 | 49 |
| 42 | 21 | Hoëveld | 200 - 800 | Standerton-Wes (18) | 465 | 33 |

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 43 | 22 | Hoëveld | 800 - 1500 | Witfield (1) | 1067 | 75 |
| 44 | 23 | Hoëveld | 800 - 1500 | Boksburg-Oos (2) | 1164 | 82 |
| 45 | 24 | Hoëveld | 800 - 1500 | Dalpark (3) | 1403 | 99 |
| 46 | 25 | Hoëveld | 800 - 1500 | Heidelberg (4) | 1399 | 99 |
| 47 | 26 | Hoëveld | 800 - 1500 | Selectionpark (5) | 825 | 58 |

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 48 | 27 | Hoëveld | > 1500 | Fontainebleau (1) | 1901 | 134 |
| 49 | 28 | Hoëveld | > 1500 | Secunda (2) | 2006 | 142 |
| 50 | 29 | Hoëveld | > 1500 | Weltevreden (3) | 4145 | 292 |
| | | | | | 23964 | 1691 |

| | | |
|---|---|---|
| GROOTTOTAAL | 56687 | 4000 |

© University of Pretoria

## BYLAAG 2: STEEKPROEF - FINALE SELEKSIE VAN GEMEENTES

| Nommer | Sin-Nom | Sinode | Grootte | Gemeente | Lidmate | Vraelyste |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 1 | Oostelike | 0 - 200 | Morgenzon (1) | 156 | 11 |
| 2 | 2 | Oostelike | 0 - 200 | Olifantsfontein (2) | 140 | 10 |
| 3 | 3 | Oostelike | 0 - 200 | Roossenekal (3) | 104 | 7 |
| 4 | 4 | Oostelike | 0 - 200 | Breyten (4) | 148 | 10 |
| 5 | 5 | Oostelike | 0 - 200 | Gravelotte (5) | 103 | 7 |
| 6 | 6 | Oostelike | 200 - 800 | Dennesig (1) | 586 | 41 |
| 7 | 7 | Oostelike | 200 - 800 | Hazyview (2) | 376 | 27 |
| 8 | 8 | Oostelike | 200 - 800 | Krielpark (3) | 637 | 45 |
| 9 | 9 | Oostelike | 200 - 800 | Lyttelton (4) | 600 | 42 |
| 10 | 10 | Oostelike | 200 - 800 | Machado-Boven (5) | 317 | 22 |
| 11 | 11 | Oostelike | 200 - 800 | Premiermyn (6) | 515 | 36 |
| 12 | 12 | Oostelike | 200 - 800 | Volksrust (7) | 324 | 23 |
| 13 | 13 | Oostelike | 200 - 800 | Barberton (8) | 686 | 48 |
| 14 | 14 | Oostelike | 800 - 1500 | Tzaneen | 1067 | 80 |
| 15 | 15 | Oostelike | 800 - 1500 | Pretoria – Faerie Glen (2) | 968 | 68 |
| 16 | 16 | Oostelike | 800 - 1500 | Witbank-Panorama (3) | 1126 | 79 |
| 17 | 17 | Oostelike | 800 - 1500 | Ermelo (4) | 905 | 64 |
| 18 | 18 | Oostelike | > 1500 | Moreletapark (1) | 14543 | 1026 |
| 19 | 19 | Oostelike | > 1500 | Skuilkrans (2) | 3381 | 239 |
| 20 | 20 | Oostelike | > 1500 | Elarduspark (3) | 4089 | 289 |
| 21 | 21 | Oostelike | > 1500 | Lynnwoodrif (4) | 1952 | 138 |
| | | | | | 32723 | 2309 |
| 22 | 1 | Hoëveld | 0 - 200 | Alberton-Noord | 192 | 14 |
| 23 | 2 | Hoëveld | 0 - 200 | Selcourt (2) | 168 | 12 |
| 24 | 3 | Hoëveld | 0 - 200 | Westdene (3) | 116 | 8 |
| 25 | 4 | Hoëveld | 200 - 800 | Townsview (1) | 534 | 38 |
| 26 | 5 | Hoëveld | 200 - 800 | Waterval (2) | 248 | 17 |
| 27 | 6 | Hoëveld | 200 - 800 | Alberton-Oos (3) | 552 | 39 |
| 28 | 7 | Hoëveld | 200 - 800 | Benoni-Noord (4) | 369 | 26 |
| 29 | 8 | Hoëveld | 200 - 800 | Boksburg-Wes (5) | 411 | 29 |
| 30 | 9 | Hoëveld | 200 - 800 | Brakpan-Oos (6) | 572 | 40 |
| 31 | 10 | Hoëveld | 200 - 800 | Dalview (7) | 586 | 41 |
| 32 | 11 | Hoëveld | 200 - 800 | Dinwiddie (8) | 794 | 56 |
| 33 | 12 | Hoëveld | 200 - 800 | Elsburg-Suid (9) | 724 | 51 |
| 34 | 13 | Hoëveld | 200 - 800 | Farrarmere (10) | 685 | 48 |
| 35 | 14 | Hoëveld | 200 - 800 | Grootvlei (11) | 360 | 25 |
| 36 | 15 | Hoëveld | 200 - 800 | Kroonrand (12) | 220 | 16 |
| 37 | 16 | Hoëveld | 200 - 800 | Melville Kruisgemeente (13) | 580 | 41 |

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 38 | 17 | Hoëveld | 200 - 800 | Nigel-Suid (14) | 688 | 49 |
| 39 | 18 | Hoëveld | 200 - 800 | Presidentsoord (15) | 537 | 38 |
| 40 | 19 | Hoëveld | 200 - 800 | Randburg (16) | 629 | 44 |
| 41 | 20 | Hoëveld | 200 - 800 | Sonhoogte (17) | 694 | 49 |
| 42 | 21 | Hoëveld | 200 - 800 | Standerton-Wes (18) | 465 | 33 |
| 43 | 22 | Hoëveld | 800 - 1500 | Witfield (1) | 1067 | 75 |
| 44 | 23 | Hoëveld | 800 - 1500 | Boksburg-Oos (2) | 1164 | 82 |
| 45 | 24 | Hoëveld | 800 - 1500 | Dalpark (3) | 1403 | 99 |
| 46 | 25 | Hoëveld | 800 - 1500 | Heidelberg (4) | 1399 | 99 |
| 47 | 26 | Hoëveld | 800 - 1500 | Selectionpark (5) | 825 | 58 |
| 48 | 27 | Hoëveld | > 1500 | Fontainebleau (1) | 1901 | 134 |
| 49 | 28 | Hoëveld | > 1500 | Secunda (2) | 2006 | 142 |
| 50 | 29 | Hoëveld | > 1500 | Weltevreden (3) | 4145 | 292 |
| | | | | | 24034 | 1691 |
| | | | | GROOTTOTAAL | 56757 | 4010 |

© University of Pretoria

## BYLAAG 3: GEÏNFORMEERDE TOESTEMMINGSVORM

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Fakulteit Teologie
Departement Kerkgeskiedenis en Kerkreg

## Aan die respondent: Ingeligte toestemming

1. **Titel van die ondersoek**.
   Die invloed van sekularisasie op die Nederduitse Gereformeerde Kerk: 'n Kerkhistories-sosiologiese ondersoek.
2. **Doel van die ondersoek**.
   Die doelwitte van die studie is om die invloed van sekularisasie na te speur deur te kyk hoe die samelewing toenemend onafhanklik raak van godsdiens en die kerklike lewe, hoe dit die godsdienstige opvattings van individue (lidmate) beïnvloed en hoe die kerk (met fokus op die Nederduitse Gereformeerde Kerk) onder hierdie invloed verander.
3. **Prosedure**.
   Om hierdie doelwitte te bereik, is dit nodig om die mening van lidmate van die NG Kerk te verkry - by wyse van hierdie vraelys. Gemeentes van twee streeksinodes van die NG Kerk (Oostelike Sinode en Sinode Hoëveld) is deur 'n onafhanklike proses sistematies gekies om aan hierdie studie deel te neem. Die Departement Statistiek aan UP was hierin behulpsaam.
   Vanuit elk van die gekose gemeentes word 'n aantal lidmate gekies aan wie hierdie vraelys versprei word. Dit is ook 'n sistematiese verkiesing gebaseer op die aantal lidmate in elke gemeente. Geen name of enige ander persoonlike inligting is bekom of gebruik in hierdie proses nie.
   U plaaslike kerkkantoor help met die verspreiding van die vraelyste en slegs u gemeenteverteenwoordiger wat die vraelys aan u besorg het, weet wie aan die studie deelneem. Wat die navorsing betref, bly u geheel anoniem. Geen persoonlike inligting word hoegenaamd aan die navorser verskaf nie.

   Die vraelys moet asb binne een week na ontvangs voltooi word en aan u gemeenteverteenwoordiger besorg word.
4. **Risiko's**.
   U deelname aan hierdie navorsing hou geen persoonlike risiko's vir u in nie.
5. **Voordele**.
   U deelname aan hierdie navorsing hou ook geen persoonlike voordele vir u of die navorser in nie.
6. **U regte as deelnemer**.
   Deelname is vrywillig en u mag te enige tyd sonder benadeling uit die studie onttrek. Indien u onttrek, kontak asseblief u gemeenteverteenwoordiger onverwyld, aangesien 'n ander persoon dan in u plek moet deelneem. Dit is noodsaaklik dat die aantal voorafbepaalde vraelyste van elke gemeente terugontvang word sodat die wetenskaplikheid van die studie nie in gedrang kom nie.
7. **Vertroulikheid**.
   Alle inligting word as vertroulik beskou en u anonimiteit word verseker. Soos reeds genoem, is net u gemeenteverteenwoordiger gemoeid met die identifisering van deelnemende lidmate ter wille van die verspreiding van die vraelyste.
8. **Reg van toegang tot die navorser**.
   Indien enige twyfel by u ontstaan of indien u enige verduideliking verlang, het u reg tot toegang tot die navorser. Die kontakbesonderhede verskyn onderaan hierdie skrywe. Die navorser onderneem om enige navrae te beantwoord.

Baie dankie

____________________
P Kruger

Datum: ____________________

____________________
Gemeenteverteenwoordiger
(Kontaknommer: __________________)

____________________
Respondent


| | | |
|---|---|---|
| Departement Kerkgeskiedenis en Kerkreg<br>Universiteit van Pretoria<br>Pretoria 0020 Suid-Afrika | Tel Nommer: 012 420 2818 | E-posadres: johan.vdmerwe@up.ac.za<br>www.up.ac.za |
| Navorser: Pieter Kruger | Tel Nommer: 082 686 9217 | E-posadres: pkkruger@telkomsa.net |


© University of Pretoria

## BYLAAG 4: VRAELYS

© University of Pretoria

**Vir Kantoorgebruik**

## ***DIE INVLOED VAN SEKULARISASIE OP DIE NG KERK***

Respondentnommer

V1 | | | | | 1

***Beantwoord die vrae of stellings deur die mees geskikte nommer binne 'n gearseerde blokkie te omkring of skryf jou antwoord binne die gearseerde spasie wat voorsien is.***

### ***AFDELING A*** ***DEMOGRAFIESE INLIGTING***

**1.** Wat is u **ouderdom** (tot die naaste jaar)?

| |
|---|
| |

V2 | | | 6

**2.** Aan watter **bevolkingsgroep** behoort jy?

| | |
|---|---|
| Wit | **1** |
| Swart | **2** |
| Bruin | **3** |
| Indiër | **4** |
| Ander (beskryf asb.): | |

V3 | | 9

**3.** Waar is u tans **woonagtig**?

| | |
|---|---|
| In 'n stad | **1** |
| In 'n groot dorp | **2** |
| In 'n klein dorp | **3** |
| In landelike gebied | **4** |

V4 | | 11

**4.** Hoe **groot** skat u is u **gemeente**?

| | |
|---|---|
| 200 tot minder lidmate | **1** |
| Meer as 200 tot 800 lidmate | **2** |
| Meer as 800 tot 1500 lidmate | **3** |
| Meer as 1500 lidmate | **4** |

V5 | | 13

***AFDELING B:*** ***volg op die volgende bladsy ...***



© University of Pretoria

**Vir Kantoorgebruik**

## ***AFDELING B*** ***SOSIALE KONSTRUKTE***

**5.** **Lees** die **vrae** wat hieronder voorkom en **beantwoord** almal **op die skaal** wat voorsien is.

| | In 'n baie groot mate | In 'n groot mate | In 'n mindere mate | In 'n baie klein mate | Vir Kantoorgebruik | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Deel u die sosiale oortuigings van die samelewing waarin u leef? | 4 | 3 | 2 | 1 | V6 | 15 |
| Dink u gereeld na omtrent die invloed van die samelewing se sosiale oortuigings op u eie lewe? | 4 | 3 | 2 | 1 | V7 | 17 |
| Dink u dat sosiale oortuigings met verloop van tyd verander? | 4 | 3 | 2 | 1 | V8 | 19 |
| Meen u dat veranderende sosiale oortuigings die sosiale opset van die samelewing kan verander? | 4 | 3 | 2 | 1 | V9 | 21 |
| Beleef u dat veranderende sosiale oortuigings die sosiale opset wat voorheen gegeld het, laat disintegreer? | 4 | 3 | 2 | 1 | V10 | 23 |
| Voel u ontwrig wanneer die bekende sosiale opset van die samelewing verander? | 4 | 3 | 2 | 1 | V11 | 25 |
| Sal u weerstand bied teen sosiale verandering as dit u burgerlike voorregte bedreig? | 4 | 3 | 2 | 1 | V12 | 27 |
| Hanteer u die impak van sosiale verandering deur noodgedwonge met die nuwe sosiale opset te identifiseer? | 4 | 3 | 2 | 1 | V13 | 29 |

**6.** **Lees** die **stellings** wat hieronder voorkom en **beantwoord** almal **op die skaal** wat voorsien is.

| | Stem absoluut saam | Stem saam | Stem nie saam nie | Stem absoluut nie saam nie | Vir Kantoorgebruik | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Die liberale politieke stelsel in Suid-Afrika is vir my aanvaarbaar aangesien my regte as individu beskerm word volgens die handves van menseregte. | 4 | 3 | 2 | 1 | V14 | 31 |
| Solank ek dieselfde tipe leefstyl kan handhaaf as wat ek tans beleef, hinder die liberale politieke stelsel van Suid-Afrika my min. | 4 | 3 | 2 | 1 | V15 | 33 |
| Ek het ten volle by die nuwe multikulturele identiteit van Suid-Afrika aangepas. | 4 | 3 | 2 | 1 | V16 | 35 |
| Ek gebruik steeds die idees van die apartheidskultuur as maatstaf om sosiale gebeurlikhede in Suid-Afrika te beoordeel. | 4 | 3 | 2 | 1 | V17 | 37 |
| Ten spyte van ons demokrasie beleef ek dat die regering steeds etniese verbintenis verpolitiseer. | 4 | 3 | 2 | 1 | V18 | 39 |
| Ten spyte van ons demokrasie is ek van mening dat sosiale klas steeds 'n faktor is vir diskriminasie. | 4 | 3 | 2 | 1 | V19 | 41 |
| Ek voel dat die Afrikaner na die kantlyn verskuif is in die hedendaagse Suid-Afrika. | 4 | 3 | 2 | 1 | V20 | 43 |
| Wat my betref word die demokrasie van Suid-Afrika benadeel deurdat die regering 'n onvermoë het om sosiale kwessies die hoof te bied. | 4 | 3 | 2 | 1 | V21 | 45 |
| Ek dink die hedendaagse klem op die erkenning van individuele regte lei daartoe dat mense hulle nie meer steur aan gemeenskaplike sosiale waardes nie. | 4 | 3 | 2 | 1 | V22 | 47 |

***Vraag 6*** ***word voortgesit op die volgende bladsy ...***



© University of Pretoria

**Vir Kantoorgebruik**

**6. (vervolg)** **Lees** die **stellings** wat hieronder voorkom en **beantwoord** almal **op die skaal** wat voorsien is.

| | Stem absoluut saam | Stem saam | Stem nie saam nie | Stem absoluut nie saam nie | Vir Kantoorgebruik | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| My persoonlike identiteit hang af van die etniese groep waaraan ek behoort. | 4 | 3 | 2 | 1 | V23 | | 49 |
| Ek voel gedwonge om die sosiale identiteit van my etniese groep in my persoonlike lewe te handhaaf. | 4 | 3 | 2 | 1 | V24 | | 51 |
| Die erkenning van my individuele uniekheid binne enige sosiale opset is vir my baie belangrik. | 4 | 3 | 2 | 1 | V25 | | 53 |
| Die vryheid moet my gegun word om by sosiale instellings betrokke te wees soos ek wil. | 4 | 3 | 2 | 1 | V26 | | 55 |

**7.** **Lees** die **stellings** wat hieronder voorkom en **beantwoord** almal **op die skaal** wat voorsien is.

| | In die meeste gevalle | In heelwat gevalle | In min gevalle | In baie min gevalle | Vir Kantoorgebruik | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Ek beskou myself as 'n selfstandige individu wat my eie opinies vryelik kan lug. | 4 | 3 | 2 | 1 | V27 | | 57 |
| Ek is verdraagsaam teenoor kulturele verskeidenheid in ons samelewing. | 4 | 3 | 2 | 1 | V28 | | 59 |
| Ek dink die meeste Afrikaners is tevrede met die demokratisering van Suid-Afrika sedert 1994. | 4 | 3 | 2 | 1 | V29 | | 61 |
| Ek wil die vryheid hê om sonder enige dwang oor my lewenstyl te besluit. | 4 | 3 | 2 | 1 | V30 | | 63 |
| Die Afrikanerverlede is vir my belangrik. | 4 | 3 | 2 | 1 | V31 | | 65 |
| Die ingrypende sosiale veranderinge sedert 1994 het vir my 'n gevoel van blywende ontwrigting meegebring. | 4 | 3 | 2 | 1 | V32 | | 67 |
| Ek voel dat wat in die privaatheid van my huis gebeur, niks met niemand te doen het nie. | 4 | 3 | 2 | 1 | V33 | | 69 |
| Om te werk vir persoonlike voorspoed is vir my 'n prioriteit in my lewe. | 4 | 3 | 2 | 1 | V34 | | 71 |
| Die apartheidskultuur waaraan ek vroeër gewoond was, is in my lewe algaande afgetakel deur die ingrypende sosiale veranderinge sedert 1994. | 4 | 3 | 2 | 1 | V35 | | 73 |

## ***AFDELING C*** ***RELIGIEUSE KONSTRUKSIE***

**8.** **Lees** die **stellings** wat hieronder voorkom en **beantwoord** almal **op die skaal** wat voorsien is.

| | Stem absoluut saam | Stem saam | Stem nie saam nie | Stem absoluut nie saam nie | Vir Kantoorgebruik | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Godsdiens help my om sake omtrent die alledaagse lewe wat moeilik verstaanbaar is, te verklaar. | 4 | 3 | 2 | 1 | V36 | | 75 |
| Na my mening kan godsdiens slegs sosiale invloed hê by wyse van goed-georganiseerde godsdienstige instellings. | 4 | 3 | 2 | 1 | V37 | | 77 |

***Vraag 8*** ***word voortgesit op die volgende bladsy ...***



© University of Pretoria

**Vir Kantoorgebruik**

8. (vervolg) **Lees** die **stellings** wat hieronder voorkom en **beantwoord** almal **op die skaal** wat voorsien is.

| | Stem absoluut saam | Stem saam | Stem nie saam nie | Stem absoluut nie saam nie | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Vir my is goed-gevestigde dogmas nodig vir die beoefening van godsdiens. | 4 | 3 | 2 | 1 | V38 | | 79 |
| Dit is belangrik dat ek geestelik bedien word deur ’n teologies-opgeleide persoon met spesifieke kundighede. | 4 | 3 | 2 | 1 | V39 | | 81 |
| Ek beleef geloofsgemeenskap met ander mense wat dieselfde godsdienstige oortuigings as ek handhaaf. | 4 | 3 | 2 | 1 | V40 | | 83 |
| Ek dink godsdiens speel in die Suid-Afrikaanse samelewing nog ’n belangrike rol. | 4 | 3 | 2 | 1 | V41 | | 85 |
| Aan watter kerklike groepering ’n mens behoort, is vir my ’n saak van persoonlike voorkeur. | 4 | 3 | 2 | 1 | V42 | | 87 |
| Ek het ’n fyn aanvoeling om te onderskei wanneer godsdienstige beskouings beïnvloed word deur sosiale lewensbeskouings. | 4 | 3 | 2 | 1 | V43 | | 89 |
| Ek is daarvan oortuig dat die tye waarin ons bestaan, verandering in my kerk meebring. | 4 | 3 | 2 | 1 | V44 | | 91 |
| Daar vind algaande ’n vervreemding plaas tussen my en die kerk as organisasie. | 4 | 3 | 2 | 1 | V45 | | 93 |
| Die kerk waaraan ek verbonde is, speel nie juis ’n rol as beskermer van etiese waardes in die samelewing nie. | 4 | 3 | 2 | 1 | V46 | | 95 |

9. **Lees** die **stellings** wat hieronder voorkom en **beantwoord** almal **op die skaal** wat voorsien is.

| | In ’n baie groot mate | In ’n groot mate | In ’n mindere mate | In ’n baie klein mate | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Die kerk is vir my steeds van belang. | 4 | 3 | 2 | 1 | V47 | | 97 |
| Die NG Kerk wat ek bywoon se lidmaatbasis bestaan grootliks uit Afrikaners. | 4 | 3 | 2 | 1 | V48 | | 99 |
| Ek dink die NG Kerk is steeds ’n volkskerk omdat dit nog met die Afrikanervolk versmelt is. | 4 | 3 | 2 | 1 | V49 | | 101 |
| Dit is vir my sleg dat die NG Kerk se prominente invloed wat dit voorheen op die regering en samelewing gehad het, dramaties verminder het. | 4 | 3 | 2 | 1 | V50 | | 103 |
| Ek voel soos baie ander mense dat die NG Kerk al meer ongeloofwaardig word. | 4 | 3 | 2 | 1 | V51 | | 105 |
| Ek dink die herenigingspoging van die NG Kerk met die ander kerke van die NG Kerk-familie is maar net om die hedendaagse inklusiewe kultuur te reflekteer. | 4 | 3 | 2 | 1 | V52 | | 107 |
| My gemeente is oop vir andersoortige aanbiddingstyle as wat normaalweg die geval was in die NG Kerk. | 4 | 3 | 2 | 1 | V53 | | 109 |
| Ek dink nogal die NG Kerk probeer die kompleksiteit van die hedendaagse lewe verstaan. | 4 | 3 | 2 | 1 | V54 | | 111 |
| Wat die NG Kerk sê oor etiese sake, byvoorbeeld die huwelikskultuur en homoseksualiteit, maak nie werklik vir my saak nie. | 4 | 3 | 2 | 1 | V55 | | 113 |

***Vraag 10*** ***volg op die volgende bladsy ...***



© University of Pretoria

**Vir Kantoorgebruik**

**10.** **Lees** die **stellings** wat hieronder voorkom en **beantwoord** almal **op die skaal** wat voorsien is.

| | Altyd die geval | Dikwels die geval | Soms die geval | Glad nie die geval nie | Vir Kantoorgebruik | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Vir my weeg my eie godsdienstige idees swaarder as die kerk se belydenisse. | 4 | 3 | 2 | 1 | V56 | | 115 |
| Dit is vir my geheel en al duidelik wat die NG Kerk se gereformeerde identiteit behels. | 4 | 3 | 2 | 1 | V57 | | 117 |
| Ek leef daagliks met nederige vroomheid voor die aangesig van God. | 4 | 3 | 2 | 1 | V58 | | 119 |
| Ek beskou die Bybel as gesagvol vir die lewe. | 4 | 3 | 2 | 1 | V59 | | 121 |
| Vir my is verantwoordelike interpretasie van die Bybel absoluut belangrik. | 4 | 3 | 2 | 1 | V60 | | 123 |
| As die eise van die tyd die kerk se bedieningspraktyke verander, is ek oop daarvoor. | 4 | 3 | 2 | 1 | V61 | | 125 |
| Ek verdra ander lidmate wie se aanbiddingstyl van myne verskil. | 4 | 3 | 2 | 1 | V62 | | 127 |
| Ek dink dat as kennis omtrent die NG Kerk se gereformeerde identiteit ontbreek 'n mens maklik beïnvloed word deur ander kerke se teologiese oortuigings. | 4 | 3 | 2 | 1 | V63 | | 129 |
| Ek voel gemaklik met die tradisionele gereformeerde spiritualiteit van die NG Kerk. | 4 | 3 | 2 | 1 | V64 | | 131 |
| Ek laat my emosies 'n groot rol speel in my godsdiensbelewenisse. | 4 | 3 | 2 | 1 | V65 | | 133 |
| Die nugtere verstand bly die grondslag vir my godsdiensbelewenis. | 4 | 3 | 2 | 1 | V66 | | 135 |
| Ek hou van eredienste waar tyd is vir persoonlike nadenke aan die hand van vasgestelde liturgiese momente. | 4 | 3 | 2 | 1 | V67 | | 137 |
| Ek lees verskillende geestelike boeke omdat dit my help om geestelik te groei. | 4 | 3 | 2 | 1 | V68 | | 139 |

**11.** **Lees** die **stellings** wat hieronder voorkom en **beantwoord** almal **op die skaal** wat voorsien is.

| | Dit gebeur altyd | Dit gebeur dikwels | Dit gebeur af en toe | Dit gebeur glad nie | Vir Kantoorgebruik | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Ek besoek verskillende kerke omdat ek behoefte het aan geestelike verdieping. | 4 | 3 | 2 | 1 | V69 | | 141 |
| Ek is oop vir ander kerke se leringe al verskil dit van die NG Kerk s'n. | 4 | 3 | 2 | 1 | V70 | | 143 |
| Ek is uitgesproke omtrent hoe ek my gemeente beleef. | 4 | 3 | 2 | 1 | V71 | | 145 |
| My kerk is in kompetisie met ander kerke in my omgewing om lidmate te lok. | 4 | 3 | 2 | 1 | V72 | | 147 |
| Die kerke in my omgewing is in kompetisie met mekaar om lidmate te lok. | 4 | 3 | 2 | 1 | V73 | | 149 |
| My gemeente het verskillende bedieninge wat fokus op die behoeftes van spesifieke groepe. | 4 | 3 | 2 | 1 | V74 | | 151 |
| Prediking in my gemeente fokus op die uitdagings van ons hedendaagse omstandighede. | 4 | 3 | 2 | 1 | V75 | | 153 |
| In die eredienste van my gemeente word verwys na die NG Kerk se belydenisskrifte. | 4 | 3 | 2 | 1 | V76 | | 155 |
| In die wêreld waar ek leef, is daar al meer uitgesproke stemme teen geldende geloofswaarhede. | 4 | 3 | 2 | 1 | V77 | | 157 |

***Vraag 11*** ***word voortgesit op die volgende bladsy ...***



© University of Pretoria

**Vir Kantoorgebruik**

**11. (vervolg)** **Lees** die **stellings** wat hieronder voorkom en **beantwoord** almal **op die skaal** wat voorsien is.

| | Dit gebeur altyd | Dit gebeur dikwels | Dit gebeur af en toe | Dit gebeur glad nie | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Ek beleef dat mense al meer die geloofwaardigheid van die Bybel bevraagteken. | 4 | 3 | 2 | 1 | V78 | | 159 |
| Ek beleef dat daar in die samelewing 'n groot vakuum is ten opsigte van sedelike beginsels. | 4 | 3 | 2 | 1 | V79 | | 161 |

## *AFDELING D* *SEKULARISASIE*

***Sekularisasie word beskryf as 'n verskynsel in die hedendaagse samelewing waardeur die invloed van die godsdiens, die kerk en teologie op vele terreine uitgedaag word. Mense se idees oor die rol van die kerk in die samelewing verander, wat daartoe lei dat die kerk self ook voortdurend verander.***

**12.** **Lees** die **stellings** wat hieronder voorkom en **beantwoord** almal **op die skaal** wat voorsien is.

| | Stem absoluut saam | Stem saam | Stem nie saam nie | Stem absoluut nie saam nie | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Sekularisasie is vir my gelyk aan verwêreldliking. | 4 | 3 | 2 | 1 | V80 | | 163 |
| Sekularisasie het 'n negatiewe impak op godsdiens. | 4 | 3 | 2 | 1 | V81 | | 165 |
| Sekularisasie verminder die invloed van godsdienstige waardes in die samelewing. | 4 | 3 | 2 | 1 | V82 | | 167 |
| Sekularisasie veroorsaak dat godsdienstige beginsels min effek het op openbare opinies. | 4 | 3 | 2 | 1 | V83 | | 169 |
| Namate mense sekulariseer, neem die belangrikheid van godsdiens af in hulle persoonlike lewe. | 4 | 3 | 2 | 1 | V84 | | 171 |
| Kerke beïnvloed die samelewing al minder weens sekularisasie. | 4 | 3 | 2 | 1 | V85 | | 173 |
| Sekularisasie maak die moderne mens vry van die kerk se gesag. | 4 | 3 | 2 | 1 | V86 | | 175 |
| Namate mense sekulariseer, word hulle vermoë tot selfbeskikking oor hulle lot meer beklemtoon. | 4 | 3 | 2 | 1 | V87 | | 177 |

**13.** **Lees** die **stellings** wat hieronder voorkom en **beantwoord** almal **op die skaal** wat voorsien is.

| | Baie groot invloed | Groot invloed | Klein invloed | Baie klein invloed | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Die globale kapitalisme waarvan die beginsels vry van godsdienstige waardes is, dra by tot die sekularisering van die samelewing. | 4 | 3 | 2 | 1 | V88 | | 1179 |
| Die hedendaagse verbruikerskultuur met die klem op verbruikersatisfaksie het 'n sekulariserende effek. | 4 | 3 | 2 | 1 | V89 | | 181 |
| Tegnologiese modernisasie sekulariseer mense omdat dit hulle belewenis van lewensekuriteit verhoog. | 4 | 3 | 2 | 1 | V90 | | 183 |

*Vraag 13* *word voortgesit op die volgende bladsy ...*



© University of Pretoria

**Vir Kantoorgebruik**

13. (vervolg) **Lees** die **stellings** wat hieronder voorkom en **beantwoord** almal **op die skaal** wat voorsien is.

| | Baie groot invloed | Groot invloed | Klein invloed | Baie klein invloed | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Die wêreldwye liberale demokrasieë staan polities neutraal teenoor godsdienstige perspektiewe en dra dus by tot die sekularisering van die samelewing. | 4 | 3 | 2 | 1 | V91 | | 185 |
| Die moderne wetenskap se rasionele werklikheidsbeskouings dra by tot sekularisasie omdat godsdienstige verklarings van minder belang geag word. | 4 | 3 | 2 | 1 | V92 | | 187 |
| Die samelewing sekulariseer omdat dit verwyder geraak het van godsdienstige aktiwiteite wat deesdae tot die godsdienstige instellings, soos die kerk, beperk word. | 4 | 3 | 2 | 1 | V93 | | 189 |
| Die hedendaagse humanistiese mensbeskouing bewerk sekularisasie aangesien dit nie die mens in godsdienstige terme beskou nie. | 4 | 3 | 2 | 1 | V94 | | 191 |

14. **Lees** die **stellings** wat hieronder voorkom en **beantwoord** almal **op die skaal** wat voorsien is.

| | Absoluut die rede | Dikwels die rede | Soms die rede | Glad nie die rede nie | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Dat mense op alternatiewe wyses, anders as net godsdienstig, oor die werklikheid nadink, kan aan sekularisasie toegeskryf word. | 4 | 3 | 2 | 1 | V95 | | 193 |
| Sekularisasie maak dat moderne samelewings toenemend ongeërgd is teenoor tradisionele godsdienstige instellings. | 4 | 3 | 2 | 1 | V96 | | 195 |
| Vanweë sekularisasie hang mense godsdiens slegs vrywillig aan. | 4 | 3 | 2 | 1 | V97 | | 197 |
| In 'n gesekulariseerde samelewing beoefen mense steeds hulle persoonlike godsdienstige oortuigings. | 4 | 3 | 2 | 1 | V98 | | 199 |
| Sekularisasie versplinter die samelewing omdat die morele eenheid wat deur godsdiens gevestig is, sosiaal afgebreek word. | 4 | 3 | 2 | 1 | V99 | | 201 |
| In 'n gesekulariseerde samelewing beoefen mense steeds hulle persoonlike godsdienstige oortuigings hoewel dikwels buite die grense van die kerk. | 4 | 3 | 2 | 1 | V100 | | 203 |
| Sekularisasie veroorsaak dat godsdiens al meer 'n private aangeleentheid word. | 4 | 3 | 2 | 1 | V101 | | 205 |
| Sekularisasie bring godsdiens se geloofwaardigheid in gedrang. | 4 | 3 | 2 | 1 | V102 | | 207 |
| Sekularisasie lei onder Christene self tot algemene onkunde omtrent die dogmas van die Christelike geloof. | 4 | 3 | 2 | 1 | V103 | | 209 |
| Sekularisasie destabiliseer die Christendom soos gesien word in die opkoms van talle nuwe kerklike denominasies. | 4 | 3 | 2 | 1 | V104 | | 211 |
| Sekulêre wetenskapsbeginsels maak dat die akademiese teologie al meer steun op die gevolgtrekkings van die rasionele denke. | 4 | 3 | 2 | 1 | V105 | | 213 |

***Vraag 15*** ***volg op die volgende bladsy ...***



© University of Pretoria

**Vir Kantoorgebruik**

**15.** **Lees** die **stellings** wat hieronder voorkom en **beantwoord** almal **op die skaal** wat voorsien is.

| | Kom baie voor | Kom gereeld voor | Kom min voor | Kom baie min voor | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Ek merk in my gemeente op dat kerklidmaatskap vir lidmate van minder belang is as voorheen. | 4 | 3 | 2 | 1 | V106 | | 215 |
| Ek kry die idee dat lidmate slegs aan God gehoorsaam is omdat hulle meen dit sal iets vir hulle persoonlike lewe beteken. | 4 | 3 | 2 | 1 | V107 | | 217 |
| Ek kom agter dat lidmate se eie teologiese opvattings vir hulle baie swaar weeg. | 4 | 3 | 2 | 1 | V108 | | 219 |
| Lidmate van my gemeente sien die bywoning van gemeente-byeenkomste nie meer as ’n belangrike deel van hulle godsdiensbeoefening nie. | 4 | 3 | 2 | 1 | V109 | | 221 |
| My gemeente laat sy invloed in ons omgewing geld. | 4 | 3 | 2 | 1 | V110 | | 223 |
| Lidmate van my gemeente leef hulle geloofsoortuiging in die openbare lewe met vrymoedigheid uit. | 4 | 3 | 2 | 1 | V111 | | 225 |
| In my gemeente is daar belangstelling in die besluite van meerdere vergaderings, soos sinodes. | 4 | 3 | 2 | 1 | V112 | | 227 |
| Lidmate van my gemeente ag dit belangrik om hulle godsdienstige kennis te vermeerder. | 4 | 3 | 2 | 1 | V113 | | 229 |
| Ek dink die rede hoekom lidmate van ons gemeente nog godsdienstig is, is omdat hulle soek na vastigheid in die hedendaagse lewe. | 4 | 3 | 2 | 1 | V114 | | 231 |

***Baie dankie vir u tyd en insette***



© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## BYLAAG 5: KONSEPTE EN VRAE WAT DAARMEE VERBAND HOU

| KONSEP | Vrae wat verband hou met konsep |
|---|---|
| **Afdeling: Sosiale Konstruksie** | |
| 1. Sosiale reïfikasie | Vraag 5 (V6), 6 (V7), 7 (V8), 8 (V9), 9 (V10), 22 (V23), 23 (V24) |
| 2. Reaksie op sosiale verandering | Vraag 10 (V11), 11 (V12), 12 (V13), 15 (V16), 31 (V32) |
| 3. Samelewingsvisie: Apartheidskollektivisme | Vraag 16 (V17), 19 (V20), 28 (V29), 30 (V31), 34 (V35) |
| 4. Samelewingsvisie: Multikulturele situasie | Vraag 13 (V14), 17 (V18), 18 (V19), 20 (V21), 27 (V28) |
| 5. Samelewingsvisie: Westerse individualisme | Vraag 14 (V15), 21 (V22), 24 (V25), 25 (V26), 26 (V27), 29 (V30), 32 (V33), 33 (V34) |
| **Afdeling: Religieuse Konstruksie** | |
| 1. Persoonlike belang van religie | Vraag 35 (V36), 46 (V47), 58 (V59), 59 (V60) |
| 2. Kollektiewe belang van religie | Vraag 36 (V37), 37 (V38), 38 (V39), 39 (V40), 40 (V41), 45 (V46), 76 (V77), 78 (V79) |
| 3. Invloed van konteksbepaalde religie (in NG Kerk) | Vraag 42 (V43), 47 (V48), 48 (V49), 49 (V50), 51 (V52), 53 (V54), 74 (V75) |
| 4. Veranderlikheid van religie (in NG Kerk) | Vraag 43 (V44), 52 (V53), 60 (V61), 62 (V63) |
| 5. Pluralisasie van die religie (in die NG Kerk) | Vraag 61 (V62), 69 (V70), 71 (V72), 72 (V73), 73 (V74) |
| 6. Spiritualiteit in die NG Kerk | Vraag 56 (V57), 57 (V58), 63 (V64), 64 (V65), 65 (V66), 66 (V67), 75 (V76) |
| 7. Privatisering van religie | Vraag 41 (V42), 44 (V45), 50 (V51), 54 (V55), 55 (V56), 67 (V68), 68 (V69), 70 (V71), 77 (V78) |
| **Afdeling: Sekularisasie** | |
| 1. Strukturele sekularisasie | Vraag 90 (V91), 91 (V92), 92 (V93), 97 (V98) |
| 2. Sekularisasie: Vermindering van religie se reikwydte | Vraag 81 (V82), 82 (V83), 84 (V85), 95 (V96), 109 (V110) |
| 3. Sekularisering van die sosiale kultuur | Vraag 79 (V80), 87 (V88), 93 (V94), 111 (V112) |
| 4. Sekularisasie: Vermindering van godsdienstigheid | Vraag 80 (V81), 83 (V84), 85 (V86), 86 (V87), 96 (V97), 101 (V102), 110 (V111) |
| 5. Sekularisering van persoonlike bewussyn | Vraag 88 (V89), 89 (V90), 94 (V95), 98 (V99), 105 (V106), 108 (V109) |
| 6. Sekularisasie: Omvorming van religie | Vraag 99 (V100), 100 (V101), 102 (V103), 103 (V104), 104 (V105), 106 (V107), 107 (V108), 112 (V113), 113 (V114) |

© University of Pretoria

## BYLAAG 6: INDEKS VAN VRAE SE BESKRYWENDE STATISTIEK VERVAT IN GRAFIEKE IN HOOFSTUK 4

| VRAAG | V-nommer | BLADSY IN HOOFSTUK 4 |
|---|---|---|
| Vraag 1: Grafiek 1 (Ouderdom) | V2 | 153 |
| Vraag 2: Grafiek 2 (Bevolkingsgroep) | V3 | 153 |
| Vraag 3: Grafiek 3 (Woonomgewing) | V4 | 154 |
| Vraag 4: Grafiek 4 (Gemeentegrootte) | V5 | 155 |
| Vraag 5: Grafiek 5 | V6 | 158 |
| Vraag 6: Grafiek 6 | V7 | 158 |
| Vraag 7: Grafiek 7 | V8 | 158 |
| Vraag 8: Grafiek 8 | V9 | 158 |
| Vraag 9: Grafiek 9 | V10 | 159 |
| Vraag 10: Grafiek 12 | V11 | 161 |
| Vraag 11: Grafiek 13 | V12 | 162 |
| Vraag 12: Grafiek 14 | V13 | 162 |
| Vraag 13: Grafiek 22 | V14 | 168 |
| Vraag 14: Grafiek 27 | V15 | 170 |
| Vraag 15: Grafiek 15 | V16 | 162 |
| Vraag 16: Grafiek 17 | V17 | 165 |
| Vraag 17: Grafiek 23 | V18 | 168 |
| Vraag 18: Grafiek 24 | V19 | 168 |
| Vraag 19: Grafiek 18 | V20 | 165 |
| Vraag 20: Grafiek 25 | V21 | 169 |
| Vraag 21: Grafiek 28 | V22 | 171 |
| Vraag 22: Grafiek 10 | V23 | 159 |
| Vraag 23: Grafiek 11 | V24 | 159 |
| Vraag 24: Grafiek 29 | V25 | 171 |
| Vraag 25: Grafiek 30 | V26 | 171 |
| Vraag 26: Grafiek 31 | V27 | 171 |
| Vraag 27: Grafiek 26 | V28 | 169 |
| Vraag 28: Grafiek 19 | V29 | 165 |
| Vraag 29: Grafiek 32 | V30 | 172 |
| Vraag 30: Grafiek 20 | V31 | 166 |

© University of Pretoria

| | | |
|---|---|---|
| Vraag 31: Grafiek 16 | V32 | 163 |
| Vraag 32: Grafiek 33 | V33 | 172 |
| Vraag 33: Grafiek 34 | V34 | 172 |
| Vraag 34: Grafiek 21 | V35 | 166 |
| Vraag 35: Grafiek 35 | V36 | 175 |
| Vraag 36: Grafiek 39 | V37 | 177 |
| Vraag 37: Grafiek 40 | V38 | 177 |
| Vraag 38: Grafiek 41 | V39 | 178 |
| Vraag 39: Grafiek 42 | V40 | 178 |
| Vraag 40: Grafiek 43 | V41 | 178 |
| Vraag 41: Grafiek 70 | V42 | 195 |
| Vraag 42: Grafiek 47 | V43 | 181 |
| Vraag 43: Grafiek 54 | V44 | 185 |
| Vraag 44: Grafiek 71 | V45 | 196 |
| Vraag 45: Grafiek 44 | V46 | 178 |
| Vraag 46: Grafiek 36 | V47 | 175 |
| Vraag 47: Grafiek 48 | V48 | 182 |
| Vraag 48: Grafiek 49 | V49 | 182 |
| Vraag 49: Grafiek 50 | V50 | 182 |
| Vraag 50: Grafiek 72 | V51 | 196 |
| Vraag 51: Grafiek 51 | V52 | 182 |
| Vraag 52: Grafiek 55 | V53 | 186 |
| Vraag 53: Grafiek 52 | V54 | 183 |
| Vraag 54: Grafiek 73 | V55 | 196 |
| Vraag 55: Grafiek 74 | V56 | 196 |
| Vraag 56: Grafiek 63 | V57 | 191 |
| Vraag 57: Grafiek 64 | V58 | 192 |
| Vraag 58: Grafiek 37 | V59 | 175 |
| Vraag 59: Grafiek 38 | V60 | 175 |
| Vraag 60: Grafiek 56 | V61 | 186 |
| Vraag 61: Grafiek 58 | V62 | 188 |
| Vraag 62: Grafiek 57 | V63 | 186 |
| Vraag 63: Grafiek 65 | V64 | 192 |
| Vraag 64: Grafiek 66 | V65 | 192 |

© University of Pretoria

| | | |
|---|---|---|
| Vraag 65: Grafiek 67 | V66 | 192 |
| Vraag 66: Grafiek 68 | V67 | 193 |
| Vraag 67: Grafiek 75 | V68 | 197 |
| Vraag 68: Grafiek 76 | V69 | 197 |
| Vraag 69: Grafiek 59 | V70 | 188 |
| Vraag 70: Grafiek 77 | V71 | 197 |
| Vraag 71: Grafiek 60 | V72 | 189 |
| Vraag 72: Grafiek 61 | V73 | 189 |
| Vraag 73: Grafiek 62 | V74 | 189 |
| Vraag 74: Grafiek 53 | V75 | 183 |
| Vraag 75: Grafiek 69 | V76 | 193 |
| Vraag 76: Grafiek 45 | V77 | 179 |
| Vraag 77: Grafiek 78 | V78 | 197 |
| Vraag 78: Grafiek 46 | V79 | 179 |
| Vraag 79: Grafiek 88 | V80 | 205 |
| Vraag 80: Grafiek 92 | V81 | 208 |
| Vraag 81: Grafiek 83 | V82 | 202 |
| Vraag 82: Grafiek 84 | V83 | 202 |
| Vraag 83: Grafiek 93 | V84 | 208 |
| Vraag 84: Grafiek 85 | V85 | 202 |
| Vraag 85: Grafiek 94 | V86 | 208 |
| Vraag 86: Grafiek 95 | V87 | 209 |
| Vraag 87: Grafiek 89 | V88 | 205 |
| Vraag 88: Grafiek 99 | V89 | 211 |
| Vraag 89: Grafiek 100 | V90 | 212 |
| Vraag 90: Grafiek 79 | V91 | 199 |
| Vraag 91: Grafiek 80 | V92 | 200 |
| Vraag 92: Grafiek 81 | V93 | 200 |
| Vraag 93: Grafiek 90 | V94 | 206 |
| Vraag 94: Grafiek 101 | V95 | 212 |
| Vraag 95: Grafiek 86 | V96 | 203 |
| Vraag 96: Grafiek 96 | V97 | 209 |
| Vraag 97: Grafiek 82 | V98 | 200 |
| Vraag 98: Grafiek 102 | V99 | 212 |

© University of Pretoria

| | | |
|---|---|---|
| Vraag 99: Grafiek 105 | V100 | 216 |
| Vraag 100: Grafiek 106 | V101 | 216 |
| Vraag 101: Grafiek 97 | V102 | 209 |
| Vraag 102: Grafiek 107 | V103 | 216 |
| Vraag 103:Grafiek 108 | V104 | 216 |
| Vraag 104: Grafiek 109 | V105 | 217 |
| Vraag 105: Grafiek 103 | V106 | 212 |
| Vraag 106: Grafiek 110 | V107 | 217 |
| Vraag 107: Grafiek 111 | V108 | 217 |
| Vraag 108: Grafiek 104 | V109 | 213 |
| Vraag 109: Grafiek 87 | V110 | 203 |
| Vraag 110: Grafiek 98 | V111 | 209 |
| Vraag 111: Grafiek 91 | V112 | 206 |
| Vraag 112: Grafiek 112 | V113 | 217 |
| Vraag 113: Grafiek 113 | V114 | 218 |

© University of Pretoria